

b143 895 51

**UNIVERSITY OF THE FREE STATE LIBRARY**

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300001320146

Universiteit Vrystaat

**TERMINOLOGIEBESTUUR IN SUID-AFRIKA MET  
SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE POSISIE VAN  
HISTORIES INGEKORTE TALE**

DEUR

**DINA MARIA FERREIRA (GEBORE ROUX)  
(B.A.-HONS., M.A.)**

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe  
(EENHEID VIR TAALFASILITERING EN -BEMAGTIGING)**

aan die

**Universiteit van die Vrystaat  
Bloemfontein**

Promotor: Prof. L.T. du Plessis

**September 2002**

## BEDANKINGS

Ek wil hiermee graag my dank aan my promotor, prof. L.T. du Plessis betuig vir sy geduld, ondersteuning, geesdrif en belangstelling. Hy het in die loop van hierdie studie telkens my gevoelens van moedeloosheid omskep in hoop.

My waardering ook aan my medepromotor, prof. J. Lubbe, vir sy waardevolle kommentaar en aanbevelings.

'n Besondere woord van dank aan die Nasionale Taaldiens, in besonder die taalpraktisyns by die Terminologiekoördineringsafdeling vir al hul vriendelike hulp, ondersteuning en moeite.

Ek wil ook graag baie dankie sê aan Roberta Schwarz by TermNet vir al die inligting wat sy vir my gestuur het.

'n Spesiale woord van dank aan my gesin en my ouers vir hul volgehoue ondersteuning, liefde en begrip.

Ten slotte baie dankie aan die Hemelse Vader vir krag en genade.

## VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad **Philosophiae Doctor** aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n ander graad aan 'n ander universiteit / fakulteit ingedien is nie.

Ek doen voorts afstand van die outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.



---

D.M.FERREIRA

**South Africa, let our languages take their rightful position in  
society (aangepas uit Motau 1992).**

## **Hoofstuk 1: Inleiding**

**Bladsy**

1.1 Probleemstelling	1
1.2 Kontekstualisering: veranderde taalbestel	3
1.3 Die doel en relevansie van die studie	7
1.4 Aannames	11

## **Hoofstuk 2: Taalontwikkeling en Taalbeplanning**

2.1 Inleiding	12
2.2 Dimensies van taalontwikkeling	12
2.2.1 Grafisering	13
2.2.2 Standaardisering	13
2.2.3 Modernisering	14
2.3 Taalbeplanningstipologieë	16
2.3.1 Haugen (1983) se viervoudige tipologie van taalbeplanning	18
2.3.1.1 Seleksie	20
2.3.1.2 Kodifisering	21
2.3.1.3 Implementering	23
2.3.1.4 Uitbreiding	25
2.3.2 Haarmann (1990) se ideaaltipologie van taalbeplanning	31
2.3.2.1 Beplanning vir prestige deur produksie	32
2.3.2.2 Beplanning vir prestige deur aanvaarding	33
2.3.3 Cooper (1989) se verantwoordingskema vir taalbeplanning	37
2.4 Samevatting	47

## **Hoofstuk 3: Aspekte van terminologie**

3.1 Inleiding	50
3.2 'n Oorsig van die ontwikkeling van moderne terminologiewerk	51
3.2.1 Die Weense Skool van Terminologie	53
3.2.2 Die Tsjeggiese Skool van Terminologie	56
3.2.3 Die Sowjetse Skool van Terminologie	57
3.3 Definisies van terminologiewerk	60
3.4 Terminologie as onderwerp	64
3.4.1 Dimensies van terminologie	65
3.4.1.1 Die kognitiewe dimensie	66
3.4.1.2 Die linguistiese dimensie	70
3.4.1.3 Die kommunikatiewe dimensie	77
3.5 Terminologie as dissipline	81
3.5.1 Die verhouding tussen leksikografie en terminografie	83
3.6 Terminologie as interdisiplinêre vakgebied	88
3.7 Samevatting	88

## Hoofstuk 4: Terminologiebestuur

4.1 Inleiding	91
4.2 Konseptualisering	91
4.3 Organisatoriese aspekte van terminologiebestuur	93
4.3.1 Beplanning en koördinerings van terminologiebronne by 'n terminologiebestuursentrum	97
4.3.1.1 Die linguistiesgeoriënteerde werkmetode	98
4.3.1.2 Die vertalingsgeoriënteerde werkmetode	100
4.3.1.3 Die taalbeplanningsgeoriënteerde werkmetode	100
4.3.1.4 Die fokus by terminologiebeplanning	103
4.3.1.5 Integrasie van die terminologiebeplanning by ander prosesse	104
4.3.1.6 Omvattende beplanning deur vakkomitees	104
4.3.1.7 Die rol van medewerkers by terminologiebestuur	105
4.3.2 Strategiese beplanning by terminologiebestuur	105
4.3.2.1 Missiestelling by terminologiebestuur	106
4.3.2.2 Die doelwitte met terminologiebestuur	106
4.3.2.3 Omgewingsinvloede by terminologiebestuur	107
4.3.2.4 Die plan van aksie by terminologiebestuur	110
4.3.3 Terminologiesnavorsing en die saamstel van sistematies gestruktureerde terminologieë by 'n terminologiebestuursentrum	111
4.3.3.1 Die deskriptiewe terminologiebenadering	112
4.3.3.2 Die preskriptiewe terminologiebenadering	113
4.3.4 Die standaardisering van terminologiedata by 'n terminologiebestuursentrum	114
4.3.4.1 Internasionale standaardiseringsliggame	118
4.3.4.2 Die skryf van 'n terminologiestandaard	120
4.3.4.2.1 Die beplanningsfase	120
4.3.4.2.2 Die saamstel van die standaard	121
4.3.4.2.3 Die aanbied van die data in 'n bruikbare vorm	122
4.3.5 Disseminering van terminologiedata en die beskikbaarstelling van besluite oor terminologiewerk by 'n terminologiebestuursentrum	124
4.3.6 Implementering van terminologiedata by 'n terminologiebestuursentrum	125
4.3.7 Evaluering van terminologiedata by 'n terminologiebestuursentrum	126
4.3.8 Die opleiding van terminoloë en terminografe en die opleiding van medewerkers by 'n terminologiebestuursentrum	128
4.4 Rekenaargesteunde terminologiebestuur en die ontwikkeling van termbanke by 'n terminologiebestuursentrum	132
4.4.1 'n Masjienleesbare tekskorpus	134
4.4.2 Databanke en terminologiewerk	141
4.4.2.1 Die ontwikkeling van terminologiedatabanke	142
4.4.2.1.1 Eerstegenerasie databanke	142
4.4.2.1.1.1 Die TEAM Terminologiese Databanksisteem	144
4.4.2.1.1.1.1 Die terminologie-inskrywing	146
4.4.2.1.1.1.2 Datapoele	147
4.4.2.1.1.1.3 Selektoring, innovering en die storing van terminologiedata	147

4.4.2.1.1.1.4	Onderzoek en onttrekking van gestoorde data, en opdatering	148
4.4.2.1.1.1.5	Prosesseringskenmerke	148
4.4.2.1.1.1.6	Gedrukte lyste en woordeboeke	149
4.4.2.1.2	Tweedegenerasie databanke	150
4.4.2.1.2.1	Terminologiekennisbanke	153
4.4.2.1.2.1.1	COGNITERM: 'n Terminologiekennisbank	154
4.4.2.1.2.1.1.1	Die inligting	155
4.4.2.1.2.1.1.2	Versameling en sistemativering van die inligting	155
4.4.2.1.2.1.1.3	Die onttrekking van die inligting	156
4.4.2.1.2.1.2	MultiTerm for Windows	158
4.4.2.1.2.1.2.1	Konsepgebaseerde inskrywings	158
4.4.2.1.2.1.2.2	Klassifikasie van die terminologie	158
4.4.2.1.2.1.2.3	Netwerkmooitlikhede	158
4.4.2.1.2.1.2.4	Gestruktureerde inskrywings	159
4.4.2.1.2.1.2.5	Aanbied van terminologiedata	159
4.4.2.1.2.1.2.6	Soektogte in die agtergrond	160
4.4.3	Die Internet en internasionale terminologie-uitruiling	160
4.5	Samevatting	162
4.6	Slotsom	165

## **Hoofstuk 5: Terminologiebestuur in Suid-Afrika**

5.1	Inleiding	168
5.2	Terminologiebestuur voor die Interimgrondwet van 1994	170
5.2.1	Terminologiebestuur in Afrikaans	170
5.2.1.1	Die implementering van die Cluver-model	180
5.2.2	Terminologiebestuur in die Afrikatale	181
5.2.3	Eenvormige terminologiebestuur	188
5.3	Terminologiebestuur in Suid-Afrika sedert 1994	196
5.3.1	Die taalopdrag aan die staat	197
5.3.1.1	Taalbeplanningsagente	199
5.3.2	Die taalopdrag aan die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad	204
5.3.2.1	Leksikografie en terminologie-ontwikkeling	207
5.3.2.2	Navorsing en ontwikkeling	208
5.4	Samevatting	209

## **Hoofstuk 6: 'n Beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens as Terminologiebestuursentrum in Suid-Afrika**

6.1	Inleiding	211
6.2	Agtergrond: die transformasie	211
6.3	Navorsingsontwerp en metodologie	222
6.4	'n Beoordeling van beplanning en koördinering van terminologiebronne by die Terminologiekoördineringsafdeling	228

6.4.1 Die werkmethode by die Terminologiekoördineringsafdeling	231
6.4.1.1 Die fokus by die Terminologiekoördineringsafdeling	234
6.4.1.2 Die integrasie van terminologiebeplanning by ander prosesse by die Terminologiekoördineringsafdeling	241
6.4.1.3 Omvattende terminologiebeplanning deur vakkomitees by die Terminologiekoördineringsafdeling	242
6.4.1.4 Die rol van medewerkers by die Terminologiekoördineringsafdeling	247
6.4.1.5 Slotsom	248
6.4.2 'n Beoordeling van strategiese beplanning by die Terminologiekoördineringsafdeling	250
6.4.2.1 Die missiestelling van die Terminologiekoördineringsafdeling	251
6.4.2.2 Die oogmerke by die Terminologiekoördineringsafdeling	253
6.4.2.3 Omgewingsinvloede by die Terminologiekoördineringsafdeling	255
6.4.2.4 Die plan van aksie by die Terminologiekoördineringsafdeling	259
6.4.2.5 Slotsom	265
6.5 'n Beoordeling van terminologienavorsing en die saamstel van sistematies gestruktureerde terminologieë	266
6.5.1 Slotsom	273
6.6 'n Beoordeling van die standaardisering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling	274
6.6.1 Slotsom	279
6.7 'n Beoordeling van die Nasionale Termbank	280
6.7.1 Slotsom	289
6.8 'n Beoordeling van die disseminering van terminologiedata en die beskikbaarstelling van besluite oor terminologiewerk by die Terminologiekoördineringsafdeling	290
6.8.1 Slotsom	296
6.9 'n Beoordeling van die implementering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling	297
6.9.1 Slotsom	301
6.10 'n Beoordeling om vas te stel of die evaluering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling plaasvind	302
6.10.1 Slotsom	306
6.11 'n Beoordeling van die opleiding van terminoloë, terminograwe en medewerkers by die Terminologiekoördineringsafdeling	307
6.11.1 Indiensopleiding by die Terminologiekoördineringsafdeling	309
6.11.2 Die opleiding van medewerkers en rolspelers by die Terminologiekoördineringsafdeling	311
6.11.3 Slotsom	314
6.12 'n Opsomming van die beoordeling van terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling	315

## **Hoofstuk 7: Aanbevelings**

7.1 Inleiding	320
7.2 Geldigheid van die aannames	320

7.3 Aanbevelings  
7.4 Samevattend

326  
329

**Bibliografie**

331

# Hoofstuk 1

## 1. Inleiding

### 1.1 Probleemstelling

Die taleopset in Suid-Afrika is kompleks. Nie net word 'n groot aantal tale in die land gebruik nie, en nie net moet die oorgrote meerderheid van sy inwoners daaglik twee of meer tale gebruik om aan die sosio-ekonomiese en politieke aktiwiteite van die land deel te neem nie, maar die essensieel multitalige aard van Suid-Afrika word grootliks deur sy tweetalige taalbeleid geignoreer (Beukes 1993:2).

Wanneer daar terugskouend gekyk word na die vorige taalbedeling, blyk dit dat daar 'n groot probleem ten opsigte van die taalbeleid in Suid-Afrika bestaan het. Die sogenaamde Afrikatale,<sup>1</sup> wat deur die meerderheid van die bevolking (sowat 75,6%) gepraat is, het beperkte amptelike status<sup>2</sup> geniet, terwyl Engels en Afrikaans wat deur slegs 24,4% van die bevolking gepraat word die enigste twee amptelike tale<sup>3</sup> was wat op nasionale vlak erken is. In die praktyk het dit gelei

<sup>1</sup> Die term 'Afrikatale' lewer probleme op, aangesien dit tot misleidende interpretasies aanleiding kan gee en nie onderskeidend genoeg is nie. Die betekenis waarin hierdie begrip in Suid-Afrika gebruik word, sluit byvoorbeeld nie die Koi- en Santale in nie. Die term word uitsluitlik gebruik om te verwys na wat ook bekendstaan as die 'swart tale'. Hierdie verwysing word egter met velkleur verbind en as gevolg van die apartheidbestel het dit 'n gevoelige saak geword (vgl. Du Plessis 1998:65). Die linguisties korrekte term 'Bantoetaal' is vanweë die apartheidbestel polities sensitief en word oor die algemeen nie in Suid-Afrika gebruik nie. Hierdie term is egter reeds baie goed gevestig in die wetenskaplike literatuur en geen aanvaarbare en herkenbare plaasvervanger is beskikbaar nie (vgl. Herbert 1995:63). By gebreke aan 'n beter term sal die term 'Afrikatale' in hierdie studie gebruik word om te verwys na die tale wat gewoonlik as 'swart tale' bekendstaan, inbegrepe die Koi- en Santale, maar Afrikaans en Engels uitgesluit.

<sup>2</sup> Amptelike erkenning van die Afrikatale, op gelyke voet met Afrikaans en Engels, het slegs binne die geografiese grense van die onafhanklike en selfregerende tuislande bestaan. In terme van amptelike status in die res van Suid-Afrika was amptelikheid beperk tot Afrikaans en Engels (vgl. Du Plessis & Pretorius 2000:11).

<sup>3</sup> Die term 'amptelike taal' in hierdie studie verwys, in navolging van UNESCO se omskrywing van 1953, na 'n taal wat vir regeringsake van 'n land gebruik word op sowel wetgewende as uitvoerende en juridiese vlak (UNESCO 1953:46). Cooper (1989:100-3) verskaf ook 'n waardevolle raamwerk waarbinne die term 'amptelike taal' verstaan kan word. Hy klassifiseer 'amptelike taal' in terme van drie kriteria, naamlik, statutêr (die taal/tale wat deur die grondwet van 'n land tot amptelike taal/tale verklaar is), werkstaal (die taal wat gebruik word vir dag tot dag aktiwiteite deur die staat), en simboliese taal (die taal wat gebruik word as 'n simbool van nasieskap).

tot 'n 50/50 taalverdeling waar Engels en Afrikaans verseker was van gelyke taalontwikkeling op alle vlakke van die samelewing (Du Plessis & Pretorius 2000:15). Dieselfde aksies is egter nie in hierdie tydperk geloods om die Afrikatale te ontwikkel en uit te brei nie. Die grondwetlike beskerming van die taalregte van die twee nasionale amptelike tale van die vorige bestel was verder ook vergesel van diskriminasie teen die beperkte amptelike tale van die selfregerende gebiede (met betrekking tot hul gebrekkige statusposisie). Die Afrikatale was met ander woorde geringgeskat en gemarginaliseer. Terwyl moedertaalonderrig gedien het om etniese identiteit te bevorder, het vaardigheid in die twee nasionale amptelike tale 'n beslissende rol gespeel by vooruitgang in sekondêre en tersiêre onderwys, asook vir toegang tot werksgeleenthede (Currie 1998:1-2). Die beleid van nasionale tweetaligheid is tewens gedryf deur die sosiale, politieke, godsdienstige en ekonomiese dryfkragte van die vorige bestel. Die vorige regering se standpunt met betrekking tot afsonderlike ontwikkeling is, kortom, duidelik gedien deur hul taalbeleid.

Hierdie situasie het onder meer tot gevolg gehad dat:

- (a) 'n baie lae selfbeeld ten opsigte van hul taal onder die gebruikers van die Afrikatale ontwikkel het,
- (b) die Afrikatale onderontwikkeld is (wat beklemtoon word deur hul beperkte funksies en tuislandstatus, en waargeneem word in hul relatiewe betekenisloosheid as instrumente van opvoedkundige ontwikkeling en ekonomiese aktiwiteite), en
- (c) mag met die twee amptelike tale (Afrikaans en Engels) van die vorige bestel gepaard gegaan het, iets wat vir Engels selfs nog meer gegeld het (vgl. Webb 1995b:84).

Die regstelling van hierdie ongelyke taalbestel wat as gevolg van die vorige taalbeleid ontstaan het, is 'n geweldige groot taak omdat die status van veral die Afrikatale gestereotipeer word deur inkorting onder die vorige taalbestel.

## 1.2 Kontekstualisering: veranderde taalbestel

Met die instel van die Interimgrondwet van 1993 (Wet 200 van 1993) en later van die finale Grondwet van 1996 (Wet 108 van 1996) betree Suid-Afrikaners 'n totaal veranderde taalbestel. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika sluit die Grondwet 'n Handves vir Menseregte in. Wat veral van waarde is vir sosiolinguïste, taalwerkers en ander persone wat gemoeid is met linguïstiese menseregte<sup>4</sup>, is die feit dat taalregte duidelik in verskeie artikels van die Grondwet genoem word. Die prominente taalklausule word vervat in Artikel 6, waar daar voorsiening gemaak word vir elf amptelike tale vir Suid-Afrika.

Artikel 6 voorsien soos volg:

- (1) Die amptelike tale van die Republiek is Sesotho sa Leboa, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.
- (2) Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.
- (3) (a) Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanwend, met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie; maar die nasionale regering en elke provinsiale regering moet ten minste twee amptelike tale gebruik.
- (3) (b) Munisipaliteite moet die taalgebruik en -voorkeure van hul inwoners in aanmerking neem.
- (4) Die nasionale regering en provinsiale regerings moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Sonder afbreuk aan die bepalings van subartikel (2) moet alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word.
- (5) 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet-
  - (a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die ontwikkeling en gebruik van -
    - (i) alle amptelike tale;
    - (ii) die Khoi-, Nama- en Santale; en
    - (iii) gebaretaal; en
  - (b) respek bevorder en verseker vir -
    - (i) alle tale wat algemeen deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word met inbegrip van Duits, Grieks, Goedjarati, Tamil, Teloegoe en Oerdoe; en
    - (ii) Arabies, Hebreeus, Sanskrit en ander tale wat in Suid-Afrika vir godsdienstige doeleindes gebruik word.

<sup>4</sup> Skuttnabb-Kangas & Phillipson (1995) gebruik hierdie term om na taalregte te verwys.

Die feit dat die Grondwet amptelike erkenning op nasionale vlak verleen aan elf amptelike tale vir Suid-Afrika (Artikel 6 (1)), impliseer dat hierdie tale 'n belangrike rol moet speel in die land se sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke domeine, met ander woorde dat hierdie tale deur hul sprekers in hierdie domeine gebruik moet word. Dit het tot gevolg dat die Afrikatale wat vroeër beperkte amptelike funksies verrig het, ontwikkel moet word om diens te doen op nasionale vlak as amptelike tale (Artikel 6(2), (3), (4)). 'n Fokusverskuiwing in terme van taalontwikkeling, deur spesifieke voorsiening in die wetgewing, het in die nuwe taalbestel in Suid-Afrika plaasgevind.

Die Grondwet (Wet 108 van 1996) plaas veral klem op die ontwikkeling van die sogenaamde histories ingekorte tale (Artikel 6(2)), om in pas te kom met die tegnologie en om terselfdertyd die verwaarlosing as gevolg van die ideologie van die vorige taalbestel reg te stel. Dit veronderstel die skep van 'n infrastruktuur vir die ontwikkeling en bestuur van al die tale wat in die Grondwet genoem word (soos voorsien word in die betrokke artikel) en ook die instelling van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) (Artikel 6(5)). Om die Afrikatale te ontwikkel en te bevorder, moet die tale gebruik kan word in hoër statusfunksies wat die volgende funksies insluit: parlementêre debatte, kennisverwerwing en onderrig (wat veral die tegniese en wetenskaplike domeine insluit), in alle fases van onderwys, van voorskool af tot op teknikon- en universiteitsvlak (sodat al die burgers van die land toegang het tot opvoedkundige en ekonomiese geleenthede via hul eie taal), vir streeks- en lokale besigheidstransaksies, in die gedrukte en elektroniese media, en op nasionale en provinsiale regeringsvlak (sodat volledige deelname op alle vlakke van die regering moontlik is deur middel van die Afrikatale). Die sprekers van die Afrikatale moet derhalwe hul tale op alle vlakke van die samelewing kan gebruik. Dié tale moet ontwikkel word tot tale van tersiêre onderrig en die wetenskap.

'n Verandering in die status van 'n taal veronderstel die toewysing of hertoewysing van die funksies van die taal in 'n gemeenskap (Cobarrubias 1983b:41). Wat hier ter sake is, is die klassieke onderskeiding wat deur Ferguson (1972:72) gemaak word tussen taalgebruik vir die hoë funksies en taalgebruik vir die lae funksies in 'n samelewing. Die hoëfunksietaalgebruik is meer formeel, terwyl laefunksietaalgebruik meer informeel en ontspanne is. Hoëfunksietaalgebruik word geassosieer met die gebruik van 'n taal in domeine soos wetgewing, regerings- en publieke administrasie, onderwys en justisie, sowel as in die nywerheid en handel, kultuur, die media ensovoorts. Deur 'n taal in hoë funksies te gebruik, word die status van die taal verhoog, wat die verhouding tussen taalstatus en taalgebruik beklemtoon.

Die Grondwet ken status en funksies aan die Afrikatale toe, maar die status moet as't ware verwerf word deur die gebruik van hierdie tale. Cooper (1989:123) sien die verband tussen status, funksie en gebruik soos volg:

Thus form follows function in the sense that the desired communicative function precedes the designed or selected structure.

Gegewe die vorige taalbestel is dit tans nie moontlik om die Afrikatale in hierdie hoë funksies ten opsigte van al die domeine te gebruik nie en in ieder geval nie op 'n gelyke basis nie, aangesien hulle nie genoegsaam ten opsigte van vorm ontwikkel is nie. Intensiewe taalontwikkeling moet derhalwe in die Afrikatale plaasvind, sodat die funksies van hierdie tale uitgebrei kan word en hierdie tale op alle vlakke van die samelewing gebruik kan word as effektiewe kommunikasiemiddels. Sodra só 'n situasie bereik word, met ander woorde 'n situasie waar die Afrikatale in die reël vir hoëstatusfunksies aangewend word, kan daar gepraat word van 'n gelykwaardige taalbestel (vgl. Du Plessis & Pretorius 2000:16).

Met die oog op die daarstelling van 'n effektiewe taalsisteem in Suid-Afrika, is dit noodsaaklik dat beplanning gedoen word vanuit die raamwerk van die nuwe

taalbeleid. Suid-Afrika moet nou 'n nuwe taalbeplanningsfase binnegaan. Die land het elf amptelike tale, waarvan Engels en (in 'n mindere mate) Afrikaans ontwikkel is. Die Afrikatale is egter nie tot op dieselfde vlak ontwikkel nie. Alhoewel daar gestandaardiseerde skrifstelsels vir al die amptelike tale bestaan, is die tale in terme van grammatikalisering, leksikalisering en taaluitbreiding wat modernisering en stilistiese ontwikkeling insluit, nie gelykwaardig nie – veral gemeet aan Engels. Terwyl die verspreiding van Engels en Afrikaans oor die opvoedkundige spektrum heen goed verteenwoordig is, is die verspreiding van die Afrikatale relatief beperk en word dit slegs in primêre opvoeding aangewend.

Teoretiese en praktiese probleme rondom die hantering van meertaligheid het daartoe bygedra dat 'n nasionale taalbeleid en taalplan voorgestel is deur 'n adviserende paneel en aan die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie voorgelê is. Die finale konsepdokument het op 6 November 2000 verskyn onder die titel: *Language policy and plan for South Africa* (DACST 2000a). Die doel met hierdie dokument is om 'n samehangende taalbeleid en implementeringsplan vir 'n meertalige Suid-Afrika te formuleer binne die parameters en ooreenkomstig met die breë beplanning en transformasie wat in Suid-Afrika plaasvind. Hierdie dokument verduidelik Artikel 6 van die Grondwet en die noodsaaklikheid daarvan vir taaldoeleindes. Die belangrike vraag is of hierdie bykomende bepaling daartoe kan bydra om die leemtes in die Grondwet te oorbrug.

Die dokument bied 'n strategie aan vir die ontwikkeling van die Afrikatale in die algemeen, stel die rolspelers en doelgroepe bekend en stel tydraamwerke voor waarvolgens daar gewerk moet word.

Wanneer daar egter van taalontwikkeling in die Afrikatale gepraat word, word daar onder meer ook verwys na die ontwikkeling van die leksikon en die ontwikkeling van nuwe style en registers en nuwe vorme van diskoers binne hierdie tale, spesifiek in die domeine waar dit nog nie na wense in hoë funksies

gebruik kan word nie. Dit sal weer tot gevolg hê dat terminologie ontwikkel word, wat die produsering en verspreiding van kennis in hierdie tale sal verseker. Taalontwikkeling bring mee dat daar naas en gelyklopend aan statusbeplanningsaksies ook gekyk moet word na korpusbeplanningsaksies, waarbinne terminologie-ontwikkeling en terminologiebestuur dan aandag sal geniet.

### **1.3 Die doel en relevansie van die studie**

Die hoofdoel met hierdie studie is om die terminologiebestuursprogram en die primêre rolspelers by hierdie terminologiebestuursprogram in die nuwe taalbestel te beoordeel. Aangesien die Terminologiekoördineringsafdeling van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DACST) tans die enigste organisasie is wat al hul tyd en aandag aan terminologiebestuur spandeer, word hierdie afdeling beoordeel om vas te stel of dit as 'n nasionale terminologiebestuursentrum in die nuwe taalbestel funksioneer.

Die gebruikers van terminologie in die Afrikatale ondervind tans probleme as gevolg van gebrekkige terminologie asook ontoereikende terminologiese inligting in hierdie tale. Die studie gaan van die standpunt uit dat taal nie net 'n kommunikasiemiddel is nie, maar ook 'n instrument van bemagtiging is en dat deeglike en sistematiese terminologiebestuur vir die suksesvolle implementering en beskikbaarstelling van meertalige terminologiedata noodsaaklik is.

Terminologiebestuur in die nuwe taalbestel vereis dat meertalige terminologiedata doelmatig gehanteer moet word. Elke vakgebied of domein (navorsingsveld of werksarea) maak gebruik van sy eie besondere terminologie. Hierdie terminologie moet ontwikkel, gesistematiseer, gedokumenteer en gedissemineer word met die oog op uiteindelijke standaardisasie. Slegs dan sal dit moontlik wees om effektief te kommunikeer. 'n Meertalige databasis sal van

groot waarde wees as bron van opleiding en dit sal toegang bied tot terminologiedata in die Afrikatale in uiteenlopende velde soos byvoorbeeld die industrie, landbou en gesondheidsdienste. Dit sal ook die ontwikkeling van standaardterminologie in verskillende domeine moontlik maak, wat 'n belangrike bydrae tot die verspreiding van kennis tot gevolg kan hê. 'n Rekenaargesteuende bestuursstelsel met kragtige soekfasiliteite word benodig om terminologie en terminologie-inligting in al die amptelike tale te versamel en te versprei.

Terminoloë wat in die nuwe bedeling betrokke is by die skep van terminologie, veral terminoloë wat in die Afrikatale werk, kan beskou word as pioniers op die gebied van die uitbreiding van hierdie tale. Terminologiedata vir domeine of dissiplines kan en moet vir hierdie tale sistematies gedokumenteer word en konsultasie kan en moet oor 'n breë spektrum plaasvind.

Die oogmerke met hierdie studie is die volgende:

- 'n Onderzoek na taalontwikkeling (terminologie-ontwikkeling) as deel van die taalbeplanningsaksie van 'n gemeenskap.
- 'n Onderzoek na die aspekte wat terminologiewerk rig.
- 'n Onderzoek na die verband tussen terminologiewerk en terminologiebestuur.
- 'n Beskrywing van die faktore wat 'n invloed op terminologie-ontwikkeling en terminologiebestuur by die Suid-Afrikaanse tale gehad het.
- 'n Beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens as nasionale terminologiebestuursentrum in Suid-Afrika.
- Aanbevelings oor die ontwikkeling van die Terminologiekoördineringsafdeling as 'n nasionale terminologiebestuursentrum waar terminologie in al die amptelike tale doelmatig bestuur (gesistematiseer en beskikbaar gemaak) kan word.

Vir die bereiking van die oogmerke is dit noodsaaklik om bepaalde doelwitte te stel te wete:

### 1.3.1 Die onderneem van 'n literatuurstudie om:

- bruikbare omskrywings van sentrale konsepte soos taalbeplanning, terminologiewetenskap, terminologiewerk, terminologie/terme, terminologieontwikkeling en terminologiebestuur te gee;
- vas te stel watter navorsing reeds oor terminologiebestuur onderneem is; en
- te bepaal of die terminologie-organiseringsmodel wat in die vorige taalbestel toegepas is om terminologieprobleme te oorbrug slegs aangepas of geheel en al verander moet word om terminologiebestuur in die nuwe taalbestel te akkommodeer.

Die dataversameling het bestaan uit 'n ondersoek na data rakende (1) taalbeplanning en die verband met taalontwikkeling (wat terminologieontwikkeling insluit), (2) aspekte rondom die terminologiewetenskap en terminologiewerk, (3) 'n verkenning van die wyse waarop uitvoering aan terminologiebestuur gegee word, (4) die wyse waarop terminologiebestuur in Suid-Afrika aangepak is voor 1994 en (5) die wyse waarop terminologiebestuur tans by die Terminologiekoördineringsafdeling plaasvind. Data vir die eerste drie hoofstukke is verkry vanaf biblioteke en internasionale terminologieinstellings regoor die wêreld. Data rondom terminologiebestuur in Suid-Afrika tot 1994 is verkry vanaf biblioteke in Suid-Afrika en inligting wat beskikbaar gestel is deur die Departement van Nasionale Opvoeding. Data rondom die bestuur van terminologie by die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens is verkry vanuit onderhoude en informele gesprekke met taalpraktisyns by die Terminologiekoördineringsafdeling, die *Besigheidsplan: Opleiding van medewerkers 2001* deur die Terminologiekoördineringsafdeling, die *Oudit van Suid-Afrikaanse terminologieprojekte: Julie 2000* deur die Terminologiekoördineringsafdeling, jaarverslae van die DKKWT vanaf 1994 –

2001, PANSAT-jaarverslae van 1999 - 2000 en 'n aantal artikels wat sedert 1994 oor terminologiebestuur in Suid-Afrika gepubliseer is.

1.3.2 Die beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling het die volgende behels:

- die beoordeling van die agtergrond waarteen die afdeling funksioneer;
- die vasstel van die doelwitte van die afdeling;
- die vasstel van hoe beplanning en bestuur voorheen binne die afdeling gedoen is en hoe die afdeling tans beplan en bestuur word; en
- om vas te stel of die uitkomste van die Terminologiekoördineringsafdeling ooreenstem met die uitkomste van 'n terminologiebestuursentrum.

1.3.3 Die verwerking van die versamelde inligting.

1.3.4 Aanbevelings van terminologiebestuursriglyne vir die funksionering van die Terminologiekoördineringsafdeling as nasionale terminologiebestuursentrum.

#### **1.4 Aannames**

Die aannames wat in hierdie studie ondersoek word, behels die volgende:

1. Taalontwikkeling (terminologie-ontwikkeling) kan beskryf word as deel van die taalbeplanningsaksie van 'n gemeenskap.
2. Die daarstel van terminologie in 'n samelewing kan gesien word as 'n basiese strategie om kommunikasie te verbeter, of dit nou tussen vakkundiges onderling is, of tussen vakkundiges en leke.
3. Die implementering van 'n terminologiebestuursmodel kan 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die sistematiese bestuur van terminologie in 'n terminologiebestuursentrum.
4. Tydens die vorige taalbestel is terminologiebestuur in Suid-Afrika vanuit 'n seperatistiese en partikularistiese oogpunt benader. Sedert die instelling van die Grondwet (Wet 108 van 1996) is taalbeleid, en so ook terminologiebestuur, op toepassing van elf amptelike tale. Die behoefte aan terminologiedata in die amptelike tale het geweldig toegeneem as gevolg van die nuwe funksies wat hierdie tale moet vervul.
5. 'n Afdeling soos die Terminologiekoördineringsafdeling kan 'n belangrike bydrae tot die koördinerings van terminologiedata en die sistematiese bestuur van terminologie lewer indien dit as nasionale terminologiebestuursentrum in Suid-Afrika funksioneer.

Aan die einde van die studie word die geldigheid al dan nie van elkeen van hierdie aannames getoets.

## Hoofstuk 2

### 2. Taalontwikkeling en Taalbeplanning

#### 2.1 Inleiding

Die ontwikkeling van taal kan nie geskei word van die ontwikkeling van die gemeenskap waarin die taal gepraat word nie. Politieke, ekonomiese, sosiale en demografiese veranderinge wat 'n gemeenskap beheer, beheer ook die taal of tale wat in die gemeenskap gebruik word.

Linguistiese behoeftes wat ontstaan as gevolg van die kulturele en ekonomiese veranderinge in 'n gemeenskap het tot gevolg dat aspekte van die reëling van taalgebruik binne die gemeenskap beplan moet word. Een van die belangrikste doelwitte met hierdie beplanningsproses is om die taal op so 'n wyse aan te pas dat die sprekers van die taal dit kan gebruik om toegang te verkry tot inligting en tegnologie wat benodig word om onafhanklike lede van die moderne inligtingsgemeenskap te word.

#### 2.2 Dimensies van taalontwikkeling

Voordat 'n taalontwikkelingsprogram vir die amptelike tale van Suid-Afrika saamgestel kan word, is dit noodsaaklik om vas te stel wat die ontwikkelingsvlak van die bepaalde tale is. Op grond van sy struktuur kan géén taal 'onderontwikkel' wees nie, en daarom moet nielinguistiese kriteria gebruik word om die ontwikkelingsvlak van tale te bepaal. Ferguson (1968:27-35) het 'n stel beoordelingskriteria van taalontwikkeling saamgestel wat vir hierdie doel aangewend kan word.

Ferguson (1968) onderskei taalontwikkeling in terme van drie dimensies:

...graphization - reduction to writing; standardization - the development of a norm which overrides regional and social dialects, and, for want of a better term, modernization - the development of intertranslatability with other languages in a range of topics and forms of discourse characteristic of industrialized, secularized, structurally differentiated 'modern' societies (Ferguson 1968:28 eie beklemtoning).

Oor elkeen van hierdie dimensies sou 'n afsondelike studie gedoen kon word. Hier word dit net kortliks belig.

### 2.2.1 Grafisering

Ferguson (1968:28) omskryf grafisering as die gebruik van die geskrewe vorme van 'n taal in 'n gemeenskap. Hy wys daarop dat die gebruik van geskrewe taal 'n ander dimensie van taal tot die gemeenskap toevoeg. Hy noem verder dat die gebruik van geskrewe taal die algemene indruk laat ontstaan dat die geskrewe taal die 'regte' taal is, en dat die gesproke taal 'n bedorwe weergawe daarvan voorstel. Volgens Ferguson (1968) is dit slegs die oplettende waarnemer, of in hedendaagse terme, die professionele linguïst, wat die verhouding in ander terme sien, naamlik dat die spreektaal altyd die primêre vorm van die taal verteenwoordig en dat die geskrewe vorm van die taal sekondêr aan die spreektaal is.

Grafisering verwys na die ontwikkeling van 'n skryfsisteem vir 'n taal, om as basis te dien vir geletterdheid, formele opvoeding en vir modernisering (vgl. Karam 1974:114).

### 2.2.2 Standaardisering

Taalstandaardisering is volgens Ferguson (1968:31):

...the process of one variety of a language becoming widely accepted throughout the speech community as a supradialectal norm - the 'best' form of

the language - rated above regional and social dialect, although these may be felt appropriate in some domains.

Ray (1963:70), wat ook die proses van taalstandaardisasie bespreek, bevind dat die werking daaruit bestaan om 'n model daar te stel wat nagevolg kan word en om dié model te bevorder bo mededingende modelle.

Garvin (1959:28-31) van die Praagse Skool, identifiseer 'n driestap-skaal tot intellektualisering wat onderskei tussen 'n volkstaal en 'n standaard- (stedelike-) taal en bespreek die eienskappe, funksies en houdings wat verband hou met 'n standaardtaal; Jernudd (1972:16-18) bespreek taalkultivering met verwysing na gestabiliseerde spraakgemeenskappe; Jernudd & Das Gupta (1971:195-215) ondersoek die gevolg van nasionale modernisering en van taalstandaardisering oor die algemeen; en Haugen (1966b:17) bespreek vier aspekte van taalontwikkeling (seleksie van die norm, kodifisering van die vorm, uitbreiding van funksie, en verspreiding deur die gemeenskap).

Die standaardisering van 'n taal is 'n proses wat daarop berus dat variasie in beide die formele en informele vorme van die taal verenig word (intergrasie en uniformiteit wat benodig word vir grootskaalse kommunikasie) om verwarring en dubbelsinnighede te verhoed.

### 2.2.3 Modernisering

Ferguson (1968:32) benadruk die belangrikheid van die moderniseringsproses. Hy beskryf die modernisering van 'n taal as:

...the process of its becoming the equal of other developed languages as a medium of communication.

Volgens hom behels die proses van modernisering twee aktiwiteite: (a) die uitbreiding van die leksikon van die taal deur nuwe woorde en uitdrukkings, en (b) die ontwikkeling van nuwe style en vorme van diskoers.

Leksikale uitbreiding word verlang om nuwe konsepte/onderwerpe te benoem en is volgens Ferguson meer effektief wanneer die tempo van verandering nie te vinnig is nie. Hy benadruk ook dat:

(E)fforts of language problems generally focus on the production of glossaries and dictionaries of new technical terms and on disputes about the proper form of words, when the critical question seems to be that of assuring the consistent use of such forms by the appropriate sectors of the population. When the lexical expansion of modernisation actually takes place, it may not be at all in accord with the carefully prepared glossaries of the planners (ibid:33).

Die ontwikkeling van nuwe style en vorme van diskoers behels dat die taal meer gevorderd moet wees en verder uitgebrei moet word om in die domeine van diskoers, waar die taal aangewend kan word vir redenering en kritiese analises, gebruik te kan word. Wanneer die taal in hierdie domeine gebruik kan word, sal die volgende stap wees om die taal te ontwikkel vir gebruik in die hoogs gespesialiseerde domeine van die wetenskap en tegnologie.

Leksikale uitbreiding en die ontwikkeling van nuwe style en vorme van diskoers vereis meer as net die byvoeging van woorde tot 'n taal of die uitbreiding van die betekenis van bestaande woorde. Dit sluit die uitbreiding van 'n taal se leksikon in om konsepte uit te druk, waarvoor daar nog nie voorheen 'n behoefte bestaan het nie. Die uitbreiding van 'n taal fokus met ander woorde op die funksionele ontwikkeling van die taal, deur die leksikon en vorme van diskoers toeganklik te maak vir kommunikasie oor kontemporêre sake. Neustupný (1970:39) noem modernisering die 'kultiveringsbenadering' en dui aan dat ontwikkelende nasies gemoeid is met taalbeleid, terwyl ontwikkelde nasies begaan is oor korrektheid, funksie en styl.

Taalontwikkeling verteenwoordig tewens die proses waar 'n gekose variëteit van 'n gesproke taal omgesit word tot 'n skryftaal, die verkose variëteit gestandaardiseer word om as norm te dien en dan gemoderniseer word om die meerdere funksies wat daaraan toegewys word te verrig. Laasgenoemde hou veral verband met die ontwikkeling of uitbreiding van woordeskat en met die ontwikkeling of verfyning van diskoersvorme.

Ferguson (1968:34) wys ten slotte daarop dat die drie vorme van taalontwikkeling (grafisering, standaardisasie en modernisering) 'n oogmerk is van taalbeplanning. Hy waarsku egter dat dit nie duidelik is aan watter faktore die sukses of mislukking van sodanige beplanning gemeet kan word nie.

Alhoewel Ferguson (1968) nie 'n taalbeplanningstipologie met sy onderskeiding van die drie vorme beoog het nie, hanteer sy ontwikkelingstipologie wel begrippe wat verband hou met taalbeplanningsprosesse.

### **2.3 Taalbeplanningstipologieë**

Die term 'taalbeplanning' is waarskynlik vir die eerste keer in die literatuur deur Haugen (1959) gebruik. Hy het die term gebruik om te wys op doelbewuste pogings deur 'n land (Noorweë) om 'n taal te moderniseer, te bevorder en te implementeer as die nasionale taal. Haugen (1959:8) het taalbeplanning gedefinieer as:

...the activity of preparing a normative orthography, grammar and dictionary for the guidance of writers and speakers in a non-homogenous speech community.

Taalbeplanning is op daardie tydstip gesien as 'n aktiwiteit wat slegs gemoeid is met die linguistiese aspekte van taal, dit wil sê wat later sou bekendstaan as korpusbeplanning. Taalbeplanning is met ander woorde gesien as 'n proses wat gebruik word om probleme op te los wat verwant is aan:

...the presence of conflicting norms whose relative status needs to be assigned' (Haugen 1983:270).

Taalbeplanning is verder gesien as die oplos van taalprobleme van ontwikkelende tale, deur grafisering, standaardisering en modernisering (vgl. Ferguson 1968:28). Sedertdien is die konsep van taalbeplanning verfyn om beide linguistiese en sosiolinguistiese, ekonomiese en politieke aspekte van die integrasie van taal by die gemeenskap in te sluit (vgl. Rubin & Jernudd 1971, Weinstein (ed.) 1990).

Taalbeplanning behels dat die gemeenskap besluite moet neem oor taal, die gebruik, status en ontwikkeling daarvan, besluite wat veelseggende betekenis op sosiale, ekonomiese, opvoedkundige en politiese vlak vir beide die gemeenskap en die individu inhou.

Na 'n studie van verskillende taaltipologieë deur kenners op die gebied van taalbeplanning, bied Du Plessis (1995) 'n indringende bespreking van die paradigmas van taalbeplanning aan en wys op ten minste drie sleutelemente, te wete taalbeplanningsdeterminante, taalbeplanningsdoelstellings en 'n taalbeplanningsprogram. Onder taalbeplanningsdeterminante word verstaan dit wat die taalbeplanningsprogram dryf of beïnvloed. Du Plessis (1995) beskryf die taalbeplanningsdoelstellings, as die ontwikkeling van beide linguistiese doelstellings en nielinguistiese doelstellings as sentrale elemente in taalbeplanning by gemeenskappe wat 'n behoefte ondervind om bevordering en uitbreiding te ondergaan. Die taalbeplanningsprogram word deur Du Plessis (1995:131) gesien as 'n onderskeid tussen taalprobleme wat verband hou met 'n strewe na nasionale eenwording (of integrasie) en met die ontwikkeling van tale en/of die modernisering van tale.

In hierdie studie word die tweede aspek van die taalbeplanningsprogram soos deur Du Plessis (1995:155) geïdentifiseer, naamlik die ontwikkeling van tale en/of modernisering van tale, van naderby ondersoek. Om uit te kom by

terminologiese modernisering en stilistiese ontwikkeling (twee prosese wat noodsaaklik is vir 'n taal wat op alle vlakke van die samelewing en in alle domeine diens moet kan doen) word daar vervolgens drie bekende taalbeplanningstipologieë ondersoek wat verskillende perspektiewe op die probleem bied.

### 2.3.1 Haugen (1983) se viervoudige tipologie van taalbeplanning

Haugen (1983:275) se uitgebreide weergawe van sy taalprobleemtipologie bied 'n interessante perspektief op taalontwikkeling en die prosesse wat daarby betrokke is. Hy het die tipologie al in 1966 ontwikkel na aanleiding van die destydse debat oor taalontwikkeling en het dit sedertdien aangepas na aanleiding van kritiek op sy tipologie asook verdere ontwikkelings op die gebied van taalbeplanning. Sy 1983-weergawe van sy viervoudige tipologie bied vandag 'n integrasie van die belangrikste insigte in taalbeplanning wat oor meer as twee dekades ontwikkel is, en dien as die ideale vertrekpunt by 'n bespreking van taalbeplanning en taalontwikkeling.

	<i>Vorm (beleidsbeplanning)</i>	<i>Funksie (taalkultivering)</i>
Samelewing (statusbeplanning)	1. Seleksie (besluitnemingsprosedure) a. probleemidentifisering b. toewysing van norme	3. Implementering (opvoedkundige verspreiding) a. korrektiewe proses b. evaluering
Taal (korpusbeplanning)	2. Kodifisering (standaardiseringsprosedures) a. grafisering b. grammatikalisering c. leksikalisering	4. Uitbreiding (funksieontwikkeling) a. terminologiese modernisering b. stilistiese ontwikkeling

**Figuur 1 Die uitgebreide weergawe van Haugen se viervoudige taalprobleemtipologie**

Wat Haugen (1983) betref, kan taalbeplanning beskryf word aan die hand van veeldoelige matrikse: op een vlak stel hy die onderskeid tussen vorm (wat hy as beleidsbeplanning tipeer) en funksie (wat hy as taalkultivering tipeer) voor. Op

die tweede vlak stel hy verskillende fokusse op taalbeplanning voor, naamlik vanuit 'n samelewingsperspektief en 'n taalperspektief. Die samelewingsfokus staan bekend as statusbeplanning en bestaan eerstens uit besluite wat 'n samelewing moet maak oor die keuse van taal, asook die formulering van taalbeleid, en tweedens uit 'n implementeringsfase wat gewoonlik deur die opvoedkundige sisteem versprei moet word. Die taalfokus word korpusbeplanning genoem en bestaan uit besluite wat gemaak moet word om 'n taal te kodifiseer en wat uiteindelik tot standaardisering moet lei, en uitbreiding van die taal, wat deur funksieontwikkeling bewerkstellig moet word.

Hierdie verdeling stem ooreen met die tweedeling deur Kloss (1969:81-83) tussen status- en korpusbeplanning. Korpusbeplanning verwys na alle aksies wat gemik is op verandering 'in the nature of the language itself' (Kloss 1969:81), terwyl statusbeplanning gemoed is met 'whether the social status of the language should be lowered or raised' (Kloss 1969:81). Hier volgens bestaan korpusbeplanning uit linguistiese besluite wat gemaak moet word om 'n taal te kodifiseer en uit te brei, en statusbeplanning veronderstel 'n verandering aan die toewysing van bepaalde funksies aan die taal in 'n samelewing. Hierdie tweedeling in taalbeplanning is egter 'n oorvereenvoudiging aangesien dit feitlik onmoontlik is om korpusbeplanning te doen sonder om die status van die taal waarvoor daar beplan word in ag te neem.

Verandering aan die status van 'n taal veronderstel 'n verandering in die toewysing van bepaalde funksies aan die taal in 'n taalgemeenskap. Gewoonlik gaan dit oor hoëfunksiegebruik, wat betrekking het op die standaardvariëteit van die taal. Wat hier ter sprake is, is die *seleksie* van 'n taal (deur 'n besluitnemingsprosedure) wat gebruik gaan word om die hoë funksie te verrig, en die *implementering* van hierdie geselekteerde taal.

### 2.3.1.1 Seleksie

*Seleksie* word volgens Haugen (1983:270) gebaseer op die besluit om 'n taal te vervang, byvoorbeeld om Engels met Iers te vervang in Ierland. Seleksie vind gewoonlik plaas wanneer 'n *taalprobleem* bestaan. Oor die algemeen word taalprobleme geïdentifiseer wanneer botsende norme teenwoordig is en die status van tale binne 'n samelewing vasgestel moet word.

Die keuse van ('n) nasionale taal/tale vir 'n samelewing, is nie 'n eenvoudige keuse in die praktyk nie aangesien die seleksie veronderstel dat daar 'n keuse tussen kompeterende tale gemaak moet word. Terwyl inheemse tale die moontlikheid bied om 'n algemene taalerfenis vir die gebruikers in te sluit en sodoende eenheid sal bewerkstellig, bied 'n taal van wyer kommunikasie gewoonlik toegang tot die buitewêreld (aangesien dit gewoonlik 'n wêreldtaal soos Engels is) (vgl. Kaplan & Baldauf 1997:31). Die keuse van 'n amptelike taal moet verder ook tot die kleinste moontlike ontwrigting aan die sosiale struktuur van 'n samelewing lei en terselfdertyd moet die besluit nie die samelewing van die buitewêreld isoleer nie. Verskillende kriteria vir die seleksie van 'n taal word voorgestel, soos byvoorbeeld politieke neutraliteit, dominansie, prestige en tradisie (vgl. Kale 1990:185-6). Taalkeuses moet nie in 'n vakuum plaasvind nie, maar moet eerder in die lig van die sosiolinguistiese inligting wat oor die samelewing beskikbaar is, gemaak word.

Seleksie verwys ook na die *toewys van norme* (vgl. Haugen 1983:270). Taal word oor die algemeen gekenmerk deur 'n aantal streeks- en sosio-ekonomiese variëteite. Variëteite word deur verskille in uitspraak, asook sintaktiese en morfologiese verskille herken. Indien 'n inheemse taal gekies word as amptelike taal, is dit wel moontlik dat die taal nie ten volle gestandaardiseer is nie. Besluite moet dan geneem word oor watter variëteit van die inheemse taal amptelike status gaan verkry. Hierdie probleme kom nie net by inheemse tale voor nie, maar kan ook ontstaan by ontwikkelde tale. Engels het byvoorbeeld

ook verskillende variëteite, en wanneer Engels as die amptelike taal van 'n land aangeneem word, moet daar besluit word watter variëteit van die taal die amptelike standaard sal verteenwoordig.

'n Kenmerk van seleksie is dat dit deur die samelewing geïnisieer word en deur hul politieke leiers geïmplementeer word. Seleksie behels 'n vorm van beleidsbeplanning wat aan 'n sekere linguïstiese norm 'n gegewe status binne die samelewing toeken. Haugen (1983:271) beklemtoon ook dat alhoewel regeringsagentskappe meestal betrokke is, hierdie tipe beplanning nie deur hulle alleen gedoen word nie en individue en ander groepe ook betrokke kan wees.

#### 2.3.1.2 Kodifisering

*Kodifisering* kan volgens Haugen (1983:271) die werk van 'n individu of agentskap wees wat uiting gee, gewoonlik in geskrewe vorm, aan 'n gekose norm. Hy sê verder dat die taal wat gekodifiseer word nie noodwendig die taal van die kodifiseerder hoef te wees nie, aangesien baie tale deur buitestaanders, soos sendelinge, gekodifiseer is. Haugen (1983) bevind dat kodifisering drie elemente bevat: grafisering, grammatikalisering en leksikalisering. Haugen se model konsentreer op geskrewe taal en neem nie gesproke taal in ag nie, aangesien taalbeplanning in werklikheid nie op gesproke taal gerig is nie. Hy wys ook daarop dat wat Ferguson (1968:29) grafisering noem gewoonlik die eerste stap na kodifisering is. Selfs die eenvoudigste grafisering behels dat belangrike besluite geneem moet word en daarom word aanbeveel dat grafisering deur bekwame linguïste gedoen word.

In die geval van 'n inheemse taal wat nog nie 'n standaardortografie ontwikkel het nie, en ook nie 'n geskiedenis van skriftelike optekening het nie, moet daar vir die verskaffing van geletterdheidsmateriaal in die taal grafisering plaasvind. 'n Ortografiese sisteem wat die fonologie van die taal reflekteer, moet ontwerp

word (Kaplan & Baldauf 1997:39). 'n Algemene probleem wat in die post-koloniale gebiede voorkom, het juis hieruit ontstaan. Sendelinge wat die optekening van inheemse tale in daardie tydperk behartig het, het nie 'n duidelike beeld van die grammatikale verskille tussen fonologiese sisteme van tale gehad nie. Hornberger (1992:192) sê in hierdie verband:

It was the missionary friars and priests who first wrote down many of the indigenous languages, each adopting Spanish or Portuguese orthography according to his own conventions.

Ortografiese sisteme wat deur Spaans- of Engelsprekende sendelinge daargestel is vir toontale (tale wat van toon gebruik maak om grammatikale inligting sistematies oor te dra), het dikwels nie daarin geslaag om die taalsisteem op voldoende wyse te representeer nie. Daarom moet daardie ortografieë verandering ondergaan om die karakter van die tale weer te gee (vgl. Kaplan & Baldauf 1997:41). Tydens die proses van grafisering moet die dialektiese verskille ook opgelos word om by 'n gestandaardiseerde voorstelling van die taal uit te kom.

Na grafisering volg *grammatikalisering* (wat die formulering van reëls behels wat verduidelik hoe taal gestruktureer is) en daarna *leksikalisering*, of die seleksie van 'n gepaste leksikon.

Die leksikon van 'n inheemse taal wat amptelike status verkry, beskik in die reël oor voldoende bronne om die tradisionele aspekte van kommunikasie aan te pak. Die taal is egter selde voldoende ontwikkel in tegniese en wetenskaplike domeine om modernisering toe te laat. Nuwe woordeskat moet in hierdie gevalle geskep en aan die taal toegevoeg word. Verskillende beginsels kan toegepas word: (1) vreemde woorde kan geleen word by ander tale en fonologies aangepas word, (2) woorde kan geskep word deur van geleende stamme gebruik te maak, (3) woorde wat nie langer in gebruik is nie kan semantiese vernuwing ondergaan, en (4) nuwe kombinasies van bestaande

woorde kan gebruik word om nuwe konsepte bekend te stel (vgl. Kaplan & Baldauf 1997:43).

Die tipiese produk van kodifisering is volgens Haugen (1983:271) 'n preskriptiewe ortografie, grammatika en woordeboeke.

Die kodifisering van taal behels 'n proses wat konsentreer op die standaardiseringsprosedures wat benodig word om linguistiese taalnorme te ontwikkel en te formaliseer. Joseph (1987) het ondersoek ingestel na watter elemente in 'n standaardtaal voorkom en bevind dat onder andere Frans en Inupiaq goeie voorbeelde van standaardtale is. Ferguson (1968) bied 'n kontrasterende bevinding en beskryf standaardisering as 'n proses wat aanleiding gee tot 'n vorm van taal wat 'n 'supradialektiese norm' impliseer.

Seleksie en kodifisering behoort volgens Haugen (1983) in dieselfde kolom (vgl. figuur 1), aangesien hulle handel oor besluite ten opsigte van vorm, en vorm maak deel uit van beleidsbeplanning. Haugen (1983:272) wys egter daarop dat seleksie en kodifisering slegs oefeninge op papier bly indien dit nie deurgevoer word na *implementering* en *uitbreiding* nie. Vir tale om lewend te bly moet die tale gebruikers hê vir wie dit nuttige funksies verrig.

### 2.3.1.3 Implementering

*Implementering* sluit in dat die taal wat gekies en gekodifiseer is, versprei moet word (vgl. Haugen 1983:272). Daar word gefokus op die aanvaarding en verspreiding van die taalvorm wat geselekteer en gekodifiseer is. Implementering vind hoofsaaklik plaas deur die beskikbaarstelling van boeke, pamflette, koerante en handboeke in die taal. Implementering kan ook geskied deur die onderwys, as medium van onderrig of deur die massamedia soos die radio en televisie. Wette en regulasies kan ook ingestel word om die gebruik

van die standaardtaal te bevorder en selfs die gebruik van ander dialekte te ontmoedig. Haugen (1983) benadruk dit dat solank as wat 'n klein groepie 'n monopolie op opvoeding uitoefen dit relatief maklik is om 'n gegewe norm te implementeer. Die implementering van norme in moderne samelewings het egter veroorsaak dat dit 'n opvoedkundige kwessie geword het.

Haugen (1983:274) inkorporeer ook Neustupný (1978:243) se *korrektiewe proses* en sien dit as deel van die natuurlike aanleerproses van taal wat by ouers begin en uitgebou word deur kontak met portuurgroepe. Die *korrektiewe proses* word veral deur die opvoedingstelsel toegepas deur onderwysers en handboeke en word volgehou deur te lees en sosiale akkulturasie. Alhoewel die opvoedingstelsel 'n baie belangrike rol speel by die implementering van die korrektiewe proses, is dit nie alléén verantwoordelik vir taalkorreksie nie, deels omdat 'n korrektiewe proses verskeie generasies neem om voltrek te word, en deels omdat die opvoedingstelsel geen gesag op ander domeine van die gemeenskap het nie (vgl. Kaplan & Baldauf 1997:36).

Die behoefte aan *evalueringsprosedures* (soos deur Rubin (1971:221) voorgestel) word ook deur Haugen (1983) in sy tipologie ingesluit. Dit is nie voldoende om strategieë daar te stel en te implementeer om 'n taalsituasie te verander nie. Hierdie strategieë moet ook gemoniteer en geëvalueer word. Evaluering veronderstel 'n deurlopende proses, en moet so gestruktureer word dat terugvoering gereeld oor die implementeringstrategie gegee kan word. Terselfdertyd moet die implementeringstrategie aangepas kan word deur inligting wat bekend word uit die evalueringsproses. Evaluering vind plaas op twee vlakke: op die vlak van die plan self, en ook op die vlak van die uitwerking wat die plan op verskillende sektore van die gemeenskap het. Evaluering benadruk die feit dat taalplanne en hul gevolge komplekse sosiale verandering meebring.

#### 2.3.1.4      Uitbreiding

*Uitbreiding* word deur Haugen (1983:273) beskryf as die deurlopende implementering van die norm om die funksies van die moderne wêreld te bevredig. Die bekende Europese tale (soos Engels en Frans) het hier die voortou geneem en 'n standaard gestel sedert die Renaissance, deur die funksies van Latyn op nasionale en internasionale vlak oor te neem. Uitbreiding word gesien as die ekwivalent van Kloss (1969) se *Ausbau*.

Volgens Haugen (1983:273) verwys sy term 'uitbreiding' presies na wat Neustupný (1970:39) die 'kultiveringsbenadering' noem, en hy ondersteun Neustupný (1970) se siening dat uitbreiding kenmerkender is van die ontwikkelende tale as van ontwikkelde tale.

Haugen (1983) sien die uitbreiding van 'n taal nie bloot net as 'n uitbreiding van die tegniese woordeskat van daardie taal nie, maar fokus ook op die funksionele ontwikkeling van die taal. Uitbreiding stel die sprekers van 'n taal in staat om nuwe kommunikatiewe funksies (dit is funksies wat nuut aan die gemeenskap is, maar dit kan ook funksies wees wat voorheen deur 'n ander taal in die gemeenskap vervul is) te bemeester (Cooper 1989:153). Dit beteken dat wanneer die taal gekodifiseer is, daar aangehou moet word met:

...the implementation of the norm to meet the functions of a modern world'  
(Haugen 1983:273).

Die ontwikkelde taal moet in staat wees om die eise wat aan die taal gestel word in terme van beide terminologie en styl (vanaf gespesialiseerde tot alledaagse en populêre vlak) te kan hanteer. Die uitbreiding van funksies het spesifiek te make met wat Haugen (1983) *terminologiemodernisering* en *stilistiese ontwikkeling* noem. Sommige taalbeplanners sien leksikale uitbreiding as die hoofinstrument in korpusontwikkeling (vgl. Tauli 1977, Fishman 1983)

aangesien taal grootliks afhanklik is van die vermoë van die leksikon om die funksies, wat daaraan toegewys is, te vervul.

*Terminologiemodernisering* behels die ontwikkeling van die leksikon van 'n taal deur nuwe leksikale items of terminologie, en uitdrukkings. In kulturele, tegnologiese en ekonomies veranderende omstandighede moet duisende nuwe terme elke jaar in 'n amptelike taal geskep word. Terminologiemodernisering moet in ontwikkelde tale plaasvind sodat hierdie tale die funksies wat daaraan toegewys word, kan verrig. Terminologie-ontwikkeling is gewoonlik die hoofdoelwit van taalagentskappe/ taalakademies en gespesialiseerde (internasionale) organisasies. Vir elke taal moet daar besluit word in watter domeine en vakgebiede daar ontwikkeling moet plaasvind en van watter strategieë daar gebruik gemaak gaan word om die nuwe konsepte te benoem. Terminologiemodernisering verseker vir die taal 'n gespesialiseerde woordeskat en vorme van diskoers wat ooreenstem met die hoogs eiesoortige funksies wat die taal in 'n moderne gemeenskap in amptelike funksies/hoedanigheid moet vervul. Sommige tale soos byvoorbeeld Khmer maak volgens Jacob (1986) geredelik van geleende terminologie gebruik. Anderson (1987) wys weer daarop dat in die geval van Indonesies, die basis vir die ontwikkeling van nuwe terminologie, veral die gebruik van inheemse stamme teenoor internasionale ontlening, 'n emotiewe en omstrede debat uitlok.

*Stilistiese ontwikkeling* behels dat 'n taal meer as die som van leksikale, grammatikale en sintaktiese dele is (Gee 1992:31). Elke taal het sy eie diskoers wat dit toepaslik maak vir die spesifieke domeine waarin die taal gebruik word. Indien genoegsame stilistiese ontwikkeling nie in 'n taal plaasvind nie, is dit onmoontlik dat die taal aan al die eise wat die moderne samelewing stel, kan voldoen. 'n Gebied van stilistiese ontwikkeling, wat volgens Kaplan & Baldauf (1997: 45) selde in die literatuur bespreek word, is die behoefte om nuwe genres te ontwikkel, soos wat die taal in geskrewe vorm ontwikkel. Dit is belangrik om te onthou dat geskrewe taal nie bloot die transkribering van

gesproke taal is nie, maar dat geskrewe taal sekere funksies het wat nie in gesproke taal voorkom nie.

'n Ander belangrike aspek van stilistiese ontwikkeling is die gebruik van die taal vir die media en kulturele uitdrukking. Terwyl hierdie ontwikkeling dikwels gesien word as 'n eindproduk van die taalbeplanningsproses argumenteer Gonzalez (1990:328) soos volg:

In developing post-colonial indigenous language as the national language and as the language of scholarly discourse to develop special registers for classroom use, implementation should not start at the bottom, in the primary school, but at the tertiary level, at the university, where a creative minority of scholars who are both linguistically versatile and knowledgeable in their fields can do the necessary pioneering work in translation and production of research in Pilipino so as to be able to create an intellectual variety of the language.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat stilistiese ontwikkeling van tale deur 'n beplande program van taalontwikkeling nie veel sukses sal behaal indien die taal nie in hoëstatusfunksies soos die politiek, tegnologie en kulturele aktiwiteite gebruik word nie. Selfs in ontwikkelde tale soos Nederlands, bestaan daar 'n behoefte om diskoersstyle te behou en te gebruik in domeine soos die wetenskap en tegnologie, aangesien die gebruik van Engels (as wêreldtaal) Nederlands kan benadeel (vgl. Nelde 1988).

Baldauf (1989:6) voeg nog 'n ontwikkelingskategorie tot Haugen (1983) se uitgebreide taaltipologie by, naamlik, internasionalisering. Vir Baldauf (1989) hou internasionalisering verband met uitbreiding. Baldauf (1989:7) beskryf internasionalisering as 'n tipe taalverspreiding wat die korpus van 'n taal beïnvloed. Soos wat 'n taal 'n medium van internasionale kommunikasie word, ontstaan sekere standaardiseringsprobleme. Die deurlopende ontwikkeling van moderne tale word as uiters belangrik gesien, sodat daar aan die groeiende internasionale kommunikasiebehoefte voorsien kan word (Das Gupta 1987:305).

Die uitbreiding van taal behels 'n deurlopende proses en selfs tale soos Sweeds, Frans en Engels, wat goedgestabiliseerde standaardtale is, het deurlopende uitbreiding nodig om nuwe konsepte te benoem. Tale verander, nuwe funksies word aangeneem en uitgediende funksies word verloor soos wat die tegnologie vooruitgaan, nuwe kontakte word gemaak met sprekers van ander tale ensovoorts. Taal moet steeds uitgebrei word om in al die kommunikasiebehoefes van die sprekers te voorsien, aangesien uitbreiding 'n manier is om te verseker dat die effek van die doelbewuste taalontwikkeling wat ingestel word, 'n houvas kry.

Haugen (1983) se uitgebreide weergawe van sy viervoudige taalprobleemtipologie bied 'n nuttige raamwerk vir die beskrywing van taalontwikkeling.

1. Met sy taalbeplanningstipologie vestig Haugen die opvatting dat taalbeplanning 'n prosesmatige en gesistematiseerde aktiwiteit is. Taalbeplanning vind nie toevallig plaas nie en is die samelewing se manier van sistematies omgaan met die verhoging van die status van tale (statusbeplanning) en met die ontwikkeling van tale (korpusbeplanning). Haugen wys egter daarop dat, alhoewel die taalbeplanningsprosedures op 'n logiese opeenvolging dui, dit nie in die praktyk altyd die geval is nie en dat die verskillende prosesse gelyktydig voltrek kan word. Dit impliseer dat terminologie-ontwikkeling nie noodwendig die finale stap binne die taalplan is nie, maar reeds van stapel gestuur kan word sodra seleksie plaasgevind het.
2. Uit die tipologie van Haugen word dit duidelik dat korpusbeplanning nie alleen linguistiese probleme moet oplos nie, en dat dit moeilik is om korpusbeplanning van statusbeplanning te skei. In die praktyk vind korpusbeplanning plaas in samehang met sosiale, historiese, kulturele en politieke kragte. Korpus- en statusbeplanning kan nie in afsondering uitgevoer word nie aangesien die twee sisteme interafhanklik van mekaar is.

3. Haugen se taaltipologie verduidelik ook watter faktore 'n rol speel by taalontwikkeling. Funksieontwikkeling vorm volgens hom 'n belangrike komponent daarvan, aangesien daar met funksieontwikkeling beoog word om 'n taal te ontwikkel tot op 'n vlak waar die taal in enige register en op alle domeine van taalgebruik aangewend kan word. Die tipologie ontwikkel juis na aanleiding van die taalprobleme van ontwikkelende tale en die problematiek wat dit onder die loep neem, het betrekking op die eise wat 'n moderne gemeenskap aan 'n taal stel. Terminologie-ontwikkeling word hier uitgewys as 'n belangrike komponent van korpusbeplanning. Funksieontwikkeling is derhalwe 'n terrein van taalontwikkeling.
4. 'n Ander verband wat hierdie tipologie insluit is dat taalontwikkeling (wat 'n hoofelement van korpusbeplanning is) afhanklik is van kodifisering (wat standaardiseringsprosedures behels). Standaardisering word veral in die wetenskaplike en tegniese domeine aangetref om kommunikasie tussen verskillende taalgemeenskappe te vergemaklik.
5. Haugen se tipologie ondersoek die verhouding tussen besluitneming en voltrekking. Dit veronderstel dat indien 'n oorhoofse taalbeleid bestaan, sekere maatreëls ingestel moet word om die beleid te voltrek. Wat hier van belang is, is die feit dat daar duidelike doelwitte moet bestaan vir die verskillende komponente van taalbeplanning (ook die wat op taalontwikkeling betrekking het), dat taalontwikkeling deur vakkundiges onderneem moet word, en dat daar besef moet word dat taalontwikkeling 'n tydrawende proses is. In werklikheid is dit 'n deurlopende proses wat nooit ophou nie.
6. Die rol van 'taalontwikkelaars' (gebruikers en spesialiste binne spesifieke domeine) teenoor besluitnemers (administrateurs en politici) by taalontwikkeling kom ook aan die bod. Haugen se tipologie stel dit duidelik dat statusbeplanning en korpusbeplanning nie noodwendig deur dieselfde agentskappe onderneem word nie. Hierdie punt sluit aan by die vorige punt

wat dit duidelik stel dat indien daar 'n taalbeleid bestaan wat gewoonlik deur die besluitnemers ingestel word, dit die taak van die taalontwikkelaars is om die taal op so 'n wyse te ontwikkel dat dit aan die behoeftes van die gebruikers kan voldoen.

Suid-Afrika het met die instelling van die nuwe Grondwet 'n nuwe taalbeplanningsfase binnegegaan. 'n Nuwe seleksie van amptelike tale is gemaak, nuwe norme word ontwikkel en nuwe probleme het ontstaan in terme waarvan Haugen (1983) se tipologie aangewend kan word om die verhoging van die status van die tale sistematies aan te pak. Die land het elf amptelike tale waarvan Engels en Afrikaans (in sekere domeine) reeds ver gevorder het op die gebied van uitbreiding. Die ander amptelike tale is egter nie in dieselfde mate ontwikkel nie. 'n Uitgebreide beskrywing van die bestaande grammatika en leksikon van elke van die amptelike tale is nodig om te sien hoe ver al die amptelike tale werklik ontwikkel is. Dit volg duidelik uit Haugen se taaltipologie dat alhoewel 'n samelewings- (statusbeplanning) en taal- (korpusbeplanning) matriks voorgestel word (vgl. figuur 1), die stadia in die praktyk tesame plaasvind. Beplanning sluit in beide gevalle die taal en die situasie waarin die taal gebruik gaan word in, en die twee segmente van die beplanningsparadigma kan nie van mekaar geskei word nie. Dit word ook duidelik uit hierdie taaltipologie dat dit onvermydelik is dat veranderinge aan die taal die sektore/registers beïnvloed waarin die taal gebruik word, en dat hierdie veranderinge weer die taalsituasie in 'n nuwe lig definieer.


'n Beleidsriglyn (die taalklausule van die Grondwet) bestaan waarvolgens al die amptelike tale gelykberegtiging moet ontvang, wat beteken dat sekere doelwitte bestaan in terme waarvan al die amptelike tale in enige register en op alle domeine van taalgebruik aangewend kan word. Dit is die taak van taalontwikkelaars om deur middel van funksieontwikkeling, wat terminologie-ontwikkeling insluit, al die amptelike tale uit te brei om aan die eise van 'n moderne taalgemeenskap te voldoen.

Alhoewel Cooper (1989) se werk chronologies op die van Haugen (1983) volg, is daar besluit om eers die werk van Haarmann (1990) te behandel aangesien Haarmann (1990) 'n nuttige uitbreiding bied op die proses van taalbeplanning, deur verder op die tipologie van Haugen (1983) uit te brei. Haarmann (1990) voeg 'n derde been van taalbeplanning by, wat status- en korpusbeplanning komplementeer, naamlik prestigebeplanning. Haarmann (1990) konsentreer in sy ideaaltipologie van taalbeplanning op die dinamiek van taalontwikkeling of, soos hy dit noem, taalkultivering.

### 2.3.2 Haarmann (1990) se ideaaltipologie van taalbeplanning

Haarmann (1990) ontwikkel sy tipologie uit die aanname dat hy taalbeplanning as 'n onlosmaaklike deel van die sosiolinguistiek sien. Hy wys daarop dat die teoretiese fundering van taalbeplanning baie swak ontwikkel en fragmentaries is, aangesien dit talle sosiale aspekte uitsluit. In sy tipologie omskryf hy die funksionele reekse van taalbeplanning asook die metodologiese implikasies wat noodsaaklik is om 'n teorie daar te stel.

Volgens Haarmann (1990) moet enige beplanningsaktiwiteit prestige vir die taal verseker, om die taalgebruikers die waarde van hul taal te laat besef. Prestigebeplanning moet volgens hom as 'n aparte reeks funksionele aktiwiteite beskryf word en funksiebeplanning speel belangrike rol by taalkultivering. Hy sien prestigebeplanning as 'n reseptiewe of waardefunksie, wat 'n invloed uitoefen hoe daar op korpus- en statusbeplanningsaksies binne die samelewing gereageer word.



**Figuur 2** Haarmann se uiteensetting van prestigebeplanning

In die uiteensetting van prestigebeplanning word prestige beskryf as 'n komplekse verskynsel wat aantal individuele waardes, eerder as 'n enkele faktor bevat (vgl. Haarmann 1990:105). Prestige hang af van die beoordeling deur beide die beplanners en die gebruikers van die taal. Daar word 'n onderskeid getref tussen twee tipes prestigebeplanning: beplanning vir *prestige deur produksie* en beplanning vir *prestige deur aanvaarding* (vgl. Haarmann 1990:107). Beide hierdie tipes word verder onderverdeel in *primêre* en *sekondêre* aktiwiteite. Die primêre aktiwiteite word die '*inskakelingsfase*' van beplanning en die sekondêre aktiwiteite die '*uitvoerende fase*' van beplanning genoem.

### 2.3.2.1 Beplanning vir prestige deur produksie

*Primêre prestigebeplanning deur produksie* gaan volgens Haarmann (1990:107) gepaard met die ontwikkeling van 'n skryfsisteem, die uitbreiding van fonologiese, grammatikale en leksikale norme van 'n standaardtaal, die uitbreiding van funksionele style en die instel van wetgewing om die gebruik van die taal te verseker. Wat in terme van Haugen se tipologie as taalontwikkeling (korpusbeplanning) beskou kan word (kodifisering en uitbreiding) sien Haarmann as primêre prestigebeplanning deur produksie. Hierdie beplanning word onderneem, soos reeds by Haugen vermeld, deur spesialiste (soos individuele taalbeplanners, taalbeplanningsagentskappe of taalbeplanningsinstellings).

Die deurvoering en voortsetting van die beplanning word deur Haarmann (1990) beskryf as *sekondêre prestigebepanning deur produksie*. Hierdie beplanning behels die hersiening van die skryfsisteem, hersiening aan die strukturele basis van 'n standaardtaal, uitbouing van die funksionele style waarvan die wetenskaplike styl die mees komplekse is en uitbouing van die funksies van 'n taal waar die taal deur wetgewing vasgestel word as die amptelike taal of as die medium van onderrig.

### 2.3.2.2 Beplanning vir prestige deur aanvaarding

Haarmann beskou die prestige wat gekoppel word aan die aktiwiteite van individuele taalbeplanners of taalbeplanningsagentskappe en die aanvaarding daarvan deur die taalgebruikers as van uiterste belang. Hy beskryf hierdie tipe beplanning as *primêre prestigebepanning deur aanvaarding*.

*Sekondêre prestigebepanning deur aanvaarding* neem die beplanning nog 'n stap verder. Dit veronderstel die uitvoerende fase van hierdie beplanning en die aanvaarding daarvan deur die taalgebruikers. Die uitgangspunt van Haarmann word daarop gerig dat aanvaarding deur die taalgebruikers die prestige van 'n taal verhoog, en gelyklopend hiermee dat deur die prestige van 'n taal te verhoog die taalgebruikers die taal makliker aanvaar.

By beide prestigebepanning vir produksie en prestigebepanning vir aanvaarding korreleer korpusgeoriënteerde aktiwiteite met statusgeoriënteerde aktiwiteite. Dit het tot gevolg dat beide linguistiese (korpusbeplanning) en sosiale funksies waarin die taal gebruik kan word (statusbeplanning) onderneem word. As voorbeeld noem Haarmann (1990:108) dat beplanning op terminologiese gebied wat, alhoewel dit gerig word op die leksikale strukture van die taal, tog ook 'n invloed op die status van die taal het, aangesien spesifieke funksies aan die taal toegeken word en dit vir die sprekers van die taal moontlik gemaak word om die taal in hierdie funksies te gebruik.

Volgens Haarmann (1990) hang die sukses van taalbeplanning af van die sprekers se beoordeling al dan nie van maatstawwe en voorskrifte in 'n samelewing. Daarom is dit voor-die-hand-liggend dat prestige 'n noodsaaklike rol speel by die aanvaarding of verwerping van 'n taal. 'n Beplande standaard veronderstel positiewe beoordeling deur die taalgebruikers. Hoe meer prestige die lede van 'n taalgemeenskap koppel aan 'n bepaalde taalvariëteit, hoe groter word die sprekers se mobiliteit in terme van kommunikasie in die bepaalde variëteit (vgl. Haarmann (1990:118)). Hoe hoër die betrokke gebruikers die prestige van 'n variëteit aanslaan, hoe meer registers van daardie variëteit sal hulle aanwend binne verskillende domeine van kommunikasie. Volgens Haarmann selekteer individue die grammatikale gebruik van verskillende variëteite na aanleiding van interaksie moontlikhede, en ook in terme van die sosiale funksie wat verskillende registervariëteite speel.

	Maksimum	Taalstatus	Taalprestige	Taalkorpus		
Doeltreffendheid in terme van die organisatoriese impak	Vlak 4	4.2	amptelike bevordering	4.1	Regerings-aktiwiteite	Taalbeplanningsaksies
	Vlak 3	3.2	institusionele bevordering	3.1	Aktiwiteite deur agentskappe	
	Vlak 2	2.2	bevordering deur 'n drukgroep/pe	2.2	Groepaktiwiteite	Taalkultiveringsaksies
	Vlak 1	1.2	individuele bevordering	1.1	Aktiwiteite deur individue	
	Minimum	Taalstatus	Taalprestige	Taalkorpus		

**Figuur 3** Haarmann (1990) se ideaaltipologie van taalkultivering en taalbeplanning

Die ideaaltipologie van taalbeplanning en taalkultivering deur Haarmann (1990:121) besin aan die een kant oor die individu se kontrole oor taalkultiveringsaktiwiteite, deur aanvaarding of verwerping. Aan die ander kant staan die organisasatoriese uitwerking op taalbeplanningsaksies.

Dié tipologie is waardevol om taalontwikkeling/taalkultivering te verduidelik aangesien dit die idee onderskryf dat taalontwikkeling op verskillende vlakke en vir 'n verskeidenheid doelwitte gedoen word. Haarmann (1990) argumenteer dat hierdie vlakke (te wete regeringsaktiwiteite, aktiwiteite deur agentskappe, groepaktiwiteite en aktiwiteite deur individue) verskillende grade van prestige of doeltreffendheid voorstel en dat dit die sukses van die taalplan mag beïnvloed. Die invloed van die outoriteit, hetsy op korpusvlak en/of statusvlak, word volgens hom verhoog met die institusionalisering van taalbeplanningsaktiwiteite. Die invloed van die outoriteit is relatief laag op vlak 1 (aktiwiteite van die individu), en die organisasie se invloed op die toepassing blyk relatief klein te wees. Aktiwiteite op vlak 4 (regeringsaktiwiteite) aan die ander kant veronderstel die totale beheer van taalbeplanningspogings deur die staat, sodat 'n hoë vlak van doeltreffendheid verwag kan word. As voorbeeld word die eertydse Sowjet-Unie genoem, waar taalbeplanning ontstaan het onder die beskerming van 'n baie hoë graad van organisasie-imploed wat ondersteun is deur die betrokke regering. Aktiwiteite wat deur taalagentskappe in Skandinawiese lande geïmplementeer word, veronderstel weer 'n outoriteit wat tipies aan vlak 3 (institusionele aktiwiteite) is. Aangesien die aktiwiteit van agentskappe beperk word tot korpusbeplanning kom taalbeplanning in die Skandinawiese lande nie so uitgebreid voor soos dié in die eertydse Sowjet-Unie nie.

Die ideaaltipologie van taalbeplanning deur Haarmann (1990) verskaf 'n waardevolle raamwerk om te bepaal wat gedoen moet word om maksimale effek te bewerkstellig vir terminologie-ontwikkeling in die inheemse amptelike tale van Suid-Afrika.

1. Ontwikkeling op die gebied van die status, die korpus, en die prestige van 'n taal word gesien as sentrale faktore vir volle deelname aan die verskeidenheid van funksies wat van tale in moderne gemeenskappe verwag word. Die tipologie beklemtoon ook die simbiotiese verhouding tussen hierdie faktore.
2. Die tipologie kan ook aangewend word as sosiolinguistiese meetinstrument om die historiese vordering rondom taalkultivering vas te stel en dit moontlik te maak om die maksimale effek van taalbeplanning en taalkultivering te beoordeel.
3. Beide die rol wat owerhede en individue by taalbeplanning en taalkultivering speel, word in ag geneem. Terwyl die individu se rol in ag geneem word as gebruiker, deur hul aanvaarding of verwerping daarvan, moet in ag geneem word dat 'n hoër graad van outoriteit moontlik 'n verreikende invloed op taalbeplanning kan hê.
4. Dit is duidelik dat owerheidsingryping die betekenisvolste impak op 'n taal se prestige het. Wanneer 'n taal deur wetgewing en ondersteuningsprogramme deur die regering ondersteun word, verkry die taal status en word dit vir die taal moontlik om te ontwikkel tot op 'n vlak waar dit op alle domeine van kommunikasie aangewend kan word.
5. Die nadele van regeringsaktiwiteite by taalbeplanning en taalkultivering lê daarin dat hierdie tipe taalbeplanning nie altyd direk met die gemeenskap se ontwikkeling verband hou nie, en dat dit daarom deur die gemeenskap verwerp mag word.
6. Vir grootskaalse taalbeplanning en taalkultivering om in die behoeftes van 'n taalgemeenskap te voorsien en geslaagd te wees, moet dit 'n uitwerking op alle vlakke van die taal bewerkstellig. Alhoewel beplanningsaktiwiteite deur

regerings invloedryk mag wees, is dit moeilik om mense te forseer om van registers in 'n taal gebruik te maak waarin die gebruikers nie gemaklik voel nie. Die gebruikers moet op hulle beurt die taalbeplanning en taalkultivering aanvaar en die taal gebruik, aangesien 'n taal slegs suksesvol kan ontwikkel wanneer dit deur taalgebruikers vir verskillende funksies aangewend word.

'n Ander bruikbare benadering tot taalontwikkeling vir die Suid-Afrikaanse opset, is die raamwerk wat Cooper (1989) daarstel vir taalbeplanning. Hierdie raamwerk word gebaseer op 'n teorie van sosiale verandering. Cooper (1989) ontwikkel 'n verantwoordingskema om inligting wat benodig word om taalbeplanning te verstaan, te versamel. Sy verantwoordingskema word daarop gebaseer om die akteurs in die besluitnemingsproses te identifiseer en vas te stel op watter taalprobleme die akteurs 'n invloed wil uitoefen.

### 2.3.3 Cooper (1989) se verantwoordingskema vir taalbeplanning

Hierdie benadering gaan uit van Cooper se unieke definisie van taalbeplanning:

Language planning refers to deliberate efforts to influence the behavior of others with respect to the acquisition, structure, or functional allocation of their language codes (Cooper 1989:45).

Hierdie definisie maak voorsiening vir drie tipes taalbeplanning:

- 1) statusbeplanning, met die volgende funksies (Stewart 1968:531 se funksies) as doelwit: ampstaalfunksie, provinsiale funksie, funksie van wyer kommunikasie, internasionale funksie, 'hoofstad'-funksie, groepsfunksie, opvoedkundige funksie, skoolfunksie, literêre funksie, religieuse funksie, massamedia-funksie en werksfunksie (vgl. Cooper 1989:99-118);
- 2) korpusbeplanning, wat die volgende aktiwiteite kan insluit: grafisering, standaardisering, modernisering en renowing (vgl. Cooper 1989:122-156);
- 3) verwerwingsbeplanning, wat georganiseerde pogings om die aanleer van taal aan te moedig of te bevorder, insluit (vgl. Cooper 1989:157-163).

Cooper (1989) het vier raamwerke vanuit ander dissiplines geëvalueer wat as basis dien vir die ontwikkeling van sy model wat die taalbeplanningsprosesse rondom hierdie drie tipes wil beskryf. Die vier raamwerke wat hy ondersoek het, sluit die volgende in:

...language planning as, in turn: (1) the management of innovation; (2) as instance of marketing; (3) a tool in the acquisition and maintenance of power; and (4) an instance of decision making (Cooper 1989:58).

Cooper (1989) ontwikkel hieruit 'n verantwoordingsstelsel met agt komponente. Opsommenderwys kan sy skema vir taalbeplanning soos volg gestel word: Watter *akteurs*; probeer om watter *gedrag/houdings* te beïnvloed; van watter *mense*; vir watter *doeleindes*; onder watter *omstandighede*; met watter *middele/op watter wyse*; deur watter *besluitnemingsprosesse*; met watter *effek* (Cooper 1989:98).

- I Watter *akteurs* (byvoorbeeld, formele elites, invloedrykes, kontra-elites, nie-elite beplanningsimplementeerders)
  - II probeer om watter *gedrag/houdings* te beïnvloed
    - A. strukturele (taalkundige eienskappe van beplande gedrag (byvoorbeeld homogeniteit, eendersheid)
    - B. doelwitte/funksies waarvoor beplande gedrag gebruik gaan word
    - C. gewenste vlak van aanvaarding (bewustheid, evaluasie, bekwaamheid, gebruik)
  - III van watter *mense*
    - A. tipe teikengroepe (byvoorbeeld, individue teenoor organisasies, primêre teenoor tussenpersoon)
    - B. geleentheid van teikenperso(o)n(e) om beplande gedrag aan te leer
    - C. aansporings van teikenperso(o)n(e) om beplande gedrag te leer/te gebruik
    - D. aansporings van teikenperso(o)n(e) om beplande gedrag te verwerp
  - IV vir watter *doeleindes*
    - A. openbaar (taalverwante gedrag)
    - B. latent/bedek (nietaalverwante gedrag, die bevrediging van belange)
  - V onder watter *omstandighede*
    - A. situasioneel (gebeurtenisse, kortstondige kondisies)
    - B. struktureel

- 1. polities
- 2. ekonomies
- 3. sosiaal/demografies/ekologies
- C. kultureel
  - 1. norme van die regime
  - 2. kulturele norme
  - 3. sosialisering van die owerheid
- D. ten opsigte van die omgewing (invloed van buite die sisteem)
- E. informasioneel (data benodig vir 'n goeie besluit)
- VI met watter *middele/op watter wyse* (byvoorbeeld, outoriteit, geweld, bevordering, aanmoediging)
- VII deur watter *besluitnemingsproses* (besluitnemingsreëls)
  - A. formulering van probleem/doelwit
  - B. formulering van middele
- VIII met watter *effek*

**Figuur 4** 'n Verantwoordingskema vir die studie van taalbeplanning (Cooper 1989:89)

Die *akteurs* of tradisionele deelnemers aan taalbeleid en taalbeplanning kom voor by wat Kaplan (1989) beskryf as die 'top-down' taalbeplanningsituasies. Hierdie taalbeplanners is mense met mag en outoriteit, wat taalverwante besluite maak vir groepe, dikwels met beperkte of selfs geen konsultasie met die taalgebruikers van die taal/tale nie. Cooper (1989) bevraagteken die rol van sulke taalbeplanners, en bepleit 'n breër gemeenskapsdeelname. Gemeenskapsdeelname beteken dat die mense vir wie die taal beplan word (die gebruikers), 'n groter sê in die besluitnemingsproses, in die beplanning en in die implementering van die taalplan moet hê. In teenstelling met die 'top-down' taalbeplanning staan hy die 'bottom-up'-taalbeplanningsmodus voor.

Taalbeleid en taalbeplanning word gedoen om *taalgedrag/taalhoudings* te beïnvloed (a) op strukturele vlak, (b) doel- of funksionele vlak, en (c) die vlak van aanvaarding.

Op die strukturele vlak word verwys na die mate waarin die doeltaal ooreenstem met tale wat aan die gebruiker bekend is, en tweedens na die feit dat die doeltaal nie baie stilistiese variëteite vertoon nie. Cooper (1989:63) beklemtoon dit dat dit makliker is om 'n taal aan te neem wat vir die gebruiker bekend voorkom. As voorbeeld word die vinnige verspreiding van Kiswahili (in Tanzanië) onder die sprekers van die ander Bantoetale genoem. Strukturele ooreenstemming en homogeniteit is belangrike karaktertrekke, veral in terme van beplanning op fonologiese, leksikale en sintaktiese vlak.

Die doel/funksionele vlak verwys na die doelwit waarvoor die taalgedrag/taalhouding beplan word. Volgens Cooper (1989) is dit veral op die domein van kodifisering en standaardisering belangrik dat die taalbeplanner moet begryp dat die konteks gespesifiseer moet word, met ander woorde daar waar die variëteit gebruik gaan word, moet aangedui word.

Die vlak van aanvaarding berus in die mate waarin beplande kommunikatiewe gedrag aangeneem word. 'n Voorbeeld hiervan is die gebruik van seksistiese taal in Engels wat 'n verandering in die linguistiese struktuur van die taal bewerkstellig het. Voor die opkoms van die 'Women's Liberation Movement' het feitlik niemand aandag gegee aan seksistiese taalgebruik nie (vgl. Cooper 1989: 61). Gedurende die laaste twintig jaar het dit egter ontoepaslik geword om geslagsvoornaamwoorde (*she, he*) of geslagsnaamwoorde (*actress, chairman*) te gebruik en sodoende het die gebruik van geslaglose vervangingswoorde die taal binnegedring (*they* vir *he/she*; *actor* ten spyte van geslag en *chair* of *chairperson* in stede van *chairman*).

Cooper se model ondersoek vervolgens, watter *mense* is:

- a) die teikenpersone van beplande taalverandering? Alhoewel die teikenpersone van beplande taalverandering gewoonlik die gebruikers van die taal is, wys Cooper (1989:65) daarop dat hoe meer mense die taal aanleer,

hoe meer bruikbaar dit word as *lingua franca*, aangesien dit dan ondersteun word deur die vinnige toename in die aantal mense wat die taal kan gebruik.

- b) Onder watter omstandighede word beplande gedrag aangeleer? Volgens Cooper (1989:67) verwys die vraag na waar die gedrag aanvaar word (met ander woorde na die sosiaal gedefinieerde ligging van interaksie waardeur die gedrag versprei word).
- c) Aansporings van teikenpersone om beplande gedrag te leer/te gebruik. Cooper (1989:71) bevind dat die belangrikheid van die taal op internasionale handelsgebied 'n belangrike rol kan speel as aansporing om die taal aan te leer. As voorbeeld word die nut van Engels vir die Jode verskaf.

Die *doeleindes* waarvoor taalbeplanning gedoen word, varieer van gemeenskap tot gemeenskap. Nahir (1984:294 e.v.) onderskei elf sulke doelwitte. Hierdie doelwitte verteenwoordig volgens Nahir die taalbeplanningsfunksies of -doelwitte waarmee taalakademies, komitees, kommissies ensovoorts hulle bemoei het sedert daar met taalbeplanning begin is. Die doelwitte sluit onder meer in:

- 1) Taalsuiwering as 'n doelwit wat die moedertaalspreker se taal suiwer wil hou. Koch (1988:157) wys op die strewe na taalsuiwering aan die een kant en taalbeïnvloeding aan die ander kant. Volgens hom hou uiterste purisme die gevaar in van taalverarming en gevolglike taalonbruikbaarheid. Taalbeïnvloeding kan weer maklik lei tot taalvermenging en selfs taalverswelging.
- 2) Taalherlewing vind gewoonlik volgens Nahir (1984:301) plaas wanneer daarin geslaag word om 'n taal met min of geen oorlewende moedertaalsprekers weer in te stel as kommunikasiemiddel. 'n Goeie voorbeeld van die herlewing van 'n 'dooie' taal is dié van Hebreeus wat in Israel bevorder is tot spreektaal op alle vlakke van die samelewing.
- 3) Taalhervorming word beskou as die doelbewuste verandering van spesifieke aspekte van taal met die oog op die vergemakliking van die gebruik daarvan,

- veral ten opsigte van die vereenvoudiging van die ortografie, die spelling, die leksikon en die grammatika (vgl. Nahir 1984:302).
- 4) Taalstandaardisering het volgens Nahir (1984:303-304) te maak met enige poging om 'n taal of dialek wat in 'n gebied gepraat word, aanvaarbaar te maak as die belangrikste en algemeen bruikbaarste taal in daardie gebied.
  - 5) Taalbevordering word omskryf as 'n poging om die getal sprekers wat 'n taal gebruik, te vermeerder ten koste van 'n ander taal of tale (vgl. Nahir 1984:305). 'n Goeie voorbeeld is die geval van Afrikaans in die vorige bestel.
  - 6) Leksikale modernisering word deur Nahir (1984:307) omskryf as woordskepping of -aanpassing, as 'n metode om ontwikkelde standaardtale wat begrippe vinniger geleen het as wat hul natuurlike ontwikkeling daarby kon aanpas, van hulp te wees. Terminologieskepping kan natuurlik ook in die geval van ontwikkelende tale help om die leksikon te verryk om aan te pas by die eise wat die moderne wêreld daaraan stel. Daarom meen (Scheffer 1984:12) dat die verskaffing van vakterminologie nie los gesien kan word van taalbeplanning en taalontwikkeling nie.
  - 7) Terminologiese ordeskepping behels die uitskakeling van duplisering en meerduidigheid om eenvormigheid op tegnologiese en wetenskaplike gebied te verkry. 'n Belangrike aspek van terminologiese ordeskepping is volgens Nahir (1984:309) termdefiniëring, waardeur die funksies van terme omskryf en hul semantiese grense bepaal word. Terminologiese ordeskepping is derhalwe 'n standaardiseringsproses.
  - 8) Stylvereenvoudiging word deur Nahir (1984:310) omskryf as die vereenvoudiging van taalgebruik in die leksikon, grammatika en styl om kommunikasie tussen vakkundiges, maar ook tussen vakkundiges en leke, te vergemaklik.
  - 9) Tussentalige kommunikasie word deur Nahir (1984:312) beskryf as die vergemakliking van taalkommunikasie tussen lede van verskillende spraakgemeenskappe deur òf die gebruik van 'n kunsmatige of hulptaal te bevorder, òf deur die bevordering van 'n taal wat as wyer kommunikasiemiddel gebruik word, byvoorbeeld 'n *lingua franca*.

- 10) Taalhandhawing word gesien as die beveiliging van die gebruik van 'n groep se moedertaal as eerste of selfs tweede taal, waar politieke, sosiale, ekonomiese, opvoedkundige of ander faktore die status van die taal as kommunikasiemiddel, kultuurmedium of simbool van groeps- of nasionale identiteit bedreig.
- 11) Hulpkodesandaardisering kan beskou word as die standaardisering of aanpassing van die hulpmiddels by taal, byvoorbeeld gebaretaaltekens vir Dowes en plekname, om òf meerduidigheid te probeer uitskakel ten einde kommunikasie te verbeter, òf te voldoen aan veranderende sosiale, politieke en ander behoeftes of aspirasies (vgl. Nahir 1984:318). Volgens Nahir (1984) is pleknaamverandering of standaardisering om kommunikasie te verbeter die algemeenste vorm van hulpkodesandaardisering. As voorbeeld word straatname verskaf wat bloot bekendstaan as 'Pine' in Santa Cruz, Kalifornië en verwarring kan laat ontstaan wanneer die brandweer ontbied word en daar vasgestel moet word of daar verwys word na 'Pine Street, Place of Avenue'. Nahir (1984) verskaf ook 'n aantal ander voorbeelde wat nie noodwendig deur kommunikasiebehoefte gemotiveer kan word nie, maar wel deur politieke, sosiale of emosionele belang.

Gebaretaaltekens vir Dowes kan egter glad nie onder hulpkodesandaardisering geklassifiseer word nie aangesien Gebaretaal nie 'n hulpkode is nie, maar wel 'n volwaardige taal.

Die *omstandighede* waaronder taalverandering plaasvind, verskil. Cooper (1989:93-96) wys daarop dat situasionele, strukturele (politieke, ekonomiese en sosiale/demografiese/ekologiese), kulturele, omgewings - en inligtingsomstandighede 'n uitwerking op 'n spesifieke taalplan kan hê. Situasionele omstandighede is volgens Cooper van verbygaande aard. Dit kan oorlog en opstande insluit wat dadelik 'n invloed op taalbeleid het. Die Soweto-opstande van 1976 word as voorbeeld genoem waar die Suid-Afrikaanse politieke bestel verplig was om die afdwing van Afrikaans as medium van

opleiding in swart skole te heroorweeg. Strukturele faktore word gesien as onveranderlike kenmerke van 'n samelewing se politieke, ekonomiese, sosiale, demografiese en ekologiese strukture. België en Kanada word as voorbeeld van die invloed van strukturele faktore op taalbeplanning genoem waar die politieke en ekonomiese wedywing tussen twee groepe binne 'n land die regering verplig om taalbeleid op so 'n wyse saam te stel dat beide tale bevoordeel word.

Kulturele faktore behels volgens Cooper (1989) die houdings en waardes van die groep in die samelewing of die gemeenskap as geheel.

Omgewingsfaktore word beskryf as faktore wat buite die sisteem bestaan, maar wat besluite binne die sisteem beïnvloed. Dit sluit die internasionale politieke omgewing in wat besluite binne 'n spesifieke land kan beïnvloed.

Wat inligting om goeie besluite te neem betref, wys Cooper (1989:95) daarop dat alhoewel regerings en ander groot organisasies baie aandag wy aan die versameling en evaluering van inligting, besluite soms geneem word sonder dat goeie en genoegsame data beskikbaar is.

Die *middele/wyse* (byvoorbeeld, 'n outoriteit, geweld, bevordering, aanmoediging) waardeur taalbeplanningsbesluite gemaak word, verskil van situasie tot situasie. Soos Haarmann (1990) se prestigebeplanningsvoorstel aandui, staan daar altyd 'n outoriteit agter 'n taalbeplanningsbesluit en kan daar besluite op verskillende vlakke voorkom.

Die *besluitnemingsproses* sluit die reëls in wat vir die voorgestelde taalplan geld. Dit behels beide die formulering van die probleem/ doelwit, asook die metode om die doelwit te bereik. Volgens Cooper (1989:92) beïnvloed die manier waarop die probleem geïdentifiseer word die beleid wat ingestel word om die probleem op te los. Gevallestudies oor taalbeplanning wat die

besluitnemingsproses beskryf (die reëls vir besluitneming wat deur die besluitnemers toegepas word) bied volgens Cooper (1989) 'n waardevolle bydrae tot die kennis wat benodig word. 'n Goeie voorbeeld is dié van Nieu-Seeland waar besluite rakende die tale wat in die skole aangeleer moet word, vir hoe lank dit aangebied moet word, wie die taal vir wie moet leer, hoe dit geleer moet word en hoe genoegsame vlakke van prestasie evalueer moet word, amper uitsluitlik in die hande van die Minister van Opvoeding berus. Alhoewel die Minister in sommige gevalle met onderwysers konsulteer, word onderwysers grootliks van die besluitnemingsproses uitgesluit. Studente word geheel en al van die besluitnemingsproses uitgesluit. Besluite deur die Minister word hoofsaaklik op politieke gronde geneem, maar word ook soms gebaseer op teoretiese idees (dit wat veronderstel is om te werk, maar nie altyd prakties uitvoerbaar is nie). Die Minister is as't ware ver verwyderd van die omgewing waarin die besluite uitgevoer moet word.

Die *effek* (evalueringsfase) van enige taalbeplanningsprojek is volgens Cooper (1989) moeilik om te bepaal, aangesien dit moeilik is om te weet wat sou gebeur het indien die taalbeplanningsproses nie plaasgevind het nie.

Kritiek op Cooper (1989) se model is dat dit baie idealisties en voorskriftelik van aard is. Die model word nogtans benodig om die prosesse van taalbeplanning en taalontwikkeling te verstaan en te ondersoek.

Cooper (1989) se model lewer vir ons die volgende insigte op met betrekking tot taalontwikkeling:

1. Met taalontwikkeling word diverse doelwitte nagestreef, soos modernisering, nasionale integrasie, nasionale bevryding, imperiale hegemonie, rasse -, seksuele en ekonomiese gelykheid.

2. Uit bogenoemde word dit duidelik dat taalontwikkeling 'n proses van sosiale verandering insluit. Faktore van sosiale verandering (wat ook taalprobleme tot gevolg kan hê, te wete die fisiese omgewing, bevolking, kulturele diffusie, ideologie en besluitneming) word geïdentifiseer. Die tipologie wys op 'n belangrike aspek van bogenoemde sosiale veranderinge, naamlik dat geeneen aangewys kan word as die primêre faktor wat sosiale verandering veroorsaak nie. Hierdie faktore tree volgens Cooper (1989) eerder interafhanklik en in noue samehang op. Met taalbeplanning en taalontwikkeling binne 'n taalgemeenskap word daar gepoog om aan te pas by die sosiale veranderinge in die gemeenskap en die taalgedrag/taalhoudings van die taalgebruikers te beïnvloed. Taalontwikkeling moet eerstens deur die gebruikers aanvaar word en tweedens moet die gebruikers die taal in so 'n mate ondersteun dat hulle dit gebruik vir verskillende funksies.
3. 'n Perspektief word gegee op besluitneming tydens taalbeplanning en moet volgens Cooper (1989) 'n sensitiwiteit openbaar teenoor gebruikersvoorkeure. Sy model lewer kritiek op die tradisionele taalbeplanners wat gewoonlik taalverwante besluite gemaak het sonder om met die gebruikers van die taal te konsulteer. Cooper bepleit seggenskap oor die taal deur die sprekers self sodat die sprekers deelneem aan die taalontwikkeling en -beplanning en dit as deel van die algehele ontwikkeling van die gemeenskap ervaar. In die geval van die amptelike tale van Suid-Afrika is alle taalgebruikers die teikenpersone van taalontwikkeling en hoe meer mense die tale aanleer en gebruik, hoe meer bruikbaar sal die tale binne die samelewing word.
4. 'n Verantwoordingsstelsel moet ontwikkel word om inligting sistematies te versamel vir die studie van taalontwikkeling. Volgens Cooper (1989) kan taalontwikkeling nie verstaan word sonder 'n begrip van die sosiale konteks of sonder 'n begrip van die geskiedenis waaruit hierdie konteks voortspruit nie.

Eerstens moet die spelers in die besluitnemingsproses geïdentifiseer word, en tweedens moet vasgestel word watter taalprobleme betrokke is by die proses en hoe die spelers beoog om dit te beïnvloed. Vir taalontwikkeling is die besluitnemingsproses baie belangrik aangesien dit gemotiveer word deur pogings om belange in stand te hou of te verseker.

Die taalverskeidenheid van Suid-Afrika staan vas en dit is duidelik dat die nuwe taalbeleid regstreeks moet aansluit by die sosiolinguistiese realiteite van die land. Taalontwikkeling moet gesien word as deel van die algehele ontwikkeling van die gemeenskap en moet bydra tot die ontwikkeling van die gemeenskap. Taalontwikkeling benodig duidelike doelwitte om te weet tot op watter opvoedkundige vlak die tale ontwikkel moet word en in watter domeine dit gebruik gaan word.

#### **2.4 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is 'n oorsig van die veld van taalbeplanning aangebied en die algemeenste probleme waarvoor die taalbeplanner te staan kom, is ondersoek.

Die tipologieë deur Haugen (1983), Haarmann (1990) en Cooper (1989) wat hier bespreek is, vorm egter geensins 'n vaste teoretiese basis vir taalbeplanning nie, maar help wel met 'n moontlike veldafbakening vir hierdie studie, wat spesifiek op die ontwikkeling en uitbreiding van die amptelike Afrikatale in Suid-Afrika konsentreer.

Haugen (1989) se tipologie van taalbeplanning werp meer lig op die omvang van stappe betrokke by taalontwikkeling en die taalbeplanningsproses. Alhoewel beide status- en korpusbeplanningsaktiwiteite ondersoek word, met hul respektiewelike fokus op die taal en die samelewing, is veral korpusbeplanningsaktiwiteite, in die besonder die uitbreiding van tale, vir hierdie studie van belang.

'n Verandering aan die status van die Afrikatale (wat in die Grondwet van 1996 genoem word) veronderstel die toewysing van bykomende funksies aan hierdie tale in die gemeenskap. Taalstatus word egter volgens Haarmann (1990) gemeet in terme van die ekonomiese, sosiale en kulturele prestige wat die taal vir die gebruikers het. Hoe hoër die ekonomiese, sosiale en kulturele prestige van 'n taal is, hoe groter is die moontlikheid dat die sprekers die taal sal gebruik in die domeine waar dit van belang is. 'n Manier waarop die prestige van 'n taal verbeter kan word, is om die sprekers van daardie taal te oortuig dat dit as moderne instrument van kommunikasie in die samelewing aangewend kan word. So kan die taal 'n instrument word van mobilisering (Cooper 1989:183-185). Die vraag wat nou gestel kan word, is of die Afrikatale genoeg ekonomiese, sosiale en kulturele prestige vir hul sprekers inhou en of hulle aangewend kan word as instrumente van sosiale mobilisering. Indien dit nie die geval is nie, moet stappe geïmplementeer word om die gebruikers te oortuig dat hierdie tale wel genoeg prestigewaarde het om as effektiewe kommunikasiemiddels op verskillende domeine diens te doen. Ontwikkelingsprogramme en sosiale transformasie kan aangewend word om te help om die prestige van hierdie tale te bevorder.

Taalontwikkeling het volgens Cooper (1989) meriete gangesien dit in samehang met sosiale ontwikkeling gaan. Hy bevind ook dat suksesvolle taalontwikkeling 'n sensitiwiteit moet koester vir dit wat die doelgemeenskap beoog met die ontwikkeling. Hy bepleit 'n groter gemeenskapsdeelname deur die gebruikers van die taal aan die taalbeplanningsproses en wys op die belangrikheid van die besluitnemingsproses vir effektiewe taalontwikkeling en -beplanning. Volgens hom word taalontwikkeling oor die algemeen as verwyderd gesien van sosiale en ekonomiese ontwikkeling en daarom word taal nie aangewend as 'n bron van opheffing nie.

Uit bogenoemde bespreking word dit duidelik dat taalontwikkeling nie 'n eenmalige proses is nie. Taalontwikkeling dui eerder op 'n deurlopende proses

wat beplande verandering aan 'n verkose variëteit veronderstel om in nuwe funksies diens te doen wat voorheen nie die geval was nie. Die sistematiese opbou van taalvaardighede deur 'n beplande program van taalontwikkeling kan slegs suksesvol wees wanneer die taal in hoëtaalstatusdomeine (soos in die politiek, ekonomie, tegnologie en kultuur) gebruik kan word.

## Hoofstuk 3

### Aspekte van terminologie

#### 3.1 Inleiding

Wanneer ons na terminologie-ontwikkeling as taalbeplanningsaksie kyk, moet in gedagte gehou word dat dié verband nie altyd raakgesien word nie. Eugene Wüster, die sogenaamde grondlegger van die terminologieleer, wys egter op die verband in die inleiding van sy onvoltooide manuskrip, *Einführung in die Allgemeine Terminologielehre und Terminologische Lexikographie*. Wüster se lewenslange aandeel in die fenomeen van taal, is wat hy 'doelbewuste vorming van die taal' (d.w.s. taalontwikkeling of terminologie-ontwikkeling) noem. In die manuskrip wat deur sy navolgers en kollegas voltooi is en na Engels vertaal is, en na Wüster se dood in 1979 gepubliseer is, bevind hy dat taalbeplanning gekarakteriseer kan word deur twee verskillende aspekte: die linguistiese aspek, die doelbewuste skep van taalitems (d.w.s. korpusbeplanning), en die samelewingsaspek, die doelbewuste aanvaarding van hierdie taalitems (d.w.s. statusbeplanning) (Wüster 1980:15).

Wüster se siening stem ooreen met die uitgangspunt van Haugen (1983) wat tussen 'n gemeenskapsfokus (statusbeplanning) en 'n taalfokus (korpusbeplanning) by taalbeplanning onderskei. Haugen verwys spesifiek by korpusbeplanning na die ontwikkeling van tale deur die uitbreiding van die funksie van die taal, wat terminologiese modernisering en stilistiese ontwikkeling insluit (vgl. afdeling 2.3.1). Wüster se siening sluit ook aan by die van Haarmann (1990) wat daarop wys dat taalitems 'n sekere prestigewaarde vir die gebruikers moet hê om deur hulle aanvaar en gebruik te word en dat prestige weer deur aanvaarding bewerkstellig word (vgl. afdeling 2.3.2).

As uitbreidingsaktiwiteit by taalbeplanning het terminologiese aktiwiteite gedurende die laaste dekades geweldig toegeneem, veral as gevolg van:

1. die vinnige vooruitgang in die basiese wetenskappe (wat tot die ontwikkeling van eentalige terminologiewerk aanleiding gegee het);
2. die ewe vinnige ontwikkeling van internasionale samewerking op die terrein van die wetenskap, tegnologie en handel (wat tot die ontwikkeling van meertalige terminologiewerk aanleiding gegee het); en
3. die gebruik van rekenaars vir die berging en ontsluiting van massainligting (wat tot die ontwikkeling van tesourusse, terminologiebanke ensovoorts aanleiding gegee het) (vgl. Felber 1978a:4).

Die ontwikkeling van terminologie in 'n samelewing kan gesien word as 'n basiese strategie om kommunikasie te verbeter. Terminologie is noodsaaklik vir die funksionering van al die wetenskappe en word in al die vakgebiede gebruik om konsepte te beskryf. Die skep van terminologie is 'n deurlopende aktiwiteit wat beïnvloed word deur veranderende sosiale en linguistiese norme, en wat 'n gemeenskap in staat stel om die organisasie van kennis en ervaring te reguleer. Hierdie regulering van kennis en ervaring veronderstel dat terminologiebeplanning plaasvind om in pas te bly met verandering binne die wetenskaplike en tegnologiese domeine.

Voordat daar vasgestel word op watter benaderings daar tans binne terminologiewerk gekonsentreer word, word daar 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van moderne terminologiewerk gegee.

### **3.2 'n Oorsig van die ontwikkeling van moderne terminologiewerk**

Die moderne terminologieleer het in ongeveer 1930 ontstaan uit die werk van Eugene Wüster, in Wenen. Wüster wat as die grondlegger van moderne terminologiewerk beskryf word, het in sy aanvanklike navorsing argumente vir die sistemativering van werkmodes in terminologiewerk voorgestel, 'n aantal

beginsels vir terminologiewerk vasgestel en die hooftrekke vir die prosessering van terminologiese data uitgestippel. Hy was op daardie tydstip gemoeid met metodologie en standarde eerder as teorie, aangesien hy terminologiewerk beskou het as 'n instrument wat so effektief as moontlik aangewend moes word om dubbelsinningheid in wetenskaplike en tegniese kommunikasie uit te skakel. Teoretiese belang in terminologiewerk het eers ontstaan nadat terminologiewerk reeds georganiseer was in sommige velde en as resultaat van praktiese ondervinding. Wüster se werk is 'n voorbeeld hiervan aangesien hy aanvanklik geïnteresseerd was in die versameling en standaardisering van terme en eers nadat dit toegepas is in *The Machine Tool* (1968), het hy op die aspekte van die teorie van terminologie begin konsentreer. Cabré (1999:7), 'n prominente terminoloog, argumenteer:

We can thus say that terminological theory arose and is even today developed through practical experience that is, in turn, motivated by the need to provide solutions to language-based problems in communication.

Tydens die opening van die Infoterm simposium in 1975, het Wüster vier geleerdes as die intellektuele vaders van terminologieteorie genoem: Die eerste was die Duitser Scholoman, wat die eerste persoon was om die sistematiese aard van spesiale terme te ondersoek. Die tweede was die Sweedse linguïst De Saussure, wat die eerste persoon was om die aandag te vestig op die sistematiese aard van taal. Die derde was Dresen, die Russiese linguïst, 'n voorloper om die belangrikheid van standaardisasie tuis te bring en die dryfkrag agter die stigting van die International Standards Association (ISA). Die taak van die Komitee was die uitbreiding en die standaardisering van die beginsels van terminologiewerk. Die vierde was Holmstrom, 'n Engelsman van Unesco, die voorloper om terminologieë op internasionale skaal te dissemineer en wat 'n internasionale organisasie voorgestel het om dit te hanteer. Sy bydrae het daartoe bygedra dat Unesco, Infoterm, die Internasionale Sentrum vir Terminologie gestig het.

Auger in Cabré (1999:5) identifiseer vier basiese tydperke in die ontwikkeling van moderne terminologiewerk:

- die oorsprong (1930 - 1960)
- die strukturering van die veld (1960 - 1975)
- die oplewing (1975 - 1985)
- die uitbreiding (1985 - huidig)

Die studie van terminologiewerk tydens die oorsprongfase word gekenmerk deur die ontwikkeling van metodes vir die sistematiese vorming van terme. Die eerste teoretiese tekste deur Wüster en Lotte het in hierdie tydperk verskyn. Die werk wat in die 1930s terselfdertyd, maar onafhanklik gedoen is deur Oostenrykse-, Sowjetse- en Tsjeggiese navorsers, vorm die basiese riglyne vir wat die Oostenrykers terminologiewetenskap sou noem. Die drie klassieke skole van terminologie, die Oostenrykse - (Weense), die Sowjetse - en Tsjeggiese (Praagse) skole het uit hierdie navorsing ontstaan.

### 3.2.1 Die Weense Skool van Terminologie

Felber (1981:70-74) ondersoek die teoretiese beginsels waarop die Weense Skool van Terminologie berus en bevind dat die volgende verskille in benadering waargeneem word tussen die Weense Algemere Teorie van Terminologie (WATT) en die linguistiek.

1. Eerstens bestaan daar verskille in benadering tot die stand van taal (*Sprachzustand*).

Die benadering van die WATT kan ten opsigte van drie verskille van die linguistiek beskryf word:

- 1.1 Terminologiewerk begin by konsepte, dit wil sê daar word vanaf definisies gewerk en nie vanaf terme nie. Elke konsep word duidelik onderskei van aangrensende konsepte. Die domein van konsepte bestaan afsonderlik van

die domein van terme. In teenstelling hiermee word die woordvorm en woordbetekenis in die linguistiek gewoonlik as 'n eenheid behandel.

1.2 By terminologiewerk bestaan daar 'n beperking op die woordeskat - terminoloë konsentreer op die skep van terme vir konsepte en definisies. In die linguistiek daarenteen word fleksie en sintaksis van die algemene taal onder bespreking geneem.

1.3 Die terminologiese benadering is sinchronies en pragmatiese terminologie word voorgestaan. Die linguistiek betrek beide sinchroniese en diachroniese aspekte van taal.

2. Verskille bestaan ook in die benadering tot taalontwikkeling (*Sprachentwicklung*).

Ook ten opsigte van taalontwikkeling lig Felber drie verskille tussen die WATT en die linguistiek uit:

2.1 Terminologiewerk word as die doelbewuste skep van taal beskryf, konsepte en terme word doelbewus tydens terminologie-ontwikkeling geskep. In die linguistiek ontwikkel die algemene taal soos wat die behoeftes van die gemeenskap verander.

2.1.1 Terminologiewerk berus op linguistiese beskrywing en voorskrywing. Terminoloë het reeds aan die begin van hierdie eeu begin om konsepte en terme te verenig. Dit het tot gevolg gehad dat terminologie gestandaardiseer word. Terminologie beskryf nie net nie, maar skryf ook voor. Terminologie word gewoonlik gestandaardiseer deur nasionale standaardiseringsliggame, deur ISO, deur groot wetenskaplike, tegniese en professionele organisasies en ook deur groot firmas.

2.1.2 Terminologiewerk in ontwikkelende lande. In baie lande word die inheemse taal nie gebruik vir geskrewe en tegniese kommunikasie nie. Hierdie lande ondervind toenemend die behoefte om terminologie te ontwikkel in die inheemse taal om sodoende die kulturele lewe onafhanklik van die vreemde taal te maak.

2.1.3 Die evaluering van termkonstituente. Terminologiewerk se standaardiseringmetodes omsluit vereniging deur beide seleksie en skepping. Dit veronderstel die evaluering van die termkonstituente, 'n proses wat nie in die linguistiek gebruik word nie.

2.2 Die internasionale linguistiese benadering. Die standaardisering van individuele terme benodig verenigde taalonafhanklike riglyne, dit is riglyne wat op teorie gebaseer word. Om hierdie rede het ISO uitgebreide terminologiese beginsels en metodes ontwikkel vir terminologiese leksikografie/terminografie. Met hierdie stap is samewerking met die linguistiek gevorm.

2.3 Terminologie bestaan hoofsaaklik in geskrewe vorm. By terminologiewerk oorheers die geskrewe vorm die gesproke vorm. Dit is teweens die geskrewe vorm van terminologiewerk wat internasionaal verenig word. In die linguistiek word beide geskrewe en gesproke taal in aanmerking geneem.

### 3. Ander verskille

3.1 Uitleg - Die verskille wat hierbo beskryf word, het implikasies vir die uitleg van die woordeskat van terminologiewerk. Terminologiewerk begin by konsepte. Die betekenis van elke term moet gedefinieer word en daarom volg die inskrywings in volgorde van die klassifikasie van konsepte. Die geklassifiseerde ordening van inskrywings maak veeltalige woordeskat onafhanklik van die brontaal. In die linguistiek word daar by die woord begin en die woord en sy betekenis vorm 'n eenheid. Inskrywings volg in alfabetiese volgorde.

3.2 'n Ander basiese verskil tussen die Weense Algemene Teorie van Terminologie en die linguistiek is dat die WATT elemente van sowel logika en ontologie as inligtingswetenskap insluit. Daarby is die uitruil van ervarings met alle gespesialiseerde dissiplines by die WATT noodsaaklik.

Die hoofdoel met die Weense Algemene Teorie van Terminologie behels die navorsing van basiese beginsels wat tekenend is van konsepsisteme, of konsepte en hul aangewese terme. Probleme wat algemeen in die meeste tale

voorkom, word ondersoek. Die resultate van hierdie navorsing vorm die grondslag vir die uitbreiding van terminologiese en leksikografiese beginsels. Dié beginsels waarop konsensus op internasionale vlak binne die Internasionale Standaard Organisasie (ISO) bereik word, word gepubliseer as ISO-standaarde. Hierdie beginsels voorsien ook almal wat besig is met die saamstel van terminologieë van riglyne om groter doeltreffendheid en uniformiteit in hul werk te verseker (vgl. Felber 1978a:6).

Die belangrikheid van die Weense skool van terminologie bestaan daarin dat dit 'n sistematiese korpus van beginsels en metodes ontwikkel het wat die basis vorm van teoretiese werk in die moderne terminologiepraktyk. Dit fokus op konsepte en stuur terminologiewerk in die rigting van die standaardisering van terme en konsepte. Die Weense Skool van Terminologie is dan ook dié sentrum waar Wüster se navorsingsaktiwiteite in Wenen voortgesit word.

### 3.2.2 Die Tsjeggiese Skool van Terminologie

Die Tsjeggiese skool, waarvan Drodz die stigter was, het ontwikkel as resultaat van die funksionele linguistiese benadering vanuit die Praagse Skool van linguistiek. Die hoofdoelwit met die funksionele linguistiek is dat die kommunikatiewe doelwitte binne kommunikasie funksioneel moet wees. Die term 'funksionele taal' is deur Havránek aan die begin van die dertigerjare gedefinieer. Havránek meen:

...a functional language is determined by the general purpose of a set of language means, it is a function of the language (Drodz 1981:108).

Aangesien gespesialiseerde tale spesifieke kommunikatiewe behoeftes binne spesifieke velde van menslike aktiwiteit moet vervul, word hierdie tale as funksionele tale beskryf. Dit is taal met 'n spesifieke funksie, 'n subtaal van 'n gegewe nasionale standaardtaal. Hierdie teorie word gebaseer op die werk van De Saussure wat die funksionele aspek van taal ondersoek het (die verskil

tussen taal as 'n sisteem, *langue*, en spraak, *parole*) en wat 'n goeie basis vir 'n teorie van terminologie vorm. Hierdie skool is baie geïnteresseerd in die standaardisering van tale en terminologie en terminologiewerk word verbind aan die Tsjeggiese Taalinstituut ('n afdeling van die Akademie vir Wetenskap).

### 3.2.3 Die Sowjetse Skool van Terminologie

Die Sowjetse denkskool het baie raakpunte met die Weense Skool, alhoewel hul siening van die konsep verskil, en meer na die Marksisties-Leninistiese linguïstiese praktyk neig. Hierdie skool word gebaseer op die werk van Caplygin, Lotte en hul medewerkers. Dit is hoofsaaklik geïnteresseerd in die standaardisering van konsepte en terme in die lig van probleme wat verwant is aan meertaligheid in die vorige Sowjet-Unie (nou die Statebond van Onafhanklike State).

Tydens die tweede fase van die ontwikkeling van terminologiewerk het die belangrikste innoverings ontstaan deur die ontwikkeling van hoofraamrekenaars en dokumenteringstegnieke. Databanke het op die toneel verskyn en die internasionale koördinerings van die beginsels van terminologieprosessering het die lig gesien. Dit het toe reeds duidelik geword dat internasionaal, gestandaardiseerde riglyne nodig was vir die aanbied van terminologiese data, vir beide die wêreldwye wisseling van terminologiese data en die harmonisering van terminologiewerk. Tussen 1967 en 1973 het die Internasionale Standaard Organisasie (ISO), die opvolger van die ISA, die resultate van die werk van ISO/TC 37 gepubliseer, naamlik ses ISO-aanbevelings en een ISO-standaardedokument.

ISO/R 1087 - 1969 Vocabulary of terminology

ISO/R 919 - 1969 Guide for the preparation of classified vocabularies

ISO/R 704 - 1968 Naming principles

ISO/R 860 - 1968 International unification of concepts and terms

ISO/R 639 - 1967 Symbols for languages, countries and authorities

ISO/R 1149 - 1969 Layout of multilingual classified vocabularies

ISO/R 1951 - 1973 Lexicographical symbols, particularly for use in classified defining vocabularies

Hierdie riglyne word wetenskaplik begrond (gebaseer op die Algemene Teorie van Terminologie) en weerspieël ook die ervaring wat met praktiese terminologiewerk opgedoen is. Die riglyne word ook gereeld hersien om nuwe bevindinge van die Algemene Teorie van Terminologie aan te neem.

Wüster het by die Derde Internasionale Kongres vir Toegepaste Linguistiek 1972 in Kopenhagen, die Algemene Teorie van Terminologie bekendgestel as 'n nuwe interdisiplinêre veld, in sy lesing, *Die Allgemeine Terminologielehre. Ein Grenzgebiet zwischen Sprachwissenschaft, Logik, Ontologie, Informatik und Sachwissenschaften* (Algemene Teorie van Terminologie – 'n grensgebied tussen linguistiek, logika, ontologie, inligtingswetenskap en die vakgebiede) (vgl. Van Hoof 1982:425). Tussen 1972 en 1974 het Wüster sy *Einführung in die Allgemeine Terminologielehre und Terminologische Lexikographie* geskryf, wat as basis gedien het vir sy lesings by die Instituut van Linguistiek, by die Universiteit van Wenen. Na Wüster se dood in 1977, is hierdie manuskrip geredigeer vir publikasie en dit is in 1979 gepubliseer. Die navorsing handel hoofsaaklik oor die ontwikkeling van terminologiebeginsels en -metodes en beginsels die volgende:

...the nature of concepts, the creation of concepts, the characteristics of concepts, the relationships between concepts, the linking of concepts, the construction of systems of concepts, the description of concepts (definition), the assignment of designations (symbols, terms) to concepts, the relationship: individual object - concept - designation, the nature of terms, the structure of terms, the formation of terms, the unification of concepts and terms, the key to international terminology, the methods of terminological lexicography and others (Felber 1981:70).

Hierdie werk vorm die grondslag van die Weense Algemene Teorie van Terminologie en die beginsels en metodes daarvan vorm steeds deel van die basis van terminologieteorie en -praktyk soos wat dit vandag bekendstaan.

Die derde fase word herken aan die samesmelting van taalbeplannings- en terminologieprojekte. Die belangrike rol wat terminologiewerk in die modernisering van taal speel, het tydens hierdie fase duidelik geword. Die gebruik van persoonlike rekenaars het ook 'n algehele verandering in die wyse waarop terminologiese data geprosesseer word, meegebring.

In die laaste fase het 'n aantal nuwe ontwikkelinge plaasgevind. Ontwikkelinge op die gebied van die rekenaarwetenskap kan beskryf word as een van die belangrikste kragte in die verandering in terminologiewerk. Terminoloë het nou instrumente en bronne tot hul beskikking wat beter aangepas is aan hul behoeftes, gebruikersvriendeliker en effektiewer is. Internasionale koöperasie is tydens hierdie fase bevorder en gekonsolideer en internasionale netwerke is daargestel om agentskappe en lande te verbind wat geïnteresseerd is in samewerking by terminologiewerk.

In sy evaluering van taalbeplanningspogings oor die laaste dekade heen bevind Jernudd (1983) dat wat terminologiebeplanning betref, daar gedetailleerde bibliografieë beskikbaar is deur die Internasionale Sentrum vir Terminologie (INFOTERM). Hy verwys ook na terminologie-beplanningskursusse wat vir termbeplanners en vir termgebruikers ingestel is in Swede deur die Sweedse sentrum vir Tegnieuse Terminologie (TNC) en in Denemarke deur Nordiese termbeplanners. Jernudd (1983:349) bevind ook dat taalbeplanning en taalontwikkeling nie alleen gemoeid is met die oplos van taalprobleme van ontwikkelende gemeenskappe nie, maar kom tot die gevolgtrekking dat tale deurlopend evaluering en ontwikkeling ondergaan. Die bevindinge deur Jernudd (1983) sluit aan by die uitlatings van die evalueringspaneel van Infoterm se netwerkprojek, soos aangehaal deur Felber (1978b:180):

Termwork is carried out at every level of human activity and is fundamental to information and documentation and has found the importance of the widest possible consultation in this work.

Jernudd (1983) argumenteer verder dat terminologiebeplanning onderneem word vir verskillende doelwitte in samelewings in verskillende stadia van ontwikkeling. Hy bevind ook dat daar vir termbeplanning georganiseerde netwerke van wisselwerking tussen gebruikers en vakkundige terminoloë bestaan om beginsels van termformering te gebruik om termlyste saam te stel.

Uit bogenoemde oorsig is dit duidelik dat terminologiewerk oor die jare heen 'n eie tradisie opgebou het wat dit noodsaaklik maak om te kyk na die ontwikkeling daarvan as 'n dissipline. Aangesien terminologie effektief, met ander woorde ekonomies, presies en doelmatig, in kommunikasie moet wees, moet dit op noukeurige seleksie, vasgestelde teoretiese beginsels en 'n deeglike kennis van kommunikasiedoelstellings gebaseer word (vgl. Felber 1979:22).

### **3.3 Definisies van terminologiewerk**

Felber, 'n navolger en kollega van Wüster, het terminologiewerk soos volg gedefinieer:

Terminology is the essential basis for the ordering of knowledge (general theory of science, conceptual classification for each scientific discipline); the transfer of knowledge, skills and technology (education, training, development) the transfer of information from one language into another (translation and interpretation); the formulation of subject information; the abstracting and condensing of subject information; and the retrieval of stored subject information (search languages, thesauri, indexes, classifications) (Felber 1982:12).

Volgens hierdie definisie kan terminologiewerk geklassifiseer word as die linguistiese medium waardeur kennis in spesifieke vakgebiede/domeine gedissemineer word. So benader, verwys die term 'terminologie' na 'n aspek van modernisering wat 'n onderafdeling van korpusbeplanning uitmaak.

Die polisemie wat aan die term 'terminologie' gekoppel word, is egter welbekend. In kontemporêre gebruik word daar gewoonlik tussen drie onderskeidings van die woord onderskei:

- (1) terminologie as teorie, wat benodig word om die vooronderstellings, argumente en gevolgtrekkings tussen konsepte en terme te verantwoord;
- (2) terminologie as aktiwiteit, wat die tegnieke en metodes behels vir die versameling, beskrywing en aanbied van terme; en
- (3) terminologie as die woordeskat van 'n spesiale vakgebied (Sager 1990:3).

Sedert die publikasie van die Internasionale Standaardiseringsorganisasie se ISO-standaard 1087: Terminology Vocabulary (1990)<sup>1</sup>, dui onderskeiding 1 op die **terminologiewetenskap**. In die terminologiewetenskap word gespesialiseerde terme gehanteer. Hiervolgens kan terminologie gekarakteriseer word as die studie van konsepte en terme in spesiale taalkommunikasie. Spesiale taalkommunikasie word deur ISO 1087 (1990:1) beskryf as 'n:

Linguistic subsystem, intended for unambiguous communication in a particular subject field using terminology and other linguistic means.

Picht & Draskau (1985:3) verwys na spesiale taalkommunikasie as:

...a formalised and codified variety of language, used for special purposes and in a legitimate context - that is to say, within the function of communicating information of a specialist nature at any level - at the highest level of complexity, between initiate experts, and, at lower levels of complexity, with the aim of informing or initiating other interested parties, in the most economic, precise and unambiguous terms possible.

Die terminologiewetenskap word erken as 'n aparte wetenskaplike dissipline waar gespesialiseerde terme gehanteer word. Cabré (1996:16) bevind dat, alhoewel daar 'n wetenskaplike dissipline 'terminologie' bestaan met 'n teorie, eie benaderinge en praktyke, bring die analise van die definisie 'n aantal vrae na vore:

---

<sup>1</sup> Hierdie publikasie bevat 'n aantal basiese konsepte en terme waarop ooreengekom is deur die lede van die ISO Tegnieke Komitee 37 (ISO/TC 37). ISO (die Internasionale Organisasie vir Standaardisering) is 'n werêldwye federasie van nasionale standaardliggame (ISO-lede). Die doelwit met ISO/TC 37 is om standaarde saam te stel met beginsels en metodes vir terminologiewerk en terminografie te spesifiseer binne die raamwerk van standaardisering en verwante aktiwiteite.

- Terminologie as wetenskaplike dissipline: is terminologie werklik 'n wetenskaplike dissipline, of is dit slegs 'n tegniek? Indien daar wel aangeneem word dat terminologie 'n dissipline is, watter soort dissipline word veronderstel: 'n teoretiese of 'n toegepaste een, 'n beskrywende of verklarende dissipline, of vorm terminologie slegs 'n subdissipline binne die linguisiek?
- Indien terminologie die dissipline is wat gemoeid is met gespesialiseerde terme: Wat behels gespesialiseerde terme? Wat behels dit om gespesialiseerde terme te analiseer? Wat behels dit om gespesialiseerde terme saam te stel in glossariums, en wat behels dit om hierdie gespesialiseerde terme met 'n standaardvorm te verteenwoordig?

Onderskeiding 2 dui op **terminologiewerk**. Terminologiewerk word gebaseer op die beginsels van die terminologiewetenskap en alle aktiwiteite wat verband hou met die voorbereiding, versameling, prosessering (sistematisering) en aanbieding van die terminologiese data.

Terminologiewerk kan beskryf word as 'n stel beginsels wat 'n terminologieversameling rig. Weer stel Cabré (1996) 'n aantal vrae:

- Bestaan hierdie beginsels?
- Is die beginsels universeel?
- Tot watter mate is die beginsels genormaliseer?

Volgens die definisie onder die tweede betekenis word terminologiewerk gekoppel aan die versameling terme wat 'n sisteem van konsepte in 'n individuele vakgebied voorstel. Hier verwys die 'term' terminologie ook na die studie van terme, of hulle nou enkelwoorde, frases, wiskundige simbole of chemiese formules is wat die konsepte van 'n domein voorstel. Die term verwys ook na die relevante data wat kennis van daardie terme bevorder.

Ingevolge hierdie opvatting is dit die terminoloog se doelwit om ondubbelsinnige terme vir goed gedefinieerde konsepte daar te stel. Om hierdie doelwit te bereik, is dit nodig om die presiese betekenis van terme vas te stel, om uiteindelik die gebruikers in staat te stel om die terme op 'n universeel aanvaarde wyse te verstaan en te gebruik. Ondubbelsinnige kommunikasie veronderstel 'n permanente verbinding tussen die term en die konsep. Indien die verbinding geïdentifiseer word op basis van gebruik, word dit 'n deskriptiewe standaard genoem. Indien dit voorgeskryf word deur 'n standaardiseringsliggaam of professionele instelling, kan die verbinding 'n preskriptiewe standaard tot gevolg hê. Dit is die taak van terminologiewerk om 'n permanente verbinding tussen die term en konsep, asook die verhouding tussen konsepte te beskryf of voor te skryf en om dit op rekord te hou (in gespesialiseerde woordeskatte of terminologiese standaarde) (vgl. Felber 1979:25).

Die derde onderskeiding van die 'term' terminologie behels die **terminologie** of terminologieë (vakjargon) van 'n spesifieke domein of vakgebied.

Hiervolgens is terminologie die produk wat gegenereer word deur die terminologiepraktyk. Die term 'terminologie' verwys in hierdie geval na die termreeks van 'n spesifieke vakgebied. Ook hierdie stelling het tot gevolg dat Cabré (1996:17) 'n paar vrae beantwoord wil hê:

- Behels 'n terminologiereeks 'n georganiseerde, 'n geslote, of 'n spesifieke reeks?
- Wat impliseer dit wanneer daar na die terme van 'n vakgebied/domein verwys word?
- Hoe verskil terme van woorde? Dien terme ook as aanwysers binne taal, of is hulle nielinguistiese vorme van uitdrukking?
- Wanneer daar na die termreekse van 'n gespesialiseerde vakgebied/domein verwys word: Wat beteken gespesialiseerd? Kan daar van gespesialiseerde

tale gepraat word? Is gespesialiseerde tale 'n geslote reeks? Word dit duidelik afgebaken?

Cabré (1996) stel dit duidelik dat wanneer daar oor terminologie gepraat word, daar so baie vrae is wat gelyktydig ontstaan, dat die vasstel van 'n enkele definisie nie die antwoord blyk te wees nie. Van hierdie basiese vrae behoort eerder op 'n geordende wyse beantwoord te word. Drie oriënterings kan volgens haar gevolg word om die probleem te oorbrug, te wete, deur te onderskei tussen terminologie as onderwerp, terminologie as dissipline, en terminologie as interdisiplinêre vakgebied. Hierdie oriënterings sal vervolgens toegelig word en sal in dié studie nagevolg word.

### **3.4 Terminologie as onderwerp**

Vakkundige kennis verdubbel volgens Sonneveld (1997) elke vyf tot vyftien jaar en die meeste dokumente bestaan uit sowat 30-80% gespesialiseerde terme. Terminologie word daarom beskryf as die medium waardeur kennis gedissemineer word.

Die terminologie van 'n vakgebied is die groep woorde (terme) wat gebruik word wanneer na 'n spesifieke vakgebied/domein verwys word. Terminologie hou derhalwe verband met gespesialiseerde tale. Gespesialiseerde tale is 'n term wat verwys na daardie register van taal wat gebruik word binne 'n spesifieke vakgebied, as wyse van kommunikasie tussen vakspesialiste uit verskillende vakgebiede en tussen vakman en leek (wat die leerling en die student van 'n bepaalde vakgebied insluit (vgl. Fluck 1985:14-15). Dit wil sê, so 'n register moet die funksie hê om inligting op 'n gespesialiseerde wyse op enige vlak te kommunikeer, op 'n komplekse vlak van ingewikkeldheid tussen vakkundiges, en ook op minder komplekse vlakke van ingewikkeldheid, met die doel om persone in te lig deur middel van die mees ekonomiese, presiese en ondubbelsinnige terme.


Die term vorm 'n visuele voorstelling van 'n konsep en kan of uit 'n enkelterm, 'n samestelling, 'n frase, 'n samevoeging, 'n nommer, 'n akroniem, 'n letter, 'n afkorting, 'n chemiese simbool, 'n formule, 'n kode, ensovoorts bestaan (Alberts 1999b:22).

Die taak van die terminoloog behels om ondubbelsinnige terme vir goed gedefinieerde konsepte daar te stel. Om dit te bewerkstellig moet die presiese betekenis van die betrokke term vasgestel word om die gebruikers in staat te stel om terme te verstaan en op 'n universeel aanvaarbare wyse te gebruik.

### 3.4.1 Dimensies van terminologie

Terminologie as onderwerp het volgens Sager (1990) ten minste drie dimensies:

- 'n kognitiewe dimensie wat linguistiese vorme aan hul konseptuele inhoud verbind, dit wil sê waarna daar in die werklikheid verwys word;
- 'n linguistiese dimensie wat die bestaande en potensiële vorme van die voorstelling van terminologieë ondersoek; en
- 'n kommunikatiewe dimensie wat na die gebruik van terminologieë omsien, spesifiek na standaardiseringsprosesse (vergelyk die voorbeelde in figuur 5).



**Figuur 5: Die dimensies van terminologie: Die verhouding tussen die objek, die konsep, die definisie en die term (Alberts 1999b:22)**

### 3.4.1.1 Die kognitiewe dimensie

Die begrip 'konsep' word volgens Alberts (1999b:23) as 'n sentrale idee binne die terminologiewetenskap gesien en enige terminologie-aktiwiteit moet voorafgegaan word deur konsepformulering. Die konsep word geklassifiseer as dit wat vassteek in die geheue, die indruk van 'n individuele voorwerp of feitelike situasie wat help om die voorwerp te identifiseer. Die konsep is 'n element van redenasie, besluitneming, denke en kennis. Die versameling van karaktertrekke van 'n konsep word die 'intensie' van 'n konsep genoem. Die versameling van alle spesies (ondergeskikte konsepte) van dieselfde vlak word die 'ekstensie' genoem. Die versameling van alle konsepte binne 'n vakgebied verteenwoordig kennis van die spesifieke vakgebied (vgl. Felber 1982:14).

Die konsep moet in sy kennisstruktuur geplaas word, wat dit afbaken en beperk. Dit moet benoem word, sodat daarna verwys kan word, en dit moet gedefinieer word by wyse van 'n verduideliking, of as bevestiging daarvan as 'n item van kennis.

Konsepte moet geskep en daargestel word voor terme gevorm kan word om hulle te verteenwoordig. Die benoeming van 'n konsep kan gesien word as die eerste stap in die bevestiging van 'n konsep as sosiaal bruikbare geheel (vgl. Sager 1990:22).

Volgens die kognitiewe dimensie is die uitgangspunt by terminologiewerk die konsep, en terminologie word daarom hoofsaaklik as vakgebied- of domein georiënteerd geklassifiseer eerder as taalgeoriënteerd soos wat die geval by algemene leksikografie is.

Eksakte kommunikasie kan slegs plaasvind wanneer daar 'n een-tot-een verhouding tussen die konsep en die term bestaan (sien voorbeeld 1). Terminologiewerk is daarom ook 'n standaardiseringsproses.

Konsep	Simbool	Linguistiese voorstelling
•	1, I, i	One, een, uno, eins, tee, nngwe, inye, ukunye
• •	2, II, ii	Two, twee, duo, zwei, pedi, bobedi, isibini, isibili

**Voorbeeld 1 (Alberts 1999b:23)**

Dit is die taak van die terminoloog om die konsepte van 'n spesifieke domein te beskryf deur van terme gebruik te maak. Die konsepte en hul verbandhoudende terme word gestandaardiseer deur die konsepte te definieer.

Die definisie by terminologiewerk dien as 'n linguistiese beskrywing van 'n konsep wat gebaseer word op die lysting van 'n aantal karaktertrekke wat die betekenis van die konsep oordra. Definisies verskaf die skakel tussen konsepte en terme deur middel van 'n gelykstelling, waarin die definiendum die term is. 'n Terminologiese definisie verskaf 'n unieke identifikasie van 'n konsep, met slegs 'n verwysing na die konseptuele sisteem waarvan dit deel is, en klassifiseer die konsep binne daardie sisteem (vgl. ook ISO 704:1987:5).

By terminologiese data verskyn definisies nie in isolasie nie, maar definisies moet eerder benader word as deel van die totale inligting wat oor die term in die termrekord versamel is. (Onder 'n termrekord word die volgende verstaan: die term wat die konsep beskryf asook die definisie van die term, met ander woorde 'n gestruktureerde versameling van die terminologiese data wat tot een konsep behoort (ISO 1087:1990:9)).

Daar bestaan volgens Felber (1983a:7) drie basiese oogmerke met 'n definisie by terminologiewerk:

1. die vasstelling van die term-konsep-vergelyking,
2. die identifikasie van die term via die verifiëring van 'n onafhanklike definisie,  
en

3. die verduideliking van die betekenis van 'n konsep vir die gebruikers (hetsy vakkundiges, vertalers of leke).

Die definisie verskaf nie net 'n verband tussen die term en die konsep nie, maar word geondersteun deur 'n genoegsame en doelmatige stel van konseptuele verhoudinge.

Wanneer die konsep gedefinieer is, word dit duidelik afgebaken. Alberts (1999b:24) maak ter illustrasie van die volgende voorbeeld gebruik:

The terms **arsonist** and **pyromaniac** both describe a person who sets fire to an object, but there is a huge difference between them:  
 An **arsonist** is a criminal who deliberately sets fire to something, especially a building.  
 A **pyromaniac** is a person who cannot control the desire to set fire to things, often because of a mental illness.

By die terminologiewetenskap word dit aanvaar dat konsepte georden word na aanleiding van 'n konseptuele klassifikasieskema en aangebied word in 'n sistematiese struktuur as 'n skema van konsepte. Om dit te kan doen, word konsepte gekarakteriseer deur hul verhouding met naburige konsepte. Wanneer skemas van konsepte opgestel word, bepaal die tipiese karaktertrekke die struktuur van die skema. Sager (1990:23) stel dit soos volg:

In the process of concept formation we group the data of our perception and experience according to common elements which are usually called characteristics.

Hierdie verbande word deur ISO 704: *Principles and methods of terminology* (1987:4)<sup>2</sup> soos volg verduidelik:


A system of concepts

- serves as a means of mental ordering of our knowledge;
- visualizes and clarifies the relationship between concepts;

<sup>2</sup> Hierdie Internasionale Standaard stel beginsels en metodes vas wat saamgestel is om die uitbreiding van terminologiestandaarde te unifiseer en te standaardiseer op nasionale en internasionale vlak.

- permits the optimization of unified and standardized terminology;
- makes it possible to establish equivalence between terminologies in different languages.

Alberts (1999b:24) noem die sisteem van konsepte 'n 'konseptuele kluster' wat in 'n spesifieke verhouding optree met ander terme binne dieselfde vakgebied. Voorbeelde van sulke konseptuele klusters is volgens haar ekwivalensie verhoudings, hiërargiese verhoudings (byvoorbeeld generiese verhoudings, onderlinge verhoudings) en assosiatiewe verhoudings.



**Figuur 6: Basiese terminologiese verhoudings (Alberts 1999b:25)**

Terminologiewerk bestaan met ander woorde volgens die kognitiewe benadering uit 'n stel kognitiewe eenhede wat gespesialiseerde kennis voorstel. Die eenhede het twee kante: eerstens is dit eenhede van kennis insoverre sprekers hulle gebruik om nader aan die werklikheid te kom, en tweedens is hulle eenhede van verwysings wat 'n verantwoording gee van hoe die gespesialiseerde wêreld georganiseer word (of ten minste deur die gebruikers gesien word). Kennisstrukture moet egter nie as vaste entiteite beskou word nie, maar dien eerder as 'n verwysing na die stand van die kennis van 'n individu of groep spesialiste op 'n gegewe tydstip.

Ten spyte daarvan dat 'n groot aantal items wat in tegniese tale voorkom, spesifieke verwysing het, bestaan daar ook items van algemene verwysing (dit is items wat nie spesifiek aan 'n domein of domeine behoort nie, maar waarvan die verwysing uniform of algemeen is). Die items wat eie aan daardie domein is, is die terminologie van daardie vakgebied/domein, terwyl die wat in algemene verwysing gebruik word, woorde genoem word en hul totaliteit, die woordeskat (vgl. Sager 1990:19).

Terme kan egter volgens die kognitiewe dimensie slegs as benaminge vir spesifieke konsepte gebruik word indien die gebruiker die kennissisteem bemeester het, wat die rol van die term in 'n gestruktureerde sisteem vasstel (vgl. Sager 1990:19). Cabré (1996:17) noem dan ook die kognitiewe benadering 'n 'way of knowing what'.

Die kognitiewe dimensie word by terminologiewerk as die samebindende dimensie beskryf aangesien dit die drie dimensies (kognitiewe, linguistiese en kommunikatiewe) met mekaar verbind. Alhoewel die kognitiewe dimensie vir elke vakgebied/domein verander, is dit onlosmaaklik verbonde aan die ander twee dimensies aangesien dit die linguistiese aspek met die sosiale aspek verbind. Kognitiewe en klassifiseringsfunksies van wetenskaplike terminologieë is nie altyd genoegsaam nie en te stabiel om die diversiteit van sisteme van kennis uit te beeld. Rey (1995:116) bevind dat, as gevolg van die kognitiewe dimensie, terminologiewerk 'n reg het tot sowel afsonderlike status en vorm, as eie metodes en tegnieke van opleiding. Indien die kognitiewe dimensie nie bestaan het nie, sou terminologiewerk slegs 'n onderafdeling van leksikografie gevorm het.

#### 3.4.1.2 Die linguistiese dimensie

Die tweede dimensie by terminologiewerk is 'n linguistiese, termgeoriënteerde benadering wat vrae ondersoek soos:

- Op watter manier verskil terme van woorde?
- Wat is die formele karaktertrekke van terme en woorde?
- Watter wisselwerking bestaan daar tussen terme en woorde? Met ander woorde, wat is die bestaande en potensiële vorme wat deur die terminologiewerk bestudeer word?

Volgens die linguistiese dimensie tot die bestudering van terminologiewerk word terme as geïsoleerde linguistiese items gesien soos wat hulle in die metalinguistiese diskoers van woordeboeke en glossariums voorkom. Sager (1990:55) wys egter daarop dat hul oorsprong nie buite rekening gelaat moet word nie, aangesien terminoloë tekste as basiese materiaal gebruik en die woordeboekgereedskap wat hul daaruit ontwikkel daarop gemik is om natuurlike taalitems te verduidelik of advies oor die gebruik van terme in natuurlike taalkontekste te verskaf.

Volgens Sager (1990:56) rangskik die terminoloog die terme wat hy/sy versamel deur verwysing na 'n konseptuele sisteem, wat hy/sy in samewerking met 'n vakspesialis saamstel. Hierdie konseptuele sisteem word ook benodig om die volledigheid van die terminologiese versameling vas te stel, omdat die onderafdeling van die leksikon waarmee daar op 'n spesifieke tydstip gewerk word, slegs afgebaken kan word in samehang met 'n spesifieke vakgebied/domein. Anders as by algemene taal waar die konteks waarin die woord voorkom die betekenis kan bepaal, word daar met tegniese of spesiale tale gestreef na die sistematisering van verwysingsprinsipes en na die benoeming van konsepte, na aanleiding van vooraf gespesialiseerde reëls of algemene beginsels (vgl. Sager 1990:57).

Felber (1982:14), differensieer tussen drie tipes linguistiese verskynsels: *Wort* (woord), *Fachhausdruck* (vakuitdrukking), en *Thesauruswort* (term of standaard, behorende tot 'n spesiale taal). Elkeen van hierdie simbole van 'n konsep het 'n spesiale funksie by die proses van kommunikasie.

Die **woord** is 'n linguistiese simbool, wat 'n magdom van niegedefinieerde betekenisse en baie skakerings van betekenis aandui, of gebruik kan word vir toekenning aan onderwerpe. Op hierdie wyse word verseker dat die woord sy veelvuldige funksies in alledaagse taal kan vervul, wat beteken dat beide konkrete denke en delikate gevoel uitgedruk kan word. Die betekenis in 'n gegewe situasie word beïnvloed deur die konteks waarin die woord gebruik word. Die woord en sy betekenis is afhanklik van die konteks waarin die woord gebruik word. Byvoorbeeld:

**sleutel.** n. 1. (Klein) metaalwerktuig waarmee 'n slot oop- en toegesluit kan word: *Die baard, die ring van 'n sleutel. 'n Bos sleutels. 'n Sleutel vir elke deur en elke kas.* 2. iets wat as gevolg van voorkoms of gebruik aan 'n sleutel herinner: *Die sleutel van 'n horlosie. 'n Sleutel om moere mee aan te draai. Moer-, vioolsleutel.* 3. iets wat 'n raaisel, 'n geheim ontsluit, 'n onsekerheid oplos bv. 'n boek met antwoorde op somme, 'n boek met letterlike vertalinge by die studie van 'n vreemde taal: *'n Sleutel vir die gebruik van onderwysers. Die sleutel van sy swaarmoedigheid is gebrek aan ontspanning. Die wiskunde is die sleutel tot die meeste natuurwetenskappe. 'n Mens vind die sleutel tot sy gedrag in sy ongelukkige jeug.* 4. Plek wat uit hoofde van sy ligging beheer verskaf oor 'n see, 'n landstreek: *Gibraltar is die sleutel tot die Middellandse See.* (HAT 1994:956)

**Voorbeeld 2 Die woord en sy betekenis is konteksafhanklik**

Die **term**, daarenteen, is 'n linguistiese simbool met een of meer streng gedefinieerde betekenisse. 'n Term kan 'n woord of 'n frase, 'n letter of 'n grafiese simbool, 'n afkorting, 'n akroniem, of 'n notasie wees. 'n Betekenis wat skerp verwyderd is van aangrensende betekenisse word 'n konsep genoem. Die konsep bestaan onafhanklik van die term. Byvoorbeeld:

**sleutel.** n. kartografie. lys van kaartsimbole en hul betekenisse.

**sleutel.** n. telekommunikasie. individuele skakelknoppie op 'n raaktoontelefoon; skakelaar wat 'n kommunikasiestroombaan oop-en-toe maak, wanneer daar van een lyn na 'n ander beweeg word.

**sleutel.** n. tegnologie. toestel wat 'n operateur gebruik om telegramme mee te versend.

**sleutel.** n. musiek. teken op 'n lyn vooraan die notebalk om die naam aan te wys van die toon wat op die lyn deur note voorgestel is.

**Voorbeeld 3 Die term neem 'n verskillende definisie afhangende van die vakgebied**

'n Woord is volgens Felber (1982) *Kontextabhängig* (konteksgebonde), terwyl 'n *Fachausdruck* afhang van die konsepsisteem waaraan dit behoort.

Ander bykomende perspektiewe wat die verskil tussen terme en woorde duidelik maak, sluit die volgende in: woorde is kommunikatiewe (pragmatiese) eenhede wat gebruikers identifiseer deur die manier waarop dit gebruik word in ekspressiewe of kommunikatiewe situasies. Pragmaties verskil terme en woorde in hul verhouding tot (1) hul gebruikers, (2) die situasies waarin dit gebruik word, (3) die onderwerp wat oorgedra word en (4) die tipe diskoers waarin dit gebruik word.

Wat die eerste punt betref, is die gebruikers van woorde gewoonlik sprekers van die taal, terwyl die gebruikers van terme, professionele gebruikers is wat met 'n spesifieke dissipline werk.

Wat die tweede punt betref, word woorde in 'n wye reeks kommunikatiewe situasies gebruik. Terme van 'n vakgebied is normaalweg beperk tot 'n spesifieke professionele domein.

Wat die onderwerp betref, word glossariums van terme gewoonlik gebruik om te verwys na die konsepte wat relevant is binne 'n gespesialiseerde veld. Leksikale glossariums aan die ander kant, word gebruik om oor enige onderwerp in alledaagse taal te praat (om gevoel uit te druk, om bevele te gee, of om na taal self te verwys).

Wat die tipe diskoers betref, blyk die diskoers waarin woorde geplaas word nie so afgebaken te wees soos die diskoers waarin terme voorkom nie. As voorbeeld van diskoers waarin terme voorkom, kan gespesialiseerde tekste, wetenskaplike en tegniese diskoers en tekste wat van 'n objektiewe aard is, gebruik word (vgl. Felber 1982:14).

Die **tesourusterm** is meestal 'n term wat as 'n beskrywer of niebeskrywer by inligtingontsluiting gebruik kan word.

'n Beskrywer is 'n tesourusterm wat voorgeskryf word vir gebruik in 'n spesifieke inligtingsisteem, en 'n niebeskrywer is 'n tesourusterm wat dieselfde betekenis in alledaagse kommunikasie het as in 'n spesifieke vakgebied (vgl. Felber 1982:14).

Volgens Felber (1982) word 'n *Fachausdruck* permanent aan 'n konsep gekoppel deur een of ander outoriteit, of 'n terminologiekommisie of 'n kundige op die spesifieke gebied. 'n Tesourusterm is 'n term of benaming wat gebruik word vir indeksering en onttrekking van inligting uit inligtingsisteme, soos byvoorbeeld, gerekenariseerde terminologiebanke. Tesourusterme word dikwels ook sleutelwoorde genoem.

Benoeming in gespesialiseerde tale het as doelwit deursigtigheid en vastheid. Anders as woorde waarvan die oorsprong selde opspoorbaar is, is terme die resultaat van 'n meer bewuste skepping. Termskepping word veral beïnvloed deur die vakgebied/domein waarin hulle voorkom, die mense wat daarby betrokke is en die oorsprong van die stimulus vir termvorming.

Met verwysing na die omstandighede waaronder termskepping plaasvind, klassifiseer Sager (1990:80) twee tipes: *primêre* en *sekondêre termvorming*.

*Primêre termvorming* hang saam met konsepvorming en is gewoonlik eentalig. Dit mag voorlopig (vergesel van 'n voorlopige definisie) of bepalend (vergesel van 'n bepalende definisie) wees.

*Sekondêre termvorming* ontstaan wanneer 'n nuwe term vir 'n bekende konsep geskep word en dit kom voor in twee verskillende situasies:

- as 'n resultaat van die eentalige hersiening van terminologieswerk, byvoorbeeld met die doel om 'n standaarddokument saam te stel; of
- as 'n resultaat van kennisoordrag na 'n ander linguistiese gemeenskap deur termskepping.

Sager (1990:83) wys daarop dat alhoewel die praktiese probleme van sekondêre termvorming dieselfde regoor die wêreld is, daar tog 'n verskil bestaan tussen industrieel ontwikkelde linguistiese gemeenskappe en minder ontwikkelde linguistiese gemeenskappe. Terwyl Europese taalgemeenskappe uit groot taalgroepe bestaan (wat 'n goed ontwikkelde standaardtaalmodel ontwikkel het wat op alle vlakke van kommunikasie gebruik kan word en waar die tale die nodige vermoë het om met die vinnige groei in terminologie tred te hou) is die situasie in ander dele van die wêreld heeltemal verskillend. In ontwikkelende lande word taalgemeenskappe dikwels verdeel deur politieke grense en saamgegroepeer in politieke entiteite saam met ander taalgemeenskappe. As gevolg hiervan is daar volgens Sager (1990) verskillende niestandaardvariëteite van dieselfde taal teenwoordig wat vir algemene kommunikasie in die gemeenskap gebruik word, maar daar bestaan oor die algemeen nie 'n spesifieke taal vir die wetenskap en tegnologie nie. Linguistiese kompleksiteit vorm oor die algemeen deel van hierdie taalgemeenskappe en baie van hulle het verder 'n Europese taal as *lingua franca* vir die wetenskap aangeneem. As gevolg van kulturele en omgewingsbeperkinge is dit moeilik om tegnologiese konsepte via die *lingua franca* oor te dra, en die tale van die wetenskap en tegnologie is op streeksvlak so gediversifiseerd dat die *lingua franca* nie as genoegsame kommunikasiemiddel kan dien nie.

Groeiende konsensus by nasionale regerings is deesdae dat taalontwikkeling en taalbeplanning 'n voorvereiste is vir ekonomiese en sosiale vooruitgang. Die nuutste doelwit is om die taal wat die meeste gebruik word op so 'n wyse te ontwikkel dat dit benewens 'n algemene funksie ook 'n ander funksie, naamlik

dié van wetenskaplike en tegnologiese kommunikasie, kan verkry (vgl. Sager 1990:83).

Die behoefte om kulturele identiteit te bevorder, word ondersteun deur die behoefte van nedominante of inheemse tale om koloniale tale se funksies oor te neem. Om dit te bewerkstellig word regeringsondersteunde taalbeplanningsprojekte geloods. Van hierdie projekte word verwag om kulturele identiteit te respekteer, maar terselfdertyd internasionale verhoudinge bevorder. Die kulturele en formele ideosinkrasieë van elke taal moet gerespekteer word, maar die gemeenskap terselfdertyd toelaat om deel van die moderne gemeenskap te word en dit nie in isolasie af te sluit nie.

Ontwikkelende lande het toenemend besef dat terminologie 'n instrument is wat toegang tot die geïndustrialiseerde wêreld bied aangesien dit deur terminologie is wat kennis gewissel word en tegnologie-oordrag plaasvind. As resultaat word tyd en mannekrag belê in die harmonisering en internasionalisering van terminologiedata, wat verband hou met die behoefte van 'n moderne gemeenskap om in staat te wees om effektiewe internasionale verhoudinge te handhaaf (vgl. Sager 1990: 84).

Sager (1990:84) stel ook voor dat vakspesialiste vir die opleiding en oordrag van tegnologie in ontwikkelende lande eers 'n goeie kennis van die taal waaruit die tegnologie kom, moet hê en dat die kennis dan in die eie taal oorgedra moet word. 'n Kennis van die vreemde taal stel die vakspesialis in staat om informasie uit te soek wat hy/sy as toepaslik in sy eie taal ag. Die ontwikkelende taal moet dan ontwikkel word as wetenskaplike kommunikasiemiddel sodat die disseminering van wetenskaplike inligting moontlik word, om sodoende die interaksie tussen wetenskap en tegnologie te stimuleer. Tale van ontwikkelende lande kom so onder die invloed van die woordvormingspatrone van ander tale en mag as gevolg daarvan hul uitdrukkingswyses verbreed (vgl. Sager 1990:85).

Die linguistiese dimensie veronderstel die toepassing van terminografie (sien paragraaf 3.5.1) in plaas van leksikografie, aangesien die individuele woordeskatitems gerangskik word in 'n sistematiese volgorde en nie volgens alfabetiese volgorde nie.

Die linguistiese dimensie van terminologiewerk is volgens Rey (1995) die mees sigbare aspek vir vakkundiges en spesialiste. Die gemeenskap verstaan taal slegs deur sy manifestasies waarvan die belangrikste opleiding, die beheersing van geskrewe taal en die sosiale hiërargie is wat gevestig word deur die reg om te kommunikeer.

#### 3.4.1.3 Die kommunikatiewe dimensie

Die kommunikatiewe dimensie by terminologiewerk behels hoofsaaklik gebruikersgeoriënteerde aspekte wat die instrumentele en pragmatiese aard van terme benadruk. Terme word as kommunikatiewe entiteite gesien, waarvan die effektiwiteit gemeet kan word aan ekonomie, presisie en doelmatigheid van uitdrukking (standaardisering) binne gespesialiseerde kennis.

By die kommunikatiewe dimensie verantwoord Sager (1990:99) die verband tussen die teoretiese en die linguistiese moontlikhede aan die een kant en die werklikheid van terminologieprosessering aan die ander kant. Volgens hom is hierdie konsepte nou ingelyf by 'n teorie van spesiale kommunikasie, dit wil sê doelgerigte kommunikasie tussen vakkundiges oor die onderwerp van hul dissipline, en veral die manier waarop die leksikon ingespan word om effektiewe kommunikasie te verseker.

Terminologieskepping vind gewoonlik plaas in 'n spesifieke omgewing soos byvoorbeeld 'n navorsingslaboratorium, 'n ontwerperskantoor, 'n werkswinkel of in enige ander situasie waar mense 'n behoefte ondervind om nuwe konsepte te benoem.

Die konsepsisteem is baie belangrik in terme van die verhouding van 'n term tot sy gebruiksveld. Geen term bestaan sonder verwysing na 'n spesifieke veld nie, wat op sy beurt weer deur 'n gespesialiseerde taal beskryf word. Die konsepsisteem omsluit die diskoers wat daarin voorkom. Die konsepsisteem speel 'n dubbele rol by die beskrywing van terminologie: eerstens verskaf dit 'n bewys dat die term wel in die verwysingsveld voorkom, en tweedens word dit moontlik gemaak om die spesifieke verhouding tussen 'n term en sy vakgebied deur konsepsidentifikasie waar te neem (vgl. Dubuc & Lauriston 1997:80). Alberts (1990:87) beskryf dit so:

Terminologie en teks is interafhanklik, want terme word gebruik om teks te skep. 'n Term se semantiese waarde is vas, bekend en stabiel. Individuele terme behou dus hul betekenis in enige konteks.

By spesiale kommunikasie word terme en gestandaardiseerde terme gebruik om 'n kritiese bydrae te lewer om absolute en effektiewe kommunikasie te bewerkstellig. Dit wat by algemene verwysing uitgedruk word deur kwalifiserende frases en ander eienskappe en geleidelik as konteks ontwikkel, moet by spesiale tale deur 'n enkele term uitgedruk word. By spesiale kommunikasie word terme ook gesien as plaasvervangers vir definisies, aangesien slegs 'n volle en presiese definisie voldoende verteenwoordiging van 'n konsep bied.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die standaardisering van terminologie 'n belangrike element onderliggend aan terminologiewerk vorm, om sodoende 'n hoë graad van kommunikatiewe effektiwiteit te verkry. Sager (1990:21) stel dit soos volg:

The concept has to be placed into its knowledge structure which delimits and confines it, it has to be named so that we can clearly refer to it, and it has to be defined as an act of clarification, confirmation or fixation of an item of knowledge.

Hierdie proses moet deurloop word om eksakte wetenskaplike kommunikasie moontlik te maak en die betekenis van woorde te beperk. Daar word by die skep van terminologie gepoog om die verhouding tussen die onderwerp in die werklikheid, die idee wat mense van hierdie onderwerp het en die ortografiese merker wat met die konsep geassosieer word, te standaardiseer.

Die kommunikatiewe dimensie veronderstel dat terminologieprodukte 'n taalbeleid ondersteun en dat terminologiewerk daarop gemik word om die kanale van kommunikasie in internasionale organisasies en ekonomiese beleide van tegnologiese ontwikkeling, handel en uitvoer te dien. Terminologie as kommunikatiewe (sosiale) funksie is ook betrokke by massakommunikasie, wat taal vir publisiteit en die media insluit. Massakommunikasie laat die wye verspreiding van terminologie toe, interaksie vind plaas tussen die algemene en die gespesialiseerde leksikon. Spesifieke terme word deel van die algemene spreektaal, deur gebruik in die massamedia.

Die sosiale aspek van terminologiewerk is onlosmaaklik verbonde aan die ander twee aspekte, aangesien dit algemeen aanvaar word dat kennis ontwikkel word in gemeenskappe om kommunikasie te bevorder (vgl. Rey 1995:116).

Alhoewel die drie dimensies (kognitiewe, linguistiese en kommunikatiewe) tot onlangs toe nog in isolasie bestudeer is (grootliks as gevolg van die heterogene agtergrond van die navorsers wat tot die terminologiewetenskap bygedra het), wys Sager (1990) daarop dat 'n koherente teorie van terminologie al drie die benaderings insluit. Gegewe die praktiese doelwitte is die drie dimensies meer geïntegreerd as wat dit op die teoretiese vlak voorkom, omdat pragmatiese kompromieë gemaak moet word om meer geharmoniseerde sisteme daar te stel.

Uit die bestudering van die drie dimensies word vasgestel dat die doelwit met terminologiewerk sosiaal en kultureel van aard is en dat daar gestreef word na

'n komplekse semiotiese produksie - die produksie van diskoers en kennis wat as 'n bron van effektiwiteit dien. Rey (1995:97) verduidelik soos volg:

We become aware of a need for terminology when we have to acquire a set of names in order to know, recognise and manipulate things. This condition applies to all societies, even with respect to folk taxonomies, but these needs are noted especially by complex societies, which constitute the so-called developed or developing nations, in connection with their use of language, their divisions of labour, their formalisation of knowledge, their multiplication of general coherent hypotheses, i.e. their theories; and more generally, in connection with the difficulties associated with the subdivision of knowledge and areas of competence.

Rey (1995:95) bevind ook dat terminologiewerk drie behoeftes moet vervul, naamlik, (a) beskrywing, (b) oordrag, en (c) standaardisasie:

(a) Eerstens bestaan daar 'n behoefte aan die sistematiese beskrywing van stelle terme. Hierdie behoefte word ook gekoppel aan die beskrywing van die konseptuele sisteem wat die terme beskryf.

(b) Tweedens bestaan daar 'n behoefte om die kennis van 'n vakgebied oor te dra en bekend te maak deur die daarstel van terminologieprodukte. Wat oordrag betref, maak Cabré (1996:30) die volgende opmerking:

Regarding its transfer function, terminology serves mainly direct communication, communicative mediation and language planning.

Onderrig en algemene inligtingkommunikasie tussen spesialiste in een of verskillende tale, maak staat op hierdie behoefte. Om korrekte oordrag te verseker, moet terminologie koherent wees en aanvaar word deur die gebruikers. Die oordrag van kennis en produkte is een van die belangrikste kenmerke van die moderne gemeenskap. Aan die een kant ontstaan nuwe markte vir wetenskaplike, tegniese, kulturele en handelswisseling, en aan die ander kant moet meertaligheid in die nuwe arena hanteer word. Dit het tot gevolg dat die konsepte, sisteme en basiese eenhede van oordrag in terminologiewerk gestandaardiseer moet word.

- (c) Die behoefte aan standaarde bestaan by alle gebruike van taal, by die formulering van teorieë, by alle komplekse vaardighede, veral by tegnologie en alle vorme van die oordrag van kennis. Binne 'n spesifieke taal benodig elke terminologieproduk 'n interne koherensie.

Hierdie behoeftes word gesamentlik en afsonderlik beïnvloed deur die verskillende groepe van werklike of potensiële gebruikers en verskaffers van terminologie sowel as die verskillende produkte wat betrokke is.

Die doelwit met terminologie-aktiwiteite is ook nou verwant aan die dominante sosio-ekonomiese strukture van die wêreld, en daarom word terminologie gewoonlik ontwikkel in die tale wat hierdie strukture artikuleer. As voorbeeld word aangevoer dat dit feitlik onmoontlik is om in die kapitalistiese wêreld 'n besigheid met die nuutste tegnologie te bestuur, sonder om terminologie uit Engels te leen (vgl. Rey 1995:100).

Terminologiebehoefte verskil ook ten opsigte van vakgebied tot vakgebied, asook die ontwikkeling binne die vakgebied. Dit verskil ook in verhouding, met verwysing na die prestige van die taal binne die gemeenskap, en die prestige word gesien as 'n funksie van die aktiwiteit van gebruik (vgl. afdeling 2.3.2)

### **3.5 Terminologie as dissipline**

Cabré (1996:19) argumenteer dat wanneer terminologie as dissipline ondersoek word, drie verskillende uitgangspunte waargeneem kan word:

- (1) 'n Benadering wat die terminologiewetenskap as 'n outonome en selfversorgende dissipline, wat 'n afsonderlike vakgebied met sy eie beginsels is, herken alhoewel histories verwant aan ander dissiplines. Hierdie benadering word nagevolg deur persone wat die Algemene Teorie

van Terminologie aanhang en sluit die drie klassieke skole van terminologie naamlik, die Oostenrykse - (Weense), die Sowjetse - en Tsjeggiese (Praagse) skole in (vgl. afdeling 3.2.1, 3.2.2 en 3.2.3).

- (2) 'n Benadering wat die terminologiewetenskap nie as 'n outonome dissipline erken nie, maar dit eerder beskryf as deel van ander dissiplines wat die linguistiek, filosofie of spesifieke vakgebiede kan insluit. Indien hierdie benadering aangeneem word, besit terminologie geen outonomie as dissipline nie.
- (3) 'n Benadering wat die terminologiewetenskap herken as 'n outonome vakgebied met 'n interdissiplinêre aard. Volgens hierdie benadering word terminologiewetenskap beskryf as 'n aktiwiteit wat beïnvloed word deur ontdekkinge, sieninge en ontwikkelinge wat in ander kennisgebiede ontstaan. Terminologiewetenskap verskil volgens hierdie benadering van die linguistiek wat betref teoretiese aspekte en toepassing.

In hierdie studie val die fokus op die derde uitgangspunt. Terminologiewetenskap word ingevolge hierdie opvatting as 'n dissipline erken aangesien dit 'n afgebakende teoretiese basis besit en as 'n gedefinieerde onderwerp van studie beskryf kan word met beide terminologie-teoretiese en toegepaste aspekte. Met verwysing na die teoretiese, stel die terminologiewetenskap 'n modelvorm voor wat baie ooreenstem met dié van die linguistiek. Die terminologiewetenskap word daarom nie beskryf as 'n oorspronklike dissipline nie, maar eerder as 'n dissipline wat steun op ander vakgebiede vanwaar dit basiese beginsels ontleen het.

Die terminologiewetenskap verskil egter van die linguistiek in terme van teorie en praktyk. Wat die teorie betref verskil die terminologiewetenskap van die linguistiek in terme van die wyse waarop taal gekonseptualiseer word, hoe die

onderwerp van studie gekonseptualiseer word, en die hoofdoelwitte wat nagestreef word.

Wat die praktyk betref, verskil terminologiewerk van die linguistiek in terme van metodologie: die data wat versamel word, die saamstel van die metodologie, die hantering van data en die aanbied van die data in 'n glossariumvorm.


### 3.5.1 Die verhouding tussen leksikografie en terminografie

Die verhouding tussen terminografie en leksikografie is baie kompleks. In terminografie bestaan daar terminologiese leksikografie/terminografie wat 'n gespesialiseerde leksikografie is en wat gebaseer word op die konsepte van spesiale tale, in teenstelling met die algemene leksikografie (wat die beginsels en metodes van die skryf van woordeboeke behandel) van natuurlike tale.

As praktyk is terminografie in sekere opsigte verwant, maar in ander opsigte tog ook verskillend van leksikografie wat betref metodologie, veral met verwysing na die volgende: die data wat versamel word, die samestelling van die metodologie, die behandeling van die data, die verskillende agtergronde van die mense betrokke, die verskillende metodes wat gebruik word en laastens die aanbieding van die data in glossariumvorm (vgl. Sager 1990:2-3).

Riggs (1989:89) beskou die komplementêre aard van die twee velde as beide struktureel en funksioneel. Op die strukturele vlak volg leksikografie 'n semasiologiese benadering terwyl terminografie 'n onomastiese benadering volg. Volgens Wüster (1979) is dit 'n benamingsbenadering aangesien terminografie met die sistematisering van konsepte begin, en dan later name vir hierdie konsepte gesoek word, deur selektering uit bestaande terme of deur die skep van nuwe terme (neologismes). In teenstelling hiermee is die leksikografiese benadering semasiologies, dit is 'n betekenisbenadering, waar

daar by woorde begin word en daarna vir die betekenis gesoek word (vgl. Riggs 1989:89).



**Figuur 7 Die semasiologiese- en onomasologiese benaderinge**

Op die funksionele vlak toon die basiese doelwitte van leksikografie en terminografie ook verskille. Terwyl die leksikografie se primêre doelwit is om lesers te help om tekste te interpreteer, is die oogmerk met terminografie om skrywers te help om tekste te produseer (vgl. Riggs 1989:90).

Die twee velde het ook kontrasterende norme. Leksikografie benadruk die aanvaarding van gevestigde taalgebruik. By terminografie kan twee verskillende, maar interafhanklike funksies geïdentifiseer word wat die werkswyse en die tipe inligting wat bymekaargemaak word, duidelik maak:

- Die primêre funksie is die bymekaarmaak van terminologie-inligting, met die doelwit om kommunikasie te verbeter. Alle terminologie-aktiwiteite word gemeet aan die verbeterde kommunikasie wat dit meebring.
- Die tweede funksie is om 'n rekord van die spesiale vakleksikon van 'n taal daar te stel, 'n argief van leksikale gebruik en betekenis (vgl. Sager 1990:208).

Een van die onderskeidende kenmerke van tegniese tale is dat hul woordeskate of terminologie ingeperkte en eksakte betekenis het en dat daar gekonsentreer word op die ekonomiese gebruik van uitdrukking. Ook ten opsigte van die definisie wat die term beskryf, word slegs die karaktertrekke gebruik wat betrekking het op die spesifieke veld. 'n Doelbewuste poging word

by terminografie aangewend om sowel die terme as hul definisies so kort as moontlik te hou om verwarring te voorkom, en inligting so duidelik as moontlik aan die gebruikers oor te dra. Pinchuck (1977:178) verduidelik dit so:

The scientific term therefore has a unique role. It is a member of a conceptual structure and an integral part of the discipline.

Die praktiese doelwit met terminografie behels om groter eenheid, hegtheid en presisie van uitdrukking in spesiale kommunikasie te bewerkstellig en sodoende kommunikasie te vergemaklik. Dit het meegebring dat daar begin is met die standaardisering van tegniese terminologie en die regulering van wetenskaplike terminologie. Cabré (1996:26) sien dit soos volg:

Terminological work not only collects denominations from a certain area aiming at informative or descriptive purposes but it also attempts to fix terminological units as standardized forms, i.e. forms of reference that disregard other variants to name the same concept. The ultimate goal is the achievement of accurate, modern and unambiguous professional communication.

Ondubbelsinnige kommunikasie word moontlik gemaak indien konsepte behoorlik gedefinieer is en met gestandaardiseerde terme benoem word. Wanneer 'n konsep gedefinieer is, kan die presiese betekenis daarvan vasgestel word, soos Johnson & Sager (1980:87) verduidelik:

Terms can only be used as such if the user already possesses the configuration of language which determines the role of the term in a structural system.

Terminografie beskryf terme ook in 'n internasionale sin en daarom word daar voorkeur gegee aan internasionale kriteria vir termvorming. Riglyne wat nie noodwendig taalgebond is nie, word so vasgestel. Op hierdie wyse beweeg tale nader aan mekaar. Terminografie in Europese tale maak byvoorbeeld van Latynse en Griekse woorelemente gebruik wat 'n tipe eenvormigheid bewerkstellig.

Terminografie en leksikografie word ook onderskei deur die doelwitte wat nagestreef word. Vanuit 'n teoreties-linguistiese oogpunt is leksikografie gemoeid met woorde om 'n spreker se leksikale kompetensie te verantwoord. Terminografie, daarenteen, het te make met vakgebiede, domeine en dissiplines en het ten doel om deur middel van terme 'n vorm van verwysing daar te stel. Alberts (2001:81-82) verduidelik dit soos volg:

In **lexicography** the point of departure is always language. The words of a given language are documented. The linguistic function of a word in a given language is determined and the word is documented according to its syntactical, semantically, contextual, etc. features and functions in the grammar of the particular language. The words of a given language are documented in monolingual dictionaries. These words can then also be compared to words in other languages by means of bilingual or multilingual dictionaries.

In **terminography** the point of departure is the concept and its relation to other concepts within a specific field of knowledge. Terminologists are thus focussed on the domain or subject field where the terms occur. Terminology concerns the metalanguage of science and technology. It is only when a concept is properly defined within the boundaries of a subject field or domain that the true meaning can be determined. The source language term needs to be defined and its usage within a domain or subject needs to be determined. Once this is done, the source language term can be standardised. A term should only have one meaning – one concept: one term.

Terminografie behels dus die dokumentering van die terminologie van tegniese en wetenskaplike vakgebiede en kan beskryf word as die praktiese refleksie op die terminologiewetenskap. Rey (1995:8) stel dit soos volg:

It is therefore clear that practical terminology, i.e. terminography, only starts when the spontaneous origin and standardisation of terminologies proves inadequate, and when concept harmonisation or standardisation can be carried out and controlled externally.

Terminografie pas die reëls toe wat ontwikkel is deur toegepaste terminoloë, versamel bestaande terme en beskryf terme volgens bestaande reëls om glossariums, indekse en katalogi daar te stel. By die terminologiese data word ander data gevoeg soos bronne, taalsimbole (in veeltalige rekords), die naam van die opsteller, data oor die optekening ensovoorts. Die terminologiese data, tesame met die geassosieerde data, staan bekend as die terminografiese data.

Terminografie is ook gemoeid met die stoor en onttrekking van terminografiese data.

Terminografie word gewoonlik onderneem deur spanne vakkundiges in 'n vakgebied en linguïste wat spesialiseer in taalstruktuur en terminologiese metodologie.

Terminograwe streef na 'n wetenskaplike beskrywing van hul aktiwiteite en na 'n stel wetenskaplike norme om hulle in staat te stel om die korrektheid en implikasies van stellings oor die effektiwiteit van taalstandaardisasie uit te spreek.

Die primêre taak van die terminograaf is die daarstelling en instandhouding van 'n infrastruktuur vir die ontwikkeling en byhou van genoegsame een- en meertalige sistematiese terminologieë vir verskillende vakgebiede.

Terminografie-metodes word ontwerp vir die verenigde versameling, en vir die prosessering en aanbieding van terminografiese data (terminologiese en addisionele data). In 'n poging om werk in terminografie te harmoniseer en om dit makliker te maak om kennis en data oor te dra, word terminografie gerig op aanbevelings deur internasionale komitees soos die Tegnieke Komitee 37 van ISO (TC 37 van ISO). Hierdie is riglyne wat gepubliseer word as standaarde, om benaminge en konsepte in die terminologiewetenskap en -praktyk te verenig. Dit maak gebruik van riglyne wat ooreenstem met internasionaal gestandaardiseerde metodes om redigeringswerk tussen tale te verminder, om die kombinasie vanaf die data van verskillende bronne te vergemaklik, om internasionale projekte van stapel te stuur en om data uit te ruil. Terminografie stel egter nie die blinde internasionalisasie van benaminge voor nie. Dié taak word aan terminograwe oorgelaat om 'n grens tussen natuurlikheid en internasionalisasie te vind.

### **3.6 Terminologie as interdisiplinêre vakgebied**

Die interdisiplinêre aard van die terminologiewetenskap word gedetermineer deur die karaktertrekke van terminologiese eenhede. Terminologiese eenhede is gelyktydig eenhede van taal (linguistiek), kognitiewe elemente (logika en ontologie, dit wil sê deel van die kognitiewe wetenskappe) en laastens ook draers van kommunikasie (kommunikasiewetenskappe). Die terminologiewetenskap staan derhalwe in diens van die ander twee wetenskappe, die tegnologie en kommunikasie. Die gevolg is noodwendig dat daar gewerk moet word om 'n diens aan hierdie dissiplines te lewer.

### **3.7 Samevatting**

Die huidige era word gekarakteriseer deur 'n toename in kennis in omtrent alle tegnologiese, politieke en kulturele velde. Moderne kommunikasie en gevorderde publikasie-metodes, maak die vinnige en wye verspreiding van hierdie kennis moontlik. Hierdie era staan bekend as die era van kommunikasie, en tegniese en wetenskaplike kommunikasie moet gewoonlik beskikbaar gestel word in meer as een taal. Terminologie is een van die basiese instrumente van taal aangesien 'n taal wat 'n tekort aan terminologie het nie toepaslik is vir al die gespesialiseerde funksies, wat in die moderne wêreld belangrik en noodsaaklik is nie. Dit het tot gevolg dat 'n taal sonder terminologie nie 'n taal van kultuur kan word nie. Terminologie en terminologiewerk vorm derhalwe die essensiële basis vir:

- die ordening van kennis;
- die oordrag van hierdie kennis, vaardighede en tegnologie,
- die oordrag van inligting van een taal na 'n ander,
- die formulering van vakinligting,
- die onttrekking en samevatting van vakinligting, en
- die herwinning van gestoorde inligting.

Terminologie kan gesien word as die kennisinhoud van 'n vakgebied/domein wat as sleutelinstrument vir spesialiste dien, vir wie dit sonder terme nie moontlik sou wees om hulself uit te druk of hul kennis te kommunikeer nie. Selfs buite die professionele domein, waar gewone lede van die gemeenskap gekonfronteer word deur die verspreiding van inligting en die uitbreiding van kennis, word terminologie benodig om deel te neem aan die proses van vooruitgang.

Die doelwit met terminologie-ontwikkeling in 'n taal ontstaan hoofsaaklik uit die behoefte om professionele kommunikasie in die moedertaal te verseker. Kulturele en nasionale aspekte speel hier 'n belangrike rol wanneer daar aangeneem word dat tensy die taal vir spesifieke doeleindes tred hou met veranderinge en ontwikkeling in die taal, die taal gou degradeer tot 'n tweedeklasstatus (wat beteken dat die taal onvoldoende is om die kommunikatiewe funksies wat die moderne wêreld aan tale stel, te kan vervul). Lede van 'n linguistiese groep kan slegs by die ontwikkeling van terminologie en wetenskaplike velde bybly indien hulle genoegsame en gesistematiseerde terminologie tot hul beskikking het.

Regeringsbetrokkenheid by taal deur taal- en terminologiebeplanning maak dit noodsaaklik om amptelike organisasies daar te stel om die werk te bestuur. Omdat wetenskaplike en tegnologiese skepping hoofsaaklik in dominante ekonomiese gemeenskappe plaasvind, is daar gewoonlik 'n eenrigting vloei van kennis en nuwe produkte wat tot gevolg het dat ontlening van tegniese en wetenskaplike woordeskat plaasvind. Spesiale tale en hul primêre komponent, terminologie, is daarom van die belangrikste areas van taalstandaardisasie.

Verder is dit ook belangrik dat daar 'n goeie begrip bestaan van die taal van die wetenskap en tegnologie en hoe dit van algemene taal verskil. Uit 'n formeel linguistiese oogpunt gesien, kan sistematiese, leksikale en strukturele verskille uitgelig word, en uit 'n pragmatiese oogpunt kan daar gefokus word op die verskillende kommunikatiewe funksies wat tale vir 'n spesifieke doel en

algemene taal vervul. Die informatiewe waarde en klassifiseringsfunksies wat meer prominent in tale vir 'n spesifieke doel is, verantwoord ook 'n verskil op funksionele gebied.

Gedurende die afgelope paar jaar het terminologiewerk 'n geweldige verandering ondergaan. Die versameling en prosessering van terminologiedata het 'n semi-outomatiese proses geword, wat veral deur innovering, wat vanuit inligtingstegnologie, inligtingswetenskap en gerekenariseerde linguistiek geleen word, beïnvloed word.

Tesame met die groeiende eise vir inligting het die behoefte aan effektiewe en gevorderde inligtingbestuursisteme ontstaan, aangesien inligting wat benodig word vinnig herwin en hanteer moet word, verkieslik teen 'n lae koste.

'n Konsep wat tans al hoe meer in terminologiewerk opgemerk word, is die bestuur van terminologiedata wat daarop berus om terminologie-ontwikkeling meer koherent en verstaanbaar aan te bied.

## Hoofstuk 4

### 4. Terminologiebestuur

#### 4.1 *Inleiding*

Die vorige hoofstuk het hoofsaaklik gekonsentreer op wat die term 'terminologie' behels en ook die interdisiplinêre aard van die terminologiewetenskap as dissipline bekendgestel. In hierdie hoofstuk word daar vasgestel wat die verband tussen terminologiewerk en bestuur behels, wat die doelwit met terminologiebestuur in 'n gemeenskap is, watter tipes terminologiebestuur voorkom en wat die invloed is wat informatika op terminologiebestuur uitoefen.

#### 4.2 *Konseptualisering*

In 'n poging om vas te stel waarna die begrip terminologiebestuur verwys, word twee definisies en twee omskrywings ondersoek:

The term 'terminology management' can be considered a special kind of 'information management' that focusses on structuring, storing, exchanging, disseminating and using terminological information for text production (including dictionaries, etc.). It is thus a wider and more complex activity than terminography, viz. the recording of terminological information (Galins, 1993:209).

Terminologiebestuur word volgens hierdie definisie beskryf as 'n konsep parallel aan inligtingsbestuur. Beide terminologiebestuur en inligtingsbestuur dien as onmisbare instrumente in 'n omgewing waar daar gewerk word met kwaliteitbestuur, wat die fundamentele fokus vir funksionele en organisatoriese aktiwiteite behels, nie slegs by die skeppingsproses nie, maar ook by dokumentproduksie en rekenaartoeëpassing. Die klem word geplaas op bestuur om die doelwitte wat bereik moet word, duidelik te maak. Die doelwitte behels om met die inligtingsontploffing tred te hou en die toename in volumes van

inligting te bestuur/te organiseer/te beheer.

Terminologiebestuur word deur Wright & Budin (1997:1) gedefinieer as:

...any deliberate manipulation of terminological information...

Terminologiebestuur word hivolgens gesien as enige doelbewuste manipulerings van terminologiese inligting, of dit nou (a) praktiese terminologiebestuur is soos uitgevoer word deur ingenieurs, bioloë, wetenskaplikes en sosiale wetenskaplikes om te voldoen aan die konstante behoefte aan presiese en ondubbelsinnige taal, in die vorm van beide konsepte wat geskep en die korresponderende terme wat gebruik word om met mekaar te kommunikeer, te bevredig, of (b) die sistematiese versameling is van terminologiese inligting en die voorstelling daarvan as woordeboeke, terminologiese versamelings en terminologiese databasisse, of (c) die ad hoc-onttrekking is van terminologiese inligting vir die doel van vertaling en tolking, vir teksprodusering as 'n funksie van tegniese kommunikasie, en vir inligtingsbestuur (vgl. Wright & Budin 1997:2).

Meyer (1993:141) bevind dat alhoewel navorsing en ontwikkeling vir 'n werkstasie-omgewing tot dusver hoofsaaklik gefokus het op die linguistiese dimensie van terminologiewerk (vgl. afdeling 3.4.1.2), moet die terminoloog se werkstasie ook ondersteuning bied vir die konseptuele dimensie<sup>1</sup> van terminologiewerk. Dit het te make met die versameling, analisering, vergelyking, formalisering en hersiening – die bestuur van inligting oor die konsepte deur die terme benoem. Hierdie dimensie stem ooreen met Sager (1990) se kognitiewe dimensie (vgl. afdeling 3.4.1.1). Meyer (1992) benadruk ook dat die dimensies nie los van mekaar gesien behoort te word nie, maar eerder as 'n eenheid behandel moet word (vgl. afdeling 3.4.1.3).

<sup>1</sup> Die konseptuele dimensie behels die beskrywing van konsepte (die verkryging van kennis oor hul karaktertrekke) en benoeming van die konsepte (die vergelyking van konseptuele karaktertrekke) wat die linguistiese dimensie insluit (Meyer 1993:141).

Cabré (1999:20) omskryf terminologiebestuur as die organisering van terminologiewerk en wys daarop dat 'n uitgebreide behandeling van die organisasie van terminologiewerk 'n analise behels van al die aspekte waaruit dit bestaan. Daar moet volgens haar ook vasgestel word hoe elk van hierdie aspekte georganiseer moet word en wie vir elke aspek verantwoordelik is. Sy benadruk die feit dat daar in 'n spesifieke sosio-politieke omgewing 'n uitgebreide terminologiebestuursentrum<sup>2</sup> moet wees wat die organisatoriese aspekte hanteer.

Deur die ondersoek na die verskillende definisies en omskrywings van terminologiebestuur word daar tot die slotsom gekom dat terminologiebestuur die sistematiese organisering van terminologiedata en die kennis wat deur hierdie data oorgedra word, behels.

#### **4.3 Organisasoriese aspekte van terminologiebestuur**

'n Aantal aspekte word deur Cabré (1999:20) vir die sistematiese organisering van terminologiewerk uitgelig:

- a) planning, coordination and management of terminological resources, including the planning of work for a specific language and country, the coordination and supervision of the application of this plan, the assessment of the results and the management of all the allocated resources.
- b) terminological research, including the preparation of systematically structured terminology.
- c) standarization of terms, involving the evaluation of alternative terms used to designate a single concept.
- d) dissemination of standardized terms and issuing of decisions on consultations about terminology and miscellaneous aspects related to terms.
- e) implementation of terminology among professional groups and specialised areas of activity.
- f) training in terminology, involving the education of specialists able to prepare terminologies or participate in a part of the preparation process. A complete training programme includes both the training of terminologists who will take charge of systematic work and the training of

---

<sup>2</sup>'n Terminologiesentrum word deur Cabré (1999:21) beskryf as 'n sentrum wat verantwoordelik is vir die bestuur, beplanning en koördinerings van navorsing by terminologiewerk.

other specialists involved (e.g. scientists and technicians, translators, interpreters, technical writers, teachers, specialists in documentation, computational linguistics, lexicography) as well as the training of teachers of terminology.

As voorbeeld gebruik Carbé (1999) die organiseringsmodel wat deur Kanada gebruik word.

Volgens Cabré (1999) is die federale regering van Kanada en die provinsiale regering van Quebec onderskeidelik die hoofsentra van terminologiewerk. Hierdie twee sentra het te make met die probleme en sosiale behoeftes wat spruit uit tweetaligheid in Kanada en die toenemende amptelike teenwoordigheid van Frans in Quebec. Om hierdie sake te hanteer, het beide regerings spesifieke agentskappe binne hulle respektiewelike administrasies geskep.

Die Sekretariaat van die Kanadese regering sluit 'n administratiewe agentskap in wat in beheer is van alle aspekte rakende die vertaling van alle amptelike tekste vanuit Frans na Engels en vanuit Engels na Frans, asook van gespesialiseerde terminologiewerk (terminologie-ontwikkeling en die TERMIUM-databank). Navorsing in terminologiewerk konsentreer hoofsaaklik op vertaling, en tweetalige glossariums word op 'n gereelde basis gepubliseer en die TERMIUM-databank word deurlopend opgedateer.

Die regering van Quebec organiseer terminologiewerk deur die Office de la Langue Française (OLF). Hierdie organisasie is verantwoordelik vir die beskerming en bevordering van Frans. Die taal en terminologiedienste is in beheer van die beplanning, koördinerings, standaardisering, disseminering en implementering van nuwe terminologie, veral terminologie wat verwant is aan die spesiale vakgebiede, waarin daar nog leemtes in Frans bestaan. As gevolg van die doelwit om Frans te bevorder, vergelyk die OLF se terminologienavorsing Engels met Frans, maar hulle spreek hulself nie oor Engels uit nie. Die doelwit is eerder om die Franse woordeskat uit te bou en op te dateer deur van die gebruikers se deelname gebruik te maak en om terme te standaardiseer. Die

terminologiekomitees van die OLF hanteer linguistiese probleme wat deur terme veroorsaak word.

Universiteite in Quebec, by name die Universiteit van Laval en die Universiteit van Montreal, bied diploma- en graadprogramme aan in die terminologiewetenskap en terminologiewerk wat gebaseer word op linguistiek of vertaling. 'n Ph.D word ook by Laval aangebied. Hierdie instellings het 'n ooreenkoms met die OLF wat studente vrye toegang tot die Quebec regeringsdatabank (BTQ) bied.

Die taaldienste van privaatbesighede hanteer alle taalverwante kwessies soos teksprodusering, vertaling en terminologieskepping, wat betrekking het op die spesifieke organisasie, binne die organisasie.

Die organiseringsaspekte wat deur Cabrè (1999) genoem word, word in hierdie studie as uitgangspunt geneem. Twee bykomende komponente naamlik, die daarstel van 'n termbank in 'n terminologiebestuursentrum en evaluering van terminologiebestuur in 'n terminologiebestuursentrum word ook verreken om sistematiese terminologiebestuur in 'n terminologiebestuursentrum te ondersoek en te beoordeel.

Bestuur word deur Kroon *et al.* (1990) omskryf as 'n proses waardeur persone in leidinggewende hoedanighede menslike en ander hulpbronne so doelmatig moontlik gebruik om sekere produkte en/of dienste te lewer, ten einde in bepaalde behoeftes te voorsien en die onderneming se gestelde doelstellings te bereik.

Bestuur en spesifiek terminologiebestuur word in hierdie studie as die oorhoofse proses beskou. Die komponente waaruit terminologiebestuur in 'n terminologiebestuursentrum bestaan, behels die beplanning en koördinerings van terminologiebronne, navorsing, standaardisering, die daarstel van 'n termbank.

disseminering, implementering, evaluering en opleiding. Daar word by beplanning begin aangesien beplanning 'n prominente rol by terminologiebestuur vertolk en al die ander elemente 'n uitvloeisel van beplanning vorm.

'n Oorsigplan word vervolgens aangebied om terminologiebestuur by 'n terminologiebestuursentrum bekend te stel. Daarna word elkeen van die komponente bespreek.

FASE	DOELWIT	TAAK	TEGNIKE	UITKOMS
Beplanning en koördinerings van terminologiebronne	Om 'n hoëkwaliteits-uitsat te lewer deur huidige terminologieprobleme aan te spreek en toekomstige uitdagings te identifiseer; fokus op strategiese vlak	Identifisering van huidige en toekomstige behoeftes op strategiese vlak	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die vasstel van 'n werkmetode</li> <li>Die vasstel van perspektiewe met die beplanning</li> <li>Die strategiese beplanningsanalise</li> </ul>	Identifisering van terminologie-doelwitte en behoeftes as deel van die strategiese plan
Navorsing	Om die rol van terminologieswerk in 'n gemeenskap te bepaal en sistematies gestruktureerde terminologies daarvolgens voor te berei	Terminologiesregulering: <ul style="list-style-type: none"> <li>preskriptief</li> <li>deskriptief</li> </ul>	<p>Standaardiseer terme (voorskriftelik van aard)</p> <p>Benoem, beskryf en dokumenteer terme (nie voorskriftelik van aard nie)</p>	<p>Die beskikbaarstelling van gestandaardiseerde terminologiesdata, verkieslik aanlyn, in soveel as moontlik tale</p> <p>Die beskikbaarstelling van versamelde materiaal wat as terminologieskorpus van die veld dien</p>
Standaardisering	Om konsensus te bereik oor 'n gegewe term en definisie vir 'n spesifieke konsep; om konsepte en sisteme van konsepte te unifieer; om konsepte te definieer	Die minimalisering van oortollige definisies en verbetering van die koördinerings van terminologiesinligting; die ontwikkeling van 'n konseptsisteem vir vakgebiede; die standaarddefinisie	ISO 10241	Regulering van 'n spesifieke vakgebied of domein wat 'n sekere uniformiteit waarborg en optimale professionele kommunikasie verseker
Termbank	Om 'n gebruikersvriendelike verwysingsraamwerk daar te stel waardeur kennis en inligting aan gebruikers beskikbaar gemaak kan word	Om by gebruikersbehoefte en die veranderende werklikheid aan te pas; om die versameling, dokumentering en disseminering van terminologiesinligting sistematies te hanteer soos wat dit geskep word; en om gestandaardiseerde terminologiesinligting	Opdatering; instandhouding en samewerking deur vakkundiges, terminologies en gebruikers	Kwaliteitskontrole met betrekking tot voorbereiding, invoer, bestuur en opdatering van data; en die skep van tekskorpora om teksverwante terminologiesinligting vir die gebruiker toeganklik te maak

		daar te stel om terminologiekonstantheid in dokumente en vertalings van dokumente te waarborg		
Disseminering	Beskikbaarstelling van terminologie-inligting aan gebruikers	Bring terminologiebronne nader aan mekaar	Moderne media <ul style="list-style-type: none"> <li>• Terminologiebanke</li> <li>• Internet</li> </ul>	Beskikbaarstelling van hoëstandaard terminologie-inligting op verskillende vlakke aan vakkundiges en ook aan die algemene publiek
Implementering	Toepassing van terminologiedata te verseker deur inligting in die verskillende vakgebiede en domeine te versprei sodat dit deur gebruikers aangewend kan word	Betrokkenheid deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die Regering</li> <li>• akademiese instellings</li> <li>• semi-amptelike sentra; en</li> <li>• die privaatsektor</li> </ul>	Taalbeleid en ander riglyne wat die bevordering en uitbreiding van terminologie-inligting voorstaan	Betrokkenheid deur gebruikers om die totstandkoming van funksionele terminologie-inligting te verseker
Evaluering	Meting van kwaliteit en sukses van terminologiebestuur	Monitering, evaluering en terugvoering van die implementeringstrategie	Kriteria vir die vlakke van evaluering: <ul style="list-style-type: none"> <li>• inhoudsvlak</li> <li>• formele vlak</li> <li>• koste-effektiwiteitsanalise</li> <li>• bruikbaarheidsvlak</li> </ul>	Gebruikersterugvoer; effektiewe metodologie; bruikbare materiaal; en vervulling van terminologiebehoeftes
Opleiding	Pragmatiese en toepassingsgeoriënteerde terminologieopleiding vir: <ul style="list-style-type: none"> <li>• terminoloë, terminograwe en</li> <li>• medewerkers by terminologiedata</li> </ul>	Bevrediging van spesifieke terminologiebehoeftes binne die gemeenskap	Kursusse; seminare; lesings en opleidingsessies by terminologiesentra	Praktykgerigte opleiding; gereelde terugvoer vanaf praktiseerders sodat opleiding in voeling bly met die praktyk

Tabel 1 'n Oorsigplan van terminologiebestuur in 'n terminologiebestuursentrum

#### 4.3.1 Beplanning en koördinerings van terminologiebronne by 'n terminologiebestuursentrum

Beplanning en koördinerings is 'n bestuursfunksie. Dit is nie slegs bestuur se taak om seker te maak dat beplanning en koördinerings gedoen word nie, dit is ook die verantwoordelikheid van bestuur om toe te sien dat aksieplanne uitgevoer word en dat beplanning en koördinerings geïmplementeer word. Kontrole moet uitgeoefen word om te verseker dat beplanning en koördinerings korrek geïmplementeer word om vas te stel of die verlangde resultate bereik is. Indien wel kan die implementering van die beplanning voortgaan, indien nie moet die

beplanning hersien word.

Deeglike beplanning en koördinerings is van die uiterste belang by terminologiedata aangesien terminologie midde-in 'n vinnig veranderende omgewing ontstaan, soos snel tegnologiese, sosiale, politieke en finansiële verandering, asook internasionale verwickelinge.

Die hoofdoel met die beplanning en koördinerings van terminologiedata is om werks- en ander omstandighede te skep wat die rolspelers in staat stel om konstant 'n hoëkwaliteituitset te lewer. Beplanning en koördinerings plaas derhalwe 'n hoë premie op produktiwiteit en produktiwiteit kan verbeter word indien dit gemeet word. Produksienorme is noodsaaklik vir die meting van produktiwiteit. Uitsette is belangrik gedurende die beplannings en koördineringsproses aangesien uitsette gekontroleer en geëvalueer kan word.

Cabré (1999:16) ondersoek drie werkmetodes waarvolgens terminologiedata suksesvol beplan en gekoördineer word:

- Terminologie wat aangepas word om die linguïstiese sisteem te dien (die linguïstiesgeoriënteerde werkmetode);
- Terminologie wat ontwikkel word om vertaling te dien (die vertalingsgeoriënteerde werkmetode); en
- Die ontwikkeling van terminologie met behulp van 'n taalbeplanningsprogram.

Hierdie werkmetodes word saaklik toegelig:

#### 4.3.1.1 Die linguïstiesgeoriënteerde werkmetode

Die linguïstiesgeoriënteerde werkmetode word deur die drie klassieke skole van terminologie vergestalt. Die drie sogenaamde klassieke skole van terminologie is die Weense Skool van Terminologie, die Tsjeeggiese Skool van Terminologie

en die Sowjetse Skool van Terminologie (vgl. afdeling 3.2.1, 3.2.2 en 3.2.3).

Die beste verteenwoordiger van die linguistiesgeoriënteerde werkmethode is egter die Internasionale Sentrum vir Terminologie (Infoterm) in Wenen. Infoterm is gestig in 1977 deur Unesco as deel van die United Nations Information Systems in Science and Technology (UNISIST). UNISIST is 'n interregeringsprogram van Unesco wat vrywillige samewerking in die koördinerende van wetenskaplike en tegniese inligting op plaaslike vlak aanmoedig en begelei. Infoterm het Wüster se navorsing en teorie oor terminologie-ontwikkeling gedissemineer en 'n invloed uitgeoefen op terminologie-ontwikkeling in Noord-Europa, Noord-Afrika, Latyns-Amerika en China, Japan, Portugal en Spanje. Die stigting van die Internasionale Instituut vir Terminologiese Navorsing (IITF) in Wenen is 'n gevolg hiervan.

Infoterm se funksie behels die koördinerende van terminologiese aktiwiteite regoor die wêreld en bestaan uit die volgende aktiwiteite:

- om die versameling en analise van terminologiese publikasies van regoor die wêreld, spesifiek van terminologiestandaarde en beginsels van gespesialiseerde woordeskat te vergemaklik,
- om 'n navraagdiens te lewer aan gebruikers en samestellers van terminologiedata,
- om opleiding te verskaf in die teorie, beginsels en dokumentering van terminologiedata, en
- om 'n internasionale netwerk van terminologiedata (TermNet) op te bou en as agent en fokuspunt vir sy aktiwiteite op te tree (vgl. Felber 1978a:20).

Die hoofdoel met Infoterm is om as inspirasie vir samewerking te dien, om inligting te versamel en te versprei, en om deur sy adviserende en dokumentêre diens die doelwit met terminologiedata te bevorder (Language Today, Oktober 1997:25).

Die implikasie vir terminologiebestuur by die linguistiese werkmethode behels dat hierdie werkmethode hoofsaaklik op konsepte fokus en terminologieswerk in die rigting van die standaardisasie van terme en konsepte lei. Binne hierdie raamwerk is dit dan ook vakkundiges en spesialiste self wat verantwoordelik is vir die gespesialiseerde terminologieë.

#### 4.3.1.2 Die vertalingsgeoriënteerde werkmethode

Die vertalingsgeoriënteerde werkmethode is hoogs ontwikkel in institusioneel tweetalige of meertalige provinsies of lande, byvoorbeeld in Quebec, die Waalse gedeelte van België (Wallonië), en vorm die basis van terminologiese aktiwiteite wat deur veeltalige internasionale organisasies onderneem word.

Voorbeelde van hierdie werkmethode word gevind by organisasies in die Verenigde Nasies, die Europese Unie en Unesco. Die federale Kanadese regering se terminologieswerk val ook onder hierdie groep aangesien die verantwoordelikes daar ook aktief betrokke is by terminologie-ontwikkeling. Kanada is 'n tweetalige land en die regering is verantwoordelik vir die bevordering en ontwikkeling van die taalregte van al die burgers.

Die implikasie vir terminologiebestuur by die vertalingsgeoriënteerde werkmethode behels dat hierdie werkmethode verseker dat terminologiese ekwivalente deur vertalers in die verskillende tale gebruik kan word om 'n bydrae tot die kwaliteit van vertaalde tekste te lewer deur 'n tipe universaliteit daar te stel en kommunikasie te vergemaklik.

#### 4.3.1.3 Die taalbeplanningsgeoriënteerde werkmethode

Die taalbeplanningsgeoriënteerde werkmethode het in ongeveer 1960 posgevat en is aanvanklik ingestel om die gebruik van minderheidstale in groot sosiolinguistiese gebiede te ondersteun. Die onderliggende idee met hierdie

werkmetode is om die gebruik van 'n onstabiele taal te verander deur sistematiese en strategiese tussenbydetreding en deur middel van die regte wetgewing en doelgerigte maatstawwe. In die geval van hierdie werkmetode word intensiewe pogings aangewend om die nasionale tale, wat gewoonlik terminologies onderontwikkeld of slegs gedeeltelik ontwikkel is, as instrumente vir professionele kommunikasie aan te wend. Voorbeelde van tale wat deur die taalbeplanningsgeoriënteerde werkmetode beïnvloed kan word of reeds beïnvloed is, is die Afrikatale, Hebreeus, Arabies en Hindi. In hierdie taalgemeenskappe is die gebruikers van die genoemde tale steeds verplig om van Engels of Frans gebruik te maak binne tegniese en wetenskaplike registers, aangesien die inheemse taal/tale nie die nodige terminologie het om op alle vakgebiede/domeine diens te doen nie. Om die verandering van stapel te stuur moet die taal/tale onder bespreking genoegsame en koherente terminologie hê om professionele kommunikasie op alle gebiede moontlik te maak (vgl. Cabré 1999:14) en met taalwetgewing word gepoog om dit te bewerkstellig.

Hierdie werkmetode word primêr geïnspireer deur die taalbeplanningsbeleid van 'n gemeenskap. 'n Goeie voorbeeld van regeringsinstansies wat die taalbeplanningbeplanningsbenadering tot terminologiewerk steun, is die van Quebec wat 'n taalbeleid in 1970 ingestel het om die posisie van Frans in Kanada te bevorder deur die uitbreiding daarvan vir alle sferes van gebruik te verseker.

Cabré (1999:16) bevind dat die derde denkwyse die invloedrykste is vir terminologiebestuursaktiwiteite in gemeenskappe waar daar 'n taalbeleid bestaan om die status van plaaslike tale te verander. In hierdie gemeenskappe word twee of meer tale komplementêr tot mekaar, op verskillende gebiede van kommunikasie aangewend. Een van die tale is gewoonlik 'n wêreldtaal soos byvoorbeeld Engels. Hierdie taal word as die brontaal gebruik waarin die terme en definisies versamel word en ekwivalente moet dan in die inheemse taal verskaf word.

Die implikasie vir terminologiebestuur met hierdie werkmethode behels dat terminologie wat ingevoer word uit tale wat in terminologiesdominante lande gebruik word, vervang word met terminologie in die inheemse tale deur die ondersteuning van 'n taalbeleid en taalbeplanningsprogram wat die inheemse tale uitbrei en bevorder. Die belangrikste determinante en resultate van die drie werkmethodes word hiernaas opsommenderwys in tabelvorm aangebied.

WERKMETODE	DETERMINANTE	RESULTATE
Linguistiese werkmethode	Effektiewe en presiese kommunikasie tussen vakkundiges en spesialiste	Standaardisering Konsep = definisie = term
Vertalingswerkmethode	Terminologiese ekwivalensie tussen tale om universaliteit te bevorder en kommunikasie te vergemaklik	Gelykheid tussen tale deur hierdie tale in staat te stel om op alle domeine en vakgebiede gelykwaardig gebruik te word
Taalbeplanningswerkmethode	Sistematiese en strategiese tussenbeidedreiging deur middel van wetgewing om die taalstatus van minderheidstale te verander deur onder meer: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Taalbeleid</li> <li>• Taalbeplanningsprogram</li> </ul>	Uitbreiding van spesifieke tale om hierdie tale komplementêr tot byvoorbeeld 'n wêreldtaal soos Engels as instrumente van professionele kommunikasie te gebruik

**Tabel 2 'n Opsomming van die werkmethodes by terminologiebeplanning**

Antia (2000:33-36) ondersoek ook terminologiebeplanning en stel voor dat die insigte rondom die proses van terminologiebeplanning vanuit 'n verskeidenheid algemene perspektiewe verkry moet word, soos die fokus van die terminologiebeplanning, die integrasie van die terminologiebeplanning by ander prosesse, werksessies deur vakkomitees en medewerkers.

#### 4.3.1.4 Die fokus by terminologiebeplanning

Volgens Antia (2000:33) word twee verskillende tipes oriënterings by terminologiebeplanning oorweeg:

- 'n dokumenteringsoriëntering; en
- 'n ontwikkelingsoriëntering.

'n Dokumenteringsoriëntering hou verband met die versameling van terme in 'n inheemse taal soos wat dit in 'n vakgebied of domein gebruik word. Hierdie terme is welbekend aan die ingeligte sprekers van daardie taal of aan die praktiseerders binne 'n verwante domein, maar is miskien minder bekend aan 'n oningeligte gehoor. Riglyne by hierdie tipe oriëntering berus op etnografiese navorsing, om deur 'n verskeidenheid van maniere bestaande inheemse terme in 'n gegewe veld te versamel en wetenskaplike navorsing om terme en inligting in die brontaal (byvoorbeeld Engels) in 'n gegewe domein of veld te versamel. Deur van hierdie oriëntering gebruik te maak word grade van ekwivalensie vasgestel en gapings word in die inheemse taal se terminologiedata uitgewys. 'n Goeie voorbeeld van die dokumenteringsoriëntering is die terminologiebestuur van Afrikaans in die vorige taalbestel.

'n Ontwikkelingsoriëntering verwys na die versameling van terme soos wat dit gebruik word in die brontaal (gewoonlik Engels) en dan oorgedra word as kennis na die sprekers van die doeltale. In hierdie geval word gespesialiseerde Engelse bronne as databronne gebruik. In die nuwe taalbestel in Suid-Afrika word daar van die ontwikkelingsoriëntering gebruik gemaak waar Engels as die brontaal vir die onttrekking van terme en die saamstel van definisies gebruik word en die ander tien amptelike tale as doeltale funksioneer waarin ekwivalente verskaf moet word.

#### 4.3.1.5 Integrasie van die terminologiebeplanning by ander prosesse

Die integrasie van terminologiebeplanning by ander prosesse soos teksproduksie het belangrike implikasies vir die terminologiebeplanning aangesien dit onmiddellike terugvoer verseker oor terminologie-inligting en oor hoe terminologie-inligting deur die gebruikers geëvalueer word (vgl. Antia 2000:35). Caney (1984) wys daarop dat terminologiebeplanning in Somalië hand-aan-hand met die skoolhandboekproduksieproses gegaan het. Integrasie van terminologiebeplanning by ander prosesse stem derhalwe ooreen met Haarman se visie rondom prestigebeplanning (vgl. afdeling 2.3.2). Die integrasie van terminologiebeplanning kan ook as implementering beskryf word en die implementering van terminologiedata by 'n terminologiebestuursentrum word in afdeling 4.3.6 bespreek.

#### 4.3.1.6 Omvattende beplanning deur vakkomitees

In hierdie geval word terminologiewerk gehanteer op 'n komitee-basis en gewoonlik nadat omvattende beplanning plaasgevind het. Vakkundiges lewer insette en maak besluite oor riglyne en werkbeginsels wat voorkeur in die betrokke tale en vakgebiede geniet. Wanneer ontlening onvermydelik is, word Engels as die bronteks verkies, maar ontleende vorme moet aan die struktuur van die doeltaal voldoen. Antia (2000) voer die Nigeriese wetensk. s/wiskunde en wetgewende projekte as voorbeelde van omvattende beplanning deur vakkomitees aan.

Die implikasie wat omvattende beplanning deur vakkomitees vir terminologiebestuur inhou, behels dat insette vanaf kundiges oor terminologiewerk binne 'n spesifieke vakgebied of domein verkry word, besluite oor riglyne geneem word (byvoorbeeld om te ontleen, by watter taal om te ontleen en hoe om te ontleen) en akkoord gegaan word oor die onttrekking van

terme waarvoor inheemse terminologie-ekwivalente daargestel moet word (vgl. Antia 2000:36).

#### 4.3.1.7 Die rol van medewerkers by terminologiebestuur

Antia (2000:37) wys daarop dat daar by die bespreking van medewerkers by terminologiebeplanning voorsiening gemaak word dat terminologie-inligting rondom terminologiespanne georganiseer word. Terminoloë werk nooit alleen nie, maar ontvang deurlopend insette vanaf medewerkers wat kan bestaan uit individue, akademici, linguiste, taalpraktisyne, taalkomitees, professionele liggame, vakkundiges, navorsingsorganisasies, taalburo's en woordeboekeenhede.

Die implikasie wat medewerkers vir terminologiebestuur inhou, behels dat die produksie van gestandaardiseerde terminologieë vir verskillende vakgebiede en domeine bevorder word en dat die gebruikers van terme by die bestuursproses betrek word.

Aangesien terminologiebestuur ook soos algemene bestuur binne 'n vinnig veranderende omgewing funksioneer moet terminologiebeplanning ook deurlopend wees en voortdurend aangepas word by die veranderende behoeftes binne die gemeenskap. Hierdie proses staan volgens Kroon et al. (1990:169) bekend as strategiese beplanning en sal nou bespreek word.

#### 4.3.2 Strategiese beplanning by terminologiebestuur

Strategiese beplanning het ten doel om as langtermynbeplanningsfunksie van veral top- en middelvlakbestuur die ondernemingsdoelstellings te bereik te midde van omgewingsverandering, deur die ontwikkeling en uitvoering van 'n gepaste plan (vgl. Kroon *et al.* 1990:169). Strategiese beplanning behels met ander

woorde om beide interne en eksterne faktore wat 'n impak op die bestuursproses mag hê te ondersoek.

Vervolgens word 'n opsomming van die elemente van 'n strategiese beplanningsanalise by terminologiebestuur aangebied om die werking daarvan duidelik te maak. Daarna word die strategiese beplanningsanalise gebruik om terminologiebestuur in 'n terminologiebestuursentrum te ondersoek.

<b>MISSIE</b>	Wat moet bereik word met terminologiebestuur?
<b>DOELWITTE</b>	Wat behels die korttermyn, mediumtermyn en langtermyn oogmerke wat as riglyne dien vir die bereiking van die uiteindelijke doelwitte?
<b>OMGEWINGS-INVLOEDE</b>	Watter invloede uit die eksterne en interne omgewing beïnvloed terminologiewerk?
<b>PLAN VAN AKSIE</b>	Wie is verantwoordelik vir die uitvoer van die plan en wanneer moet dit afgehandel wees?

**Figuur 8 Die strategiese beplanningsanalise by terminologiebestuur**

#### 4.3.2.1 Missiestelling by terminologiebestuur

Aangesien terme gewoonlik met 'n bepaalde doelwit daargestel word, moet hierdie doelwit vervat word in die missiestelling van terminologiebestuur. Die missiestelling is veral van belang om die funksies vas te stel wat deur die terminologiewerk bereik moet word. Die missiestelling verantwoord die rigting waarin daar met die ontwikkeling van terminologie-inligting beweeg word (vgl. Van Schalkwyk 1999:2 J0).

#### 4.3.2.2 Die doelwitte met terminologiebestuur

Wanneer die missie bekend is aan die persone wat by die bestuur van terminologie betrokke is, is dit makliker om doelwitte te formuleer. Oogmerke

met terminologiebestuur moet leiding verskaf vir die bereiking van die regte doelwitte teen die regte tyd.

Terminologiewerk benodig korttermyn-, mediumtermyn- en langtermyn oogmerke om as riglyne te dien vir die daarstel van uiteindelijke doelwitte. Langtermyn oogmerke lei die organisasie gedurende die bestaan daarvan. Mediumtermyn oogmerke - wat gewoonlik oor drie tot vyf jaar strek, moet onderskei word van langtermyn oogmerke. Korttermyn oogmerke wat die jaarlikse doelstellings van 'n organisasie behels, word gewoonlik vasgestel vanuit die mediumtermyn oogmerke. Deur die vasstel van hierdie verskillende oogmerke word 'n netwerk van doelwitte ontwikkel wat die terminologiewerk op 'n beplande en georganiseerde wyse lei. Wanneer die strategiese oogmerke vir die jaar geformuleer is, moet dit voorrang geniet. Hierdie oogmerke moet dan operasioneel gemaak word sodat die rolspelers weet watter aktiwiteite uit elke oogmerk voortvloei (vgl. Van Schalkwyk 1999:205).

#### 4.3.2.3 Omgewingsinvloede by terminologiebestuur

Die terminologie van verskillende vakgebiede funksioneer nie geïsoleerd nie, maar vorm 'n geïntegreerde deel van die gemeenskap en omgewing waarin die terminologie aangewend word. Dit is belangrik dat rolspelers goeie insig in die omstandighede van die gemeenskap ten tyde van die beplanningsoefening het.

Omgewingsinvloede speel 'n belangrike rol by terminologiebestuur.

Die bestuursproses word beïnvloed deur beide die interne en eksterne omgewing. Die interne omgewing sluit alles in wat direk onder die kontrole van die terminologiewerk val en kan vasgestel en ontleed word deur 'n termoudit. Die eksterne omgewing behels al die ander faktore wat die terminologiewerk beïnvloed, soos die politieke en ekonomiese invloed op die ontwikkeling van

terminologie, en veral internasionale veranderings en neigings by terminologiebestuur.

Omgewingsverkenning word onderneem om die welstand en ontwikkelingspeil van terminologieswerk in die spesifieke gemeenskap vas te stel en om die sterk- en swakpunte (strengths and weaknesses) binne die interne omgewing en die geleenthede en bedreigings (opportunities and threats) in die eksterne omgewing te identifiseer en dit tot voordeel van die terminologiesdata aan te wend.

Die invloed van veranderende omstandighede op beide die interne en die eksterne omgewing moet deurlopend gemoniteer word deur die bestuur sodat terminologiesbeplanning daarvolgens gereguleer en aangepas kan word. 'n Staat van simbiose tussen die interne en eksterne omgewing moet behou word en deurlopende beplanning moet die simbiose onderhou (vgl. Van Schalkwyk 1999:203-204).

Om dit te bewerkstellig word die SWOT-analise (strengths, weaknesses, opportunities and threats) gebruik. Die SWOT-analise is een van die kragtige tegnieke in die strategiese beplanningsproses. Hierdie tegniek word gebruik om bestuurders te help met besluitneming deur hulle te help om te fokus op die moontlikhede (strengths and weaknesses) in verhouding met die deurlopend veranderende omgewing (opportunities and threats).

Die oogmerk met die SWOT-analise is om realistiese mikpunte en doelwitte te stel en in uitsonderlike gevalle die missie te herdefinieer. Dit gebeur veral wanneer swakhede voorkom en dit bedreigings veroorsaak wat dit nodig maak om verandering te implementeer (vgl. Reeves & Wright 1996:20-21).

Om die sterk- en swakpunte by terminologiesbestuur vas te stel behels dat 'n interne ondersoek gedoen word.

Tipiese voorbeelde van sterkpunte by terminologiebestuur sluit in:

- bestaande bedrewenheid in terminologiewerk;
- ondervinding by die hantering van terminologiebestuur;
- maklike toegang tot vakkundiges en tekskorpora;
- 'n effektiewe terminologiebeleid om terminologiebestuur te ondersteun en te reguleer; en
- goed opgeleide terminoloë.

Voorbeelde van swakpunte by terminologiebestuur (dit is probleme wat moontlike sukses kan belemmer) sluit die volgende in:

- geen of min bedrewenheid in terminologiewerk nie;
- geen ondervinding in die hantering van terminologiebestuur nie;
- die ontbreking van beleide om die regulering van terminologiebestuur te lei; en
- 'n tekort aan genoegsaam opgeleide terminoloë en terminograwe.

Op korporatiewe vlak ontstaan geleenthede en bedreiging as gevolg van 'n analise van die eksterne omgewing. Hier word faktore soos die ekonomie, demografie, sosio-kulturele, politieke, wetlike, tegnologiese en kompeterende faktore ingesluit (vgl. Reeves & Wright 1996:20).

Enige besluit wat geneem word as uitvloeisel van óf die interne óf die eksterne omgewingsinvloede het 'n invloed op die SWOT-analise. Die SW-analise kan bestuurders help om 'n finale besluit te neem en die OT-analise kan lei tot die daarstel van alternatiewe strategieë.

#### 4.3.2.4 Die plan van aksie by terminologiebestuur

Strategiese beplanning opsigself is van geen waarde indien dit nie sinvol geïmplementeer word nie. 'n Plan van aksie moet saamgestel word en personeel moet georganiseer word om die planne uit te voer. Die plan van aksie is onvolledig tensy dit die name van die verantwoordelike persone bevat wat die plan moet uitvoer en die datums waarteen die plan afgehandel moet wees. Doel\_datums moet vasgestel word sodat doelwitte stelselmatig bereik kan word (vgl. Van Schalkwyk 1999:206).

Die plan van aksie word ondersteun deur drie elemente:

- **Organisasiestruktuur:** Die langtermyn doelstellings wat nagestreef word, dien as die organisasiestruktuur. Dit verteenwoordig die organisatoriese strewes van die onderneming (vgl. Kroon *et al.* 1990:249).
- **Leierskap:** Gepaste leierskap is belangrik vir 'n effektiewe plan van aksie en verseker sukses. Gepaste leierskap dien as die simbool van 'n nuwe strategie en die regte bestuurspan met die nodige vermoë, opleiding, ondervinding, persoonlikheid en temperament is van belang vir suksesvolle implementering van die plan van aksie (vgl. Kroon *et al.* 1990:197).
- **Ondernemingskultuur:** Dui op die gedeelde waardes, verwagtinge en norme wat in 'n onderneming bestaan en bepaal hoe sake gehanteer word. Ondernemingskultuur bepaal hoe probleme benader word en waar prioriteite geplaas moet word vir suksesvolle uitvoering van die plan (vgl. Kroon *et al.* 1990:179).

'n Plan van aksie verseker dat die persone wat betrokke is by terminologiewerk 'n hoëkwaliteitprodukt lewer. Sodra 'n plan van aksie beskikbaar is moet die plan gekoördineer word en terminologiebronne moet daarvolgens bestuur word.

Uit die voorafgaande ondersoek is dit duidelik dat die beplanning en koördinerings van terminologiebestuur in 'n terminologiebestuursentrum sekere uitkomst verwag. Hierdie uitkomst behels dat terminologie-doelwitte en behoeftes as deel van die strategiese plan geïdentifiseer word wat weer verseker dat proaktiewe bestuur toegepas word.

Indien al die elemente wat by die beplanning en koördinerings van terminologiebronne wel binne die terminologiebestuursentrum teenwoordig is, verseker dit steeds nie die sukses van die sentrum nie. Hierdie elemente moet verder ondersteun word deur gesistematiseerde terminologienavorsing om die saamstel van sistematies gestruktureerde terminologieë te verseker.

#### 4.3.3 Terminologienavorsing en die saamstel van sistematies gestruktureerde terminologieë by 'n terminologiebestuursentrum

Wanneer daar na terminologienavorsing verwys word, is dit belangrik om daarop te let dat die doelwit met terminologie-inligting nie altyd dieselfde binne verskillende gemeenskappe is nie. Om die doelwit met terminologienavorsing in 'n gemeenskap vas te stel moet die rol van terminologiewerk in die gemeenskap bepaal word.

Die analise van terminologie-regulering in verskillende gemeenskappe wys op twee basiese benaderings: 'n preskriptiewe benadering (waarvan die doelwit is om die gebruik te beïnvloed deur spesifiek dié terme aan te dui waarvan die gebruik gemerk, of gestandaardiseer is) en 'n minder rigiede benadering wat die gebruik van 'n term aanbeveel eerder as dikteer. Hierdie benadering staan bekend as die deskriptiewe benadering.

#### 4.3.3.1 Die deskriptiewe terminologiebenadering

Die deskriptiewe benadering behels dokumentering deur vakkundige en nievakkundige terminoloë, wat terminologiese produkte en aanlynbronne vir gebruik deur vakkundiges en taalpraktisyne (soos vertalers, tegniese skrywers en studente) voorsien. Die doelstelling met hierdie benadering is om die terme, wat aan konsepte binne 'n spesifieke veld toegesê is, te dokumenteer, maar wat nie noodwendig die gebruik in 'n domein vasstel nie. Die deskriptiewe benadering se produkte is met ander woorde nie voorskriftelik van aard nie, maar al die terme wat voorkom of voorgestel word vir 'n konsep word gedokumenteer (vgl. Wright & Budin 1997:18).

'n Integrale deel van deskriptiewe terminologienavorsing moet wees om navorsing uit te brei na reeds bestaande projekte in die spesifieke vakgebied, in 'n poging om oorbodigheid te vermy, spesifisiteit te verbeter en die inhoudsomsomvang van terminologie te verbreed (Lynch 1997:161).

Riggs *et al.* (1997:185) stel voor dat die eerste stap by deskriptiewe terminologie die identifisering van die vakgebied en die dokumentering van die data is. Volgens hom moet die opstellers van terminologie die volgende stappe volg:

- die identifisering van sleutelwerke waarin die veld se konsepte gebruik word;
- die identifisering van hierdie konsepte;
- die beskrywing (definiëring) van die konsepte;
- die vasstel van watter woorde, frases, en simbole gebruik word as terme om konsepte te benoem; en
- die selektering van kontekste om die konsepte se gebruik te illustreer.

Die materiaal wat in hierdie proses bymekaargemaak word, dien as die terminologieskorpus van die veld. Die proses om materiaal op te spoor vir 'n terminologieskorpus is 'n deurlopende proses, om sodoende die ontwikkeling binne die veld aan te dui (vgl. Riggs *et al.* 1997:186).

In baie velde is die konsepte wat benodig word onpresies en vloeibaar. Daar is met ander woorde nog nie ooreengekom oor die terme wat gebruik moet word om die konsepte te benoem nie. Dit is juis in hierdie kontekste waar die deskriptiewe benadering benodig word om konsepte te benoem, en die plek van gebruik te organiseer. Deur die plek van gebruik te organiseer word helderheid van gedagte bevorder en kommunikasie verbeter.

Die uitkoms met terminologiebronne wat volgens die deskriptiewe benadering saamgestel is, veronderstel dat uitgebreide navorsing binne tale gedoen word om versamelde materiaal beskikbaar te stel wat sal dien as die terminologieskorpus van die vakgebied of domein.

#### 4.3.3.2 Die preskriptiewe terminologiebenadering

Die tweede navorsingsmetode staan volgens Wright & Budin (1997) bekend as die preskriptiewe benadering. Hierdie navorsingsmetode ondersoek praktyke en metodologieë in die normatiewe terminologie, en werk primêr binne die raamwerk van nasionale en internasionale standaardisasie, soos die Internasionale Standaard Organisasie en professionele verenigings binne vakgebiede.

Die versameling van preskriptiewe terminologie-inligting word gewoonlik aangepak deur vakkundiges in standaardiseringskomitees, nomenklatuurspesialiste en taalbeplanners. Hierdie persone is of vakkundiges, of werk nou saam met vakkundiges in hul spesifieke velde. Preskriptiewe terminologie-inligting behels dat daar oor betekenis ooreengekom word vir tegniese spesifikasies en standaarde en dat terminologie in die vorm van gestandaardiseerde terminologie geïmplementeer word. Die ideaal binne preskriptiewe terminologieswerk is geharmoniseerde terminologie, wat op 'n rekenaarnetwerk aanlyn beskikbaar gemaak kan word in soveel as moontlik tale, en deur almal gebruik kan word wat dokumente saamstel of data bestuur.

Samewerking en interaksie tussen vakspecialiste, inligtingspesialiste en opgeleide terminoloë verseker die hoogste graad van betroubaarheid, met verwysing na die finale produk en terugvoer deur verskillende gebruikers (vgl. Wright 1997:198).

Die uitkoms met preskriptiewe terminologiewerk veronderstel dat gestandaardiseerde terminologie-inligting in soveel as moontlik tale aanlyn beskikbaar gestel word.

#### 4.3.4 Die standaardisering van terminologiedata by 'n terminologiebestuur-sentrum

Daar is reeds in hoofstuk twee vasgestel dat standaardisering 'n taalbeplanningsbegrip is wat veral betrekking het op spesiale kommunikasie, wat oor die algemeen 'n hoër graad van presisie verwag as algemene kommunikasie. Sager (1990:123) wys ook op die belangrikheid van termstandaardisering vir taalontwikkeling:

Standardisation is, however, not an aim in itself but is merely a device to facilitate the communication of information. It should be seen as part of a process of language development: it artificially exaggerates certain of the tendencies of language but nonetheless respects the limitations of language, knowledge and intention imposed by language users.

Termstandaardisering poog om 'n groter as normale graad van ekonomie, presisie en toepaslikheid in tegniese kommunikasie te bewerkstellig. Termstandaardisering (soos wat dit hier verduidelik word) pas daarom nie aan by die kreatiwiteit wat binne algemene taal benodig word nie, en word slegs gebruik deur sekere groepe taalgebruikers, soos in die beperkte morfologie van nomenklatuur, of die spesiale sintaksis van patente of regsdokumente. Op die semantiese vlak word algemene taal gereguleer deur 'n proses wat in woordeboeke opgeteken word. Die sisteem laat egter altyd variasie toe, soos duidelik blyk uit die verskille tussen woordeboeke.

Spesiale kommunikasie sonder dubbelsinnigheid veronderstel dat elke benaming gekoppel word aan 'n enkele konsep en elke konsep benoem word deur 'n enkele term. Dubbelsinnige terme veroorsaak struikelblokke by kommunikasie tussen gebruikers en beperk pogings om terminologieswerk te reguleer binne die verskillende vakgebiede en so betrokke te raak by die standaardiseringsproses.

Die Internasionale Standaardiserings Organisasie wat in 1947 as universele standaard organisasie gestig is vir die verbetering van kommunikasie en om koördinerings tussen gemeenskappe op internasionale vlak in staat te stel, definieer terminologiestandaardisering soos volg:

The process of formulating and applying rules for an orderly approach to a specific activity for the benefit and with the co-operation of all concerned, and in particular for the promotion of optimum overall economy taking due account of functional conditions and safety requirements.

Sager (1990:114) beskryf termstandaardisering as 'n proses wat daaruit bestaan dat die gebruikers van 'n vakgebied of domein, konsensus bereik om 'n gegewe term vir gebruik in spesifieke omstandighede aan te wend. Die behoefte aan termstandaardisering mag sterker of van groter belang geag word indien kompeterende terme bestaan. Die kommunikatiewe aanwendbaarheid van 'n term word bepaal deur die toeganklikheid daarvan binne 'n spesifieke taal, die eksaktheid van die verhouding tot die konsep en die geskiktheid van die konsep vir die onderwerp van die diskoers.

Georganiseerde terminologiestandaardisering kan beskryf word as 'n manier om diversiteit van benoeming te bekamp en om kommunikatiewe presisie onder vakkundiges te verseker.

Binne terminologiebestuur het standaardisering as doelwit om oortollige definisies te minimaliseer en die koördinerings van terminologie te verbeter. Termstandaardisering sluit ook in dat norme behoorlik verstaan en presies

geïnterpreteer sal word, om die standaardisering van terminologie te bevorder in verslae en ander tegniese dokumente en om die betekenis van tegniese terme te verduidelik vir persone wat nie bekend met die terme is nie, asook aan die nievakkundige, die nuuspersoon, regsclerk, student, vertaler, regter ensovoorts. Felber (1984) stel voor dat om terminologie binne 'n spesifieke veld te standaardiseer die opstel van 'n inventaris van die beskikbare terme (termoudit) noodsaaklik is. Dit wil sê die terme in die vakgebied wat ter sprake is, moet versamel en opgeteken word. Terme wat toegeken is aan algemene konsepte van die wetenskap en tegnologie, moet ook ingesluit word. Die terme kan dan in 'n latere stadium ondersoek word in terme van die navolging van terminologiebeginsels.

Nadat die termversameling in 'n vakgebied afgehandel is, behels die volgende stap om standaarddefinisies op te spoor. Wanneer die definisies opgeteken is in alfabetiese volgorde en vergelyk word met die termininventaris, kan ontbrekende definisies maklik geïdentifiseer word. Die ontbrekende definisies kan nou ontwikkel word en oortollige definisies (met uiteenlopende bewoording vir dieselfde konsep) kan opgelos word.

Die fundamentele strewe by terminologiestandaardisering is die standaarddefinisie. Definisies word benodig vir alle ondubbelsinnige interpretasies van standaardprosedures, metodes of praktyke. Alhoewel terminoloë van nut kan wees by die sistematiesing van terminologie en die skryf van definisies, moet daar besef word dat slegs vakspesialiste verantwoordelik kan wees vir termseleksie en definisie-stellings.

Terminologie-standaardisering veronderstel dat daar 'n sisteem ontwikkel word vir standdaarskrywing, die aanname van standdaarde en die instandhouding van standdaarde. Vakspesialiste wat deur gebruikers, vervaardigers en akademici verteenwoordig word kan aangewend word om standdaarde te skryf. Terminoloë ondersteun die werk en bestuur die publikasie daarvan.

Termstandaardisering word volgens Sager (1990:15) gebruik om verskillende redes:

- in die belang van ekonomie, indien een van die kompeterende terme merkbaar omslagtiger as die ander is;
- in die belang van presisie, indien een term groter duidelikheid van verwysing of minder dubbelsinnig as die ander is; en
- in die belang van toepaslikheid, indien een term, byvoorbeeld, 'n bybetekenis bevat wat nie deur die ander terme gedeel word nie.

Volgens Sager (1990) bestaan daar 'n fundamentele konflik tussen die behoefte aan benoeming en die wens om te standaardiseer. Benoeming vind plaas sodra 'n nuwe konsep, objek, proses ensovoorts gevestig word. Termstandaardisering vind in 'n later stadium plaas, wanneer daar 'n behoefte daaraan bestaan, wanneer daar byvoorbeeld konflik ontstaan tussen benaminge en daar 'n keuse uitgeoefen moet word tussen twee of meer alternatiewe vir dieselfde konsep of proses.

Die gebruikers van standaarddefinisies is veel groter as slegs standaardgebruikers en sluit opleiers, studente, vertalers, prokureurs, regters, wetgewers en administrateurs in wat definisies benodig om ondubbelsinnigheid in tekste te verseker.

Vir terminologiestandaardisering moet 'n koördinerende liggaam gevorm word met die doelwit om terminologie uit verskillende vakgebiede te koördineer. Voorbeelde van internasionale standaardiseringsliggame wat hierdie funksie verrig is die Internasionale Elektrotegniese Kommisie (IEC) en die Internasionale Organisasie vir Standaardisering (ISO) (sien afdeling 4.3.4.1).

#### 4.3.4.1 Internasionale standaardiseringsliggame

Twee internasionale liggame, die Internasionale Elektrotegniese Kommisie (IEC) en die Internasionale Organisasie vir Standaardisering (ISO), het as primêre doelwit die daarstel van internasionale riglyne vir standaardisering van terminologiedata. Die Internasionale Elektrotegniese Kommisie is gestig in St. Louis, Missouri in 1904 en is tans gestasioneer in Geneve. Die IEC is ook tans die alleenliggaam met verwysing na standarde in elektriese ingenieurswese en elektronika. Die IEC se komitee vir terminologie (Komitee nr. 7) bestaan reeds sedert 1910 en het in 1970 die tweede uitgawe van hul woordeboek, in 24 dele, in Engels en Frans gepubliseer. In 1960 het Russies die derde amptelike taal van die IEC geword (vgl. Cabré 1996:197).

In 1926 het 'n groep nasionale standaardiseringsliggame wat na die Eerste Wêreldoorlog gestig is, bymekaargekom en die Internasionale Standaarde Assosiasie (ISA) gestig. ISA was die voorloper van ISO. ISO is in 1947 gestig om universele standarde daar te stel en om kommunikasie en koöperasie tussen gemeenskappe en nasies te bevorder (vgl. Cabré 1996:197).

ISO is reeds vir 'n hele aantal jare gemoed met die daarstel van riglyne vir die standaardisering van terminologiedata. Die daarstel van hierdie tipe riglyne kom gewoonlik te staan teen probleme ten opsigte van die verskil in struktuur en termformasietegnieke van verskillende tale. Aangesien dit onmoontlik is om effektiewe riglyne daar te stel vir alle tale, wat lid is van ISO, is hierdie riglyne van 'n breë en algemene aard.

Die Tegnieke Komitee 37, Terminologiebeginsels en Koördinering van die Internasionale Organisasie vir Standaardisering (ISO/TC37), voorsien standarde vir terminologiedata vir internasionale standaardiseerders.

Sedert 1951 het ISO/TC37 aanbevelings asook ISO-standaarde daargestel wat as belangrike instrument dien vir die wêreldwye unifikasie van terminologiedata. Hierdie dokumente word deurentyd hersien om veranderings in die tegnologie te akkommodeer. ISO/TC37 is verantwoordelik daarvoor om terminologiebeginsels uit te brei wat onafhanklik is van vakgebied en taal, sodat dit oor die algemeen toegepas kan word (vgl. Cabré 1996:198).

ISO/TC37 fokus op die saamstel en aanvaarding van internasionale terminologiebeginsels wat as standarde gepubliseer word. Die resultate van nuwe ontwikkelinge in die terminologiewetenskap en ervaring wat verkry word, tydens die saamstel van terminologie, word voortdurend deur ISO/TC37 ondersoek en geëvalueer, om die doelmatigheid daarvan vir insluiting in die terminologiebeginsels van TC37 vas te stel.

Terminologiestandaardisering vind volgens Cabré (1999:197) op drie vlakke plaas: lokale, nasionale en internasionale vlak. 'n Baie belangrike aspek by die standaardisering en unifikasie<sup>3</sup> van terminologie is die daarstel van internasionale standarde.

ISO/TC37 het in 1992 'n dokument gepubliseer wat bekendstaan as die International terminology standards – Preparation and layout (ISO 10241:1992). Hierdie dokument stel riglyne vas vir gebruik by die voorbereiding en uitleg van internasionale standarde.

Die dokument word kortliks bespreek.

---

<sup>3</sup> Unifikasie, afgelei van die Latynse *unio* – 'unity' en *facere* – om te maak, beteken om uniformiteit te bewerkstellig (uniformiteit van norm en vorm) (Drodz 1981:304).

#### 4.3.4.2 Die skryf van 'n terminologiestandaard

Drie fases wat sistematies gevolg behoort te word, by die skryf van 'n terminologiestandaard word in ISO10241 (1992) uiteengesit (vgl. Strehlow (1997:204)).

##### 4.3.4.2.1 Die beplanningsfase

Die beplanning word deur 'n behoefte-analise begin. Die teikengroep moet gedefinieer, en die vakgebied afgebaken word. Bronmateriaal moet geanaliseer word en die konsepte wat in oorweging geneem word moet gelys en georganiseer word. ISO spesifiseer Engels, Frans en Russies vir ISO standaarde, maar by ander tale moet besluite gemaak word op grond van die taalkeuses. Laastens behoort 'n skedule opgestel te word waarvolgens daar gewerk gaan word.

Om behoefte te analiseer, is dit belangrik dat die doelgroep se kommunikasie bestudeer word. Indien deelnemers in die vakgebied gedurig moet vra wat terme beteken of tyd gemors word omdat daar oor die betekenis van terme gestry word, word 'n terminologiese standaard heel moontlik benodig.

Die omskrywing van die teikengroep moet deur die volgende vrae bepaal word. Wie sal die standaard gebruik? Spesialiste, studente, die algemene publiek of ander persone? Hoe wyd moet definisies geskryf word? Word voorbeelde benodig?

Die vasstelling van die teikengroep is nou verwant aan die behoefte-analise aangesien daar ook vasgestel moet word of vertalers en tegniese skrywers vind dat die terme wat in die vakgebied se dokumentasie gebruik word dubbelsinnig of misleidend is.

Soms is 'n vakgebied te groot om dit doelmatig te benader en dan word dit nodig om die veld nouer af te baken. Die afbakening van die konsepte onder bespreking minimaliseer inkonsekwentheid en uitlatings om 'n tydrovende projek te beperk en om die uiteindelijke standaard in staat te stel om 'n akkurate aanduiding te verskaf van die ontwikkeling binne die vakgebied.

#### 4.3.4.2.2 Die saamstel van die standaard

Verskeie aspekte moet in berekening gebring word by die daarstel van 'n terminologiestandaard. Die werk om die standaard saam te stel, behels om die data te versamel, om terme te selekteer, om konsepte te struktureer en om die definisie te skryf.

Die versameling van die data dien ook as die beplanningsfase vir die voorlopige terme. Die volgende stap sluit in om die terme te rangskik tesame met hul ooreenstemmende konsepte. Op hierdie stadium behoort konsensus bereik te word tussen rolspelers in die vakgebied, aangesien die sleutel tot 'n suksesvolle produk konsensus oor probleemgevalle is. Wanneer die konsepte geïdentifiseer en geklassifiseer is, kan konsepte gemerk word as vakgebiedspesifiek, geleen vanuit 'n aangrensende vakgebied of geneem uit die algemene spreektaal.

Die ontwikkeling van 'n konsepsisteem vir 'n vakgebied is ewe belangrik. 'n Geharmoniseerde konsepsisteem is die uiteindelijke doelwit met terminologiestandaardisering. Wanneer definisies geskryf word sonder om verwante terme in ag te neem, is die kans groot dat konflik, onakkuraathede en inkonsekwentheid sal voorkom. Die Internasionale Standaard ISO 704 bied waardevolle riglyne in hierdie verband.

#### 4.3.4.2.3 Die aanbied van die data in 'n bruikbare vorm

Die struktuur van die inskrywings en die volgorde waarin dit aangebied word moet duidelik gemaak word aan die potensiele gebruiker. 'n Beskrywing van die metodes waarop toegang tot die terminologie verkry kan word moet ook verskaf word, byvoorbeeld,

- hoe om 'n gegewe term te vind;
- hoe om 'n algehele oorsig van die konsepsisteam te verkry; en
- in 'n veeltalige standaard, hoe om ekwivalente op te spoor.

Die aantal datakategorieë in 'n terminologiestandaard moet gespesifiseer word. Drie datakategorieë word altyd gespesifiseer: die inskrywingsnommer, die term en die definisie van die konsep.

Ander aspekte wat ook deur ISO 10241 behandel word sluit saamgestelde terme, grafiese voorstellings van konsepsisteme, en die hantering van komplekse terme in. Alhoewel ISO 10241 'n uitgebreide behandeling van die belangrike aspekte in die saamstel van standaardterminologie bied, is hierdie dokument slegs een van 'n reeks dokumente wat die terminoloog van goeie riglyne voorsien.

ISO as internasionale organisasie maak staat op die samewerking van nasionale standaardiseringsliggame. Die meeste nasionale standaarde oor terminologiebeginsels stem ooreen met die ISO-standaarde, alhoewel nasionale standaarde soms meer gedetailleerd is omdat kenmerkende eienskappe van spesifieke tale in ag geneem kan word. Om standaardiseringsprojekte van stapel te stuur, word Tegniese Komitees geskep waarin die nasionale standaardiseringsliggame verteenwoordig word. Tans het ISO ongeveer 170 nasionale komitees en ±90 lande is deel van ISO.

Internasionale uniforme terminologieë dien nie net as grondslag vir internasionale kommunikasie nie, maar ook as grondslag vir die funksionering van internasionale inligtingsnetwerke.

Dit is egter nie voldoende om terminologiese beginsels uit te brei op internasionale vlak, of om hulle te publiseer as ISO-standaarde, en om hulle op datum te bring deur hersiening nie. Alle pogings tot standaardisering van terminologiesewerk is doelloos indien die gestandaardiseerde terme nie geïmplementeer, versprei en gebruik word nie. Die terminologie moet ook wyd gepubliseer word. Slegs deur die wydste moontlike aanwending sal die begeerde unifikasie van terminologiesewerk as resultaat bereik word (vgl. Felber 1978a:9).

Die algemene motivering vir standarde is om uniforme metodes in terminologiebestuur te verskaf:

- om standaardiseringsliggame by te staan om hul terminologiesewerk te bestuur;
- om die kommunikasie van die inhoud en wêreldwye gebruik van tegniese tale te bevorder;
- om vakkundiges by te staan om meer effektiewe terminologiebestuur te verkry; en
- om makliker toegang tot verskillende velde van kennis in internasionale standarde te verskaf.

Die standaardisering van terminologie is 'n aanvaarde fenomeen wat as doelwit het om konsepte en sisteme van konsepte te unifieer, om konsepte te definieer, om homonieme te verminder, om sinonieme uit te skakel en om koherente en konsekwente terminologie daar te stel ooreenkomstig terminologiesebeginsels. Termstandaardisering veronderstel egter nie 'n linguistiese verstering nie, maar eerder dat standarde hersien word met gereelde tussenposes, elke twee tot vyf

jaar - om dinamiese opdatering binne wetenskaplike en tegnologiese domeine te verseker.

Die uitkoms wat deur standaardisering in 'n terminologiebestuursentrum veronderstel word, berus daarop dat terminologiestandaardisering as 'n soort riglyn dien vir die meerderheid van die persone wat geïnteresseerd is in die verenigde regulering van 'n spesifieke vakgebied/domein. Deur terminologiestandaardisering word 'n sekere uniformiteit gewaarborg en optimale professionele kommunikasie word verseker.

#### 4.3.5 Disseminering van terminologiedata en die beskikbaarstelling van besluite oor terminologiewerk by 'n terminologiebestuursentrum

In die era van kommunikasie het dit duidelik geword dat terminologiebestuur met behulp van die rekenaar groot voordele inhou, veral ten opsigte van verhoogde produksie en vakkundige gehalte. Die totstandkoming van termbanke vloei hieruit voort. Soos in afdeling 4.4 vasgestel word, verleen 'n termbank aan die gebruiker vinnige goedkoop en gerieflike toegang tot terminologiedata. Indien die termbank deel van 'n inligtingsnetwerk vorm, kan die gebruiker oor nasionale en selfs internasionale grense heen toegang tot ander databasisse en verskillende ander netwerke verkry.

Die tendens regoor die wêreld ten opsigte van die disseminering van terminologiedata is spesifiek daarop gemik om terminologiebronne nader aan mekaar te bring. Kleiner en individuele gebruikers deel en ruil hul gespesialiseerde terminologie-versamelings uit en groter sentra dissemineer en maak hul terminologiedata beskikbaar deur middel van termbanke. Aangesien inligting oor wetenskaplike en tegnologiese innovering op groter skaal as ooit tevore aangebied word, veral deur die gebruik van moderne media, is daar 'n toenemende behoefte aan die disseminering van terminologiedata aan die algemene publiek. Met die uitbreiding van kennis deur opleiding in

verskillende domeine is daar voortdurend meer individue in die gemeenskap wat beter opgelei is, en daar bestaan 'n al groter wordende behoefte om kennis met betrekking tot terminologiedata aan 'n wyer publiek te verskaf. Daar bestaan veral in die industrie 'n groeiende behoefte om toegang te verkry tot terminologiedata van 'n hoë standaard en benewens die daarstel van die nodige infrastruktuur om die gebruikers en leweransiers van terminologie-inligting nader aan mekaar te bring, is dit ook die taak van die terminologiebestuursentrum om die versamelde terminologie-inligting aan alle potensiële gebruikers daarvan beskikbaar te stel.

Die invloed wat rekenaargesteunde terminologiebestuur op die disseminering van terminologie-inligting uitoefen word in afdeling 4.4 bespreek.

#### 4.3.6 Implementering van terminologiedata by 'n terminologiebestuursentrum

Die doelwit met die daarstel van terme is dat dit dadelik deur die gebruikers in daardie vakgebied of domein gebruik kan word. Om dit te bewerkstellig moet die terminologie so gou as moontlik aan die gebruikers beskikbaar gestel word.

Sommige taalakademies en taalkomitees beskik oor hul eie vaktydskrifte waarin termlyste gepubliseer word. Van hierdie vaktydskrifte is egter duur en bereik nie altyd die doelgroep waarvoor dit bedoel is nie. 'n Goedkoper manier is om termlyste beskikbaar te stel en dan aan die doelgroep te stuur vir gebruik. Om die gebruik van die terme te ondersteun, moet geskrewe dokumentasie en tekste beskikbaar gestel word. Die sirkulasie van die terme en die bevordering van die gebruik daarvan is seker die moeilikste gedeelte van terminologiebeplanning. Elemente wat hierdie aspek ondersteun, is opvolgleswerk en opleidingsmateriaal wat voorberei moet word sodat die terme in die konteks van gebruik voorkom. Terme moet ook deurlopend in opleiding en bespreking van die vakgebied of domein gebruik word om stabilisasie te bewerkstellig.

In baie lande bestaan daar 'n georganiseerde terminologiese navorsingsprogram en administratiewe agentskappe of sentra vir die werk aan spesiale terme. 'n Georganiseerde terminologiese navorsingsprogram het tot gevolg dat terminologiedata geïnstitutionaliseer word. Institutionaliserings het die voordeel dat beter koördinerings van die werk en versnelde rasionalisasie van die ekonomiese en menslike hulpbronne moontlik gemaak word. Indien regeringsagentskappe aan die stuur van terminologiese aktiwiteite staan, kan dit tot gevolg hê dat terme 'n geregverdigde status verkry wat nie altyd moontlik is wanneer slegs nie-regeringsliggame betrokke is nie (vgl. afdeling 2.3.2). In die meeste lande met 'n aktiewe taalbeleid is die agentskappe wat verantwoordelik is vir die implementering van die taalbeleid ook verantwoordelik vir die bestuur van terminologiedata.

Afgesien van die voordele wat regeringsbetrokkenheid by terminologiebestuursaktiwiteite inhou, kan die betrokkenheid van akademiese instellings, semi-amptelike sentrums en die privaatsektor nie geïgnoreer word nie, aangesien vakkundigheid in spesiale vakgebiede uit hierdie sektore kom. Die deelname van die gebruikers aan die terminologie-ontwikkelingsproses het tot voordeel dat standaardisering nie geforseer nie, maar wel natuurlik plaasvind. Die gebruikers van terminologie moet voel dat hulle deel van die proses vorm om die kwaliteit van die werk en die effektiewe gebruik van die terme te verseker. Eindgebruikers moet lede wees van standaardiseringskomitees, navorsingsspanne lei en deelneem aan terminologiebestuur.

#### 4.3.7 Evaluering van terminologiedata by 'n terminologiebestuursentrum

Die behoefte aan evalueringsprosedures (soos deur Rubin (1971:221) vir taalbeplanning voorgestel) is ook van belang by terminologiebestuur. Haugen

(1983) sluit ook evaluering onder implementering by sy taaltipologie in (vgl. afdeling 2.3.1.3).

Soos by alle beplanningsaktiwiteite moet daar ook by terminologiebestuur, evaluering plaasvind om vas te stel hoe suksesvol die bestuursproses is.

Evaluering is egter een van die aspekte by terminologiebestuur wat in die literatuur afgeskeep word. Dit is nie genoeg om strategieë daar te stel vir beplanning, koördinerings, navorsing, disseminering en implementering van terminologiebestuur nie, dit is net so belangrik om die kwaliteit en die sukses van hierdie strategieë te evalueer. Evaluering is tewens die meting van die kwaliteit en sukses van terminologiebestuur en is 'n deurlopende proses wat so gestruktureer moet word om gereelde terugvoer te bewerkstellig sodat implementering aangepas kan word uit inligting wat vanuit die evaluering afkomstig is. Vrae wat gewoonlik tydens evaluering gevra word, kan soos volg geformuleer word:

- Hoe effektief is die metodologie wat by terminologiebestuur gevolg word?
- Hoe bruikbaar is die materiaal wat as gevolg van terminologiebestuur beskikbaar gestel word?
- Is die tipe terminologiebestuur wat gevolg word effektief? en
- Word die spesifieke terminologiebehoefte, wat aanvanklik gestel is, bereik?

Tans bestaan daar nog nie vasgestelde kriteria vir die evaluering van kwaliteit by terminologiebestuur nie. Budin (1999:7) wys op 'n aantal verskillende vlakke waarop terminologiebestuur moontlik geëvalueer kan word en stel voor dat die volgende kriteria in gedagte gehou word:

- Die inhoudsvlak wat te make het met die aanvaarbaarheid, die korrektheid (insluitend semiotiese toewysings), die geldigheid (konsepte, definisies, voorstelle), die toepaslikheid (situasie- en konteksafhanklik), die geskiktheid (in verhouding met die doelwitte gestel en gebruikersbehoefte gespesifiseer) van terminologie binne 'n spesifieke vakgebied of domein.

- Die formele vlak wat verantwoord word deur linguistiese korrektheid, die ortografie, die morfo- en tekssintaksis, kollokasies, die grammatika, die geslag en die tipe woordsoort van die terminologie onder bespreking.
- Die koste-effektiwiteitsanalise. In 'n poging om koste-effektief te wees wat terminologiebestuur betref, moet daar bewys gelewer kan word dat die voorgestelde plan en die implementering daarvan koste-effektief is.
- Die bruikbaarheidsvlak veronderstel dat daar bruikbaarheidstoetsingprosedures ten opsigte van die gebruikersspesifikasies sowel as aanvaardingstoetsing vir bruikbaarheid deur gebruikers, funksionaliteit en relevansie in situasies en gebruikskontekste en die inskakeling (van gereedskap en inligtingsbronne) by die verskillende prosesse van terminologiebestuur sal wees.

Die sukses van terminologiebestuur word bepaal deur die ontwerp van evalueringstrategieë en die belangrikheid wat aan die bevindinge hiervan geheg word. Evaluering wat daarna opsoek is om kennis, akkuraatheid en aanvaarding van voorgestelde terme te verkry moet aan gebruikers voorgelê word om die effektiwiteit daarvan te toets. Evaluering moet derhalwe op so 'n wyse aangepak word dat die resultate teruggeploeg kan word in die sisteem om tot voordeel van die gebruikers te dien.

#### 4.3.8 Die opleiding van terminoloë en terminograwe en die opleiding van medewerkers by 'n terminologiebestuursentrum

Volgens Cabré (1999:220) kan die opleiding van terminoloë nie losgemaak word van die sosiale konteks waarin die terminoloë werk nie. Dit beteken dat die terminologiewetenskap in diens staan van die taalbeleid van 'n gemeenskap en noodsaaklik is vir die uitvoering daarvan. Dit het ook tot gevolg dat die opleiding

van professionele terminoloë georganiseer moet word in samewerking met die spesifieke terminologie-behoeftes van die gemeenskap waarvoor die terminologie saamgestel word.

Om hierdie stelling te ondersteun haal Cabré (1999:220), Maurais (1987) aan wat terminologiebestuur in die Frans-Kanadese konteks ondersoek het :

The teaching of terminology must take into account the social context within which the future terminologists will work. What is this context? The best way to describe it is to recall the circumstances in which terminology appeared in Quebec. It was first conceived by translators at the time when the Canadian and Quebecois language policies were being defined. In my view, terminology is a discipline at the service of the language policy on bilingualism undertaken by the Federal Government. The abovementioned situation results in the realisation that terminology was born within a bilingual context. The type of terminology practised here is mainly contrastive. (...) In Quebec, terminology also plays a role in the process of updating the lexicon, and it takes on two different aspects. First, there is lexical readjustment, that is, the Quebecois are now using French terminologies that already existed but which were unknown because the industrialization process had been carried out mainly in English. Second, there is lexical updating proper, which is an activity defined in terms of this relationship to translation.

As aanloop tot die beplanning van 'n opleidingsprogram verwys Cabré (1999:220) ook na die internasionale agenda vir die opleiding by terminologiedata, soos voorgestel deur Boulanger (1987):

- Real situations for training are not identical.
- The teaching of terminology and the training of terminologists derive from an ideology that is not only political but also scientific in nature.
- Terminology involves both theory and practice, two inseparable sides to a single phenomenon.
- Terminology is an organized discipline that cannot be improvised.
- No one becomes a terminologist except by acquiring a background of knowledge and training in which theory and practice are intertwined.

Deur van hierdie internasionale agenda gebruik te maak stel Cabré (1999:221) voor dat die opleiding van terminoloë die volgende konseptuele onderskeidings vir 'n plan van studie moet insluit:

- Training is not the same as instructing, i.e. training in terminology presupposes providing a broad, well-thought out view of the subject.

- Suitable training in terminology must necessarily include theoretical, methodological, and technical aspects, and practical experience in a professional setting. The relative weight of each component of the training will vary with the case.
- A suitable plan of study must start from the characteristics of the social context in which it exists and cannot ignore the language or languages the professional is going to have to deal with.
- A plan should clearly state what its aims are, who it addresses, and what requirements it has. The content of the plan of study can only be determined in function of these parameters.
- The content of a training programme must be based on the activities its participants are likely to carry out.
- A suitable plan must include information that covers present and future needs, and as such cannot ignore the technical resources used by the profession.
- A plan should provide for separate specialisation for those interested in research, those interested in practical work, and those interested in training others.
- Training in terminology can be realized by means of extensive or intensive courses, seminars, training periods at terminology centres, lecture series, etc. Each training situation requires the right kind of tuition.
- Finally, a training programme operating within a language standardization context cannot ignore the social base of terminology.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat terminologie-opleiding tans baie pragmaties en toepassingsgeoriënteerd is. Terminologie-opleiding kan derhalwe as 'n diensvaardigheid beskryf word wat ten beste deur praktiseerders met direkte ondervinding oorgedra kan word.

Die inhoud en samestelling van kursusse vir terminologie-opleiding moet daarom gebaseer word op 'n behoefte-analise in die gemeenskap waarvoor die terminologie saamgestel moet word, en die praktyk moet 'n rol vertolk by die beplanning en die vasstel van die kursusinhoud van terminologie-opleiding. 'n Verdere invloed op terminologie-opleiding spruit uit die gereelde terugvoer van praktiseerders sodat opleiding in voeling met die praktyk bly.

Sager (1988:9) bevind dat alhoewel Wüster se bydrae tot terminologiewerk 'n baie belangrike era in die ontstaan van denke oor die terminologiewetenskap en terminologiewerk behels, dit nie meer die denke oor terminologiedata lei nie.

Tans bestaan daar veral 'n belangstelling in die drie dimensies van terminologie:

- By die kognitiewe dimensie van terminologie word daar op die kennisvoorstelling van konsepte gekonsentreer (vgl. afdeling 3.4.1.1);
- Die sosiale dimensie van terminologie word binne die taalbeplanning van 'n gemeenskap aangespreek. Nuwe terminologie word binne hierdie dimensie gekonsolideer vir tale wat terminologie ontwikkel en bestuur (vgl. afdeling 3.4.1.3); en
- Die linguistiese dimensie is relevant by beide leksikografiese en terminografiese aktiwiteite, en is ook van belang by die ontwikkeling van riglyne vir die saamstel van neologismes en outomatiese teksprosessering (vgl. afdeling 3.4.1.2).

'n Ander belangrike aspek wat by opleiding in ag geneem moet word, is die opleiding van medewerkers. Cabré (1999:220) wys daarop dat die opleiding van praktiseerders in terminologiedata, nie verwar moet word met die opleiding van terminoloë nie. Behalwe die opleiding van terminoloë is daar ook 'n behoefte aan die opleiding van vertalers, tolke, tegniese skrywers, wetenskaplikes, tegnisi, inligtings- en dokumentasie spesialiste, taalbeplanners, en rekenaarwetenskaplikes wat spesialiseer in kunsmatige intelligensie wat van toepassing is op tale. Hierdie persone benodig opleiding in terminologiedata om spesifieke terminologiese probleme die hoof te bied wat ontstaan wanneer daar met meer as een taal gewerk word, van 'n spesiale woordeskat gebruik gemaak word of werk aan meertalige terminologienavorsing onderneem word.

Opleiding dien derhalwe ook om die leemtes in die terminologiebestuursproses te identifiseer waarna die elemente waarby daar probleme bestaan, herbeplan en weer geïmplementeer moet word. Uit die voorafgaande bespreking, is dit nou duidelik dat terminologiebestuur 'n kontinue proses veronderstel wat in der waarheid nooit afgehandel word nie.

Deesdae word dit algemeen aanvaar dat die enigste praktiese wyse waarop leksikale data bestuur kan word, met behulp van die rekenaar is. Die waarde

van die gebruik in terme van spoed, buigbaarheid en bergingskapasiteit het daartoe gelei dat daar 'n groeiende neiging is na die rekenarisering van terminologiedata. Rekenarisering by terminologiebestuur ontwikkel ook deurlopend soos wat meer fasiliteite geskep en geïmplementeer word.

#### **4.4 Rekenaargesteunde terminologiebestuur en die ontwikkeling van termbanke by 'n terminologiebestuursentrum**

Auger in Cabré (1999:160) verskaf 'n blik op die toekoms van rekenaargesteunde terminologiebestuur:

In a futuristic scenario, terminologists will have access to data (or knowledge) banks, from these banks, they will download items belonging to their corpora; they will go through these items without having to previously tackle the text manually; they will automatically establish their working terminologies, contrasting the incoming terms with the semantic descriptors that will later be used in the automatic writing of definitions; they will classify, choose, merge, and edit data bases reducing their intervention to a minimum. Their work station (...), equipped with advanced and intelligent office tools, will allow them to control, by themselves and throughout the whole process, the elaboration of their product and carry it out under the best conditions.

Alhoewel die ontwikkeling van terminologie gedurende die laaste paar jaar veral baat gevind het by die ontwikkeling van teksgebaseerde rekenaarwetenskap bevind Cabré (1999:160) dat die situasie nog nie heeltemal so skouspelagtig is soos Auger (1989) dit beskryf nie.

Volgens Cabré (1999:161) beweeg die verhouding tussen rekenaarwetenskap en terminologiedata tussen twee pole:

- rekenaarwetenskap is behulpsaam met en verander terminologie-aktiwiteite asook die metodologie daarvan, en
- terminologiewerk is behulpsaam met navorsing in rekenaargesteunde linguistiek.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat terminologiedata 'n sleutelfaktor in die daarstelling van kennis vorm en dat dit gebruik word om kennis en tegnologie oor

te dra. Terminologiedata vorm die basis van kennis en is onlosmaaklik deel van die voorstelling daarvan.

Vandag is dit feitlik onmoontlik om aan taal of taalverwante sake te dink wat nie deur rekenaars ondersteun kan word nie, veral aangesien die prys van rekenaars so bekostigbaar geword het, dat dit selfs deur kleiner terminologiekantore aangeskaf kan word. Soos reeds vasgestel, is terminologiedata 'n noodsaaklike element vir gespesialiseerde kommunikasie en daarom word dit toenemend belangrik geag as wyse waarop gedagtes en tegnologie oorgedra word. Ontwikkelde gemeenskappe maak gebruik van inligtingsbestuursorganisasies, nie alleen om kommunikasie te fasiliteer nie, maar ook om met inligting te werk op 'n gestandaardiseerde wyse en om dubbelsinnigheid uit te skakel.

Cabré (1999:162) identifiseer twee verskillende tipes invloed wat die rekenaar op terminologiedata gehad het: die gebruik van rekenaars by terminologiewerk het beide die metodologie van terminologiewerk en die prosessering daarvan verander, en ook navorsing in kunsmatige intelligensie beïnvloed wat terminoloë in staat stel om spesialissisteme daar te stel.

Die waarde van rekenaarwetenskap vir die metodologie van terminologiewerk kan waargeneem word deur die gebruik van voorafsaamgestelde elektroniese korpora en die benutting van terminologie- en kennisdatabasisse. Alhoewel die onomasologiese benadering steeds gebruik word wanneer navorsing gedoen word om benaminge vir konsepte te verskaf, word daar in die praktyk in eentalige en meertalige kontekste begin met 'n lys terminologie in 'n spesifieke taal. Hierdie funksie kan nou deur die rekenaar vervul word en daarna kan daar vir ekwivalente in een of meer tale gesoek word. Rekenaargesteunde teksanalise en die moontlikheid van die prosessering van groot hoeveelhede inligting het terminologieversameling asook die menslike tussenbeidetreiding in die proses verander.

Tradisioneel het die soektog na 'n enkelterm wat nie in 'n woordeboek gelys is nie beteken dat 'n bibliografie geselekteer moes word en/of dat spesialiste in die vakgebied gekonsulteer moes word. Vandag word sistematiese terminologiebestuur gebaseer op die navorsing van 'n verteenwoordigende masjienleesbare korpus van tekste.

#### 4.4.1 'n Masjienleesbare tekskorpus

Die gebruik van masjienleesbare korpora en databanke bied groot voordele aan terminologienavorsing bo tradisionele sisteme wat tot onlangs toe nog gebruik is.

By terminologiebestuur in tradisionele sisteme is die terminografiese data versamel, op kaartlêers met die hand geskryf en indien dit moontlik was, is dit as woordeboeke of termlyste gepubliseer. Die opdatering van hierdie kaartlêers en die publikasie van woordeboeke was egter 'n langdradige en tydrowende proses aangesien elke definisie, per hand, op die kaartlêer aangebring moes word. Die kaartlêers is dan in alfabetiese orde gesorteer en gestoor. Hierdie proses het die kosbare tyd van vakkundiges opgeneem en baie tyd het so verlore gegaan. Wanneer die woordeskat uiteindelik gepubliseer is, was dit reeds gedeeltelik verouderd.

Die benadering waarop termsamestelling tans gebaseer word, verskil merkbaar van die benadering wat in pre-rekenariserings-era by terminologiebestuur gebruik is (vgl. Cabré 1999:162). Aangesien rekenaartoepassing by die bestuur van terminologie die wyse en metodes van terminologie-samestelling en disseminering beïnvloed, het dit nodig geword om 'n nuwe stel beginsels daar te stel wat in baie aspekte van die beginsels van terminologiebestuur in die pre-rekenariserings-era verskil.

Ontwikkelde standaardtale wat reeds van 'n gerekenariseerde databasis gebruikmaak, het oor die algemeen 'n groot versameling data in masjienleesbare vorm beskikbaar wat dit moontlik maak om inligting te verskaf oor die terminologieskeppingspatrone van enige dissipline. Ontwikkelende tale probeer ook toenemend om terminoloë op te lei wat vaardig is in rekenaartegniese, vir die versameling en disseminering van terminologiedata.

Rekenaargesteunde terminologiebestuur word aangewend om die terminologiebehoefte van tale te ondersteun, wat beteken dat:

- nuwe wetenskaplike terminologiedata versamel en gedissemineer kan word soos wat dit geskep word, om duplisering, verdraaiing en misverstande uit te skakel,
- die sistematiese versameling en disseminasie van terminologiedata beplan kan word,
- terminologiedata wat benodig word vir die skryf van produk- of diensdokumentasie, in een of meer verskillende taalmoontlikhede, daargestel kan word, en
- gestandaardiseerde terminologiedata gebruik kan word om konstantheid in dokumente en hul vertalings te waarborg.

Rekenaargesteunde teksanalise en die moontlikheid om groot hoeveelhede inligting te prosesseer, het die basis van terminologiesaamstelling geweldig verander. Tans word die versameling van terminologiedata gebaseer op navorsing van 'n korpus van verteenwoordigende tekste. Die groot omvang van data wat beskikbaar is aan terminoloë verseker dat goed gefundeerde inligting oor terme beskikbaar is.

Aarts (1990:13) wys daarop dat alhoewel korpuslinguistiek eers in die vroeë 1980s in algemene gebruik gekom het, die dissipline wat dit beskryf nie nuut in die veld van linguistiese navorsing is nie.

Korpuslinguistiek behels die gebruik van baie groot versamelings data wat beskikbaar is in elektroniese of masjienleesbare vorm.

Masjienleesbare korpora word omskryf as groot gedeeltes masjienleesbare teks. Hierdie teks word versamel na aanleiding van kriteria vir 'n spesifieke doel, en is nie sommer net 'n lukraak versameling van tekste nie (vgl. Leech 1991:10; Atkins *et al.* 1992:5).

Korpuslinguistiek kan breedweg omskryf word as die studie van taal op die basis van tekskorpora. Die doelwit met korpuslinguistiek is om beter insig in taal en taalgebruik te verkry deur die studie van spesifieke tale en hul gebruik (vgl. Aarts 1990:15). Deur 'n groot volume van tekste te ondersoek, verleen korpuslinguistiek toegang tot linguistiese data wat vroeër op beperkte skaal of glad nie beskikbaar was nie.

Terminografie het nog altyd op dokumentasie staatgemaak as bron van konseptuele en linguistiese inligting (vgl. Picht & Draskau 1985:167). Wanneer 'n behoefte aan nuwe terminologiedata geïnisieer word, is daar 'n verwysingskorpus saamgestel om inleidende of agtergrondleeswerk te doen, of om bekend te raak met die vakgebied. Hierdie verwysingskorpus het hoofsaaklik uit algemene werke soos ensiklopediese artikels en inleidende handboeke bestaan. Die volgende stap was dan om 'n dokumentasiekorpus te kies wat deurgewerk moes word om die terme en konsepte wat relevant is aan die vakgebied vas te stel.

Met die gebruik van masjienleesbare terminologiekorpora kan groter hoeveelhede data geprosesseer word. Dit wil sê, terminologie word nie meer vanuit vorige lysste onttrek deur individuele soektogte nie, maar vanuit 'n korpus van materiaal.

Sager (1990:130) definieer 'n korpus as:

A corpus is a representative body of texts of a subject field which in this way is confined in a very concrete way.

Hy wys ook daarop dat tekskorpus tyd en plekgebonde is en veranderlik mag wees, wat weereens benadruk dat terminologienavorsing 'n deurlopende aktiwiteit moet wees. Tekstuele inligting word deur Sager (1990) beskryf as die betroubaarste aanwyser van verandering, en daarom as die enigste betroubare bron van data vir die hersiening van terminologie-rekords.

Die tweede voordeel wat die sisteem volgens Sager (1990) vir die saamstel van terminologie inhou, is die verdeling wat nou moontlik gemaak word tussen (1) die rou data soos wat dit in die tekskorpus gevind word, (2) die databasis wat al die inligting bevat wat opgebou is in 'n goedgestruktureerde vorm, en (3) al die verskillende onderafdelings van inligting wat vir verskillende doelwitte en gebruike saamgestel kan word.

Terminograwe wat volgens die konvensionele metode in die pre-rekenariserings-era gewerk het, moes fisies 'n versameling dokumente bymekaarmaak, dit met die hand deurwerk en moontlike terme en hul kontekste selekteer, onttrek en neerskryf.

'n Masjienleesbare korpus is veral van waarde om teksverwante data toegankliker te maak vir die gebruiker. Deur byvoorbeeld teksgedeeltes waarin sleutelwoorde in konteks voorkom in 'n korpus te hê, kan die terminograaf makliker 'n verskeidenheid van sintaktiese, semantiese en pragmatiese kenmerke vasstel as wat dit op die konvensionele metode gedoen kon word.

Met korpusgebaseerde terminologie-analise word die rekenaar 'n aktiewe agent in die vasstel van linguistiese veralgemenings, kontekstuele reëlmaat en leksikale eienskappe.

Deur masjienleesbare korpora met termbanke te integreer beteken dit dat terminologiegebruikers toegang het tot meer inligting as in 'n konvensionele terminologiebank. Binne konvensionele banke word daar gewoonlik 'n enkele voorbeeld van 'n gegewe term, in 'n konteks, verskaf en dit is gewoonlik 'n beperkte konteks. Deur van 'n terminologiekorpus gebruik te maak, kan die term in 'n verskeidenheid van kontekste gesien word en sodoende kan gebruikers in staat gestel word om die terme meer effektief te begryp en te gebruik (vgl. Bowker 1996:33).

Konvensionele termbanke bied wel definisies van terme aan om begrip te verbeter, maar 'n masjienleesbare korpus bied gewoonlik ekstra inligting. 'n Masjienleesbare korpus sal die gebruiker van soveel kontekste voorsien as waaruit die korpus bestaan.

In konvensionele termbanke word baie min inligting oor gebruik verskaf. Definisies is wel van waarde indien die betekenis van die term onbekend is. Dit gebeur wel dat gebruikers weet wat die term beteken, maar wil vasstel hoe die term in die doeltaal gebruik kan word. 'n Voorbeeld wat die term bevat word in so 'n geval benodig. Hierdie behoefte kan deur 'n masjienleesbare korpus vervul word.

Terminograwe wat volgens die konvensionele manier werk, versamel 'n dokumentêre korpus vanuit bronne wat deur biblioteke verskaf word, werk dan deur die dokumente, en onttrek moontlike terme uit redelike beperkte kontekste. Verskillende tipes data moet bymekaargemaak word, insluitend konseptuele, linguistiese en sosiologiese data (vgl. Rogers en Ahmad 1994).

By 'n korpus wat geïntegreer is en deel vorm van die termbank, kan terugverwys word na die teks. Die moontlikheid van inligting wat oorgeslaan word, word verminder, verkeerdlike transkribering word beperk of opname in 'n verkeerde

of beperkte konteks word uitgeskakel deurdat beide terminograaf en gebruiker na die korpus vir bevestiging kan terugverwys.

Die moontlikheid bestaan nou om 'n termbank daar te stel wat nie alleen die bibliografiese verwysings van die bronne en die inligting bevat nie, maar selfs ook direkte toegang tot die bronne self verleen. Die bronne verleen weer toegang tot verskeie omskrywende kontekste, voorbeelde van gebruik, asook kontekste van vreemde taalekwivalente en bevat sodoende 'n substansiële poel van ondersteunende inligting tot die terminologiese inskrywing.

'n Baie belangrike voordeel van korpusbestuur in terminologie is dat daar nie meer 'n fisiese beperking op die grootte van die terminologieversameling is nie, en ook nie ten opsigte van die toeganklikheid daarvan slegs vir 'n sekere gebruikersgroep nie.

Die slotsom by hierdie waarneming is dat terminologiedatakorpusse veelvoudige doelwitte kan bedien.

Dit is nie alleen bevorderlik vanuit 'n koste-oogpunt nie, maar dit strek tot voordeel van die bevordering van kommunikasie dat daar een groot databasis vir terminologie-inligting in elke taalgemeenskap bestaan. 'n Enkele databasis waarna alle gebruikers kan verwys, kan 'n sterk verenigde invloed bewerkstellig en kommunikasie oor industriële en institusionele domeine heen bewerkstellig, 'n termbank waarmee gebruikers kan identifiseer aangesien deelname daaraan toegelaat word deur die verskaffing van tekste vir die korpus, of die voorsiening van spesialisadvies oor die akkuraatheid van inligting.

Die toenemende gebruik van rekenaar-tegnologie voorsien fasiliteite wat terminologiebestuur gebruikersgeoriënteerd maak. Waar daar in gedrukte woordeboeke en geslote woordelyste geen manier is waarop terminoloë weet watter terme gebruikers nodig het nie, en gebruikers geen manier het om

samestellers te laat weet dat sekere terme ontbreek nie, kan 'n instandgehoude termbank 'n moniteringsfasiliteit bied as deel van 'n diens aan gebruikers.

Die gebruik van die rekenaar vir invoerkontrole en geldigmaking het ook tot gevolg dat terminologie van 'n hoër gehalte beskikbaar gestel word. Die terminoloog kan nou op die saamstel en direk geassosieerde werk konsentreer en hoef nie meer bekommerd te wees oor probleme wat vanuit die prosessering en bestuur van 'n groot kwantiteit data ontstaan nie. Die terminoloog kan konsentreer op die verkryging van hoër standaarde van kwaliteit, en kan op die rekenaar staatmaak om toe te sien dat rekords volledig is, en sodoende 'n element van outomatiese kontrole inbou. Die werk kan ook verdeel word tussen verskillende mense op verskillende plekke, sonder dat daar verlies aan kwaliteit plaasvind. Dit is veral belangrik by die saamstel van meertalige terminologie. Werk kan versprei word oor verskeie lande en selfs verskillende kontinente heen. (vgl. Sager 1990:141).

'n Masjienleesbare korpus van tekste is daarom meer as net 'n geoutomatiseerde gedrukte woordeboek wat saamgestel is om aan die behoeftes van 'n enkele gebruikersgroep te voldoen.

Die bestuur van 'n masjienleesbare korpus van tekste moet gesien word as 'n deurlopende hersiening- en opdateringsproses en die daarstel van doeltreffende tegnieke vir die hersiening en opdatering moet in die basiese metodologie en struktuur geïntegreer word.

'n Voordeel van terminologiebestuur deur middel van 'n korpusgebaseerde sisteem is dat die nuutste terme opgeneem word en dat die gebruiker resente terme byderhand het.

Die rekenaarwetenskap het bronne en gereedskap daargestel wat herhalende take fasiliteer en inligtingsoektogte betroubaarder maak en gouer afhandel. Interaktiewe rekenaarprogramme het ook tot gevolg dat kwaliteit en

betroubaarheid in terminologiewerk toegeneem het.

Deurlopende navorsing in rekenaartoeëpassing by terminologiebestuur konsentreer tans op die uitskakeling van praktiese probleme soos inligtinghershening, die skep van eenvoudiger sisteme, die skep van sisteme wat data vinniger kan hanteer en wat gebruikersvriendelik is. Waarop dit neerkom, is die verskaffing van kompakte inligtingsisteme. Die groot getalle terminologiedata wat terminoloë tans beskikbaar het, het tot gevolg dat goedgefundeerde inligting oor terme beskikbaar is.

Die moontlikheid om toegang tot groot databanke te hê, het 'n verandering in die fokus van terminologiewerk teweëgebring.

#### 4.4.2 Databanke en terminologiewerk

Databanke kan beskou word as die bruikbaarste toeëvoëing tot terminologiewerk en het primêre verwysingshulpmiddele geword in die navorsing van die beskrywing van algemene en spesiale tale. Die behoefte om inligting in alle velde van spesialisasie te bereik en om dit deurlopend opgedateer te hou het die ontwikkeling van groot inligtingsbanke tot gevolg gehad om in die behoeftes van gebruikers te voorsien. Oor die jare heen het die ontwerp van databanke egter verander. Die klein begin van termbanke in die sestigerjare het ontwikkel na 'n belangrike vertakking van die terminografie wat dit vandag is. Hierdie ontwikkeling is aangevuur deur twee faktore:

- die tegniese, waar elektroniese dataproëssering deur die toenemende gesofistikeerde programmatuur wat beskikbaar is geweldige vooruitgang getoon het, en

- die teorie van terminologie wat ontwikkel het en sekere aanpassings moes ondergaan om by die veranderende tegnologie by te bly.

#### 4.4.2.1 Die ontwikkeling van terminologiedatabanke

'n Terminologiedatabank (TDB) kan omskryf word as 'n gestruktureerde versameling van inligting oor eenhede van betekenis en benaminge in 'n spesifieke vakgebied, wat gebaseer word op die behoeftes van 'n spesifieke groep gebruikers. Dit bestaan gewoonlik uit 'n hoofdatabasis wat die terme bevat, en 'n veranderlike databasis wat verwant is aan die hoofdatabasis.

Twee belangrike stadia word volgens Sager (1990) in die ontwikkeling van databanke op die prosessering van terminologie waargeneem. Hy verdeel databanke in twee klasse, naamlik eerste generasie databanke en tweede generasie databanke en baseer die verdeling op die tipe programmatuur wat gebruik word.

Die eerste fase strek van ongeveer 1970 tot 1985 en die tweede fase van 1985 tot die hede.

##### 4.4.2.1.1 Eerste generasie terminologiedatabanke

Eerste generasie terminologiedatabanke wat in die begin van 1970 ontstaan het, het min oor die jare verander. Hierdie databanke het oor die algemeen 'n eenvoudige struktuur en die meeste databanke is saamgestel deur van databestuursprogrammatuur gebruik te maak wat aan die behoeftes van die spesifieke organisasie, waarvoor dit saamgestel is, kon voldoen.

Die terminologiese data in hierdie databanke word leksikaal eerder as konseptueel georganiseer. Eerste generasie databanke het hoofsaaklik gekonsentreer op groot massas inligting. Die hoofdoelwit met hierdie banke was om die nuutste gespesialiseerde inligting beskikbaar te stel aan professionele

vertalers om sodoende kennisoordrag makliker te maak. Die kwaliteit van hierdie inligting was egter nie altyd op standaard nie en maklike en geredelike toegang was ook nie belangrik nie. Elke bank het sy eie manier van berging en konsultering van inligting gehad wat beteken het dat die databanke meestal onversoenbaar met ander sisteme is. Inligting kon nie uitgeruil of oorgedra word na ander sisteme nie. Die termbanke was ook nie gespesialiseerd genoeg nie en terminologiedata het nie altyd aan gebruikersbehoefte voldoen nie. Samestellers was meer bekommerd oor die kwantiteit van inligting en het minder aandag aan die kwaliteit en die diepte van terminologienavorsing bestee.

Sedert 1980 het spesialiste in gerekenariseerde linguistiek en rekenaarwetenskap daarna begin streef om TDBs te verbeter wat die kwaliteit van die data betref en die gemak waarmee inligting bereik kan word. Die vermoë om aanlyn-navrae moontlik te maak, het groot vooruitgang tot gevolg gehad. Die insluiting van 'n databank in 'n inligtingsverspreidingsnetwerk het dit makliker gemaak om die terminologiedata aan die gebruikers te dissemineer. Die plaas van hele databanke op CD-ROM het dit ook moontlik gemaak om die data aan die grootste moontlike gebruikergroep beskikbaar te stel.

Soos reeds aangetoon is hierdie TDBs geskep om spesifieke behoeftes te vervul. Die meeste van hierdie databanke is daargestel om vertaling te ondersteun, sodat die vertalers 'n groot kwantiteit terminologie-inligting byderhand kon hê in 'n enkele naslaanbron.

Die behoefte aan TDBs het aanvanklik ontstaan in nasionale en internasionale instellings, met groot vertaal- en tolkdienste, waar vertalers gereeld moes saamwerk aan groot vertalingsprojekte en die terminologie wat gebruik is, akkuraat en uniform moes wees. As gevolg van beperkinge ten opsigte van die harde- en sagteware wat op daardie tydskop beskikbaar was en die organisatoriese infrastruktuur wat benodig is vir die daarstel van

hoofraamrekenaars, kon slegs welgestelde organisasies en instellings dit bekostig om hul eie TDBs te implementeer en te bestuur (vgl. Schmitz 1992:319). Die eerste terminologiedatabanke is geskep in groot taaldienskantore wat gewoonlik aan staatsinstellings en groot besighede, standaard-organisasies en taalbeplanningsorganisasies gekoppel was, byvoorbeeld:

- LEXIS (Federal Office of Languages, Germany)
- Termium (Language service of the Canadian government)
- EURODICAUTOM (Commission of the European Community)
- TEAM (Siemens AG, Germany)
- AFNOR (French Association for standardization)
- BTQ (Office de la langue française, Canada)

Terminologiedata kan vanaf sommige van hierdie databanke onttrek word en is toeganklik vir buitegebruikers: op mikrofische (LEXIS), op CD-ROM (TERMIUM, AFNOR, TERMDOK2 met gedeeltes van EURODICAUTOM en TERMIUM) en via netwerk (EURODICAUTOM op ECHO - HOST en op die Wêreld Wye Web) (Schmitz 1996:222).

'n Goeie voorbeeld van hierdie tipe databanke is die TEAM Terminologiese Databanksisteem.

#### 4.4.2.1.1.1 Die TEAM Terminologiese Databanksisteem <sup>2</sup>

Die behoefte aan veeltalige terminologie, in 'n betroubare en bruikbare vorm het in die geval van Duitsland gedurende die middel sestigerjare in die Vertalingsdienste Departement ontstaan (vgl. Hohnhold 1984:19).

Hierdie behoefte het probleme veroorsaak in die hoofale Duits, Engels, Frans en Spaans, aangesien die nodige terminologie nie beskikbaar was in 'n koherente

vorm nie, nie duidelik genoeg gedefinieer was nie, of bloot net nie beskikbaar was nie.

Die probleme was veral duidelik sigbaar in die brontaal Duits, wat relatief min gestandaardiseerde terminologie met definisies gehad het. Die standaardisering van terminologie het nie tred met terminologie-ontwikkeling gehou nie. Die groot hoeveelhede tekste wat vertaal moes word en die diversiteit van die terminologiedata wat benodig is, het daarop gewys dat koördinerende binne terminologiewerk nodig was.

Koördinerende moes op twee wyses plaasvind:

- die terminologiepogings van individue moes saamgebring word in 'n sisteem van gekoördineerde terminologiedata. Duplisering moes uitgeskakel word, en samewerking deur spesialiste moes op die spesifieke gebied verkry word; en
- die terminologiedata moes vinnig beskikbaar en in 'n bruikbare vorm vir alle belanghebbendes wees. Dit moes voortdurend opgedateer en in stand gehou kon word (Hohnhold 1984:20).

Al wyse waarop hierdie behoeftes bevredig kon word, was deur die beskikbaarstelling van dataprozesseringstechnologie tot die veld van terminologiewerk en die beskikbaarstelling van 'n TDB. Nadat 'n deeglike analise van die probleme onderneem is, is 'n uitgebreide sisteem van programme in die Taaldiensdepartement ontwikkel vir die toekomstige terminologiese databank. Die sisteem is TEAM genoem om te benadruk dat terminologiewerk van hierdie formaat slegs deur spanwerk vermag kan word. 'n Belangrike riglyn in die ontwikkeling van hierdie databank was dat dit aanpasbaar moes wees om die langtermynbehoefte van die tegniese vertalingsdiens te vervul (Hohnhold 1984:20).

#### 4.4.2.1.1.1 Die terminologie-inskrywing

Volgens TEAM (Hohnhold 1984:20-23) word die doeltreffendheid van 'n databank ondersteun deur dataproesseringsmoontlikhede en die strukturering van die inhoud. Laasgenoemde moet selektiewe toegang tot die kleinste eenheid van inligting bied.

Die basiese strukturele eenheid van die TEAM-terminologiebank is die terminologie-inskrywing. Aangesien tegniese vertaling en terminologiewerk konsepgeoriënteerde aktiwiteite is, is die terminologie-inskrywing 'n eenheid van klassifikasie wat ook op die konsep gebaseer word. Binne die inskrywing word die konsep so presies as moontlik deur 'n opeenvolging van items van inligting gedefinieer, wat dit ook van ander konsepte differensieer. Byvoorbeeld vakgebiedetiket, definisie, verduidelikende konteks. Alle linguistiese inligting kan ook geakkommodeer word in die inskrywing. Die bronne van inligting word ook aangedui. Die inskrywing maak ook voorsiening vir kwaliteitsbepaling of vir kommentaar oor die beperktheid van ekwivalensie van die terme (of onderliggende konsepte) in die verskillende tale sowel as vir dokumentêre notas oor die identiteit van die vertaler of terminoloog wat vir die inskrywing verantwoordelik is, en die datum van opname.

Elke terminologie-inskrywing bevat 100 individuele inligtings- of datakategorieë vir die verskillende items van inligting, wat verduidelikend, linguisties en frase relevant, dokumenterend of evaluerend mag wees. Data is nie alleen beskikbaar vir die gebruiker in 'n duidelike en verstaanbare formaat nie, maar kan ook individueel ingevoeg, reggestel, afgehandel of selfs uitgegee word.

Die terminologie-inskrywing neem ook die frase-behoeftes van die gebruiker in ag. In plaas van enkelwoorde, is dit ook moontlik om tegniese uitdrukkings of ander frases, standaardsinne of kort gestandaardiseerde tekste in te voer.

Elke terminologie-inskrywing moet ook 'n adreskategorie, 'n einde van inskrywing, 'n term of tegniese uitdrukking in ten minste een taal, 'n ooreenstemmende bron, 'n vakgebiedetiket, 'n verantwoordelike persoon en die datum van opname van die inskrywing, bevat.

#### 4.4.2.1.1.1.2 Datapoele

Naas die terminologie-inskrywing is daar ook 'n ander strukturele eenheid, naamlik die datapoele. Die strukturering van die databank se inhoud en die gebruik van gestoorde terminologiedata word in datapoele (glossariums, woordelyste) gedoen (Hohnhold 1984:23-24).

Deurlopende opdatering vind aan die datapoele plaas, maar die vinnige ontwikkeling en die toename in innovering in alle velde van moderne terminologieswerk het veroorsaak dat min tegniese woordeskatte ooit volledig of afgehandel is.

Datapoele wat deur terminologiedata uit 'n spesifieke vakgebiede of domein opgebou word, is nie noodwendig identies aan die datapoele wat aangebied word vir die gebruiker nie. Die seleksie-kriteria word deur die gebruiker bepaal. Op grond van die kriteria wat aangebied word vir die spesifieke data wat benodig word, word data uit die inventaris van die totale terme onttrek. Die onderskeid tussen invoeging van die terminologiedata en die uitset daarvan is belangrik om die buigbaarheid van die databank vas te stel.

#### 4.4.2.1.1.1.3 Seleksie, invoering en storting van terminologiedata

Terminologiesgebruikers in vertalingsvelde en tegniese velde besluit watter terminologiedata en wanneer die terminologiedata in die databank ingevoer word. Terminologiedata wat vir invoering geselekteer word, moet die verbetering

en bevordering van die spesifieke vakgebied tot gevolg hê (Hohnhold 1984:24-25).

Seleksie is van die begin af poelgeoriënteerd, met ander woorde 'n nuwe datapoel word begin of 'n bestaande datapoel word uitgebrei. Die terminoloog wat verantwoordelik is vir die versameling van die datapoel, maak altyd seker dat slegs terminologie wat geverifieer en goedgekeur is vir gebruik in die spesifieke vakgebied, in die databank ingevoer word.

Die terminologiedata word gestoor in 'n meesterleër in die databank. Die inskrywings word in adresvolgorde (die volgorde waarin inskrywings ingevoer en gestoor is in die databank) gestoor.

#### 4.4.2.1.1.1.4 Onderzoek en onttrekking van gestoorde data, en opdatering

Die terminologiedata kan ondersoek word op alle vlakke. Toegang mag globaal, na 'n spesifieke aantal inskrywings, insluitend oor poelgrense heen wees (Hohnhold 1984:25).

Die vermoë om inligting op te dateer is baie belangrik om die bruikbaarheid van 'n terminologiebank vas te stel. Vinnige opdatering en die aanbod van terminologiedata in bruikbare vorm is ook 'n kenmerk van die stelsel.

#### 4.4.2.1.1.1.5 Prosesseringskenmerke

Die gebruiker verkry die terminologie-inligting wat benodig word in enige van die gestoorde tale (in normale spelvorm). Terminologiedata word outomaties alfabeties gesorteer na aanleiding van die spesifieke taal (Hohnhold 1984:25-28).

Die eerste gedeelte van die inskrywing is so saamgestel dat terminologiedata wat aan meer as een inskrywing behoort (byvoorbeeld bronkodes, vakgebiedetikette, en datum van optekening) nie vir elke inskrywing herhaal hoef te word nie. Invoering gebeur slegs eenmalig en daarna outomaties. Dit verseker dat die inskrywings in hul volvorm gestoor word.

#### 4.4.2.1.1.1.6 Gedrukte lyste en woordeboeke

Gedrukte lyste kan baie vinnig beskikbaar gestel word. Dit kan in enige denkbare formaat, in verskillende groottes en 'n verskeidenheid lettertipes geproduseer word (Hohnhold 1984:28-29).

Twee tipes lysing kan beskikbaar gestel word:

- die meesterleër gedrukte lys, wat alle relevante terminologie-inskrywings in adresvolgorde aanbied. Alle inskrywings word in volvorm gedruk – alle gestoorde inligting word weergegee; en
- die gereedskap wat deur vertalers en ander gebruikers van terminologiedata gebruik word, is alfabetiesgesorteerde lyste (alfalyste). Hierdie lyste word vanaf die meesterleër onttrek en kan in soveel taalkombinasies soos wat daar tale in die inskrywing is, aangebied word. Die alfalys bevat 'n seleksie van die terminologiedata vanuit die meesterleër. Die seleksie word deur die rekenaar gemaak, op grond van die inligting wat deur die gebruiker aangevra word.

Ander databanke soos TERMIUM (Kanada);TEPA (TSK, Finland) is ook tradisionele aanlyntermbanke met 'n sentraal bestuurde elektroniese databasis waar die terminologiediens verantwoordelik is vir die instandhouding van die termbank.

#### 4.4.2.1.2 Tweede generasie terminologiebanke

Die kenmerkendste eienskap van die tweede fase in TDB-ontwikkeling is dat databanke wat tydens hierdie fase ontwikkel het, daarna poog om 'n groter verskeidenheid eindgebruikers se behoeftes te bevredig. Hierdie generasie databanke verskil van die vorige generasie termbanke in terme van die ontwerp van die sagteware programmatuur. Tweede generasie TDBs is ontwerp om meer buigbaar te wees en is oor die algemeen beter aangepas om aan verskillende gebruikersbehoefes te voldoen.

By die daarstel van hierdie databanke is daar wegbeweeg van groot TDBs na kleiner, maar hoogs gespesialiseerde TDBs wat op mini- en mikro-rekenaars gebruik kan word. Hierdie terminologiebestuursisteme werk binne 'n gestandaardiseerde harde- en sagteware omgewing (MS-DOS) en word gewoonlik saam met ander programme soos woordverwerkingsprogramme gekoppel. Dit volg die konsepgeoriënteerde benadering tot terminologiebestuur en het 'n baie uitgebreide datastruktuur en gesofistikeerde naslaanfunksies.

Alhoewel individuele terminologiese databanke verskil ten opsigte van inhoud (tale, vakgebiede), grootte, struktuur en funksie, het hulle gewoonlik die volgende datavelde gemeen:

- hoofterm/hooffrase
- vakgebied/klassifikasie
- definisie
- konteks/voorbeeld
- sinonieme
- bron
- kommentaar/notas
- administratiewe inligting (datum, optekenaar, kwaliteit, ensovoorts)

Schmitz (1996) gee 'n uiteensetting van wat hierdie TDB-bestuursisteme behels. Hy beskryf die terminologie-inskrywing as die basiese eenheid in die databank. Dit bestaan volgens hom uit sistematies gerangskikte en goed gedefinieerde terminologiese datakategorieë wat alle terminologie-inligting, wat aan een konsep asook aanverwante terme behoort, insluit. 'n Terminologiese datakategorie is volgens hom die kleinste eenheid wat gebruik word by die hantering van terminologie-inligting. Terminologiese datakategorieë word verder gegroepeer onder verskillende opskrifte, afhangend daarvan of hulle konsepverwant, of termverwant is, of administratiewe data bevat.

Konsepverwante datakategorieë bevat data-elemente wat na die konsep onderliggend aan daardie inskrywing verwys, of wat die verhouding tussen die konsep en ander konsepte beskryf.

Termverwante datakategorieë bevat data-elemente wat na een spesifieke term verwys en wat aan hierdie inskrywing toegewys is. Die stel van termverwante datakategorieë moet herhaal word vir elke term wat toegewys word aan die konsep, beide binne een taal (byvoorbeeld vir sinonieme) of vir verskillende tale.

Administratiewe datakategorieë verwys na die inskrywing as geheel of na individuele konsepverwante of termverwante datakategorieë binne die inskrywing.

Die keuse van datakategorieë vir terminologie-inskrywing hang af van die gebruikersgroep, die beplande toepassing en die doelwit met die terminologiedata.

Meertalige terminologiebestuursisteme groepeer volgens Schmitz (1996) onder die konsepverwante benadering aangesien dit beter inpas by die multigebruikersomgewing.

Naas die tradisionele gebruikersgroepe van terme soos tegniese vertalers, tolke, terminoloë, standaardiseringspesialiste en taalbeplanners word daar toenemend gevind dat ander gebruikersgroepe ook met terminologie werk. Aangesien die gebruikers van terminologie-inligting nie altyd ook die samestellers van die terminologie-inskrywings is nie, is die verskaffing van korrekte definisies en voorbeelde in konteks, met ondersteunende bronne baie belangrik. Die datakategorie wat dien as 'status van kwaliteit' moet derhalwe as versekering van die korrektheid van die inligting onder die inskrywing dien.

Om 'n TDB saam te stel, is 'n komplekse onderneming wat hoë standaarde in die veld van metodologie, organisasie en tegnologie verg. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die TDB gereelde opdatering en instandhouding benodig en daar moet veral aandag aan die volgende aspekte gegee word: gebruikersterugvoer en kwaliteitskontrole met betrekking tot die voorbereiding, invoer, bestuur en opdatering van die data.

'n TDB met hierdie karaktertrekke is nie net 'n verwysingsbron nie, maar eerder 'n verwysingsraamwerk om kennis oor te dra.

Tot in die vroeë 1990's het feitlik alle navorsing en ontwikkeling gefokus op die linguistiese dimensie van terminologiebestuur, byvoorbeeld op die linguistiese aspekte van tale soos die identifisering van terminologiese eenhede (beide eenvoudige en kompleks) in masjienleesbare tekste, die afbakening van kontekste en die vasstel van ooreenstemming.

Die 'Artificial Intelligence Laboratory' van die Universiteit van Ottawa, het 'n nuwe tipe terminologiebewaringsstelsel, COGNITERM, daargestel wat 'n hibriede tussen 'n termbank en 'n kennisbank, of 'n terminologiekennisbasis (TKB) is. COGNITERM is 'n tweetalige (Frans/Engelse) TKB wat saamgestel is deur gebruik te maak van 'n generies kennisgebaseerde instrument, Conceptually Oriented Description Environment (CODE).

#### 4.4.2.1.2.1 Terminologiekennisbanke

Aangesien konsepte die beginpunt by terminologiewerk is en konsepte gesien kan word as boublokke van kennis, kan daar aangeneem word dat terminologiewerk 'n kennisintensiewe aktiwiteit is. Hierdie aktiwiteit behels die beskrywing van konsepte (die verkryging van kennis oor hul karaktertrekke) en die benoeming van konsepte (die vergelyking van konseptuele karaktertrekke met die linguistiese vorme (terme) ) (vgl. Meyer 1992).

Daar moet ook vir die konseptuele dimensie van terminologiebestuur voorsien word, wat bestaan uit die versameling, analisering, vergelyking, formalisering en hersiening van data - die bestuur van 'n verskeidenheid inligting oor konsepte. Die grootse leemte volgens Meyer et al. (1992) van TDBs is dat hul meestal linguistiese inligting oor terme bevat (ekwivalente in ander tale, morfologiese inligting en styletikette). Konseptuele inligting daarenteen, is min en word beperk tot definisies en soms kontekste, wat ongestruktureer, inkonsekwent en vanselfsprekend is.

Gegewe hierdie probleme, voel terminologienavorsers toenemend dat daar gekyk moet word na 'n nuwe generasie van bergingsmoontlikhede wat beteken dat TDBs omgeskakel moet word in terminologiebewaringsisteme wat kennisgeoriënteerd is.

In die verwante dissipline van leksikografie het 'n soortgelyke vraag wat geformuleer is met betrekking tot die verhouding tussen ensiklopedieë en woordeboeke, 'n langdurige debat oor die verskille tussen leksikaal-semantiese (linguistiese) kennis en ensiklopediese (ekstra-linguistiese, wêreld-) kennis, as resultaat.

Hierdie leksikaal-semantiese versus ensiklopediese debat is tersaaklik by terminologiedata aangesien die dissipline nou verwant is aan leksikografie in

terme van doelwit en metode. Terwyl die leksikograaf se uiteindelijke bron van leksikale kennis sy eie intuïsie is, is die uitdaging aan die terminoloog om vakkundige terminologiese intuïsie na te streef, wat spruit uit vakkennis. Termbanke moet nie net die nodige en genoegsame inligting oor konsepte bevat nie, maar ook 'n sekere mate van ensiklopediese inligting.

#### 4.4.2.1.2.1.1 COGNITERM: 'n Terminologiekennisbank

COGNITERM is ontwerp as 'n hibride tussen 'n konvensionele TDB en 'n kennisbank. Elke konsep word beskryf in 'n konsepbeskrywer (CD) wat twee inligtingskategorieë het:

- 'n konseptuele inligtingskategorie wat 'n kennisgebaseerde komponent is en wat die konseptuele karaktertrekke en hul waarde beskryf; en
- 'n linguïstiese inligtingskategorie wat 'n TDB-komponent is en wat al die linguïstiese inligting bevat (Meyer *et al.* 1992: 958).

As hulpmiddel tot definisiekonstruksie, en spesifiek om te help met die vasstel van verskillende karaktertrekke, bied die kennisgebaseerde instrument CODE 'n 'Characteristic Comparison Matrix' wat 'n geheelbeeld van al die karakertrekke van koördinerende konsepte aanbied, uitsluitend daardie wat identies in alle koördinate is. Meyer (1992:32) verduidelik die werking van Code soos volg:

CODE can be described as a generic knowledge manager, designed to assist any person (including the non-expert) faced with the task of acquiring, formalizing, refining and accessing the knowledge structures of a specialized domain. CODE allows the user to construct a knowledge base which describes concepts in frame-like units called CDs (concept descriptors) that are normally, though not necessarily, arranged in inheritance hierarchies.

Navigasie deur COGNITERM word gefasiliteer deur CODE se soekmeganisme (browser), wat toelaat dat toegang tot die kennis verkry word deur òf die name van konsepte, òf deur die aanbod van karaktertrekke.

Die verskille tussen 'n TDB en TKB kan beskryf word in terme van 3 oogmerke:

- die inligting self;
- die ondersteuning vir die versameling en sistematiesing van die inligting; en
- die fasiliteite vir die onttrekking van die inligting (vgl. Meyer *et al.* 1992).

#### 4.4.2.1.2.1.1.1 Die inligting

In 'n TDB word konseptuele inligting implisiet geënkodeer in die vorm van definisies, kontekste, aanwysing van die vakgebied, ensovoorts. In 'n TKB word hierdie inligting eksplisiet geënkodeer, wat 'n eksplisiete voorstelling van konseptuele verhoudinge tot gevolg het. Die TKB fasiliteer konsekwensie, waar definisies van alle koördinerende konsepte dieselfde genusterm het, aangesien karaktertrekke inherent is aan subkonsepte. Die ooreenkoms sal natuurlik wissel van een konsep na 'n ander. 'n Eksplisiete voorstelling van die konseptuele verhouding fasiliteer ook die grafiese voorstellings van kennisstrukture. Hierdie aspek geniet spesiale aandag in die COGNITERM-projek aangesien grafiese voorstelling begrip verbeter en 'n konseptuele verbeelding daarstel (vgl. Meyer *et al.* 1992:958).

#### 4.4.2.1.2.1.1.2 Versameling en sistematiesing van die inligting

Anders as wat die geval met die konvensionele TDBs is, bevat 'n TKB soos COGNITERM nie net 'n medium vir die berging van inligting nie, maar ook 'n meganisme wat help met die versameling en die sistematiesing van die inligting. Dit verhoed dat terminoloë inligting herhaal van een hiërargiese vlak na 'n ander en maak voorsiening vir die 'wat as' vrae. Steuringe kan ook waargeneem word indien veranderinge aan een hierargiese vlak aangebring word en dan deurspoel na die ander kennisstrukture. 'n Soekmeganisme (browser) wat COGNITERM geïmplementeer het, bied addisionele rugsteun vir die verwerwing van terme aangesien dit 'n soort navigasie van die teks toelaat deur die kennisstrukture, wat

benodig word om ooreenstemmende 'kennispsies' op te spoor vir nuwe konsepte (Meyer *et al.* 1992:958).

#### 4.4.2.1.2.1.1.3 Die onttrekking van die inligting

TDBs word gekortwiek deur hul term-na-konsep oriëntering. In die praktyk word vrae soos 'Wat word die masjien met die funksie X genoem? of Wat word die materiaal wat die fisiese karaktertrekke X, Y, en Z het, genoem?' Konvensionele TDBs kan nie hierdie vrae beantwoord nie. COGNITERM kan egter data opspoor, deur enige konseptuele karaktertrek in te voer, om vas te stel of die spesifieke konsep wat benodig word, reeds benoem is (Meyer *et al.* 1992:959).

Vroeër was vertalers die alleengebruikers van terminologiedata en terminologiewerk is hoofsaaklik gedoen om in hulle behoeftes te voorsien. Deesdae benodig 'n verskeidenheid gebruikers terminologiedata vir verskillende doelwitte. Aangesien gebruikers in vakkundigheid verskil sal termbanke meer en beter gestruktureerde kennis benodig, sodat kennis behoorlik gegradeer kan word na aanleiding van die gebruikersprofiel. Die toenemende behoefte aan kwaliteit karakteriseer hierdeur velde wat deur termbanke bedien word. Hoëkwaliteitdata is verder ook 'n belangrike faktor om produksukses te verseker.

Terminologiese 'a in terminologiese kennisgebaseerde sisteme moet 'weet' (of ten minste kan weergee wat menslike vakkundiges weet) aangesien dit so opgestel moet wees om kommunikasieprobleme in spesiale velde van vakkundigheid op te los.

Terminologiebestuursisteme moet ook soms saam met ander programme of databasisse in 'n organisasie gebruik word, of data moet met ander programme of databasisse met 'n dokumentasiesisteem uitgeruil kan word.

Die nuutste terminologiebestuursisteme is nou in staat om saam met MS-Windows gebruik te word, wat toelaat dat verskillende programme saam in verskillende Window-vensters gebruik kan word.

Heyn (1992:71) wys daarop dat omtrent alle inligting in 'n terminologiedatabasis uit tekstuele data van verskillende lengte bestaan. Selfs terme kan uit 'n enkelwoord, 'n plasing, 'n samestelling, 'n frase, of 'n hele sin bestaan. As voorbeeld word EURODICAUTOM-inskrywings van die terminologie van die Europese Unie gebruik, wat benadruk dat frase-terme gereeld voorkom.

Daar word tans van 'n hedendaagse terminologiedatabasis verwag om baie gedetailleerde inskrywings sowel as kort en eenvoudige inskrywings te kan hanteer.

Hierdie behoefte word verantwoord in die nuutste tipe terminologiebestuursisteme wat in terme van sisteemfilosofie alle sisteme met 'n vrye teksstruktuur insluit. Hierdie sisteme laat die gebruiker toe om sy/haar eie datakategorieë en inskrywingstruktuur te definieer, sodat die programmatuur aangepas kan word om die gebruiker se spesifieke terminologiebehoefes te vervul en kan groei soos wat die gebruikers se vereistes verander. Heyn (1992) stel dit soos volg:

Since terms can be of any length and since they need to be indexed at least by their citation form, it follows that the index too should consist of a dynamic field.

As betroubare oplossing word databasisse met dinamiese sleutels voorgestel. Wat hieruit voortspruit is dat 'n doeltreffende terminologiedatabasis, vir vandag, gebaseer moet word op 'n dinamiese aantal sleutels en dinamiese lengte van velde en inskrywings (vgl. Heyn 1992:73)

#### 4.4.2.1.2.1.2 MultiTerm for Windows

*MultiTerm for Windows* is 'n vrye-tekstdatabasis wat dinamiese sleutels en dinamiese velde ondersteun. Veral die tegniese verwesenliking ondersteun die behoeftes van 'n meertalige databasis met verskeie toegangsmoontlikhede tot elke inskrywing. Tot twintig verskillende tale kan in die databasis ingevoer word, en die geïndekseerde terme kan van verskillende lengte wees. Elke taal kan of as brontaal of as doeltaal gebruik word (vgl. Heyn 1992).

##### 4.4.2.1.2.1.2.1 Konsepgebaseerde inskrywings

Die databasis maak voorsiening om komplekse ekwivalensie-situasies te beskryf. Indien 'n ekwivalensie-gaping tussen twee tale voorkom, kan die status van die term (of dit 'n genoegsame ekwivalent is of nie) in vergelyking met die ander terme, aangedui word. Die moontlikheid om al die taalmoontlikhede van 'n term binne een inskrywing te sien, is waardevol vir die terminoloog wat in 'n veeltalige opset werk.

##### 4.4.2.1.2.1.2.2 Klassifikasie van die terminologiedata

'n Eenvoudige meganisme vir die klassifikasie van inskrywings of terme met kenmerke is beskikbaar. Die klassifikasie word gebruik om soektogte of besigtiging op die inskrywings te beperk. Die kenmerke van die klassifikasie word deur die gebruiker gedefinieer en dit kan ook gebruik word om vakgebiedetikette toe te sê, of vertalingsvoorkeure aan te dui.

##### 4.4.2.1.2.1.2.3 Netwerkmoohtlikhede

Die sisteem kan in 'n netwerk gebruik word wat insluit dat gebruikers kodewoorde vir toegang moet gebruik. Die moontlikheid bestaan ook om 'n

bepanking op die reg om inskrywings te lees en te skryf te aktiveer, wat die veiligheid van gestoorde terminologiedata verseker.

#### 4.4.2.1.2.1.2.4 Gestruktureerde inskrywings

Elke inskrywing binne *MultiTerm for Windows* bestaan uit 'n hoofinligting-inskrywing, en ten minste 'n termstruktuur en geen of meer kenmerke, en geen of meer teksstrukture op inskrywingsvlak. Elke termstruktuur bestaan uit een term en geen of meer kenmerke en geen of meer teksstrukture. 'n Teksstruktuur bestaan uit een teks en geen of meer kenmerke. Die hoofinligting binne die inskrywing bevat ook die administratiewe inligting.

#### 4.4.2.1.2.1.2.5 Aanbied van terminologiedata

Die terminoloog wat slegs met twee tale binne die sisteem wil werk, kan alle inligting oor die inskrywing, wat nie iets met die tale te make het nie, uitsluit. Daar kan ook besluit word om doeltermdefinisies uit te sluit, of om die data van laaste opdatering in te sluit.

'n Verbetering ten opsigte van gebruikersvriendelikheid is die dinamiese vertoonorganisasie van die sisteem. Indien die gebruiker 'n spesifieke sorteringstaal en doeltaal kies, word die broninligting in die eerste posisie en die doeltaalinformasie in die tweede posisie bo die gegewe inskrywing aangebied. Selfs indien inligting van al twintig tale, wat moontlik aangebied kan word, wel aangebied word, is 'n duidelike oorsig van die spesifieke term steeds moontlik.

*MultiTerm for Windows* laat ook toe dat verskillende lettertipes soos byvoorbeeld Latyns, Grieks, Cirillies asook die internasionale fonetiese alfabet in dieselfde inskrywing gebruik kan word.

#### 4.4.2.1.2.1.2.6 Soektogte in die agtergrond

*MultiTerm for Windows* is 'n veeldoelige sisteem, wat meer as een taak terselfdertyd kan uitvoer. Die gebruiker spesifiseer 'n soektog, en as resultaat stel *MultiTerm* 'n lys van moontlike terme saam. Die gebruiker kan met ander werk voortgaan en *MultiTerm* stel hom/haar in kennis dat die soektog voltooi is.

'n Ander tegniese kenmerk van *MultiTerm for Windows* is dinamiese datauitruiling. Dit beteken dat data vanaf verskillende programme wat in MS-Windows gebruik word, uitgeruil kan word.

*MultiTerm for Windows* het ook 'n meganisme wat die datum, tyd van invoering, sowel as die kodewoorde van die gebruiker outomaties invoer.

Alhoewel die databasislêers in *MultiTerm for Windows* heelwat groter is as die databasis lêers van 'n konvensionele DOS-weergawe databasis, word soektogte amper net so vinnig as in die DOS- weergawe uitgevoer.

'n Praktiese voordeel van *MultiTerm for Windows* as terminologiebestuursisteem is dat dit 'n gebruikersvriendelike sisteem is, wat verstaanbaar vir die gebruiker is.

#### 4.3.3 Die Internet en internasionale terminologie-uitruiling

Die koms van die Internet het die moontlikheid van internasionale uitruiling by terminologiewerk moontlik gemaak. Die instandhouding van 'n volwaardige internasionale termbank verg egter die samewerking van beide vakkundiges en terminoloë in die verskillende tale en gemeenskappe wat betrokke is by die versameling van terminologiedata. Ondervinding het geleer dat deur gebruik te maak van die tradisionele manier van inligtinguitruiling stadig, onseker en duur is. 'n Oplossing vir hierdie probleem, mag wees, om van die 'inligtingshoofweg',

gebruik te maak, naamlik, die internasionale telekommunikasie netwerk (die Internet).

Vir termbankgebruikers en vakkundiges om mekaar te bereik via die Internet, moet die termuitruiling sigbaar op die Internet gemaak word.

Die primêre probleme wat die implementering van 'n internasionale termbank in die gesig staar, is die behoefte aan 'n internasionale vorm vir die opdatering en instandhouding van die kwaliteit van terminologie aan die een kant, en die kommersiële aspekte (kopiereg en betaling vir terminologie) aan die ander kant. Om te voorsien in hoë sigbaarheid en kwaliteit, maar teen lae koste, sal die termbank internasionaal toeganklik moet wees en gereeld deur vakkundiges, wat dit gebruik, opgedateer moet word. Aan die ander kant, in die belang van eenstemmigheid en beskerming van regte, moet die termbank sentraal bestuur word en kopiereg moet beskerm word (vgl. *Forest Term Bank* 1995).

Die *Forest Term Bank* (1995:11) stel voor dat twee termbanke in stand gehou moet word. 'n Netwerkweergawe en 'n databasisweergawe. Die databasisweergawe kan sistematies en op vasgestelde tye opgedateer word, deur inligting vanaf die netwerkweergawe te onttrek. Die opgedateerde databasisweergawe kan dan weer op die netwerk teruggevoer word.

So kan die netwerkweergawe, die databasisweergawe voorgaan in terme van resenteheid van inligting, alhoewel die kwaliteit nie so konsekwent sal wees nie. 'n Ander verskil is ook dat netwerkgebruikers beperkte toegang tot die databasisweergawe het. Hulle kan 'n gegewe term bereik, maar hulle kan nie al die terme (of te wel, te veel op 'n slag) bereik nie.

Die dataweergawe kan gebruik word om woordeskatte en termlyste in verskillende formaat vir kommersiële verspreiding te voorsien.

Wat kopiereg betref, word terminologie-inskrywings oor die algemeen verantwoord deur inligting oor die bronverwysing, van die term, in die inskrywing te verskaf. Hierdie maatreël is ook waardevol vir die waardeskatting van die term, aangesien die waarde van terminologiedata afhang van die betroubaarheid van die bronverwysing.

#### **4.5 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is die probleem ondersoek oor hoe om ondersteuning te bied vir die beplanning en koördinerings van terminologiebronne, navorsing, standaardisering, disseminering, implementering en evaluering van nuwe en bestaande terminologiedata, asook die opleiding van terminoloë, terminografe en medewerkers by 'n terminologiebestuursentrum. Die koördinerings van al hierdie elemente behels die doelgerigte bestuur van kennis en bronne wat benodig word vir die produksie van hoë-kwaliteit terminologiedata.

Tans word terminologiebestuur in gemeenskappe gebruik om terminologiedata te organiseer en te koördineer as voorwaarde vir:

- die effektiewe verspreiding van kennis;
- die daarstel van hoë kwaliteit terminologiedata;
- die koste-effektiewe benutting van die hulpbronne vir die daarstel en instandhouding van die terminologiedata; en
- die uitskakeling van oorvleueling by terminologiedata.

Die era van industrialisering het meer klem op die kommunikasie tussen verskillende gemeenskappe geplaas. Die gevolg hiervan was dat veral terminologiedata en spesifiek die standaardisering en regulering van terminologie 'n prioriteit geword het.

Deesdae word dit algemeen aanvaar dat die enigste praktiese wyse waarop leksikale data bestuur kan word, met behulp van die rekenaar is. Die waarde

van die gebruik in terme van spoed, buigbaarheid en bergingskapasiteit het daartoe gelei dat daar 'n groeiende neiging is na die outomatisering van terminologiese dataprozessering. Duisende nuwe konsepte ontstaan elke jaar met nuwe ontdekkings en uitvindings as resultaat van navorsing en ontwikkeling. Koherente en sistematiese metodes by die formulering van terme word daarom al hoe belangriker vir die daarstel van betroubare terminologiestandaarde. Standaard-terminologieë moet voorberei word op die basis van terminologiebeginsels en metodes, wat geneem word uit die bevindinge van die terminologieswetenskap aan die een kant en praktiese ondervinding van terminologieswerk aan die ander kant. Terminologiesbanke kan nie doeltreffend bestuur word sonder samewerking nie. Dit veronderstel die toepassing van internasionale standaarde.

Tans is daar 'n wye reeks programmatuur en ander instrumente beskikbaar om die strukturering, berging, uitruiling en disseminering van terminologiesdata te behartig.

Die voordele van hierdie sisteme is vanselfsprekend:

- vinnige aanpassing by gebruikersbehoefte en die vinnige veranderende werklikheid;
- die moontlikheid om nuwe terminologiesdata te versamel en te dissemineer soos wat dit geskep word, om duplisering, verdraaiing en misverstande uit te skakel;
- die moontlikheid om terminologiesdata wat benodig word vir die skryf van produk- of diensdokumentasie in een of meer verskillende taalmoontlikhede, daar te stel; en
- die moontlikheid om gestandaardiseerde terminologiesdata te gebruik om terminologieskonstantheid in dokumente en hul vertalings te waarborg.

Terminologieskeppingsagente beskik tans oor 'n groot arsenaal van instrumente om hulle in hul werk by te staan. Ontwikkelde standaardtale wat reeds van 'n

gerekenariseerde databasis gebruikmaak, het oor die algemeen 'n groot versameling data in masjienleesbare vorm beskikbaar wat dit moontlik maak om inligting te verskaf oor die terminologieskeppingspatrone van enige dissipline. Ontwikkelende tale probeer ook toenemend om terminoloë op te lei wat vaardig is in rekenaartegniese, vir die versameling en disseminering van terminologiedata.

Wanneer die terminoloog optree as adviseur vir 'n term wat nie in 'n termbank of ander geoutomatiseerde versameling beskikbaar is nie, is die prosedure om 'n antwoord vir die spesifieke navraag te verkry presies dieselfde as wat dit nog altyd was. Bestaande literatuur en spesialiste moet geraadpleeg word om die vraag te beantwoord. Wanneer die terminoloog egter die dienste van 'n termbank, of verskillende ander vorme van geoutomatiseerde teksanalise tot sy/haar beskikking het, en die doelwit is om terminologiedata te skep of by te voeg tot die termbank, gaan hy/sy te werk op 'n wyse doelmatig aan die programmatuur wat beskikbaar is.

Twee aspekte wat in ag geneem moet word by die bestuur van kennis in terminologie-omgewings is die belangrikheid van ensiklopediese sowel as leksikaal-semantiese inligting en die wye spektrum van werksomgewings waarin terminologiese aktiwiteite tans onderneem en gebruik word. Dieselfde kennisbasis moet derhalwe toeganklik wees vir verskillende vlakke van gebruikers en vir verskillende oogmerke en doelwitte.

Die terminoloog/terminograaf van vandag is ook 'n persoon wat daarvan bewus is dat die spraakgemeenskap betrokke moet wees by die proses van terminologie-ontwikkeling en -bestuur. Indien dit nie gebeur nie sal die terminologie nooit deel vorm van die spesifieke taal nie.

Die primêre doelwit met terminologiebestuur is om werks- en ander noodsaaklike omstandighede te skep om 'n hoë kwaliteit terminologie-uitset te lewer.

Terminologiebestuur plaas derhalwe 'n hoë premie op produktiwiteit en kwaliteit.

Of die aanname van goeie bestuur alle dubbelsinnighede en onduidelikhede verhoed of ten minste oplos, moet nog bevestig word. Deur terminologiebestuur toe te pas, kan ten minste verseker word dat tegniese en wetenskaplike kommunikasie binne verskillende gemeenskappe gekonsolideer word.

#### **4.6 Slotsom**

Ten besluite word die voofafgaande insigte rondom terminologiebestuur saaklik geïntegreer.

Die komplekse verskynsel terminologiebestuur soos in die voorafgaande hoofstuk beskryf, kan uiteindelik aan die hand van sekere bestuursfunksies wat uitgevoer moet word, uiteengesit word. Daar bestaan altyd 'n wisselwerking tussen die verskillende funksies. Hierdie wisselwerking word in figuur 9 skematies voorgestel.

Alhoewel die belangrikheid van die funksies wat deur hierdie voorstelling genoem word sal wissel na mate van die stadium waarin die terminologiebestuur in die gemeenskap verkeer, moet georganiseerde terminologiebestuur bestaan uit die verspreiding van die verantwoordelikhede en take wat genoem word. In gemeenskappe waar georganiseerde terminologie-aktiwiteite voorkom, word terminologiebestuur oor die algemeen georganiseer na aanleiding van die gemeenskap se sosiale en politieke struktuur, die oogmerke en doelwitte wat met terminologiebestuur bereik moet word, en die finansiële ondersteuning wat beskikbaar is.


Selfs al beskik 'n gemeenskap oor 'n terminologiesentrum waar al die aktiwiteite gekoördineer word, kan terminologienavorsing ook uitgevoer word deur vakkundiges buite die terminologiesentrum. Hierdie persone speel veral 'n

belangrike rol by die standaardisering van nuwe terme en om prioriteitsgebiede vir terminologie-ontwikkeling te identifiseer.

Sentra vir hoër opleiding dien oor die algemeen as die ideale instellings waar opleiding van terminoloë, terminograwe en ander terminologiese professionele persone hanteer kan word, met praktiese inoefening in die praktyk sodat studente vertrouwd raak met die omstandighede waaronder terminologiebestuur plaasvind.

So 'n geïntegreerde benadering bied die moontlikheid om betekenisvolle insae te verkry oor die ontwikkeling van 'n sistematiese terminologiebestuursprogram vir 'n meertalige Suid-Afrika.

Figuur 9 'n Skematiese voorstelling van sistematiese terminologiebestuur in 'n terminologiebestuursentrum



## Hoofstuk 5

### 5. Terminologiebestuur in Suid-Afrika

#### 5.1 *Inleiding*

Verskeie faktore kan aangevoer word wat 'n invloed op terminologie-uitbreiding en terminologiebestuur by die Suid-Afrikaanse tale gehad het. Die meerderheid van hierdie faktore is van 'n sosiolinguistiese aard.

Terminologie-uitbreiding en -bestuur in Suid-Afrika is hoofsaaklik gestrem deur 'n aantal ideologiese, historiese, en opvoedkundige faktore waarvan die belangrikste seker die taalbeleide was wat in die Republiek van Suid-Afrika aangeneem is (vgl. Mtintsilana & Morris 1988:109).

In die vorige taalbestel het die taalbeleid van Suid-Afrika tot gevolg gehad dat die sogenaamde Afrikatale wat deur die meerderheid van die bevolking (sowat 75,6%) gepraat is slegs beperkte amptelike status geniet het, terwyl Engels en Afrikaans, wat deur slegs 24,4% van die bevolking gepraat is die enigste twee amptelike tale was wat op nasionale vlak erken is. In die praktyk het dit gelei tot 'n 50/50 taalverdeling waar Engels en Afrikaans verseker was van gelyke taalontwikkeling op alle vlakke van die samelewing (vgl. Du Plessis & Pretorius 2000:15). Dieselfde aksies is egter nie in hierdie tydperk geloods om die Afrikatale te ontwikkel en uit te brei nie. Die grondwetlike beskerming van die taalregte van die twee nasionale amptelike tale van die vorige bestel was verder ook vergesel van diskriminering teen die beperkte amptelike tale van die selfregerende gebiede (met betrekking tot hul gebrekkige statusposisie). Die Afrikatale was met ander woorde geringgeskat en gemarginaliseer. Terwyl moedertaalonderrig gedien het om etniese identiteit te bevorder, het vaardigheid in die twee nasionale amptelike tale 'n beslissende rol gespeel by vooruitgang in sekondêre en tersiêre onderwys, asook vir toegang tot werksgeleenthede (Currie

1996:1-2). Die beleid van nasionale tweetaligheid is tewens gedryf deur die sosiale, politieke, godsdienstige en ekonomiese dryfkragte van die vorige bestel. Amptelike tweetaligheid in 'n meertalige land het wit dominansie deur politieke mag gesimboliseer en die amptelike taalbedeling het die Afrikatale gereduseer tot 'tuislandtale', dit wil sê tale met 'n beperkte status in Suid-Arika, wat sonder die instemming en raadpleging van die gebruikers in die tuislande (inbegrepe die sogenaamde onafhanklike en selfregerende gebiede onder die vorige bestel) ontwikkel is (vgl. Currie 1996:1). Die vorige regering se standpunt met betrekking tot afsonderlike ontwikkeling is, kortom, duidelik gedien deur hul taalbeleid.

Die regstelling van hierdie ongelyke taalbestel, wat as gevolg van die vorige taalbeleid ontstaan het, is 'n geweldige groot taak omdat die status van veral die Afrikatale gestereotipeer word deur hulle inkorting onder die vorige taalbestel.

Oorlewing in die hoogs mededingende wêreld van die wetenskap en tegnologie noodsaak egter dat die gebruikers van die Afrikatale hul konseptuele siening van hierdie tale moet verander en aanpas by die sosiale, kulturele en ekonomiese konsepte van die moderne wêreld. Die Afrikatale moet beskou word as middele vir die popularisering van wetenskaplike en tegnologiese kennis onder die massas (vgl. Abdulaziz 1989:32) en ontwikkel word om as tale van kommunikasie op alle vlakke van die samelewing gebruik te kan word.

Van die redes waarom dit nodig is om kleiner of inheemse tale wat in aanraking met dominante tale kom, te ontwikkel, word deur Godman & Veltman (1990:196) uitgelig:

- the economic benefits of making science and technology more accessible;...
- the need to reconcile science and technology and the domestic culture;...
- the need to counteract ... subordinate attitudes to cultures of technologically advanced countries which education in a non-national language might promote.

## 5.2 Terminologiebestuur voor die Interimgrondwet van 1994

### 5.2.1 Terminologiebestuur in Afrikaans

Die ontwikkeling van terminologie en terminologiebestuur staan direk in verhouding tot die taalbeleid van 'n land. Die taalbeleid bepaal derhalwe die status wat aan die verskillende tale binne 'n land toegeken word en het tot gevolg dat die amptelike tale ontwikkel en bestuur moet word om 'n diens te lewer op alle vlakke van kommunikasie binne die samelewing.

Sedert die instelling van Afrikaans as amptelike taal in 1925, het die fokus van leksikografiese werk in Suid-Afrika hoofsaaklik na die ontwikkeling van Afrikaans verskuif. Die Grondwet van 1961 bevestig die voortsetting van hierdie fokus in Artikel 108 en 118 van die vorige Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 32 van 1961) waar gelyke regte aan Engels en Afrikaans (wat die amptelike tale was) verseker word. Hierdie wette het beteken dat Afrikaans op alle domeine gebruik moes word waarin Engels gebruik is. Een van die gevolge van hierdie bepalings was dat Afrikaans ontwikkel en uitgebrei moes word, aangesien dit nie gelykwaardig aan Engels op die wetenskaplike en tegniese gebied van gebruik kon funksioneer nie. Terminografie en leksikografie in Afrikaans is toe op groot skaal ontwikkel en bevorder, om die taal op 'n standaard te kry waar dit gelykwaardig aan Engels kon funksioneer. Die ontwikkeling van Afrikaans het die leksikografiese en terminologiese bedryf in Suid-Afrika in die vorige eeu oorheers en het opsigself 'n groot onderneming geword. Leksikografiese en terminografiese ontwikkeling tydens hierdie bedeling kan gesien word as 'n gevolg van die taalbeleid van die pre-1994 era.

Verskeie terminologiese lysies, vakwoordeboeke en handboeke is vanaf 1918 tot 1935 in Afrikaans gepubliseer. In totaal is daar volgens Cluver (1995b:412) ongeveer 200 000 terme in Afrikaans deur individue tot en met 1950 geproduseer en opgeteken.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) is gedurende 1909 gestig om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder en hierdie liggaam is deur die destydse regering erken as die hoogste gesag op die gebied van Afrikaans. Vanaf 1944 tot 1950 het die Akademie 'n aantal tweetalige glossariums in Engels en Afrikaans gepubliseer (vgl. Cluver 1995b:413). Teen 1950 was daar ongeveer 40 000 Afrikaanse terme in hierdie glossariums beskikbaar.

In die staatsdiens het die behoefte om Afrikaans gelyk te stel met Engels tot die daarstel van vertalingsdienste by die verskillende staatsdepartemente gelei. Die hoof vertalingskantoor, die Staatstaaldiens, is in 1930 gestig. Hierdie kantoor het hoofsaaklik gefunksioneer met die oog op die versameling en sistematisering van Afrikaanse terminologie vir gebruik in die staatsdiens (vgl. Cluver 1995b:413).

Ander kantore wat ook terminologie versamel en gepubliseer het, was die Departement van Pos en Kommunikasie, die Departement van Verdediging en ook die Departemente van Opvoeding, Publieke Werke, Vervoer en Pos en Telegrawe (vgl. Cluver 1995b:413).

Gedurende hierdie tydperk het daar egter nie 'n sentrale liggaam bestaan wat terminologiesewerk in Suid-Afrika gekoördineer het nie en elk van die genoemde kantore het hulle eie terminologiesedata geskep, opgeteken en gepubliseer.

As gevolg van die groot verskeidenheid akademici en vertalers wat tegniese en wetenskaplike terminologiesedata geproduseer het, is teenstellende terme vir dieselfde konsep geskep en teen 1945 het die behoefte ontstaan vir die koördinering van Afrikaanse terminologiesedata (vgl. Cluver 1995b:413).

In 1948 het die Nasionale Party aan bewind gekom en die taalbeleid van hierdie regering het dit moontlik gemaak om regeringsondersteuning vir terminologiesedata in Afrikaans daar te stel. Die koördinering van terminologiesedata

het nou ook 'n prioriteit geword en dit het duidelik geword dat terminologiewerk op nasionale vlak aangepak sou moes word. 'n Nasionale konferensie oor terminografie is in Pretoria belê waar hierdie aangeleenthede bespreek sou word. Die uiteinde van hierdie konferensie was die stigting van 'n amptelike terminografiekantoor in 1950 (die Vaktaalburo) onder die vleuel van die Suid-Afrikaanse Akademie (vgl. Cluver 1995b:413). Die doelwit met hierdie buro was om te dien as 'n sentrale sentrum vir terminografiese werk in Suid-Afrika. Die buro kon egter nie hierdie funksie suksesvol vervul nie aangesien daar reeds van die begin af nie genoeg personeellede aangestel is nie, en verskeie regeringsdepartemente weer hul eie terminologiedienste daargestel het, wat weer eens die standaardisering en koördinerings van terminologiedata bemoeilik het (vgl. Cluver 1995b:414).

By die destydse Taalburo van die Departement van Kultuur (later herbenoem tot die Departement van Nasionale Opvoeding) het vertalers gedurende die vyftigerjare begin om terme in Engels en Afrikaans op 'n kaartstelsel per hand te dokumenteer. In 1956 het 'n Terminologie-afdeling binne die Taalburo ontstaan. Terminoloë is aangestel om terme te ekserpeer vanuit dokumente en om die terminologiedata van verskeie vakgebiede te sistematiseer en te standaardiseer. 'n Verskeidenheid van tweetalige terminologielyste en tegniese woordeboeke is gepubliseer (vgl. Alberts 2000a:237).

Taalburo's en taalkantore van instellings soos die Suid-Afrikaanse Weermag, die SAAWK, Die Yster en Staalkorporasie (YSKOR), Munisipaliteite van groot stede, die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS), die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) ensovoorts wat vertalers in diens gehad het, het ook 'n paar terminoloë gehad wat die terme van die instelling versamel en opgeteken het (vgl. Alberts 2000a:236).

In 1958 is 'n nasionale terminologiekoördineringskomitee, wat bekendgestaan het as die Vaktaalkommissie, gestig wat die koördinerings, produksie en disseminering van Afrikaanse terminologiewerk moes behartig. Lede van die

Suid-Afrikaanse Akademie, sy spellingkommissie, die Taalkommissie, die Afrikaanse Woordeboekkantoor en ook lede van al die groot termproduseringsorganisasies het op die komitee gedien – altesaam 23 organisasies is op hierdie komitee verteenwoordig (vgl. Cluver 1995b:414). Die stigting van hierdie komitee kan gesien word as 'n doelbewuste poging om terminologiedata in Suid-Afrika deur die skep van 'n sentrale liggaam te koördineer.

Die Vaktaalkommissie het egter nie lank bestaan voordat dit deur die Vaktaalskakelkomitee in 1966 vervang is nie. Hierdie komitee het volgens Cluver (1995b) nie sulke onrealistiese doelwitte soos sy voorganger daargestel nie, maar het tog tot gevolg gehad dat die status en die invloed van terminologiedata ten opsigte van standaardisering verflou het (vgl. Cluver 1995b:415).

In 1970 het die Koördinerende Vaktaalraad (KOVAK – die koördinerende raad van tegniese tale) die Vaktaalskakelkomitee vervang. Die primêre termproduserende kantore op hierdie tydstip was:

- Die Vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK)
- Die Terminologieseksie van die Departement van Nasionale Opvoeding
- Die Taalburo van die Departement van Vervoerdienste
- Die Taaldiens van die Departement van Verdediging
- Die Taalburo van die Poskantoor
- Die Taalkantoor van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
- Die Inligting en Navorsingsdienste (IND) van die Raad vir Wetenskaplike en Industriële Navorsing (WNNR)
- Die Taalkantoor van Yskor (Yster en Staal Korporasie)
- 'n Verteenwoordiger van die Munisipaliteite
- Die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT).

Die hoofde van hierdie kantore het sitting op KOVAK gehad. Die doelstellings van KOVAK was:

- Die bevordering en koördinerende van alle aspekte van terminologiedata in die Republiek van Suid-Afrika;
- Die opstel van 'n nasionale terminologiebeleid, en die gevolg daarvan die saamstel van norme waarvolgens vakwoordelyste en vakwoordeboeke opgestel word;
- Die bekendstelling van terminologie-instansies en terminologiepublikasies;
- Skakeling met instansies wat betrokke is by die opleiding van terminoloë; en
- Skakeling met terminologie-instansies in buurlande en oorsee (vgl. Cluver 1984a:20).

Behalwe die organisasies wat op KOVAK sitting gehad het, het ander organisasies ook termlyste geproduseer soos byvoorbeeld SASOL (Suid-Afrikaanse Steenkool, Olie- en Gaskorporasie), die SAUK (Suid-Afrikaanse Uitsaai Korporasie, die Wolraad, die Koringraad, die Sitrusraad, groot handelsbanke, vertalers van die Johannesburgse Munisipaliteit (en ander groot munisipaliteite), groot fabrieke, individuele akademië en kultuur-organisasies soos die Federasie van die Afrikaanse Kultuurvereniging (FAK) (vgl. Cluver 1995b:416).

As gevolg van al hierdie kantore wat terme versamel en gepubliseer het, het dit nodig geword om 'n koördinerende komitee te stig wat uniformiteit ten opsigte van metodes sou verseker en sou verhoed dat twee kantore of organisasies aan dieselfde tegniese woordeboek werk (vgl. Cluver 1995b:416).

Die Vaktaalburo van die SAAWK, wat tot en met 1976 gefunksioneer het (slegs vir die ontwikkeling van Afrikaans), het gedurende dieselfde jaar geamalgameer met die Terminologieseksie van die Taalburo van die Departement van Nasionale Opvoeding. Hierdie nuwe kantoor het as die Vaktaalburo, Departement van Nasionale Opvoeding bekendgestaan. Na die

vaktaalondersoek deur Cluver en Scheffer (vgl. Cluver & Scheffer 1984c) het 'n nuwe terminologiekantoor in 1984 tot stand gekom en sou voortaan as die Nasionale Vakterminologiediens (NVD) bekendstaan. Die NVD se naam is later verander na Nasionale Terminologiediens (NTD).

Die Nasionale Terminologiediens het tydens die vorige bestel ontstaan toe Engels en Afrikaans die dominante tale in die land was. In daardie stadium het die taalbeleid vereis dat terme in Afrikaans ontwikkel moes word om Afrikaans in staat te stel om op 'n gelyke vlak met Engels te kon funksioneer. Tydens hierdie proses is Engelse terme en konsepte geëkserpeer vanuit publikasies en dan voorsien van Afrikaanse ekwivalente en definisies. Engelse terme en konsepte is sodoende ook opgeteken en gesistematiseer.

Alhoewel baie geld, tyd en aandag aan die bevordering van Afrikaanse terminologiedata in Suid-Afrika gespandeer is, het terminologie-optekening en terminologieprodusering steeds nie tredgehou met die vinnige ontwikkeling van terminologiedata in internasionale tale soos Engels nie.

'n Suid-Afrikaanse vaktaalondersoek is gedurende die middel 1980's uitgevoer op versoek van KOVAK, die S.A. Weermag, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Vertalers en Tolke (tans SAVI) en die Nasionale Mannekragkommissie (NMK), om probleme binne die Afrikaanse vaktaalbedryf te identifiseer. Versoeke van hierdie organisasies het onder meer gehandel oor organisatoriese en administratiewe bestuur en oor ander verbandhoudende aspekte van die Afrikaanse vaktaalpraktyk soos byvoorbeeld vaktaalgebruik, termskepping, die standaardisering en die verspreiding van terminologiedata asook die gebrek aan opleidingsgeleenthede vir terminoloë en terminograwe in Suid-Afrika (vgl. Cluver 1984a:7).

Vier oorkoepelende probleemgebiede wat deur die Afrikaanse vaktaalwese in Suid-Afrika op daardie tydstip ondervind is, is deur dié studie uitgelig:

a) 'n organisatoriese probleem,

- b) 'n verspreidingsprobleem,
- c) 'n standaardiseringsprobleem, en
- d) 'n opleidingsprobleem (vgl. Cluver 1984a:7).

Om die eerste drie probleme te ondervang, het Cluver & Scheffer (1984c:182-197) 'n model voorgestel om Afrikaanse terminologiedata en die produksie van terme te bevorder en om koördinering tussen die sentrale terminologiedatabank en ander belanghebbendes te fasiliteer.

In dié model word onder meer voorsiening gemaak vir:

- terminologieversameling;
- 'n termbank;
- die afdeling: bestuur en beplanning;
- die afdeling: terminologie;
- die afdeling: skakelkomitee;
- die afdeling: navorsing; en
- een punt onder algemeen.

Ten opsigte van terminologieversameling, beveel die Cluver & Scheffer-model (1984c) aan dat:

- dataversamelingspunte gestig moet word waar terme versamel word en dan na 'n gesentraliseerde kantoor gestuur word;
- redaksiekomitees gestig moet word, wat uit vakkundiges en ten minste een terminoloog moet bestaan wat die terme beoordeel en daarna in die termbank opneem; en
- vakwoordeboeke wat deur onafhanklike woordeboekspanne saamgestel word amptelike erkenning en ondersteuning behoort te kry.

Die termbank wat die fokus van die Cluver & Scheffer-model (1984c) uitmaak, moet oor 'n rekenaar beskik:

- waarin alle bestaande vakwoordelyste opgeneem behoort te word;

- die eerste funksie van die terminoloë by hierdie termbank sal wees om terme te dokumenteer;
- die tweede funksie sal wees om termoorvleuelings en –botsings uit te skakel; en
- die derde funksie van die personeel sal wees om terme so spoedig moontlik onder vakkundiges en spesialiste te dissemineer.

Volgens die Cluver & Scheffer-model (1984c) moet die volgende afdelings aan die termbank gekoppel word:

- Die afdeling bestuur en beplanning, om na die beheer en administrasie van die sisteem om te sien; en
- Die Terminologie-afdeling, om terme taalkundig en leksikografies te versorg, duplisering uit te skakel en botsende of meervoudige ekwivalente aan 'n redaksiekomitee voor te lê en laastens, om nuwe termlyste saam te stel.

Die model stel ook die stig van 'n skakelkomitee voor om samewerking op alle vlakke te bevorder en te koördineer.

Daar word ook in die model voorsiening gemaak vir 'n navorsingsafdeling wat gekoppel sal wees aan die afdeling terminologie om sekere take te fasiliteer.

Laastens word daar in die model beplan vir die skep van 'n afdeling in die owerheidsektor, wat as koördineerder op vaktaalterrein in Suid-Afrika sal funksioneer.

Uit die bevindinge wat uit hierdie vaktaalverslag na vore gekom het (vgl. Cluver & Scheffer 1984c:184), word dit duidelik dat die vaktaalpraktyk se produksie en produkte nie in alle opsigte aan die behoeftes van die praktyk en die gebruikers voldoen het nie (vgl. Alberts 1984: 85-104), en dat 'n organisatoriese struktuur ontwerp moes word wat sou verseker dat die vaktaalbedryf in die toekoms nouer kontak met vaktaalgebruikers en hul behoeftes sou hê. Wat in die

vaktaalverslag van 1984 bevind is, is dat daar 'n ernstige gebrek aan terminologiebestuur vir Afrikaans in Suid-Afrika voor 1984 bestaan het.


Die verslag word afgesluit met drie kernaanbevelings (oor die *desentralisering* en *sentralisering* van bepaalde aspekte van die vaktaalpraktyk, oor *navorsing-* en *skakelfunksies* en oor die *funksie en setel* van die destydse Vaktaalbuero van die Departement van Nasionale Opvoeding (tans Terminologie-koördineringsafdeling, Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie), asook ander aanbevelings wat verband hou met die model wat vir die vaktaalpraktyk voorgestel is (vgl. Cluver & Scheffer 1984c: 184-194).

Wat die opleiding van terminoloë betref, word daar in die verslag genoem dat daar nie aandag aan hierdie punt gegee is nie. Daar word wel genoem dat daar geen spesifieke vakgerigte opleidingsgeriewe vir terminoloë in Suid-Afrika bestaan nie en dat die implementering van die model nuwe eise aan terminoloë sal stel en dat hulle daarvoor opgelei moet word.

'n Skematiese voorstelling van die Cluver & Scheffer-model word in figuur 10 aangebied.

Sekondêre termleweransiers en belangrike termgebruikers

Primêre termleweransiers



**Figuur 10** 'n Skematiese voorstelling van die Cluver & Scheffer-model (Cluver & Scheffer 1984c:193)

### 5.2.1.1 Die implementering van die Cluver-model

Die aanbeveling deur Cluver & Scheffer (1984c) in verband met terminologieversameling en die daarstel van 'n gesentraliseerde terminologiebank is soos volg in die praktyk geïmplementeer. Die Vaktaalbuurse naam is in 1984 verander na die Nasionale Terminologiediens (tans die Terminologiekoördineringsafdeling) en 'n gerekenariseerde termbank is in werking gestel. Die fokuspunt van hierdie model was 'n gerekenariseerde terminologiedatabasis - die Nasionale Termbank, wat geadministreer word deur die Nasionale Terminologiediens (vgl. Cluver 1995b:420). Dié Termbank is as die sentrale nasionale termbank beskou en beplanning, koördinering en dokumentering van terminologiedata is daar gehanteer. Die Nasionale Termbank het in 1987 in werking getree.

Terminologieproduksie en dokumentasie sou voortaan gedentraliseerd met ander woorde by die ontstaan van die konsep opgeteken word, in die laboratorium, die werkwinkel ensovoorts. Hierdie dokumentasieproses is ondersteun deur 'n rekenaarprogram, Leksikon, wat gratis deur die Nasionale Terminologiediens aan alle persone en organisasies, wat by die dokumentering van leksikale data betrokke was, beskikbaar gestel is. Die versamelde data is aan die Nasionale Terminologiediens verskaf waar dit geprosesseer is en dan aan die verskaffer terugbesorg is wat dit as 'n woordeboek kon publiseer of vir enige ander gebruik kon aanwend (vgl. Cluver 1995b:420).

'n Afdeling vir bestuur en beplanning is in werking gestel en 'n skakelkomitee is vir die Termbank in die lewe geroep. Die afdeling vir bestuur en beplanning moes sorg vir die algemene beheer en administrasie van die voorgestelde sisteem. Take van dié afdeling het onder meer die volgende ingesluit:

- die bepaling van prioriteitsgebiede;
- die stig van terminologiekomitees en redaksiekomitees en skakeling met hulle;

- skakeling met verskeie binne- en buitelandse instansies; die verskaffing van metodologiese riglyne; en
- die hantering van mannekrag, opleidingsbehoefte en allerlei finansiële aspekte.

Die navorsingsafdeling wat aan die Termbank gekoppel is, het alle mikronavorsing oor terme onderneem. Dit sluit aspekte in soos woordvormingspatrone, stilistiese en tekstuele kenmerke van die vaktaal en vakleksikografiese metodes. As resultaat van 'n ondersoek deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) oor terminologieprobleme (Eksteen 1985) is daar in 1989 'n *Terminografiewoordeboek* en *A manual of terminography* (Cluver 1989a; 1989b) gepubliseer.

Die laaste aanbeveling wat verband hou met die besinning oor die setel van die Nasionale Vakterminologiediens (NVD) het by die Department van Nasionale Opvoeding berus en daar is besluit dat die NVD deel van die departement sou bly (vgl. KOVAK-notule 1984:9).

Wat die insluiting van die Afrikatale by hierdie model betref, maak Cluver (1984a:14) die volgende opmerking:

Verdere waarneming dui daarop dat baie Westerse beroepssubkulture nog nie in Swart tale gevestig is nie, en dat die vaktale van hierdie beroeps-kulture grootliks deur vertalers en Swarttaalarde bepaal word. Die model wat hier ontwerp word, kan dus nie sonder meer op Swartvaktale van toepassing gemaak word nie.

Vervolgens word die uitbreiding van terminologiedata, terminologieproduksie en terminologiebestuur by die Afrikatale ondersoek om vas te stel in watter mate terminologiedata in hierdie tale tot en met 1994 uitgebrei en bestuur is.

### 5.2.2 Terminologiebestuur in die Afrikatale

Die ontwikkeling en bestuur van terminologiedata in die Afrikatale tot en met 1994 skets 'n minder gunstige prentjie. Hierdie tale het nie nasionale amptelike

status in die vorige taalbestel gehad nie en is daarom nooit op groot skaal deur die regering ontwikkel of bestuur nie.

Die eerste woordeboeke in die Afrikatale is in die vorige eeu deur die sendelinge wat onder die swartgemeenskappe gewerk het, saamgestel. Hierdie woordeboeke het hoofsaaklik bestaan uit terminologiedata wat in godsdienstige gebruik is. Die LANGTAG-verslag (1996:71) bevind dat die sendelinge verskillende variëteite uit die kontinuum van Afrikataal-dialekte geselekteer het, dit op verskillende wyses gekodifiseer het en dit as aparte tale ontwikkel het. Die ontwikkeling van die verskillende ortografieë vir naasbestaande tale het volgens hierdie verslag ontstaan as gevolg van die invloed van die sendelinge se moedertale. As voorbeeld word aangevoer dat dieselfde vokaal voorgestel word deur 'n i in Nguni-variëteite en deur 'n e in die Sotho-variëteite. Die sendelinge wat onder die Sesotho-sprekende gemeenskappe gewerk het, was oor die algemeen Franssprekend, terwyl dié wat onder die isiXhosa-sprekende gemeenskappe gewerk het, hoofsaaklik Engelsprekend was (vgl. LANGTAG-verslag 1996:72).

Harries (1988:46) meen dat kompetisie tussen die verskillende sendelingsgemeenskappe gelei het tot verdeeldheid tussen inheemse groeperinge. Alhoewel die sendelinge daarin geslaag het om die Afrikatale te kodifiseer en om 'n Christelike godsdienstige terminologie en register te ontwikkel (vgl. LANGTAG-verslag 1996:72), het hulle ook daarin geslaag om die Afrikataalgemeenskap in verskillende groepe te verdeel. In plaas daarvan dat een godsdienstige lering ontstaan het, het die sendelinge in sommige gevalle daarin geslaag om die verskillende spraakgemeenskappe te verdeel in verskillende tale met verskillende ortografieë. Die LANGTAG-verslag (1996:72) benadruk ook dat alhoewel ortografieë saamgestel is, daar nie daarin geslaag is om die tale te standaardiseer nie, met die gevolg dat verskillende ortografieë binne dieselfde taalgemeenskap gebruik is. Die verdeling van die Ngunigroep in isiZulu-, isiXhosa- isiNdebele en Siswatisprekers word as voorbeeld aangevoer. Later is hierdie verdeling deur die apartheidsbeleid voorgestaan om as

bykomende kriterium te dien by die oprigting van die onafhanklike tuislande en selfregerende gebiede.

Gedurende 1928 het die regering van die Unie van Suid-Afrika 'n Advieskomitee saamgestel vir navorsing in Bantoe-studies met die oog daarop om die ortografieë van die verskillende Afrikatale te standaardiseer. Hierdie komitee het 'n Sentrale Ortografiekomitee saamgestel wat weer subkomitees vir die Sothotale, die Ngunitale en Tshivenda saamgestel het (vgl. LANGTAG-verslag 1996:74).

Volgens Alberts (2000a:236) begin die geskiedenis van Afrikataalterminologie met die saamstel van hierdie taalkomitees wat dieselfde rol laterjare vervul het as die Taalrade.

Wat Xitsonga betref, is daar gedurende 1938 'n vergadering belê om oor Xitsonga se ortografie en die publikasie van skoolhandboeke te besluit. Hierdie vergadering het tot die stigting van die Xitsonga Taalraad aanleiding gegee wat tot en met 1954 gefunksioneer het (vgl. LANGTAG-verslag 1996:75).

Nadat die Nasionale Party in 1948 die regerende party van die Unie van Suid-Afrika geword het en hom hoofsaaklik beywer het vir die bevordering van Afrikaans, is die Taalrade as 'n politieke set van die regering gesien om die Afrikatale onderontwikkeld te hou (vgl. Alberts 2000a:236).

Die ontwikkeling van die Afrikatale in Suid-Afrika tydens die vroeë jare is hoofsaaklik oorgelaat aan die sendelinggemeenskappe. In sendelingskole het kinders met eerstetaalonderrig begin en later oorgeskakel na Engels. Afrikaans se rol, as vak, het geleidelik begin toeneem sedert 1938 en van toe af het Afrikaans 'n groter rol by die onderwys begin speel.

Die Eiselenverslag van 1951 het aanbeveel dat die regering die skole van die sendelinggemeenskappe oorneem en dat moedertaalonderrig vir die eerste agt

jaar die taal van onderrig moes wees. Opvoedkundiges en moedertaalsprekers was nie ten gunste hiervan nie aangesien hulle gevoel het dat die Afrikatale nog nie die stadium bereik het waar dit wetenskaplike en tegnologiese terme in die klaskamersituasie kon uitdruk sonder om verwarring te veroorsaak nie (vgl. Jafta 1987:130). Die Eiselenverslag het die instel van terminologiekomitees voorgestel om nuwe terme te skep en handboeke vir onderwysers saam te stel. Die Verslag het ook aanbeveel dat beide amptelike tale (Engels en Afrikaans) na die agtste skooljaar die medium van onderrig moes wees (Union of South Africa, report of the Commission on Native Education 1949-1951).

Die kontrole oor die Taalkomitees is aan die Departement van Bantoesake (Afdeling Bantoe-onderwys) opgedra. Na die instelling van die Bantoe-onderwyswet van 1953 het die taalkomitees vir die ontwikkeling van die verskillende Afrikatale begin werk. Die pligte van hierdie Taalkomitees was:

- om die ortografieë van die tale te hersien,
- om tegniese woordeskat, grammatikale reëls, literêre en wetenskaplike terme saam te stel,
- om te besluit oor 'n standaardvorm vir die tale en hoe die tale uit ander bronne verryk kon word,
- isiXhosa en isiZulu-komitees moes saamwerk om uniformiteit in die ortografieë en terminologiese werk van hierdie tale te bevorder. Die Sesothokomitee was verantwoordelik vir die strewing na uniformiteit van die ortografieë en terminologiese data van die drie Sotho-tale (Sesotho, Setswana en Sepedi),
- om die verskillende regeringsdepartemente te adviseer oor die gebruik van die tale en ortografieë in kennisgewings en ander publikasies,
- om artikels te redigeer vir publikasie in die Tydskrif vir Bantoe-onderrig,
- om artikels vir publikasie in die Jeugtydskrif te redigeer (om 'n aanvaarbare standaard te verseker), en
- om te adviseer oor sillabusse vir die Bantoetale (vgl. Jafta 1987:131).

Die Taalkomitees het gefunksioneer as 'n onderafdeling van die Taalrade. Die Taalrade het gedien as die koördinerende liggame en hul verantwoordelikhede was onder meer:

- om die aktiwiteite van die Taalkomitees te koördineer en te lei, en om aanbevelings te oorweeg en oor te dra aan die Sekretaris,
- om die saamstel van terminologieswerk te lei wat betrekking het op die uitbreiding van die Bantoetale as medium van onderrig,
- om aanbevelings aan die taalkomitees te maak rakende die hersiening van die verskillende Bantoetale, en indien moontlik om 'n uniforme ortografieë saam te stel vir verwante tale. Die Taalrade moes ook die moontlikheid en doenlikheid oorweeg van die amalgamering van bestaande literatuur van nabyverwante tale soos isiZulu en isiXhosa en die drie Sothotale (Sesotho, Setswana, en Sepedi) (vgl. Jafta 1987:131).

Terminologie wat deur die Taalkomitees versamel en geskep is, is deur die media, en hoofsaaklik deur die radio, aan die publiek oorgedra deur daarvan gebruik te maak tydens radio-uitsendings en in nuusbuletins. Die meeste van die terminologiesdata is vir onderrig in skole gebruik (vgl. Jafta 1987:132).

Teen 1961 het die beleid van aparte ontwikkeling die uitbreiding van die Afrikatale begin beïnvloed. In die plek van die Sotho Taalraad is drie aparte taalrade aangestel (een vir Sepedi, een vir Setswana en een vir Sesotho). Die gesamentlike Taalraad vir Zulu en Xhosa is ontbind en in die plek daarvan is twee aparte taalrade aangestel. Aparte taalontwikkeling het nou deel van die bevordering van aparte etniese ontwikkeling geword (vgl. LANTAG-verslag 1996:78). Die Taalrade is in hierdie tydperk geassosieer met die onafhanklike tuislande en die selfregerende gebiede. Hul politieke rol was om aparte ontwikkeling voor te staan, soos die van die tuislandstrukture. Sommige van die rade moes verantwoording doen aan die Hoofministers en hul Kabinet, ander aan die Departement van Onderwys en Opleiding en ander aan beide die Ministers en die Departemente in die tuisland of selfregerende gebied. Hierdie

Rade is hoofsaaklik deur die tuislandregerings of selfregerende regerings gefinansier en het verteenwoordigers van hierdie regerings as lede gehad (vgl. Alberts 2000a:236).

Teen 1962 het 'n nuwe generasie terminografie- en ortografielyste die lig gesien, met aparte terme vir dieselfde konsepte in die verskillende tale (vgl. LANGTAG-verslag 1996:78).

Gedurende die sewentigerjare het die taalkomitees outonome taalrade binne die jursidiksie van die verskillende tuislandregerings geword. Daar was nou 'n taalraad vir elke Afrikataal wat terme moes versamel, saamstel en die spesifieke taal in stand moes hou. Aangesien die taalrade verbind was aan die State eerder as die tale het dit tot gevolg gehad dat daar op 'n stadium drie taalrade vir Xhosa was: die Suid-Afrikaanse Xhosa Taalraad, die Transkei Nguni-Sotho Taalraad en die Ciskei Taalraad. Die doelwit met hierdie rade was om te kodifiseer, te standaardiseer en om die verskillende Afrikatale uit te brei en ook om boeke vir gebruik in die skole en kolleges te identifiseer (vgl. LANGTAG-verslag 1996:79).

Die Afrikatale het met hul verwerwing van amptelike status in die nasionale state en selfregerende gebiede voor dieselfde probleme te staan gekom as dié wat in Afrikaans ondervind is toe Afrikaans amptelike status in 1925 verwerf het. Terminologiedata moes vinnig daargestel word om in die gemeenskappe se behoeftes te voldoen, maar terminologiebeplanning is baie keer afgeskeep of oorhaastig aangepak. Daar was verder ook nie 'n beleid wat die koördinerende van terminologiedata vasgestel het nie, geen behoeftebepaling is gedoen nie, navorsing oor die teoretiese aspekte van woordvorming, termdaarstelling en termstandaardisering het ontbreek. Nuwe terminologiedata is vir opname en kommentaar aan die publiek beskikbaar gestel deur die media. Volgens Matsela & Mochaba (1986:147) was daar ook 'n ernstige behoefte aan gespesialiseerde opleiding in die teorie en metodes van terminologie-ontwikkeling (vgl. ook Morris 1985:83).

Wat die Taalrade betref het terminologie-ontwikkeling en terminologieproduksie slegs 'n deel van die Taalrade se opdrag uitgemaak en aangesien hulle slegs 'n paar keer per jaar ontmoet het, het dit tot gevolg gehad dat die terminologie-uitset nie aan die terminologiebehoefte van die gemeenskappe voldoen het nie. 'n Negatiewe uitvloeisel van die sisteem was dat terminologie-uitbreiding verwyderd geraak het van die spraakgemeenskap wat dit moes dien (vgl. LANGTAG-verslag:1996).

Die meeste Taalrade het 'n kort drietalige glossarium gepubliseer wat basiese terminologiedata bevat wat in primêre onderwys gebruik is en ook 'n aantal terme wat deur nuuslesers op die radiostasies gebruik is (vgl. LANGTAG-verslag 1996:79; Jافتا 1978:137).

Mtintsilana & Morris (1988:109) verwys ook na die tien Taalrade wat vir die nege Afrikatale ingestel is as die amptelike goedkeuringsliggame vir linguistiese sake. Alle nuwe terme moes aan hulle voorgelê word vir goedkeuring. Koördinerings tussen die Taalrade en die wetgewende en administratiewe liggame, opleidingsinrigtings, industrieë en die SAUK was skynbaar min, terwyl elkeen van hierdie sektore hul eie terminologie-aktiwiteite voortgesit het. Mtintsilana & Morris (1988) bevind dat, afgesien van die gebrek aan koördinerings, daar nie befondsing vir die publikasie en verspreiding van lyste en tegniese woordeboeke beskikbaar was nie, met die gevolg dat terminoloë individuele metodologieë ontwikkel het. 'n Faktor wat met terminologie-uitbreiding in die Afrikatale verband hou, is die feit dat van die taalgroepe wyd verspreid woon, wat versplintering van die tale meebring het en standaardisering bemoeilik het. Terme is hoofsaaklik deur staatsdepartemente van die selfregerende en nasionale state en deur die SAUK, radio en TV versamel, en individuele versamelings is opgebou (Mtintsilana & Morris 1988:112).

Alhoewel die Taalrade verantwoordelik was vir normering en standaardisering, is verspreiding ernstig beperk deur 'n gebrek aan middele (min woordeboeke, en

die feit dat die data nie op 'n gerekenariseerde databasis beskikbaar was nie). Die disseminering van terminologieprodukte hang nou saam met inligtinguitruiling en inligtingkoördinerings, en die selfregerende state het nie die finansiering gehad om die produkte van terminologiewerk in publikasies om te sit nie. Terminologiewerk gedurende hierdie tydperk is meestal in lyste opgeneem, maar hierdie lyste is selde of nooit aan die gebruikers beskikbaar gestel nie (vgl. Mtinsilana & Morris 1988:112)

Die daarstel van nasionale state en die aparte ontwikkelingspolitiek het derhalwe nie net beteken dat die Afrikatale apart van mekaar begin ontwikkel het nie, maar ook dat die tale apart van die belangegroep ontwikkel het.

### 5.2.3 Eenvormige terminologiebestuur

Sedert 1985 het sosiale en politieke faktore weer eens 'n uitwerking op die terminologiebedryf in Suid-Afrika gehad. Regeringsbeleid wat voor 1985 gestipuleer het dat die bevordering en ontwikkeling van die Afrikatale die verantwoordelikheid van die nasionale state en selfregerende gebiede en nie van die Suid-Afrikaanse regering was nie, het verander en die Suid-Afrikaanse regering het ook die verantwoordelikheid aanvaar vir die ontwikkeling van die Afrikatale (vgl. Cluver 1995b:420).

↓

Terminologie-ontwikkeling en terminologiebestuur by die Afrikatale het beteken dat:

- opleiding verskaf moes word in die teorie en praktyk van terminologiewerk en terminografie,
- beplanning en implementering van terminografiese projekte hierdie tale moes insluit,
- terminografiese materiaal vir die Afrikatale gedokumenteer moes word,
- woordeskatstandaarde vir die Afrikatale daargestel moes word, en

- terminologiedata op provinsiale, nasionale, en internasionale vlakke gestandaardiseer moes word om wyer kommunikasie moontlik te maak.

Die Nasionale Vakterminologiediens sou voortaan funksioneer as die sentrale bestuurseenheid van alle terminologie-aangeleenthede in Suid-Afrika.

Die behoeftes wat die moderne inligtingsgemeenskap aan terminologiedata gestel het en die insluiting van die Afrikatale, het tot gevolg gehad dat 'n nuwe benadering tot terminologiedata gevolg moes word. Deel van hierdie nuwe benadering om die ontwikkeling van tegniese tale te bevorder, was die gebruik van rekenaars om produktiwiteit te verhoog en om meer inligting beskikbaar te stel as wat in tegniese woordeboeke gevind kan word. Die Nasionale Termbank moes hierdie funksie vervul en het in 1987 in werking getree om hierdie ideaal te verwesenlik (vgl. Cluver 1995b:421). Die Nasionale Termbank sou dien as die klaringshuis vir terminologie-inligting wat op 'n gedentraliseerde wyse versamel is deur onder meer taalburo's, die verskillende Afrikataaltaalrade en taalkomitees, terminologiekomitees, akademiese instellings, privaatorganisasies en individue (vgl. Scheffer 1987:33).

Uit die voorafgaande beoordeling blyk dit dat slegs Engels en Afrikaans teen 1985 oor 'n uitgebreide terminologiekorpus beskik het. Hierdie tale kon derhalwe ten volle baatvind by die rekenarisering van terminologiedata en terminografiese prosesse by die Nasionale Termbank van die NVD. Die Afrikatale is nog nie tot dieselfde vlak ontwikkel nie en kon nie soortgelyk baatvind by die rekenarisering van terminologiedata en terminografiese-prosesse nie (vgl. afdeling 5.2.2).

Vakkundigheid en die tekort aan opgeleide terminoloë en terminograwe in die Afrikatale was in hierdie stadium ook 'n groot leemte (vgl. Matsela 1987:82). Matsela (1987:89-96) bevind verder dat die opname van groot getalle

aangepaste Engels en Afrikaanse woorde in Sesotho as gevolg van vinnige ontwikkeling plaasgevind het.

akere	akker	ontleen uit Afrikaans
aletare	altaar	ontleen uit Afrikaans
chefo	gif	ontleen uit Afrikaans
choko	chalk	ontleen uit Engels
feberu	fever	ontleen uit Engels
molepera	leper	ontleen uit Engels

**Voorbeeld 4 Aangepaste leenwoorde wat in Sotho gebruik word**

Alhoewel Afrikanisering 'n maklike en produktiewe metode is om Afrikataalterminologie te ontwikkel, hou dit verskeie nadele in. Volgens Matsela & Mochaba (1986:141) is die termskeppings wat op die leksikale items uit vreemde tale gebou word dikwels abstrak en onverstaanbaar, terwyl terme wat op interne elemente van die taal gebaseer is, deursigtig en selfverduidelikend is.

sefofane – that which flies:	aeroplane
/se-/	nominal prefix, class 7
/-fof-/	verb, to fly
/-ane/	denominative suffix

**Voorbeeld 5 'nTermskepping wat uit interne elemente van Sotho bestaan**

Ander probleme ten opsigte van die ontwikkeling en die koördinerings van terminologiese werk wat die Afrikatale ondervind het, het ook voorgekom. Die belangrikste van hierdie probleme kan soos volg saamgevat word:

- die hegemonie van Engels op die wetenskaplike en tegnologiese gebiede het veroorsaak dat Engels gebruik is as taal vir sekondêre en tersiêre opleiding en as sleutel tot internasionale kontak gedien het, eerder as om van die Afrikatale gebruik te maak;
- die stigmatisering van die pogings deur die Taalrade om die Afrikatale te moderniseer het veroorsaak dat die gebruikers van die Afrikatale traag was om die tale uit te brei en vir hoër funksies aan te wend, aangesien die sprekers die Taalrade gesien het as 'n politieke set van die Suid-Afrikaanse regering om die Afrikataalgemeenskappe onderontwikkeld te hou;
- die skeptisisme deur die gebruikers oor die vermoë van die Afrikatale om te kan funksioneer as middele van kommunikasie in hoërstatusfunksies het

veroorzaak dat die Afrikatale nie vir hoëstatusfunksies gebruik is nie, maar dat daar eerder van Engels gebruik gemaak is (vgl. Morris 1985:82-87).

Al hierdie faktore het daartoe bygedra dat wydverspreide apatie teenoor die ontwikkeling van die Afrikatale bestaan. Wat die situasie verder vererger het en as die hooforsaak aangevoer kan word dat die Afrikatale steeds onderontwikkel gebly het, is die gebrek aan politieke mag van die sprekers van hierdie tale tot en met 1994. Dit het beteken dat die sprekers van dié tale nie by magte was om 'n taalbeleid te ontwikkel wat die nodige regstellings kon maak nie. Alhoewel daar besef is dat die Afrikatale ontwikkel moes word om hulle sprekers in staat te stel om dit vir verskillende funksies te kon gebruik, was die omstandighede duidelik nie gunstig vir effektiewe vooruitgang in terminologie-uitbreiding en -bestuur by hierdie tale nie.

Ten spyte van die probleme wat deur die Afrikatale ondervind is, het daar tog enkele terminologieverwante bronne in elk van die Afrikatale, wat sedert 1994 as amptelike tale erken is, verskyn (vgl. SATI 1999).

### **Sesotho**

- Department of Bantu Education, Southern Sotho Language Committee. 1972. (rev. and expanded 1983). *Suid-Sotho Terminologie en Spelreë'* No. 3+4.
- South African Broadcasting Corporation s.a. *Lenantswe la SeAfrikaanse – Senyesemane seSotho. Afrikaans – Engels – Suid-Sotho Woordelys*. Johannesburg: SABC.

### **Sepedi**

- Department of Education and Training. 1988. *Nothern Sotho: Terminology and Ortography*. No. 4. Pretoria: The Government Printer.
- Joubert, P.J & Mangokane, M.J. s.a. *Verklarende Woordelys: Afrikaans – Engels – Noord-Sotho*. Volume 1 (A-C). Johannesburg: SABC African service.

- Joubert, P.J & Mangokane, M.J. s.a. *Verklarende Woordelys: Afrikaans – Engels – Noord-Sotho*. Volume 2 (D-J). Johannesburg: SABC African service.
- Radio Bantu, South African Broadcasting Corporation s.a. *Afrikaans – English – Noord-Sotho wordelys*. Johannesburg: SABC.

### **Setswana**

- Department of Education and Training and Department of Education: Bophuthatswana. 1988 *Setswana: Terminology and Orthography*. No. 4. Pretoria: University of South Africa.
- Joubert, P.J. & Metsileng, T.S. 1975. *Verklarende Woordelys: Afrikaans – Engels – Tswana. Lenanephokotlhalosi: Seaforikanse – Senesimane – Setswana*. Volume 1 (A-C). Johannesburg: SABC Bantu services.
- Joubert, P.J. & Metsileng, T.S. s.a. *Verklarende Woordelys: Afrikaans – Engels – Tswana. Lenanephokotlhalosi: Seaforikanse – Senesimane – Setswana*. Volume 2 (D-J). Johannesburg: SABC Bantu services.
- Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie Afrikaans – Engels – Tswana Woordelys. 1980. Johannesburg: SAUK.

### **Xitsonga**

- Tsonga Language Committee. 1980. *Tsonga Terminology and Orthography*. Pretoria: The government Printer.
- Hartshorn, K.B. 1983 *A Dictionary of Basic English-Tsonga across the curriculum*. Educum Publishers. *Afrikaans-Tsonga Woordelys van 1970*. Johannesburg: Switserse Sending in Suid-Afrika.

### **isiXhosa**

- Hartshorn, K.B., Swart, J.H.A. & Posselt, E. 1984 *Dictionary of Basic English Xhosa across the Curriculum*. Johannesburg: Educum Publishers.

- Joubert, P.J. & Stuurman, A.B. 1975. *Verklarende Woordelys. Afrikaanse – Engels – Xhosa – Zulu*. Volume 1: (A-C). Johannesburg: SABC Bantu services.
- Joubert, P.J. & Stuurman, A.B. 1975. *Verklarende Woordelys. Afrikaanse – Engels – Xhosa – Zulu*. Volume 2: (D-J). Johannesburg: SABC Bantu services.
- Radio Bantu, South African Broadcasting Corporation. s.a. *Afrikaans – Engels- Xhosa – Woordelys. Isibhulu – isingesi – isixhosa*. Johannesburg: SABC.

### isiZulu

- Department of Bantu Education. s.a. *Zulu –Xhosa Terminology and Spelling*. No. 1. Pretoria: Government Printer.
- Department of Bantu Education. 1972. *Zulu: Terminology and Orthography*. No.3. Pretoria: Government Printer.

Die voorafgaande inligting word hiernaas in tabelvorm aangebied om die pogings ten opsigte van terminologiebestuur vir Afrikaans en die Afrikatale in die pre-1994 era in perspektief te stel.

Afrikaans	Afrikatale
1909 – stigting van Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ter bevordering van Afrikaans	
1925 – toekenning van amptelike taalstatus	- geen nasionale amptelike status in die vorige taalbestel nie
	-eerste woordeboeke deur sendelinge saamgestel
1918 tot 1935 – ongeveer 200 000 terme geproduseer en opgeteken in terminologielyste, woordeboeke en handboeke	1928 – Advieskomitee saamgestel vir navorsing in Bantoe-studies - Stigting van sentrale Ortografiekomitee - Stigting van subkomitees vir Sotho, Nguni en Venda. Terminologie moes

	deur hierdie komitees versamel en opgeteken word.
1930 – stigting van Staatstaaldiens	1938 – stigting van die Tsonga Taalraad. Funksioneer tot en met 1954
1944 tot 1950 – Akademie publiseer tweektalige glossariums	
1945 – behoefte geïdentifiseer aan koördinerings	
1948 – Nasionale Party kom aan bewind. Bevordering van Afrikaans op groot skaal.	
1950 – ongeveer 400 000 terme beskikbaar in tweektalige glossariums - stigting van Vaktaalburo - Terminologieseksie kom binne Taaldiensburo van die Departement van Kultuur (later Departement van Nasionale Opvoeding) tot stand	1951 – Eiselenverslag - Instel van moedertaalonderrig vir eerste agt skooljare - Saamstel van terminologie vir gebruik in primêre opleiding
1956 – Terminologie-afdeling kom binne die Vaktaalburo tot stand	1953 – Bantoe-onderwyswet - Taalkomitees werk vir die ontwikkeling van die Afrikatale - Terminologie deur Taalkomitees versamel word deur die radio aan die publiek oorgedra. Die meeste terminologie word vir onderrig in primêre skole gebruik.
1958 – stigting van Vaktaalkommissie	1957 – beleid van aparte ontwikkeling - Gesamentlike komitees ontbind
1966 – Vaktaalskakelkomitee vervang Vaktaalkommissie	1961 – in plek van Sotho Taalraad word drie aparte Taalrade aangestel (Noord-Sotho, Tswana en Suid-Sotho) - Gesamentlike Taalraad vir Zulu en Xhosa ontbind en twee aparte Taalrade word aangestel
	1962 – nuwe generasie terminografie- en ortografielyste sien die lig met aparte terme vir dieselfde konsepte in die verskillende Afrikatale

1970 – KOVAK kom tot stand	<p>1970's stigting van aparte onafhanklike Swart State en tuislande</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Taalkomitees word outonome Taalrade</li> <li>- Taalrade oorgedra na die Departement van Opvoeding in die onafhanklike State en tuislande. Verskeie taalrade vir dieselfde taal bv. Xhosa</li> <li>- Terminologie vir opname en kritiek aan publiek beskikbaar gestel deur media</li> <li>- Terminologie-uitsette voldoen nie aan terminologiebehoefte van gemeenskappe nie</li> <li>- Meeste Taalrade publiseer 'n kort drietalige glossarium wat basiese terminologie bevat vir gebruik in primêre onderwys</li> </ul>
1976 – Vaktaalburo (SAAWK) amalgameer met die Terminologieseksie, nuwe Vaktaalburo onder Departement van Nasionale Opvoeding	
<p>1984 – Vaktaalondersoek</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vaktaalburo verander van naam en word die Nasionale Vakterminologiesediens (NVD) en later is die naam verander na Nasionale Terminologiesediens (NTD)</li> </ul>	
1985	
<ul style="list-style-type: none"> <li>- bevordering van die Afrikatale nou ook die verantwoordelikheid van die Suid-Afrikaanse regering</li> <li>- Naamverandering van NVD na NTD</li> <li>- NTD funksioneer voortaan as die sentrale bestuursseenheid van alle terminologie-aangeleenthede in Suid-Afrika, insluitend terminologie-ontwikkeling en terminologiebestuur van die Afrikatale</li> </ul>	
1987	
<ul style="list-style-type: none"> <li>- Nasionale Termbank tree in werking</li> <li>- rekenarisering van terminologiesewerk en terminografiese prosesse om produktiwiteit te verhoog</li> </ul>	

**Tabel 3 Terminologiebestuur in Afrikaans en die Afrikatale voor 1994**

Hierdie beoordeling wys daarop dat slegs Afrikaans en Engels teen 1987 oor 'n uitgebreide terminologieskorpus beskik het om ten volle baat te vind by die rekenarisering van terminologiedata en terminografiese prosesse. Die Afrikatale het nog nie tot op dieselfde vlak uitgebrei nie en kon nie soortgelyk baatvind by die rekenarisering van terminologiedata en terminografiese prosesse nie.

### **5.3 Terminologiebestuur in Suid-Afrika sedert 1994**

Politieke en sosiale verandering in Suid-Afrika het sedert 1994 die funksionele rol van die Afrikatale in Suid-Afrika verander. Die Grondwet (Wet 108 van 1996) stipuleer dat daar elf amptelike tale in Suid-Afrika is, en dat die histories gemarginaliseerde tale ontwikkel en bevorder moet word om die funksies te kan verrig wat die moderne samelewing van hierdie tale verwag. Die taalbehoefte van die sprekers van hierdie tale het derhalwe geweldig toegeneem, wat noodsaak dat drastiese stappe geneem moet word om in die behoeftes van al die sprekers van die amptelike tale van Suid-Afrika te voorsien. Die sprekers het na 1994 oor die nodige politieke mag beskik om 'n nuwe taalbestel daar te stel en die posisie van die Afrikatale te verbeter.

Met die instel van die Interimgrondwet van 1993 (Wet 200 van 1993) en later van die finale Grondwet van 1996 (Wet 108 van 1996) betree Suid-Afrikaners 'n totaal veranderde taalbestel. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika sluit die Grondwet 'n Handves van Menseregte in. Wat veral van waarde is vir sosiolinguiste, taalwerkers en ander persone wat gemoeid is met linguistiese menseregte, is die feit dat taalregte duidelik in verskeie artikels van die Grondwet genoem word. Die prominentste taalklausule word vervat in Artikel 6, waar daar voorsiening gemaak word vir elf amptelike tale vir Suid-Afrika en vir die ontwikkeling van dié tale wat voorheen beperkte amptelike status geniet het.

Die feit dat die Grondwet amptelike erkenning op nasionale vlak verleen aan elf amptelike tale vir Suid-Afrika (Artikel 6 (1)), impliseer dat hierdie tale 'n belangrike rol moet speel op alle lewensterreine: die sosiale, die ekonomiese, die kulturele en die politieke domeine, met ander woorde dat hierdie tale deur hul sprekers in hierdie domeine gebruik moet word en dat geen hiërargisering ten opsigte van taal toegepas mag word nie. Dit impliseer dat die Afrikatale wat vroeër beperkte amptelike funksies verrig het, nou nasionaal uitgebrei, gekoördineer en bestuur moet word om diens te doen op nasionale vlak as amptelike tale (Artikel 6(2), (3), (4)).

Die 1996-Grondwet plaas veral klem op die uitbreiding van die sogenaamde histories ingekorte tale (Artikel 6(2)), om in pas te kom met die verandering in tegnologie en terselfdertyd die herstel van ideologiese verwaarlosing te bewerkstellig. Hierdie taalopdrag veronderstel:

- die daarstel van 'n infrastruktuur deur die staat vir die ontwikkeling en bestuur van al die tale wat in die Grondwet genoem word (soos voorsien word in die betrokke artikel); en
- die instelling van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) (Artikel 6(5)).

### 5.3.1 Die taalopdrag aan die staat

Artikel 6(2) van die Grondwet van 1996 maak spesifiek voorsiening dat die staat praktiese en positiewe stappe moet neem om die status te verbeter en die gebruik van die Afrikatale te bevorder. Hierdie taalopdrag hou direk verband met statusbeplanning en korpusbeplanning vir die amptelike tale. Die implikasies van taalbeplanning soos die verandering aan die status van 'n taal deur die toewysing van meerdere funksies aan die taal in 'n taalgemeenskap (vgl. Haugen 1983), die beplanning van prestige vir die taal om die taalgebruikers die waarde van hul taal te laat besef (Haarmann 1990) en sosiale veranderinge wat die taalgedrag van die taalgebruikers beïnvloed (Cooper 1989) word by die taalopdrag opgemerk.

In hierdie geval behels statusbeplanning die verhoging van die status van die amptelike tale (dit wil sê prestige beplanning (vgl. Haarmann 1990)) sodat die hiërargie van die ongelykheid van tale in Suid-Afrika, wat eers deur die koloniale- en later deur die apartheidsbeleid daargestel en in stand gehou is, tot niet gemaak kan word. Die taalbeplanningstipologie van Haarmann (1990) vind hier inslag. Haarmann (1990) wys op vier verskillende vlakke van taalontwikkeling waarvan taalbeplanningsaktiwiteite deur die regering, byvoorbeeld die amptelike bevordering van 'n taal of tale die hoogste gesag dra (vgl. figuur 3). Volgens Haarmann (1990) veronderstel die amptelike bevordering van 'n taal of tale totale beheer van taalbeplanningspogings deur die staat, sodat 'n hoë vlak van doeltreffendheid verwag kan word.

Die taalopdrag aan die staat behels dat effektiewe en toeganklike dienste verskaf moet word om die taalregte van die gemeenskap te erken en om die funksionele gebruik van die amptelike tale gelykwaardig te bestuur. Die gebruikers van hierdie tale moet bewus gemaak word van die waarde van die Afrikatale as funksionele kommunikasiemiddels en in staat wees om hierdie tale op alle vlakke van die samelewing en in alle domeine te kan gebruik as tale van kommunikasie.

Wat korpusbeplanning betref, moet daar nie alleen op die linguistiese probleme gekonsentreer word nie aangesien korpusbeplanning in samehang met sosiale, historiese, ekonomiese, kulturele en politieke kragte plaasvind. Strategieë word benodig vir die ontwikkeling van die Afrikatale, insluitend die ontwikkeling van terminologiedata in hierdie tale en die daarstel van dienste om hierdie werk te fasiliteer. Funksieontwikkeling wat die hoofmerk met korpusbeplanning uitmaak (vgl. Haugen 1983), is van kardinale belang by die uitbreiding van die amptelike tale aangesien dit hierdie tale in staat sal stel om te ontwikkel tot op 'n vlak waar die tale in enige register en op alle domeine van taalgebruik aangewend kan word. Terminologie-ontwikkeling en terminologiebestuur kom hier ter sprake aangesien terminologiedata benodig word om 'n taal in verskillende domeine en registers te kan aanwend.

Die staat het derhalwe die verantwoordelikheid gekry om stappe te neem om die gebruik van die inheemse tale in hoë funksies in die samelewing te bevorder. Dit beteken dat maatreëls geneem moet word om te verseker dat hierdie tale direk baatvind by programme deur die staat (wat gerig word op die bevordering van agtergeblewe gemeenskappe). Hierdie ideaal kan egter slegs bereik word indien stappe geneem word om seker te maak dat hierdie tale gebruik word in wetgewing, publieke administrasie, in opvoeding en in regspleging. Wat hier vereis word, is die instel van wetgewing, geondersteun deur infrastruktuur om taalbeplanningsagente in staat te stel om effektiewe terminologiebestuur daar te stel.

#### 5.3.1.1 Taalbeplanningsagente

Die Nasionale Taaldiens van die Departement Kuns Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT) word in die nuwe taalbestel aangewys as die departement wat die verantwoordelikheid dra vir die ontwikkeling en bevordering van die amptelike tale van Suid-Afrika, soos vervat in Artikel 6(2) van die Grondwet van 1996.

Dr. BS Ngubane, die Minister van die DKKWT, het reeds op 10 Oktober 1995 'n adviserende liggaam, die Taalplantaakgroep aangestel (wat as LANGTAG bekendstaan). Hierdie taakgroep is aangestel om die Minister te adviseer oor die saamstel van 'n koherente nasionale taalplan vir Suid-Afrika.

Die finale LANGTAG-verslag is op 8 Augustus 1996 aan die Minister oorhandig. Hierdie Verslag vorm die grondslag waarop die nasionale taalplan georganiseer word. Verskillende oogmerke ten opsigte van taal word deur hierdie Verslag byeengebring deur die gebruik van verskillende hoofstukke. Die volgende hoofstukverdeling kom in die Verslag voor:

Hoofstuk 1: Taalbillikheid

Hoofstuk 2 Taalontwikkeling in Suid-Afrika

- Hoofstuk 3 Taal as 'n Ekonomiese Hulpbron
- Hoofstuk 4 Taal in Onderwys
- Hoofstuk 5 Geletterdheid
- Hoofstuk 6 Taal in die Staatsdiens
- Hoofstuk 7 Erfenistale, Gebaretaal en Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (AAK)
- Hoofstuk 8 Billike en Wydverspreide Taaldienste

In elk van hierdie hoofstukke word die bevindinge van elke subkomitee bespreek en kort- en langtermynaanbevelings word gemaak.

Hoofstuk 2 is van besondere belang vir hierdie studie aangesien daar in dié hoofstuk 'n beoordeling gedoen word van taalontwikkeling, 'n kort oorsig word gegee van taalontwikkeling in Suid-Afrika en daar word sekere aanbevelings gemaak. Van die aanbevelings wat spesifiek op hierdie studie van toepassing is, is dat die terminologiefunksies van die taalrade of taalkomitees na ontbinding oorgeneem moet word deur die Nasionale Terminologiesdiens van die DKKWT en dat daar vir hierdie afdeling meer personeel aangestel moet word om in die behoeftes van veral die Afrikatale te voorsien (vgl. LANGTAG 1996a:68-84)

Die volgende aanbeveling wat op die uitbreiding van terminologiedata en die bestuur van terminologiedata in Suid-Afrika betrekking het, word in die *Opsomming van die belangrikste aanbevelings van LANGTAG* (vgl. LANGTAG 1996b:201-204) ingesluit:

As korttermynmaatreëls:

- Die bevordering van die gebruik van ander tale as Engels en Afrikaans op nuwe domeine en in hoërstatusfunksies, bv. by universiteite en teknikons.
- Die skep van nuwe databasisse en die ouditering van bestaande databasisse via PANSAT, die RGN, die DKKWT, Gemeenskapsgebaseerde Organisasies (GBO's), Nieregeringsorganisasies (NRO's) en ander organe oor relevante taalverwante aangeleenthede sodat navorsing en administrasie gefasiliteer

en gestroomlyn kan word en doeltreffendheid verhoog kan word. Die vestiging, as 'n prioriteit, van die nodige meganismes vir toegang tot sulke databasisse vir die behoorlike koördinerings van funksies betreffende taalsake in Suid-Afrika.

- Die transformering van die Staatstaaldiens en die Nasionale terminologiediens tot 'n Nasionale Taaldiens binne die DKKWT ten einde alle taalfasiliteringswerkzaamhede in die Staatsdiens te monitor en om sodanige dienste as wat nodig is, te lewer.

As langtermynmaatreëls:

- Die vestiging van 'n stewige, landswye infrastruktuur van taaldienste wat 'n toereikende getal goedopgeleide vertalers, tolke, terminoloë, terminograwe, ensovoorts, insluit, asook spesialiswoordeboeke, woordelyste, en ander noodsaaklike materiaal, telefoniese en ander elektroniese fasiliteite vir mondelinge kommunikasie en 'n taalbedryf gerig op handel en ander interaksie met die Afrika-kontinent.
- Die stel van haalbare tydraamwerke vir die ontwikkeling en gebruik van die gemarginaliseerde en benadeelde tale in hoëstatusfunksies (LANGTAG 1996b:204).

Die implikasies in terme van die korttermyn- en langtermynmaatreëls by terminologiebestuur het tot gevolg gehad dat daar na 'n nuwe terminologiebestuursprogram vir Suid-Afrika gekyk moes word. Daar moet omgesien word na die terminologiebehoefte van elf amptelike tale met ander woorde terminologiebestuur binne 'n meertaligheidsbestel. Die terminologiegebruikersgemeenskap verskil ook geheel en al van die terminologiegebruikersgemeenskap in die vorige taalbestel aangesien terminologiedata op verskillende vlakke en in verskillende registers beskikbaar moet wees.

Die Staatstaaldiens en die Nasionale Terminologiediens het gedurende April 1998 geamalgameer en die Nasionale Taaldiens het tot stand gekom. Hierdie kantore moes 'n transformasie ondergaan ten einde taalfasiliteringswerkzaamhede in die Staatsdiens te kan moniteer en om doelmatige dienste ten opsigte van al elf die amptelike tale te kan lewer.

Die implikasie van die langtermynmaatreëls berus daarop dat indien daar 'n stewige, landswye infrastruktuur van taaldienste bestaan die Afrikatale genoegsaam behoort te ontwikkel om as funksionerende tale van kommunikasie op verskillende vlakke en registers aangewend te kan word. Deur die stel van haalbare tydraamwerke kan hierdie maatreëls deurlopend gemoniteer word.

Aangesien LANGTAG 'n belangrike skakel tussen die DKKWT en taalinsethouders regdeur die land verteenwoordig en in die lig van die suksesvolle konsultasieproses tussen belanghebbendes, is die aanbevelings deur die finale LANGTAG-verslag goed ontvang en is daar verdere ondersoek daarna ingestel (DACST 1999b:9).

Die LANGTAG-verslag is deur die Nasionale Taaldiens verder gevoer met die saamstel van 'n voorlopige nasionale taalbeleidsdokument. Die *First Draft White Paper on Language* is by 'n werkswinkel in Pretoria op 26 Februarie 1998 bespreek deur sowat 80 deelnemers wat afkomstig is van regeringsdepartemente, PANSAT, tersiêre-instellings en nie-regeringsorganisasies (NRO's) en het ook politici ingesluit (DACST 1999a:8-9). Die *Draft White Paper on Language* wat in Februarie 1999 deur die DKKWT gepubliseer is, is 'n hoogtepunt van die LANGTAG-deelname en samewerkingsproses, wat beide die regering en die gemeenskap asook die DKKWT se siening, verdere ondersoek en konsultasies betrek.

Die finale konsepdokument het op 6 November 2000 verskyn onder die titel: *Language policy and plan for South Africa* (DACST 2000a). Die doelwit met die konsepdokument is om 'n koherente taalbeleid en implementeringsplan binne die

riglyne van die Grondwet vir 'n meertalige bedeling daar te stel met inagneming van die breë sosiale beplanning en transformasie wat tans in Suid-Afrika plaasvind.

Aan die begin van hierdie dokument word Artikel 6 verduidelik en die noodsaaklikheid daarvan vir taalbeleidsdoeleindes word duidelik gemaak. Die res van die dokument bied voorstelle aan vir die implementering van 'n werkbare taalplan vir Suid-Afrika en is daarop ingestel om gelykberegting van die amptelike tale te verseker en die maksimale gebruik van die land se menslike taalhulpbronne te bevorder.

Wat terminologiebestuur betref, word daar nie 'n spesifieke strategie bekendgestel vir die bestuur van terminologiedata binne die taalbeleid en implementeringsplan nie. 'n Algemene strategie vir die ontwikkeling van die Afrikatale binne die implementeringsplan word wel aangebied. Die uitdagings wat aan die algemene ontwikkeling van die Afrikatale gestel word, word soos volg opgesom:

- die vasstel van prioriteitsgebiede by die ontwikkeling van die Afrikatale;
- die ondersteuning van bestaande strukture wat die ontwikkeling van die Afrikatale bevorder;
- die daarstel van nuwe strukture en hulp met die daarstel van nuwe strukture en programme vir die ontwikkeling van die Afrikatale; en
- die ondersteuning van gesamentlike projekte met lande in Suidelike Afrika wat tale oor die landsgrense heen deel en ook samewerking met ander Afrikalande wat betrokke is by die ontwikkeling van die Afrikatale (DACST 2000a:19).

Die implikasies hiervan vir die terminologiebestuursprogram in die nuwe taalbestel behels dat alhoewel daar algemene riglyne vir taaluitbreiding bestaan daar steeds nie duidelikheid bestaan oor waarheen daar met die uitbreiding van terminologiedata beweeg word nie.

Die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens is tans die enigste kantoor wat al hul aandag aan terminologiebestuur wy. Hierdie kantoor staan bekend as die Terminologiekoördineringsafdeling en word in Hoofstuk 6 beoordeel om vas te stel of dit as 'n volwaardige terminologiebestuursentrum in Suid-Afrika funksioneer.

Die tweede opdrag wat ten opsigte van taalmaatreëls in Artikel 6(5) van die Grondwet van 1996 vervat word, word aan PANSAT opgedra.

### 5.3.2 Die taalopdrag aan die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad

PANSAT funksioneer as 'n onafhanklike statutêre liggaam, wat gestig is in terme van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad Wet, Wet nr. 59 van 1995, om veeltaligheid te bevorder en om die voorheen ingekorte tale te ontwikkel. PANSAT konsentreer op die bevordering van die gelykheid van tale in Suid-Afrika en het as doelwit die maksimalisering van veeltalige kommunikatiewe bevoegdheid en die bevordering van demokratiese beginsels, eerder as die skep van taalversperrings tussen mense. Die PANSAT-ideaal het nie net betrekking op die amptelike tale nie, maar geld vir al die tale wat in Suid-Afrika gebruik word.

'n Uitdruklike uitvoerende mandaat word aan PANSAT in die Grondwet (Wet 108 van 1996) gegee: om omstandighede te skep vir die ontwikkeling en gelyke gebruik van alle amptelike tale, en ook van die Khoe- en Santale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal (vgl. Artikel 6(5)(a)).

PANSAT se rol bestaan daaruit om omstandighede te skep vir die ontwikkeling en gelyke gebruik van al die amptelike tale. Hierdie liggaam het ten doel om agentskappe binne die staatstrukture sowel as in die gemeenskap te inisieer, te fasiliteer en te bemagtig om tot voordeel te handel vir die ontwikkeling en gebruik van die amptelike tale (vgl. PANSALB Annual Report 1999:3).

PANSAT is ook verantwoordelik vir die skep en bevordering van 'n veeltalige omgewing wat die amptelike tale insluit, maar nie noodwendig daartoe beperk is nie. Die doelwit van hierdie liggaam sluit die bevordering van linguistiese vaardighede en die ontwikkeling van sowel die amptelike tale as ander tale in wat in Suid-Afrika gebruik word (vgl. PANSALB Annual Report 1999:3).

PANSAT beywer hom verder om maniere te vind om kommunikasiekanale oop te maak en oop te hou deur daarop aan te dring dat hierdie tale in openbare kontekste vir hoëvlakfunksies gebruik word. Dit het tot gevolg dat die profiele van hierdie tale verhoog word en hulle in staat gestel word om die funksies wat van ontwikkelde tale verwag word, suksesvol te vervul (vgl. PANSALB Annual Report 1999:3).

Die *PANSALB Annual Report* (1999:4) wys op 'n drieledige benadering wat gelyktydig vir die amptelike tale gevolg moet word:

- die ontwikkeling of uitbreiding van die tale;
- die verkenning en uitbouing van maniere waarop die gebruikers van verwante tale hul veeltalige vaardighede toepas om te kommunikeer; en
- die skep van die nodige omstandighede om die gebruik van hierdie tale uit te brei.

PANSAT is teweens van voorneme om 'n omgewing te skep waarin sowel staatsorgane as individue of groepe in die gemeenskap wat belang het by taalontwikkeling, taalgebruik en diensverskaffing, aangemoedig word. Die gemeenskaplike doelwit sal wees om te verseker dat beide die taalregte van individue beskerm word en dat die hulpbronne van elke taal en sy gebruikers op alle vlakke binne die gemeenskap benut word (PANSALB Annual Report 1999:5).

Volgens die PANSAT Wet van 1995 (soos geamendeer in 1999, Wet nr. 10), moet die Raad die volgende strukture skep vir al die amptelike tale, die Khoen-Santale, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en die erfenis of ander tale:

- Provinsiale Taalkomitees;
- Nasionale Taalliggame; en
- Nasionale Leksikografiese Eenhede.

Die rol van die Provinsiale Taalkomitees in elke provinsie is om na die bevordering en ontwikkeling van die verskillende amptelike tale binne die provinsie om te sien. Hierdie provinsiale taalkomitees dien as adviserende strukture wat gestig word om die raad te adviseer oor enige taalaangeleenthede.

Die Nasionale Taalliggame sal die Raad adviseer oor enige spesifieke taal, Gebaretaal, uitbreiding op kommunikasie of alternatiewe kommunikasie.

Die rol van die Nasionale Leksikografiese Eenhede is om die saamstel van woordeboeke vir al die tale as deel van bevordering van die beginsels van taalontwikkeling voor te staan.

Die Raad benader sy taalontwikkelingstrategie deur 'n aantal fokusareas te identifiseer waarop daar gekonsentreer word:

- Taalstatusbeplanning
- Taal en Onderrig
- Vertaling en Tolking
- Leksikografie, Terminologie en Plekname
- Ontwikkeling van Letterkunde en Voorheen Ingekorte Tale
- Taalregte en Mediasie
- Navorsing en Ontwikkeling (PANSALB Annual Report 1999:16)

Al hierdie fokusareas is van belang by terminologie-uitbreiding en terminologiebestuur, aangesien kennisverwerwing deel van elk van die

fokusareas uitmaak. Wat egter vir hierdie studie van spesiale belang is, is die fokusareas wat leksikografie, terminologie en plekname en navorsing en ontwikkeling insluit.

### 5.3.2.1 Leksikografie- en terminologie-ontwikkeling

Die Raad se doelwit met hierdie fokusarea is om advies oor leksikografiese en terminologiese ontwikkeling aan te bied en die stigting van die Leksikografiese Eenhede vir elke amptelike taal, as Afdeling 21 Maatskappye, te fasiliteer. Hierdie eenhede sal verantwoordelik wees vir die ontwikkeling van woordeboeke en terminologie vir hul respektiewelike tale. Hulle sal verantwoording aan PANSAT doen vir finansiële hulp aan hulle geallokeer en sal die PANSAT-beleid en die beginsels navolg vir die bevordering en ontwikkeling van taal (vgl. PANSALB Annual Report 2000:26). By leksikografiese vergaderings gedurende 1997 en 1998 is daar besluit dat die eenhede gestig moet word, by of so naby as moontlik aan 'n tersiêre inrigting waar die betrokke taal gedoseer word as 'n vak, en waar daar genoeg eerstetaalsprekers voorkom (vgl. PANSALB Annual Report 2000:26). Al die amptelike tale het egter nog nie Terminologie Eenhede nie (vgl. PANSALB Annual Report 2000:28).

Tot dusver is die meeste toekomsplanne wat vir hierdie fokusarea daargestel is, gerig op die leksikografie. Slegs een voorstel het direk betrekking op terminografie:

- To embark on a joint project with DACST and the Department of Education to develop terminology in learning areas pertaining to Science and Technology and offer structural assistance in this regard (PANSAT-jaarverslag 2000:30).

Uit onderhoude wat die ondersoeker met taalpraktisyns by die Nasionale Taaldiens van die DKKWT gedurende Januarie 2001 gevoer het, is vasgestel dat PANSAT en die Nasionale Taaldiens gedurende Februarie 2000 'n samewerkingooreenkoms gesluit het. Die inhoud van die

samewerkingsooreenkoms kon nie aan die ondersoeker bekendgemaak word nie aangesien dit 'n interne dokument is. Die afleiding wat gemaak kon word uit die onderhoude is dat PANSAT sal optree as taalbeplanningsagent van die regering by die algemene uitbreiding van tale terwyl die Nasionale Taaldiens en in die besonder die Terminologiekoördineringsafdeling as koördineerder van terminologie-aangeleentehde in Suid-Afrika sal funksioneer.

### 5.3.2.2 Navorsing en ontwikkeling

Wat hierdie fokusarea betref, inisieer die Raad studies en navorsing wat betrekking het op die bevordering en skep van geleenthede vir die ontwikkeling en gebruik van die amptelike tale, die Khoe- en Santale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

PANSAT was betrokke by 'n aantal spesiale ontwikkelingsprogramme gedurende 1999 tot Junie 2000, wat direk verband hou met terminologie-ontwikkeling:

- Finansiële ondersteuning is beskikbaar gestel vir die Stigting van Opleiding, Wetenskap en Tegnologie om hul jaarlikse Afrikatale Olimpiade op 8 Oktober 1999 aan te bied. Die doelwit met hierdie inisiatief was om die bestudering van die Afrikatale te ondersteun en te bevorder, en om 'n geïnteresseerdheid aan te wakker in hierdie tale. Behalwe vir Afrikaans en Engels het die jaarlikse Afrikatale Olimpiade ook Noord-Sotho, Tswana, Zoeloe en Xhosa ingesluit. Hierdie projek is aangepak om die mite te weerlê dat die Afrikatale nie bruikbaar is in die wetenskap en tegnologie nie en om leerders aan te moedig om hulle eerstetaal kreatief te gebruik (vgl. PANSALB Annual Report 2000:36).
- Gedeeltelike finansiële ondersteuning is verskaf vir 'n konferensie getiteld: *Multilingual Cities and Towns in South Africa Challenges and Prospects*. Hierdie konferensie is aangebied in Pretoria op 7 en 8 Oktober 1999 deur die Stigting vir Afrikaans. Afgevaardigdes het tydens hierdie konferensie besluit dat om gelykwaardige taalgebruik en respek vir veeltaligheid in Suid-Afrika te

bevorder en vol te hou, die uitdaging eerste op plaaslike vlak aangepak moet word en dat daar nie vir die daarstel van provinsiale komitees gewag moet word nie (vgl. PANSALB Annual Report 2000:36).

- Gedeeltelike finansiële ondersteuning is aangebied vir 'n nasionale konferensie getiteld: *Taal in die Howe* wat op 21 Maart 2000 aangebied is ter viering van Menseregtedag. Die doelwit met hierdie konferensie was om insette te bekom oor hoe om 'n gebalanseerde en outoratiewe oogpunt ten opsigte van die behoefte aan veeltaligheid in die howe te verkry en om voorbrand te maak vir die gelykwaardige gebruik van al die amptelike tale as tale van optekening in Suid-Afrikaanse howe (vgl. PANSALB Annual Report 2000:39).

As nasionale taalliggaam verrig PANSAT tans 'n belangrike rol by die monitering van grondwetlike voorsiening en beginsels in terme van die ontwikkeling en bevordering van tale (wat ook terminologie-ontwikkeling en terminologiebestuur insluit), asook die waarneming van bestaande en nuwe wetgewing en beleid ten opsigte van taalaangeleenthede. PANSAT se doelwit behels derhalwe om in noue samewerking met die taalprofessie te werk, wat insig kan verskaf oor hoe die gelykberegting van die amptelike tale in die praktyk bereik kan word. Op hierdie vlak is daar reeds noue samewerking tussen PANSAT en die Nasionale Taaldiens.

#### **5.4 Samevatting**

In die verlede is terminologiebestuur in Suid-Afrika vanuit 'n separatistiese en partikularistiese oogpunt benader. Die daarstel van die selfregerende state en aparte ontwikkelingspolitiek het tot gevolg gehad dat tale apart van mekaar ontwikkel het.

Sedert die instelling van die nuwe Grondwet van 1996 is taalbeleid, en so ook terminologiebeleid, van toepassing op elf amptelike tale. Daar is wegbeweeg

van aparte ontwikkelingstrategieë en 'n benadering van inklusiewe ontwikkeling word voorgestaan. Die behoefte aan nuwe terme in die Afrikatale het geweldig toegeneem as gevolg van die nuwe funksies wat hierdie tale moet vervul.

Dit het tot gevolg gehad dat daar in die nuwe taalbestel 'n veranderde terminologiebestuursprogram daargestel moes word wat aangepas is om aan die behoeftes van 'n nuwe terminologiesameenstelling te voldoen. Die primêre rolspelers by hierdie terminologiebestuursprogram is die Nasionale Taaldiens van die DKKWT en PANSAT wat spesiale opdragte in die Grondwet van 1996 ontvang ten opsigte van die amptelike tale. Ander rolspelers wat op 'n sekondêre vlak by terminologiebestuur in Suid-Afrika betrokke is, is medewerkers by Universiteite en Technikons, Taalpraktisyne en ander individuele terminologiese gebruikers.

Die funksie van die primêre rolspelers in terme van die terminologiebestuursprogram word in hierdie hoofstuk duidelik gemaak en daar word tot die slotsom gekom dat die Terminologiese Koordineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens tans die enigste organisasie is wat al hul tyd aan terminologiebestuur wy. In die lig van hierdie bevinding word die volgende hoofstuk aangewend om die Terminologiese Koordineringsafdeling te beoordeel en voor te stel of hierdie afdeling binne die terminologiebestuursprogram sy taak as volwaardige terminologiebestuursentrum in Suid-Afrika na behore verrig.

## Hoofstuk 6

### 6. 'n Beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens as Terminologiebestuursentrum in Suid-Afrika

#### 6.1 *Inleiding*

In die vorige hoofstuk is die ontwikkeling en agtergrond van die terminologiebedryf en praktyk in Suid-Afrika beoordeel en daar is vasgestel dat die terminologiebestuursprogram in die nuwe taalbestel aangepas moes word om aan die behoeftes van 'n verskillende teikengroep te voldoen as wat die geval met die vorige taalbestel was. Die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens is as die hoofagent by terminologiebestuur in hierdie terminologiebestuursprogram geïdentifiseer. Dit is derhalwe paslik dat hierdie hoofstuk konsentreer op 'n beoordeling van die werksaamhede van die Terminologiekoördineringsafdeling van die DKKWT. Die Terminologiekoördineringsafdeling word beoordeel aan die hand van die voorstel wat in hoofstuk 4 aangebied word ten einde vas te stel of die Terminologiekoördineringsafdeling as 'n Terminologiebestuursentrum in Suid-Afrika funksioneer om terminologiedata sistematies te koördineer en te bestuur.

#### 6.2 *Agtergrond: die transformasie*

Nadat die African National Congress (ANC) gedurende 1994 aan bewind gekom het, het daar sekere veranderinge binne die regering plaasgevind wat tot gevolg gehad het dat van die staatsdepartemente van naam verander het. Die Departement van Opvoeding waaronder die NVD geval het, was een van hierdie departemente. Hierdie departement het onder die nuwe regering as die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie bekendgestaan. Die

Taaldiensburo van die Departement van Nasionale Opvoeding het onder die DKKWT, as die Staatstaaldiens bekendgestaan en het as subdirektoraat onder die Kuns- en Kultuurvleuel van die DKKWT geresorteer, terwyl die NVD (wat later as die NTD bekendgestaan het) onder die Wetenskap en Tegnologievleuel van die DKKWT ingedeel is. Die Subdirektoraat Vertaling het onder die Kuns- en Kultuurvleuel 'n stewige postestruktuur beding wat nie die geval met die NVD was nie. Selfs na die amalgamering gedurende 1998 tussen die STD en die NTD was die postestruktuur by die Subdirektoraat Vertaling beter as die van die Subdirektoraat Terminologiekoördineringsafdeling. Dit beteken dat daar min of geen bevorderingsmoontlikhede vir terminoloë by die Terminologiekoördineringsafdeling bestaan nie en dat baie terminoloë oorplasings aanvaar na die vertaalafdeling ten einde bevordering te kry. Hierdie toedrag van sake het tot gevolg dat daar 'n gereelde uitvloeï van personeel en invloei van nuwe personeel by die betrokke afdeling voorkom.


'n Ander probleem wat ook in die nuwe taalbestel by die NTD ondervind is, behels dat die bestuursmodel wat by die NVD gebruik is, nie na die NTD oorgedra kon word nie aangesien die tale wat amptelike status in die nuwe taalbestel ontvang het nie gelykwaardig ten opsigte van uitbreiding was nie (vgl. tabel 3) en die kliëntegroep waarvoor terminologie-inligting in die nuwe taalbestel gedokumenteer en bestuur moes word in alle opsigte van die kliëntegroep van die vorige taalbestel verskil het.

Die tydperk tussen 1994 en 1998 kan beskryf word as 'n oorgangstydperk waartydens aanpassings by terminologiewerk genoodsaak is as gevolg van die nuwe eise wat aan veral die Afrikatale in die nuwe taalbestel gestel word.

Die NTD het voor 1994 volgens vakgebiede gewerk en sy werksaamhede was in vier afdelings verdeel:

- Natuur- en Rekenaarwetenskappe (Geneeskunde, Chemie, Rekenaarwetenskappe, Bouwetenskappe, Statistiek, Geologie, Geografie en Ingenieurswese)
- Menslike- en Sosiale Wetenskappe (Personeeladministrasie, Sielkunde, Sosiologie, Regswetenskappe en Politieke Wetenskappe)
- Lewens- en Landbouwetenskappe (Biologie, Landbou, Dierkunde, Plantkunde, Dieëtkunde en Gesondheid)
- Kommersiële Wetenskappe (Finansiering, Bankwese en Rekeningkunde)

Die organisering van terminologiebestuur onder die NTD voor 1994 word in figuur 11 voorgestel.




**Figuur 11** Afdelings by die NTD voor 1994

Die rol wat die Afrikatale in die nuwe taalbestel moes speel, het die NTD genoodsaak om 'n paradigmaterskuiwing te ondergaan en beplanning by terminologieswerk moes aangepas word om by die veranderende behoeftes binne die gemeenskap aan te pas (vgl. afdeling 5.3). Terwyl daar voor 1994 hoofsaaklik gekonsentreer is op terminologies-uitbreiding van en bestuur in Afrikaans het daar sedert 1993 (met die instelling van die Interimgrondwet en later van die huidige Grondwet (Wet 108 van 1996), waar elf tale as die amptelike tale van Suid-Afrika erken is) 'n dringende behoefte ontstaan om terme in verskillende aktiwiteitsterreine in die Afrikatale te ontwikkel en te bestuur. Om hierdie behoefte te vervul, is daar nog 'n afdeling by die Nasionale Terminologiesiens bygevoeg wat vir die uitbreiding van die Afrikatale moes sorg, en die afdelings Menslike- en Sosiale Wetenskappe het saamgesmelt met Kommersiële Wetenskappe om 'n nuwe afdeling: Kommersiële en Menslike Wetenskappe te vorm (vgl. Alberts 2000a:240). Die NTD het sy personeelkorps

van ongeveer 17 terminoloë, wat hoofsaaklik gekonsentreer het op woordeboekprojekte in Engels en Afrikaans (vgl. Jordaan-Weis 1995:280), aangevul nadat die NTD gedurende 1994 toestemming ontvang het vir die skep van 10 nuwe poste vir Afrikataalterminoloë (vgl. Jordaan-Weis 1995:287). Hierdie stap het 'n volledige herstrukturering van die NTD teweeggebring.

Die organisering van terminologiebestuur onder die NTD na 1994 word in figuur 12 voorgestel.



**Figuur 12 Afdelings by die NTD na 1994**

Die NTD se missie is uitgebrei om nie net aandag te skenk aan die uitbreiding van Engels en Afrikaanse vaktale nie, maar ook om die Afrikatale te help ontwikkel en oor die algemeen te moderniseer (vgl. DACST 1994:68).

Alhoewel die Nasionale Termbank hoofsaaklik in hierdie stadium vaktaalinligting in Engels en Afrikaans bevat het, was daar reeds terminologiedata in verskillende Afrikatale op die Termbank beskikbaar, byvoorbeeld gesondheidsterme in Sesotho en isiNdebele, diername in Sesotho, Sepedi, isiNdebele, siSwati, Xitsonga, Setswana, Tshivenda, isiZulu en isiXhosa en tegniese terme in Swahili (vgl. DACST 1994:70).

Gedurende 1994 is daar begin met die optekening van basiese gesondheidsterme met Afrikaanse ekwivalente en Engelse definisies in maklik verstaanbare taal. Ekwivalente in Sesotho, Sepedi, Siswati en isiNdebele is met behulp van die betrokke Afrikataalrade gedokumenteer. In 1995 is die data uitgebrei en daar is begin met die saamstel van 'n meertalige Gesondheidstermlys vir primêre gesondheidsorg. Hierdie termlys is in 1997 gepubliseer en 'n basiese gesondheidslys in al elf amptelike tale (bestaande uit

die gekombineerde en herbewerkte konseplyste van die vorige jare) is beskikbaar gestel (vgl. DACST 1997b:618).

Die NTD het ook gedurende 1994 begin met 'n behoeftebepaling deur 'n vraelys oor terminologiebehoefte van die breë gemeenskap aan 'n verskeidenheid teikengroepe uit te stuur. Die behoeftebepaling is gedurende 1995 afgehandel en het aangedui dat daar veral 'n behoefte aan terminologie-inligting by arbeidsverhoudinge, geletterheid, onderwys, regte, mediese wetenskappe, tegnologiese areas soos ingenieurswese en rekenaarwetenskappe bestaan (vgl. DACST 1995:74).

'n Gids het gedurende 1997 verskyn onder die naam Directory of Resources for Language Professions (vgl. DACST 1997d), wat as doelwit het om samewerking tussen verskillende rolspelers te bewerkstellig.

'n Onderzoek is ook gedoen om die stand van afgehandelde woordeboekprojekte in die amptelike tale te bepaal. Hierdie ondersoek het tot gevolg gehad dat 'n Catalogue of Technical Dictionaries (vgl. DACST 1997e) in Maart 1997 gepubliseer is.

In 1997 het verdere behoeftebepalings 'n behoefte aan onderwysterminologie, veral rondom Kurrikulum 2005 geïdentifiseer, asook omskrywings vir staatkundige en verwante terminologie-inligting by die Afrikatale.

Tydens 1993 tot 1997 het die NTD 'n kwartaallikse nuusbrieff, Termmakelaar, begin publiseer met die doel om terminologie-inligting aan gebruikers beskikbaar te stel en om 'n koördineringsrol te vervul deur nuwe terminologiedata aan gebruikers voor te lê vir kommentaar.

Gedurende 1995 is daar met uitgebreide navorsing begin om 'n sisteem te vind wat saam met die hantering van elf amptelike tale ook as databasis vir

terminologie-inligting in Suid-Afrika kon dien. Hierdie sisteem moes in staat wees om navrae by al die amptelike tale op 'n gebruikersvriendelike wyse te kan hanteer, om die spesiale grafiese behoeftes van sommige van die Afrikatale te ondersteun en ook om verskillende tipes produkte te kan genereer. Hierdie navorsing is gedurende 1996 afgehandel en in 1997 is die TRADOS Multiterm-program geïmplementeer wat gebruikmaak van die gevorderdste tegnologie vir die dokumentering van terme in enige aantal tale (vgl. DACST 1998:27).

Die aantal tweetalige tegniese woordeboeke wat nog in produksie was tussen 1994 tot 1998 is sistematies verminder en die aandag word na meertalige terminologiedata verskuif.

Meertalige terminologieprojekte<sup>1</sup> wat tussen 1994 en 1998 afgehandel is, sluit die volgende in:

- die Vigs-bewustheidsveldtog-terminologie in al elf amptelike tale;
- Arbeidswetgewingsterme in Afrikaans, Engels en isiZulu; en
- Weerterme en uitdrukings in al elf amptelike tale (vgl. DACST 1998:27).

Meertalige terminologieprojekte wat in hierdie tydperk begin is, sluit die volgende in:

- die Dieretuinprojek (wat inheemse voëls, uitheemse voëls en inheemse soogdiere in al elf amptelike insluit);
- die Nuwe Bouwoordeboek wat behalwe bouvaardighede ook terminologie-inligting oor bouveiligheid en bouregulasies insluit (Engels, Afrikaans, isiZulu);
- Terme vir gebruik by die versorging van verswakte persone (Engels, Afrikaans, isiXhosa);
- 'n Woordelys met verkiesingsterme (Afrikaans en 2 Afrikatale);
- Basiese Bankterme (al elf amptelike tale);

---

<sup>1</sup> Die term terminologieprojek is 'n wye begrip wat al die stadia vanaf die identifisering van 'n behoefte na 'n terminologieversameling op 'n bepaalde terrein tot die publikasie van die terminologielys of vakwoordeboek of elektroniese publikasie insluit.

- die meertalige Primêreskoolprojek wat verskillende vakke wat op primêre skoolvlak aangebied word, insluit soos Biologie, Basiese Wetenskap, Basiese Geografie en Gesondheidsopleiding (al elf amptelike tale);
- Polisieterme (Afrikaans, Engels en Sepedi);
- die Hansardtermlys wat 'n gesamentlike projek met die Vrystaatse Wetgewer en die Taalfasiliteringseenheid van die Universiteit van die Oranje Vrystaat behels, word uit 'n drietalige lys (Afrikaans, Engels en siSwati) herwerk om Sesotho ook in te sluit; en
- Regsterminologie (Afrikaans, Engels, Sepedi) (vgl. DACST 1997b:618 en Alberts 2000a:237).

Die kliënte van die NVD het tot en met 1994 alle beroepsgroepe ingesluit wat betrokke is by wetenskaplike en tegniese kommunikasie en die klem het op die formele register geval van die tale waarin terminologie-inligting beskikbaar gestel is. Sedert 1994 het hierdie kliëntegroep begin uitbrei en 'n al groterwordende behoefte aan meertalige terminologiedata in 'n meer algemene register en op verskillende vlakke van kommunikasie is geïdentifiseer (vgl. DACST 1995:72). Hieruit is dit duidelik dat die tipiese terminologiegebruikers en terminologieleweransiers in die nuwe taalbestel nie meer soos in die vorige taalbestel net uit spesialiste in taalbuuro's, taalkundiges of vakkundiges bestaan nie, maar 'n groter en meer uiteenlopende kliëntegroep insluit wat op verskillende vlakke en registers binne die samelewing van terminologie gebruikmaak of terminologiedata benodig.

Die NTD het ook 'n ondersteuningsrol aan verskeie organisasies wat by terminologiewerk betrokke is gelewer en ondersteuning word aan die volgende buitemedewerkers en -instansies tussen 1994 en 1998 verleen:

- die Ekonomiese woordeboek (saamgestel deur 'n eksterne groep vakkundiges);
- die Musiekwoordeboek (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns);
- die Statistiekwoordeboek (Suid-Afrikaanse Statistiekvereniging);
- Regsterminologie in Afrikatale (Sentrum vir Regsterminologie in Afrikatale);  
en
- Die Elektronikawoordeboek (Telkom) (vgl. DACST 1998:28).


As nasionale terminologie-kantoor in Suid-Afrika het die NTD as lid van verskeie buitelandse terminologie-organisasies soos die *Internationales Institut für Terminologieforschung*, Infoterm, TermNet, Euralex en *Gesellschaft für Terminologie und Wissenstransfer e.V.*, asook van die *International Federation of Terminology Banks* (IFTB) opgetree. Die NTD het ook as een van die streekskorrespondente en rubriekredakteurs van die *International Federation of Terminology Banks* (IFTB) se internasionale publikasie NEOTERM (vgl. DACST 1995:74) gedien.

Gedurende 1994 tot 1998 is die NTD ook verteenwoordig in LANGTAG se subkomitee vir die ontwikkeling van die (Suid-) Afrikaanse tale, die Taalkommissie en die Terminologiese komitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Adviesraad van Radio Zulu.

By die korttermynvoorslag van die LANGTAG-verslag (1996a) is aanbeveel dat die Staatstaaldiens (STD) en die Nasionale Terminologiese diens (NTD) amalgameer in die Nasionale Taaldiens binne die DKKWT ten einde alle taalfasiliteringswerkzaamhede in die Staatsdiens te monitor en om sodanige dienste as wat nodig is, te lewer (vgl. afdeling 5.3.1). Op 1 April 1998 het hierdie struktuurverandering by die NTD en die Staatstaaldiens (STD) van die DKKWT plaasgevind. Die NTD en STD het saamgesmelt om die nuwe Nasionale Taaldiens te vorm.

Die Direkoraat Nasionale Taaldiens van die DKKWT het sedert 1998 die verantwoordelikheid ontvang om taalontwikkellingsprojekte te inisieer en te koördineer vir die uitbreiding, modernisering en bevordering van die elf amptelike tale (DACST 1999a:4). Die Direkoraat Nasionale Taaldiens bestaan tans uit drie Subdirekorate: die Subdirekoraat Vertaling, die Subdirekoraat Taalbeplanning en die Subdirekoraat Terminologiekoördineringsafdeling. In hierdie hoofstuk val die fokus op die Subdirekoraat Terminologiekoördineringsafdeling, oftewel die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens.

Die organisatoriese struktuur van die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie word in figuur 13 voorgestel.



**Figuur 13 Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie: Organisasoriese struktuur (DACST 2000b)**

Met die amalgamerings van die STD en NTD in 1998 het van die aspekte van die bestuur van terminologie-inligting en terminografie in Suid-Afrika begin verander. Hierdie verandering word soos volg deur die DACST-verslag (1999c:130) saamgevat:

Waar die toenmalige Nasionale Terminologiesdiens volgens vakgebiede gewerk het, sal die afdelings voortaan volgens taalspesifieke behoeftes werk, met die klem op die ontwikkeling van die terminologieë van die tale wat tot dusver gemarginaliseer was. Voorkeur sal gegee word aan projekte wat daarop gerig is om wetenskaplike en tegniese kommunikasie in die Afrikatale te bevorder.

Die Cluver & Scheffer terminologiebestuursmodel (vgl. figuur 10) wat in die vorige taalbestel gebruik is by die uitbreiding van veral Afrikaans kon nie sonder meer toegepas word by die uitbreiding van die elf amptelike tale in die nuwe taalbestel nie. Hierdie tale verkeer nie op 'n gelyke vlak van uitbreiding nie en die gemeenskap waarvoor die terminologie-uitbreiding in die nuwe taalbestel benodig word verskil van die terminologiesgemeenskap in die vorige taalbestel.

Die gevolg hiervan is dat herbeplanning by terminologiebestuur nodig geword het om by die veranderende behoeftes binne die gemeenskap aan te pas, om koördinerings tussens belanghebbendes tot stand te bring en om die sistematiese bestuur van terminologiesbronne te fasiliteer.

Die oogmerk met die beoordeling van die Terminologieskoördineringsafdeling word derhalwe geregtig deur veranderende omstandighede in die gemeenskap en om vas te stel of hierdie afdeling oor die nodige infrastruktuur en middele beskik om as 'n terminologiesbestuursentrum in Suid-Afrika te funksioneer.

Om as 'n nasionale terminologiesbestuursentrum te kan funksioneer, bring mee dat so 'n aspirerende instansie aan bepaalde vereistes voldoen. Die vereistes sluit in dat 'n sistematiese benadering gevolg moet word en dat die uitbreiding van die betrokke tale nie net bloot op die uitbreiding van die tegniese woordeskat van die amptelike tale fokus nie, maar dat daar veral op die funksionele

ontwikkeling van die tale gekonsentreer word. Die gebruikers van die amptelike tale moet in staat gestel word om die eise in terme van beide terminologie en styl (vanaf gespesialiseerde tot alledaagse en populêre vlak) te kan hanteer (vgl. afdeling 2.3.1.4). Al hierdie aktiwiteite veronderstel beplanning rondom 'n gesistematiseerde terminologiebestuursprogram wat gekoördineer word deur 'n nasionale terminologiebestuursentrum en waarvan beplanning en koördinerings van terminologiebronne, navorsing, standaardisering, die daarstel van 'n Termbank, disseminering, implementering, evaluering en opleiding die hoofkomponente vorm.

Voordat daar oorgegaan word tot die beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling word die navorsingsontwerp en metodologie wat gebruik word om die beoordeling te doen, uiteengesit.

### **6.3 Navorsingsontwerp en metodologie**

Die begrip terminologiebestuur word in afdeling 4.2 gekonseptualiseer deur twee definisies en twee omskrywings te evalueer. Deur hierdie evaluering word daar tot die slotsom gekom dat terminologiebestuur die sistematiese organisering van terminologiedata en die kennis wat deur hierdie data oorgedra word, behels.

Cabré (1999:20) maak 'n voorstel vir die organisering van terminologiebestuur in 'n terminologiebestuursentrum. Sy gaan voort om die werking van hierdie voorstel te beskryf aan die hand van die terminologie-organiseringsmodel wat deur Kanada en Quebec by terminologiebestuur aangewend word. Daar word bevind dat 'n terminologiebestuursentrum die hoofagent vir sistematiese terminologiebestuur vorm, maar dat daar ook ander agente soos Universiteite en die taaldienste van privaatbesighede is wat 'n rol by die terminologiebestuursprogram speel. Daar word bevind dat 'n terminologiebestuursprogram vir 'n gemeenskap moet bestaan wat al die rolspelers by terminologiebestuur binne die gemeenskap duidelik maak.

Dit bring mee dat die terminologiebestuursprogram vir Suid-Afrika in hierdie studie in die breë beskryf en beoordeel moet word met inagnome van al die rolspelers en hul spesifieke rolle.

Hierdie beskrywing vind in afdeling 5.3 plaas waar daar vasgestel word dat 'n opdrag in die 1996-Grondwet aan die staat gegee word vir die daarstel van 'n infrastruktuur vir die ontwikkeling en bestuur van al die tale wat in die Grondwet genoem word (Artikel 6(2)) en die instelling van PANSAT (Artikel 6 (5)) om omstandighede te skep vir die ontwikkeling en gelyke gebruik van alle amptelike tale, en ook van die Khoe- en Santale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

Die twee primêre agente by terminologiebestuur in Suid-Afrika in die nuwe taalbestel is die Staatsdepartement wat die verantwoordelikheid dra vir die uitbreiding en bevordering van die amptelike tale, naamlik die Direktoraat Nasionale Taaldiens van die DKKWT (vgl. afdeling 5.3.1) en PANSAT as 'n onafhanklike statutêre liggaam, wat gestig is om veeltaligheid te bevorder en om die voorheen ingekorte tale te ontwikkel en te bevorder (vgl. afdeling 5.3.2). Die Direktoraat Nasionale Taaldiens beskik oor die dienste van 'n subdirektoraat vir die bestuur van terminologiedata. Hierdie subdirektoraat staan bekend as die Terminologiekoördineringsafdeling en word bygestaan deur 'n groep sekondêre agente wat medewerkers in die provinsies, by universiteite en teknikons, by taalkomitees en taalliggame en individuele terminologiegebruikers insluit.

Die oogmerk met hierdie ondersoek word daarop gerig om vas te stel of die terminologiebestuursprogram wat vir Suid-Afrika in die nuwe taalbestel gebruik word, behoorlik geïmplementeer word, of die teikengroep voldoende bereik word en of die intervensie geïmplementeer word soos ontwerp.

Evalueringsnavorsing in die vorm van programmonitering word as tipiese toepassingmedium by die beoordeling gebruik om vas te stel of die intervensie goed gekonseptualiseer en behoorlik geïmplementeer is.

Die beoordeling van die data behels 'n empiriese ondersoek wat 'n kombinasie van numeriese en tekstuele data insluit om vas te stel of die gestelde uitkomstegerealiseer word.

Tipiese deskriptiewe vrae word deurlopend in die ondersoek beoordeel om uitsluitel oor die waarde of voordele van die terminologiebestuursprogram te kry.

- Daar word vasgestel of die program-implementering effektief en doelmatig is deur die graad te meet waarin die program die gewenste uitkomstebied. Impakvasstelling word bepaal deur die mate waarin die program 'n verandering in die gewenste rigting veroorsaak.
- Die verhouding tussen die oogmerke met die program en die doelgroep word bepaal aangesien die program so gestruktureer en saamgestel moet wees dat dit in die behoeftes van 'n spesifieke doelgroep voldoen. In die geval van hierdie ondersoek is die doelgroep die terminologiegemeenskap van die land. Daar word vasgestel wat die behoeftes en doelwitte van die terminologiegemeenskap in die nuwe taalbestel behels en of hierdie behoeftes en doelwitte geoperasionaliseer word in die uitkomstegerealiseer.
- Daar word beoordeel of die beginsels van programmonitering realiseer deur vas te stel of die terminologiebegunstigdes deur die terminologiebestuursprogram bereik word en hoeveel van die veronderstelde dienste vervul word. Programmonitering veronderstel nie 'n oudit nie. 'n Oudit word gesien as 'n normatiewe aktiwiteit of anders gestel 'n vergelyking van wat gebeur in teenstelling met wat moet gebeur. Programmonitering is eerder gemoeid met wat gebeur het en of die program geïmplementeer word soos wat aanvanklik beplan is. Vanuit die bestuursperspektief word daar ook voorsiening gemaak vir die daarstel van regstellende aksie as deel van die moniteringsprogram.
- Formatiewe beoordeling word gedoen om terugvoer te gee en aanbevelings te maak aan die persone wat verantwoordelik is om die terminologiebestuursprogram te verbeter.

Aangesien die Terminologiekoördineringsafdeling van die Nasionale Taaldiens tans die enigste kantoor in Suid-Afrika is wat al hul aandag aan terminologie en terminologiewerk wy en as die sentrale terminologiekantoor in Suid-Afrika optree (vgl. Alberts 2000b:4) word daar bevind dat hierdie afdeling die enigste is wat deurgaans as terminologiebestuursentrum optree en as sodanig beoordeel kan word.

'n Kritiese beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling word onderneem om vas te stel of die Terminologiekoördineringsafdeling van die DKKWT as 'n volwaardige terminologiebestuursentrum in Suid-Afrika funksioneer.

Om vas te stel of die gestelde oogmerke met 'n terminologiebestuursentrum deur die Terminologiekoördineringsafdeling bereik word, word sentrale konsepte rondom terminologiebestuur beoordeel soos:

- die beplanning en koördinerings van terminologiebronne by die Terminologiekoördineringsafdeling;
- terminologienavorsing by die Terminologiekoördineringsafdeling;
- die standaardisering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling;
- die termbank van die Terminologiekoördineringsafdeling;
- die disseminering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling;
- die implementering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling;
- die evaluering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling; en
- die opleiding van terminoloë, terminografe en medewerkers in terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling.

Elkeen van hierdie komponente word beoordeel in terme van die mate waarin die Terminologiekoördineringsafdeling:

- die gestelde doelwit bereik;
- die gestelde taak wat uit die formulering van die doelwit ontstaan, vervul;
- die gestelde tegnieke wat gebruik word om die doelwit te bereik, aanwend; en
- die gestelde uitkoms wat deur die afhandeling van die komponent veronderstel word, bereik.

By die beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling as terminologiebestuursentrum moet daar in gedagte gehou word dat die model wat in hoofstuk 4 voorgestel word 'n ideaal is wat moontlik sonder enige probleme in die buitelandse vaktaalmilieu geïmplimenter kan word, waar daar telkens met ontwikkelde tale (wat hoofsaaklik in een register en op een terrein, byvoorbeeld parlementêre terme) gewerk word. Die situasie wat terminologie en terminologie-inligting in die amptelike tale van Suid-Afrika betref, lyk egter heel anders. Terminologiebestuur in die Suid-Afrikaanse vaktaalmilieu vereis nie slegs dat terme wat in die aktiwiteitsterreine of domeine ontstaan, gedokumenteer moet word nie. Die amptelike tale (wat Afrikaans insluit) moet ook uitgebrei word om as funksionerende tale naas Engels op te tree. Terminologie-inligting word benodig vir behoorlike kommunikasie en om misverstande uit te skakel. By die Terminologiekoördineringsafdeling word daar vanuit Engels (as brontaal) na tien doeltalke gewerk. Die register strek vanaf skoolvlak tot by akademiese vlak. Die aktiwiteitsterreine en domeine sluit onder meer in weerkunde, Vigs, gesondheid, dierkunde, chemie, wiskunde in die verskillende tale en verskillende registers (vlakke van begrip).

Soos wat die algemene praktyk by evalueringsnavorsing veronderstel, word verskillende metodes van data-insameling by die ondersoek gebruik. Data deur indirekte observering byvoorbeeld persoonlike aangesig tot aangesig onderhoude word versamel en beoordeel. Bestaande dokumentêre bronne soos *die Besigheidsplan: Opleiding van medewerkers 2001* deur die Terminologie-

koördineringsafdeling, *die Oudit van Suid-Afrikaanse terminologieprojekte: Julie 2000* deur die Terminologiekoördineringsafdeling, jaarverslae van die DKKWT vanaf 1994 – 2001, PANSAT-jaarverslae van 1999 en 2000 en 'n aantal artikels word aangewend om betroubare data vir die beoordeling te versamel. Onderhoude en informele gesprekke is met die toestemming van die vorige Direkteur van die Nasionale Taaldiens, met terminoloë en terminograwe by die Terminologiekoördineringsafdeling gedurende 29 – 31 Januarie 2001 gevoer. *Die Oudit van Suid-Afrikaanse terminologieprojekte: Julie 2000*, bied redelik volledige teks- en numeriese data vir die beoordeling aan. Die Jaarverslae van beide die DKKWT en PANSAT bied geselekteerde data oor die werksaamhede van hierdie instansies aan. *Die Besigheidsplan: Opleiding van medewerkers 2001* bied data oor datums, oogmerke, opleidingskedules, beoogde uitkomst en (vergader)plekke aan. Die data wat uit die artikels versamel word, bestaan hoofsaaklik uit teksdata wat gedurende 1999, 2000 en 2001 in die geakkrediteerde tydskrif LEXIKOS gepubliseer is.

Data-analise en data-interpretasie is van kardinale belang vir hierdie studie aangesien dit help om die data in hanteerbare temas in te deel. Die doelwit met data-analise in hierdie ondersoek is om die data te verstaan en om die verhouding tussen konsepte duidelik te maak en om patrone en temas in die data vas te stel. Data-interpretasie veronderstel weer dat 'n verhouding bestaan tussen die resultate en bevindinge en die teoretiese raamwerke en/of model wat in die ondersoek gebruik word.

Van die beperkinge wat ten opsigte van dataversameling ondervind is, spruit voort uit die onwilligheid van die bestuur van die Nasionale Taaldiens om interne dokumentasie aan die navorser beskikbaar te stel. Dit het tot gevolg dat statistiese ondersteuning vir teksdata nie altyd geredelik beskikbaar is nie. 'n Ander tekortkoming wat ondervind word ten opsigte van die versameling van data by terminologiebestuur behels dat daar nie gereeld en deur verskillende outeurs artikels oor terminologiebestuur in Suid-Afrika gepubliseer word nie.

Verskillende sienings oor die terminologiebestuursprogram kan derhalwe nie deurlopend ondersoek en beoordeel word nie.

Die beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling word vervolgens aangebied.

#### **6.4 'n Beoordeling van die beplanning en koördineringsafdeling van terminologiebronne by die Terminologiekoördineringsafdeling**

Daar is in afdeling 4.3.1 vasgestel dat beplanning en koördineringsafdeling 'n primêre funksie by terminologiebestuur in 'n terminologiebestuursentrum vorm, veral by terminologiebestuur wat midde-in 'n snel veranderende omgewing moet funksioneer. Deur die beoordeling van hierdie komponent word vasgestel of die Terminologiekoördineringsafdeling:

- die gestelde doelwit bereik, naamlik om 'n hoëkwaliteituitset te lewer deur huidige terminologieprobleme aan te spreek en of toekomstige uitdagings geïdentifiseer word deur op die strategiese vlak te konsentreer;
- die gestelde taak, naamlik die identifisering van huidige en toekomstige behoeftes op strategiese vlak, vervul;
- volgens die tegnieke van 'n spesifieke werkmethode werk en die perspektief met beplanning en koördineringsafdeling nakom en of strategiese beplanning by die Terminologiekoördineringsafdeling volgens die strategiese beplanningsanalise vir terminologiebestuur plaasvind;
- die uitkoms wat deur hierdie komponent veronderstel word, naamlik die identifisering van terminologie-doelwitte en behoeftes as deel van die strategiese plan, bereik.

Om die beoordeling sinvol te begin, word die postestruktuur van die Terminologiekoördineringsafdeling beoordeel en daar word bepaal of die afdeling oor 'n geskikte bestuurspan en genoeg terminoloë en terminograwe beskik om as 'n Terminologiebestuursentrum te funksioneer.

Die postestruktuur van die Nasionale Taaldiens maak sedert 1998 voorsiening vir die volgende poste by die subdirekoraat Terminologiekoördineringsafdeling:

1 Adjunkdirekteur, 6 Hooftaalpraktisyns en 15 Taalpraktisyns.

Die pos van Adjunkdirekteur was vir 'n geruime tyd vakant (Augustus 2000 tot Augustus 2001). Die ses hooftaalpraktisynsposte was soos volg gevul:

- 1 x Stelselontwikkeling en Navorsing
- 1 x Natuurwetenskappe en Tegnologie
- 1 x Biologiese en Landbouwetenskappe
- 1 x Sosiale en Geesteswetenskappe
- 1 x Afrikatale
- 1 x Rekenaarfasieliteit en Publikasies.

'n Adjunkdirekteur is sedert 1 Augustus 2001 aangestel as die nuwe hoof van die Terminologiekoördineringsafdeling.

Die volgende hooftaalpraktisynsposte was ook vakant, Biologiese en Landbouwetenskappe, die Afrikatale en die van Rekenaarfasieliteit en Publikasies. Hierdie poste is sedert Desember 2001 tot Januarie 2002 soos volg gevul:

Hooftaalpraktisyn: Nguni-tale, om toesig te hou oor die isiZulu-, isiXhosa-, siSwati- en isiNdebele-terminoloë en die terminologiese werksaamhede in die Nguni-tale. Onder hierdie persoon val daar tans een isiZulu-, een isiXhosa-, een siSwati- en een isiNdebele-terminoloog.

Hooftaalpraktisyn: Sotho-tale, om toesig te hou oor die Sesotho-, Sepedi-, en die Setswana-terminoloë en die terminologiese werksaamhede in die Sotho-tale. Onder hierdie persoon val daar tans een Sesotho-, een Sepedi-, en twee Setswana-terminoloë.

Hooftaalpraktissyn: Tsivenda en Xitsonga. Om toesig te hou oor die Tsivenda- en Xitsonga-terminoloë en die terminologiese werksaamhede van hierdie twee tale. Onder hierdie persoon val daar dus een Xistonga- en Tsivenda-terminoloog.

Hooftaalpraktisyn: Geesteswetenskappe. Onder hierdie persoon resorteer 2 taalpraktisyns vir Afrikaans en Engels.

Hooftaalpraktissyn: Natuurwetenskappe, Tegnologie en Rekenaarwetenskappe. Onder hierdie persoon resorteer 2 taalpraktisyns vir Afrikaans en Engels.

Die Afdelings Stelselontwikkeling en Navorsing en Rekenaarfasilitering en Publikasies is tot een afdeling saamgesnoer en is weggeneem onder die Terminologiekoördineringsafdeling. Die hoof van hierdie afdeling is verantwoordelik vir albei hierdie afdelings en doen direk verslag aan die Direkteur Nasionale Taaldiens. Hierdie nuwe afdeling Stelselontwikkeling en Navorsing sien nou om na die rekenaar-, stelsel- en navorsingsbehoefte van al die beamptes van die Nasionale Taaldiens (die Vertaalafdeling, Taalbeplanning en Terminologiekoördineringsafdeling).

Die Adjunktdirekteur en die vyf hooftaalpraktisyns dien as die bestuurspan van die Terminologiekoördineringsafdeling. Hierdie bestuurspan is verantwoordelik om terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling te rig en te lei. Die bestuurspan word geondersteun deur 15 taalpraktisyns wat verteenwoordigend is van die amptelike tale van Suid-Afrika. Daar bestaan tans 'n dringende behoefte aan meer as een taalpraktisyn per amptelike taal aangesien hierdie persone die verantwoordelikheid dra vir die koördinerings- en bestuur van al die terminologiedata wat vir die spesifieke amptelike taal beskikbaar gestel word. Finansiële inkorting laat egter slegs toe vir een taalpraktisyn per amptelike taal. Die feit dat daar slegs een taalpraktisyn vir elke amptelike taal by die Terminologiekoördineringsafdeling teenwoordig is, word as

'n baie ernstige leemte geïdentifiseer. Die postestruktuur by die Terminologiekoördineringsafdeling word in figuur 14 skematies voorgestel.



**Figuur 14** Die postestruktuur by die Terminologiekoördineringsafdeling

Noudat daar vasgestel is wat die postestruktuur by die Terminologiekoördineringsafdeling behels, kan daar bepaal word van watter werkmethode daar by dié afdeling gebruik gemaak word.

#### 6.4.1 Die werkmethode by die Terminologiekoördineringsafdeling

Die Grondwet van die vorige taalbestel (Wet 32 van 1961) het tot gevolg gehad dat slegs Engels en Afrikaans, wat as die nasionale amptelike tale van Suid-Afrika erken is en daarom as die oorwegende tale vir tegniese en wetenskaplike kommunikasie gebruik is, se uitbreiding deur die NVD beplan, gekoördineer en bestuur is (vgl. afdeling 5.2.1). Wetenskaplike en tegniese dokumente moes in hierdie twee tale beskikbaar wees. Aangesien Engels meestal as die brontaal gebruik is, moes dokumente na Afrikaans vertaal word. Die werkmethode wat tydens hierdie tydperk gevolg is, kan beskryf word as 'n kombinasie tussen die vertalingsgeoriënteerde werkmethode en die taalbeplanningsgeoriënteerde

werkm metode. Die tipiese determinante wat hierdie werkm etodes ondersteun, word by die NVD opgemerk soos:

- terminologiese ekwivalensie tussen twee tale om universaliteit te bevorder en kommunikasie te vergemaklik;
- deur die gebruik van taalbeleid om 'n taal(e) wat onderontwikkel is te ontwikkel en uit te brei (vgl. tabel 2).

Engels is as die brontaal gebruik en ekwivalente moes in Afrikaans ontwikkel en beskikbaar gestel word om Afrikaans tot op 'n gelyke vlak van wetenskaplike en tegniese uitbreiding met Engels te bring, om Engelse vakspesifieke dokumente na Afrikaans te vertaal en om kommunikasie in die tegniese en wetenskaplike omgewing in Afrikaans te vergemaklik (vgl. afdeling 4.3.1.2). Die kombinasie van hierdie twee werkm etodes het baie effektief gefunksioneer en 'n aansienlike aantal tweetalige tweerigting vakwoordeboekpublikasies deur die NVD en NTD het die lig gesien waarvan sommige tot vandag toe nog gebruik word (vgl. tabel 4).

Die veranderde sosiale en politieke omgewing sedert 1993 en die huidige Grondwet (Wet 108 van 1996) het die weg gebaan na 'n nuwe taalbestel wat voorsiening maak vir meertaligheid en waar elf tale as amptelike tale deur die Grondwet geproklameer is. Die werkm etode by die NTD en later die Terminologiekoördineringsafdeling in die nuwe taalbestel moes aangepas word om by die nuwe behoeftes en uitdagings binne die gemeenskap aan te pas. Die tipiese determinante van die taalbeplanningswerkm etode word hier opgemerk, naamlik die sistematiese en strategiese tussenbeidetreiding deur middel van wetgewing om die taalstatus van minderheidstale te verander en hierdie tale uit te brei. Taalbeleid bestaan wat die gelykwaardigheid van al die amptelike tale beklemtoon en daar word gekonsentreer op die uitbreiding van die histories ingekorte tale. Die werkm etode van die NVD kon nie oorgeneem word nie aangesien al die amptelike tale in die nuwe taalbestel nie op dieselfde vlak van

uitbreiding verkeer nie en die teikengroepe waarvoor terminologiebestuur gedoen word aansienlik verskil van die teikengroep van die NVD.

Sedert 1998 word dieselfde werkmetode, naamlik die taalbeplanningswerkmetode, as tydens die oorgangsfase (1994 – 1998) gebruik. Die verskil tussen die werksaamhede by die NTD en die Terminologiekoördineringsafdeling is egter dat daar sedert die herstrukturering van die NTD en Staatstaaldiens in die nuwe Nasionale Taaldiens volgens 'n nuwe model gewerk word. In die nuwe model word daar 'n kompromie getref tussen die vakgebiedbenadering en die taalgroepbenadering by terminologiekoördineringsafdeling (vgl. Alberts 2000b:4). Die verandering het sekere probleme tot gevolg. Soos reeds vasgestel, is daar slegs een taalpraktisyn per amptelike taal by die Terminologiekoördineringsafdeling werksaam. Hierdie taalpraktisyn is vir die koördineringsafdeling en bestuur van alle terminologiedata in die spesifieke amptelike taal verantwoordelik. By die NVD en later NTD het terminoloë en terminograwe binne spesifieke vakgebiede en domeine gespesialiseer en sodoende 'n grondige agtergrondkennis van hul vakgebiede of domeine opgebou. So 'n agtergrondkennis word met jare se ervaring opgedoen en verskil van vakgebied tot vakgebied. Ervaring en agtergrondkennis binne spesifieke aktiwiteitsterreine en domeine by van die amptelike tale word as 'n wesentlike leemte by die Terminologiekoördineringsafdeling geïdentifiseer waaraan daar dringend aandag gegee sal moet word.

Die perspektiewe wat Antia (2000) voorstel, kan nou gebruik word om die werkmetode by die Terminologiekoördineringsafdeling verder te beoordeel. Hierdie perspektiewe word gebruik om vas te stel:

- waar die fokus tans by die Terminologiekoördineringsafdeling lê;
- of integrasie van terminologiewerk by ander prosesse plaasvind;
- of omvattende terminologiebeplanning deur vakkomitees by die Terminologiekoördineringsafdeling gedoen word; en
- wie die medewerkers van die Terminologiekoördineringsafdeling is.

#### 6.4.1.1 Die fokus by die Terminologiekoördineringsafdeling

Die keuse van vakgebiede en domeine by terminologiewerk in die vorige taalbestel is bepaal deur nasionale prioriteite - die uitbreiding van Afrikaans ingevolge die tweetaligheidsbeleid. Hierdie fokus het tot gevolg gehad dat 'n dokumenteringsoriëntering (vgl. afdeling 4.3.1.4) hoofsaaklik gevolg is. Terme wat in 'n vakgebied of domein versamel word, is meestal bekend aan die praktiseerders binne die vakgebied of domein, maar miskien minder bekend aan 'n oningeligte gehoor. Wetenskaplike navorsing deur vakkundiges in die betrokke vakgebiede en gespesialiseerde terminoloë by die NVD word gebruik om nuwe terme en inligting in die brontaal (Engels) te versamel en Afrikaans dan dienoreenkomstig uit te brei sodat dieselfde inligting in Afrikaans beskikbaar gestel kan word. Etnografiese navorsing is by die NVD gebruik om beskikbare Afrikaanse terminologiebeskrywings te versamel en te dokumenteer. Vakkundiges en spesialiste in Afrikaans by die spesifieke vakgebiede of domeine was hiervoor verantwoordelik. Hierdie data is aan die NVD verskaf waar dit bestuur is deur spesialisterminoloë wat ooreenkomstig vakgebiede gewerk het. Terminologiebestuur by die dokumenteringsoriëntering in die vorige taalbestel was gemik op vakkundiges en het hoofsaaklik gekonsentreer op terminologiewerk in 'n formele register.

In tabel 4, wat hiernaas volg, word 'n lys van tweetalige woordeboeke en woordelyste aangebied wat vanaf 1959 tot 1996 deur die NVD en NTD gepubliseer is. Die lys word aangebied om te beklemtoon dat terminologiewerk wat in hierdie tydperk versamel en gepubliseer is nie gemik was op die algemene gebruiker nie, maar op 'n gespesialiseerde gebruiker in 'n formele register.

WOORDEBOEK	DATUM	REGISTER
Geologiese woordeboek	1996	FORMEEL
Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk	1995 (hersiene en uitgebreide uitgawe)	FORMEEL
Drukkerswoordeboek	1995 (hersiene uitgawe)	FORMEEL

Woordeboek vir Tuinboukunde met Plantname	1991	FORMEEL
Die nuwe Chemiewoordeboek	1991	FORMEEL
Kernbedryfwoordeboek	1990 (vervang 1976 weergawe)	FORMEEL
Sterrekundewoordeboek met aanvullende inligting en bylaes	1990	FORMEEL
Woordeboek van Biblioteekkundige, Inligtingkundige en Verwante terme	1989	FORMEEL
Staatkundige en Verwante Terminologie	1989	FORMEEL
Fotografiewoordeboek	1988 (herdruk)	FORMEEL
Buitelandse Plekname	1987	FORMEEL
Wiskunde woordeboek	1987 (tweede en vergrote uitgawe)	FORMEEL
Brandweewoordeboek	1985	FORMEEL
Tweetalige Definiërende woordeboek vir Maatskaplike Werk	1984	FORMEEL
Statistiekwoordeboek	1984 (hersiene en vergrote uitgawe)	FORMEEL
Weerkunde en Hidrologiewoordeboek	1983	FORMEEL
Mynbouwoordeboek	1983	FORMEEL
Terme in die Molekulêre Biologie	1983	FORMEEL
Terminologie van Vergaderingprosedure en Redevoering	1983 (tweede uitgawe)	FORMEEL
Radio en Televisiewoordeboek	1982	FORMEEL
Dierkundewoordeboek	1982	FORMEEL
Aptekerswoordeboek	1981	FORMEEL
Musiekwoordeboek	1981	FORMEEL

Warteregnologieterme	1981	FORMEEL
Sosiologiewoordeboek	1980	FORMEEL
Sokkerwoordeboek	1980	FORMEEL
Houtwerkterme	1980	FORMEEL
Gewone insekname	1979 (tweede hersiene uitgawe)	FORMEEL
Bybelkundeterme	1979	FORMEEL
Hotelontvangsterme	1978	FORMEEL
Sielkundewoordeboek	1978	FORMEEL
Tegniese Tekenterme	1978	FORMEEL
Veeartsenykundige woordeboek	1978	FORMEEL
Handwerkwoordeboek	1977	FORMEEL
Fisikawoordeboek	1977	FORMEEL
Kernenergieterme	1976	FORMEEL
Basketbal, Korfbal, Netbal	1975	FORMEEL
Huishoudkunde woordeboek	1975 (derde hersiene uitgawe)	FORMEEL
Plastiekwoordeboek	1974	FORMEEL
Rekeningkundeterme	1973	FORMEEL
Landbouingenieurs-terme	1973	FORMEEL
Borduurwoordeboek	1972	FORMEEL
Hokkieterme	1972	FORMEEL
Suiwelterme	1972	FORMEEL
Tuinboueterme	1971	FORMEEL
Drukkersterme	1971	FORMEEL
Werksstudierterme	1971	FORMEEL
Hoedeterme	1970	FORMEEL
Springstofterme	1970	FORMEEL
Papierterme	1970	FORMEEL
Wynwoordeboek	1973	FORMEEL
Rekenaarsterme	1969	FORMEEL
Chemiewoordeboek	1968	FORMEEL
Kunsterme	1967	FORMEEL

Sterrekundewoordeboek	1966	FORMEEL
Versekeringswoordeboek	1964	FORMEEL
Akkerbou	1964	FORMEEL
Elektrotegniese Terme	1963	FORMEEL
Werktuigkundigeterme	1963	FORMEEL
Skoenlapperlys	1959	FORMEEL

**Tabel 4 Tweetalige woordeboeke gepubliseer vanaf 1959-1996  
(Alberts 2000b en DACST 1997e)**

Uit die tipe meertalige termlyste wat sedert 1994 saamgestel word soos byvoorbeeld: *Inheemse soogdiere (1996)*, *Basiese Gesondheidsterme (1997)* en die *Die MIV/Vigs-bewustheidsveldtog-terme (1998)* word opgemerk dat daar 'n registerverandering by terminologiewerk ingetree het. Ons sien dat die doelwit met terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling meer prakties en basies van aard is as wat in die vorige taalbestel die geval was. Dit wil voorkom asof daar nie slegs op spesifieke vakgebiede op die formele register (om kommunikasie tussen vakkundiges te bedien) gekonsentreer word nie, maar eerder op alle domeine van kennis en menslike aktiwiteite (in verskillende registers) waar daar 'n behoefte bestaan om die gebruikers van die tale van doeltreffende kommunikasie te voorsien. Hierdie afleiding word gemaak aangesien die saamstel van formele register Afrikaans en Engelse woordeboeke (wat slegs toeganklik vir vakkundiges is) in die nuwe taalbestel by die Terminologiekoördineringsafdeling afgeneem het (vgl. DACST 1994:68 en Alberts 1999b:34). Die tipiese termlyste wat tans saamgestel word, bevat Engelse terme as die brontaalterme. Al die bronterme word voorsien van eenvoudige verduidelikings of definisies in maklik verstaanbare Engels met ekwivalente in Afrikaans, isiZulu, isiXhosa, siSwati, isiNdebele, Setswana, Sepedi, Tshivenda en Xitsonga of 'n kombinasie van hierdie tale as die doeltale. 'n Opsomming van die meertalige terminologielyste wat tussen 1994-1998 gepubliseer is, word in tabel 5 aangebied.

WOORDEBOEK	DATUM	BRONTAAL	DOELTAAL	REGISTER
Messelterme	1996	Engels	Afrikaans, IsiZulu, Setswana	L
Gereedskapterme	1996	Engels	Afrikaans, IsiZulu, Setswana	L
Weerterminologie	1996	Engels	Ander tien amptelike tale	L
Inheemse soogdiere	1996	Engels	Ander tien amptelike tale	L
Basiese Gesondheid	1997	Engels	Ander tien amptelike tale	L
VIGS-terminologie	1998	Engels	Ander tien amptelike tale	L

Tabel 5 Meertalige terminologielyste tussen 1994 – 1998 (Alberts 2000b:9-10)

Gedurende Maart 2000 het die Minister van Onderwys 'n versoek aan dr Ben Ngubane, Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie gerig vir die saamstel van basiese terminologielyste deur die Terminologiekoördineringsafdeling, om leerders te help wanneer hulle in graad 5 van moedertaalonderrig na Engels oorskakel. Die fokus van hierdie terminologielyste word gerig op die uitbreiding en bevordering van terminologiedata in die amptelike tale om as ondersteunende hulpmiddele by opleiding te dien.

Die aktiwiteitsterreine wat as prioriteitsgebiede geïdentifiseer is, is Wiskunde (Mathematics), Natuurwetenskap (Natural Science) en Tegnologie (Technology). Aanvanklik het terminoloë baie gesukkel om leermateriaal in die hande te kry, maar met behulp van elektroniese materiaal deur *Breinlyn* is die nodige data versamel om brontaalterme te ekserpeer. Hierdie projek is as 'n unieke projek deur die Terminologiekoördineringsafdeling beskou en is ook as 'n opleidingsgeleentheid benut. Afrikaanse en Engelse terminoloë is gewoonlik verantwoordelik om die brontaalterme te ekserpeer en die Afrikataalterminoloë verskaf dan die vertaalekwivalente in hul eerstetaal. Tydens hierdie

terminologieprojek is die hele kantoor (die taalpraktisyns van al die amptelike tale) in drie groepe verdeel en elke groep moes aan 'n aan 'n aktiwiteitsterrein werk. Al die terminoloë het bronterme uit Engelse bronne geëkserpeer. Die terme is direk op die MultiTerm-databasis gedokumenteer en terme uit die elektroniese korpus (van *Breinlyn*) is vanaf die rekenaar na die MultiTerm-databasis oorgetrek. Die Afrikataalterminoloë het gevolglik opleiding ontvang in die ekserpering, dokumentering en definiëring van terme in die brontaal (Engels). Daarna is die termkorpus bespreek en die definisies is verfyn. Die Engelse termkorpus is ook deur vakkundiges beoordeel en geverifieer en daar is seker gemaak dat die definisies in 'n register geskryf is wat deur die leerders verstaan sal word. Daarna is die termkorpus in Afrikaans en die Afrikatale deur die terminoloë van die verskillende amptelike tale vertaal.

Die Wiskunde terminologieprojek fokus op terme wat tydens die beginfase van opleiding gebruik word. Sowat 1500 terme is reeds geëkserpeer en gedokumenteer (vgl. DACST 2000/2001:79).

Die Wetenskap terminologieprojek fokus op terme in die middelfase van opleiding. Ongeveer 2000 terme is geïdentifiseer, geëkserpeer, gedefinieer en gedokumenteer in 'n lae register om eerstetaalonderrig onder Suid-Afrikaanse leerders aan te spoor en te bevorder (vgl. DACST 2000/2001:79).

Die Tegnologie terminologieprojek konsentreer op Geografie en sowat 2200 terme is reeds gedokumenteer vir graad 4 tot 6 (die middelfase van opleiding). Kernterminologie word vir hierdie projek gedefinieer (vgl. DACST 2000/2001:79).

Die afleiding wat hieruit voortspruit is dat terminologiebestuur sedert 1994 –1998 tydens die oorgangsfase, maar veral na 1998 by die Terminologiekoördineringsafdeling hoofsaaklik volgens die ontwikkelings-oriëntering (vgl. afdeling 4.3.1.4) gehanteer word wat voortvloei uit die taalbeplanningswerkmetode (vgl. afdeling 4.3.1.3). By die NTD tydens die

oorgangsfase en later ook by die Terminologiekoördineringsafdeling word Engels as die databron vir die onttrekking van terminologie en definisies gebruik en die ander tien amptelike tale funksioneer as doeltale waarin ekwivalente verskaf moet word. Op hierdie wyse word daar na die behoeftes van al die inheemse amptelike tale omgesien.

Die gebruik van die ontwikkelingsoriëntering is sigbaar uit die volgende verskynsels: (1) die brondata wat gebruik word, (2) die bronne waaruit geëkserpeer word, (3) die voorkoms van leenwoorde uit die brontaal en (4) die gebruik van terme wat as universeel werkbare terme bekendstaan.

**x-rays**

*Used by doctors to photograph parts of the body to find out whether bones are broken, etc.*

Afrikaans	x-strale
IsiZulu	i-x-reyi
IsiXhosa	ugesi
SiSwati	i-X-reyi, sitfombe sagesi
IsiNdebele	i-ekstreyi
Setswana	ekeserei
Sepedi	X-rei
Sesotho	diekeserei, mahlasedi a X, di X-rei
Tshivenda	x-rei
Xitsonga	xivoninga-ndzeni, X-rheyi

(DACST 1997c:222)

**Voorbeeld 6**

Engelse bronne en tekste word hoofsaaklik as brontaal deur die NTD en later die Terminologiekoördineringsafdeling vir ekserpering gebruik (vgl. tabel 5). Om in staat te wees om tegniese en wetenskaplike konsepte te standaardiseer, word konsepte in Engels gedefinieer en eers nadat ooreengekom is oor die geldigheid van die konsep - definisie en termverhouding word ekwivalente in die ander amptelike tale bygevoeg deur 'n proses van konsultasie met vakkundiges en linguïste (vgl. Alberts 2000b:6). Daar word egter nie lukraak van leenwoorde uit die brontaal gebruik gemaak nie. In sommige aktiwiteitsterreine en domeine bestaan daar reeds terminologie vir sekere konsepte. Dit is daarom soms nodig om twee of meer terme as ekwivalente vir die brontaal op te teken (sien SiSwati

en Sesotho in voorbeeld 6) en die spraakgemeenskap toe te laat om op die voorkeurterm te besluit (vgl. Alberts 2000b:23). In voorbeeld 6 word daar by die meerderheid van die amptelike tale van 'n universeel herkenbare en werkbare term gebruikgemaak.

Uit die beoordeling van hierdie onderafdeling word daar tot die afleiding gekom dat:

- die fokus met terminologiebeplanning by die Terminologiekoördineringsafdeling meer prakties en basies van aard is as wat die geval by die NVD was. Daar word nie net op spesifieke vakgebiede en op die formele register gefokus nie, maar eerder op alle domeine van kennis en menslike aktiwiteite waar daar 'n behoefte bestaan om die gebruikers van die amptelike tale van doeltreffende kommunikasie te voorsien. Hierdie fokus word verder geondersteun deur die begin van 'n terminologieversameling by die Terminologiekoördineringsafdeling vir aktiwiteitsterreine by onderwys om leerders in graad 5 te help om die oorskakeling vanaf eerstetaalonderrig na Engels te oorbrug.
- die ontwikkelingsoriëntering by die Terminologiekoördineringsafdeling aangewend word om die amptelike tale in staat te stel om op verskillende vlakke van kommunikasie en in verskillende registers van terminologiedata gebruik te word. Die implikasie van die ontwikkelingsoriëntering is dat al die amptelike tale die geleentheid gebied word om gelykwaardig uitgebrei te word.

#### 6.4.1.2 Die integrasie van terminologiebeplanning by ander prosesse by die Terminologiekoördineringsafdeling

Hierdie onderafdeling word by die implementering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling bespreek (vgl. afdeling 6.9).

### 6.4.1.3 Omvattende terminologiebeplanning deur vakkomitees by die Terminologiekoördineringsafdeling

In die vorige taalbestel is alle terminologieprojekte wat deur die NVD en later NTD aangepak is, beplan deur van vakkomitees gebruik te maak (vgl. Jordaan-Weis 1995:280). Hierdie vakkomitees het bestaan uit 'n komitee van vakkundiges of spesialiste in die vakgebied of domein (byvoorbeeld, akademië, professionele persone wat verteenwoordigers van die vakgebied of profesie is), linguïste en terminoloë (wat as taalkundiges op hierdie komitee gedien het).

Die komponente waaraan 'n terminologieskategorie aandag moes gee, het die volgende behels:

- die vasstel van die doeltaalgroep vir wie die terminologieskategorie werk onderneem word. Die doeltaalgroep moes geïdentifiseer word aangesien die karakter, die tipe en veral die afbakening van die eindproduk daarvan afhang;
- die begroting, om vir administratiewe uitgawes van die woordeboek voorsiening te maak. Die begroting het 'n direkte invloed op die betrokkenheid van medewerkers en die eindproduk;
- domeinafbakening, wat na die primêre veld van dataversameling en dokumentering van terminologiese data verwys en ook verwante subvelde vasstel;
- tydraamwerkversameling, wat tydens die loodsvergadering van 'n vakkomitee beplan word en waar daar vir die afhandeling van die verskillende stadia van die woordeboek beplan word;
- tipologie, wat bepaal of die woordeboek, eentalig, tweetalig, drietalig of meertalig moes wees;
- besluitneming oor die karakter van die woordeboek, hang af van die spesifieke behoeftes van die doeltaalgroep. Hier besluit die vakkomitee oor die vlakke van register en die graad van formaliteit wat deur die woordeboek bedien moet word;
- die tale wat as doeltale in die woordeboek sal funksioneer;

- die afbakening vir verskillende gebruikersgroepe, aangesien daar vir verskillende doeltaalgroepe verskillende fokuspunkte deur die vakkomitee bepaal moet word;
- die vasstel van bronne waaruit brontaalekserpering gedoen word. Dit kan bestaande wetenskaplike en tegniese woordeboeke, handboeke, vaktydskrifte en wetenskaplike en tegniese artikels wees wat oor die algemeen in die spesifieke vakgebied gebruik word;
- besluite oor die metode van termversameling, waar daar oor die algemeen van een van drie metodes by die NVD gebruikgemaak is: volgens die subvelde van vakgebiede, tematies of volgens die alfabet (De Beer 1997:7-9).

By die loodsvergadering van 'n vakkomitee is daar 'n projekteier vir die spesifieke woordeboekprojek uit die medewerkers van die terminologieprojek verkies. Die komitee moes ook tydens hierdie vergadering oor beleidsake van die terminologieprojek, op kontekstspesifieke aspekte van die woordeboek en strategieë om die termprojek so effektief, doelmatig en koste effektief as moontlik af te handel, besluit.

Wetenskaplikes en tegnisi as vakkundiges en spesialiste binne 'n terminologiekomitee was verantwoordelik om inligting te voorsien oor die moontlikhede en funksies van die onderwerp en verduidelikings van konsepte of inter- en intrakonseptuele verhoudinge tussen terme byvoorbeeld in 'n konseptuele hiërargie (sien figuur 6).

Terminoloë en linguiste binne die terminologiekomitees was verantwoordelik vir die terminografiese metodologie, woordvormingsbeginsels, spelling en die aanbod van die inligting. Notule is van die betrokke vergaderings gehou en die besluite van 'n komitee is op die databasis van die NVD en later NTD aangeteken. By 'n volgende vergadering is probleemterme bespreek en reggestel. Termlyste is ook bespreek en die terminoloog moes regstellings aanbring of nuwe voorstelle vir termekwivalente in Afrikaans dokumenteer. Die

vakwoordeboek is dan in vakkomiteeverband gefinaliseer, geredigeer, gedruk en gedissemineer (De Beer 1997:12-15).

Vakkomitees was met ander woorde verantwoordelik vir die dokumentering en standaardisering van konsepte en terme by die NVD en NTD.

Die voordele wat die beplanning deur vakkomitees vir terminologiebestuur by die NVD en NTD ingehou het, het behels dat wetenskaplikes en tegnisi (wat ook die gebruikers van terme in daardie stadium was) in samewerking met terminoloë terme en terminologiese inligting op 'n doelmatige wyse en as 'n span kon saamstel.

Die Engels/Afrikaanse vakwoordeboeke wat deur vakkomitees vir die NVD en NTD saamgestel is, het gewig gedra in die taalgemeenskap sowel as in die onderskeie vakgemeenskappe. Hierdie vakwoordeboeke word deur praktiseerders in die vakgebiede sowel as op sekondêre akademiese en tersiêre akademiese deur vakkundiges, skoliere en studente gebruik. Die vakkundiges wat aan vakwoordeboeke gewerk het, was gesiene akademici en vakkundiges in hul spesifieke veld. Die terminoloë was self ook welbekend in die taalwêreld en het die Afrikaanse taalreëls geken en toegepas. Van hierdie vakwoordeboeke word steeds gebruik en is-beskikbaar vanaf skoolvlakregister tot die hoogste echelons van die wetenskap en tegnologie. Van die resernte voorbejle van hierdie vakwoordeboeke word vervolgens in tabel 6 aangebied:

TITEL	DATUM	KOMITEELEDE
Sterrekundewoordeboek met aanvullende inligting en bylaes	1990	Saamgestel deur 'n vakkomitee onder voorsitterskap van JH de Klerk en geredigeer deur die NVD, Dept Nasionale Opvoeding
Kernbedryfwoordeboek	1990	Saamgestel deur die taalkomitee van die Atoomenergiekorporasie van SA Bpk in samewerking met die NVD, Dept Nasionale Opvoeding

Woordeboek vir Tuinboukunde met Plantname	1991	Saamgestel deur 'n vakkomitee in samewerking met die NVD, Dept Nasionale Opvoeding
Die Nuwe Chemie- woordeboek	1991	Saamgestel deur die NVD, Dept Nasioanle Opvoeding en geredigeer deur DF Louw
Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk	1995	Saamgestel deur die terminologieskomitee vir Sosiale Werk in samewerking met die NTD, DKKWT
Geologiese woordeboek	1996	Saamgestel deur die NTD, DKKWT in samewerking met verskeie subkomitees van die Raad vir Geowetenskap en Vakkundiges

**Tabel 6 Vakkomitees vir die saamstel van tweetalige vakwoordeboeke by die NVD en NTD**

Die Terminologieskoördineringsafdeling werk ook in noue samewerking met spesialiste in aktiwiteitsterreine en domeine wanneer meertalige termlyste of tegniese woordeboeke saamgestel word (Alberts 2000b:22). Elke aktiwiteitsterrein of domein waarin daar by Terminologieskoördineringsafdeling gewerk word, het egter nog nie sy eie vakkomitee nie. Tans word daar, waar daar nog nie 'n terminologieskomitee vir die aktiwiteitsterrein of domein bestaan nie van medewerkers wat uit 'n verteenwoordigende groep van die gebruikers van die terminologie bestaan, gebruikgemaak. Konseplyste word aan hierdie medewerkers gestuur en daar word van hierdie persone verwag om kommentaar en/of advies op die lyste te lewer. Voorbeelde van sulke konseplyste is *Inheemse Soogdiere (1996c)*, *Basiese Gesondheidsterme (1997c)* en *Aids Terminologie (1998)*.

In die geval van die terminologiesversamelingsprojekte wat vir die Departement van Onderwys in 2000 begin is, word elke amptelike taal se terme van die betrokke vakgebied (bv. Wiskunde) na ekserpering deur 'n vakkomitee van medewerkers en die betrokke terminoloog van die Afrikataal bespreek in die gebied waar geografiese die meeste eerstetaalsprekers voorkom. IsiZulu-ekwivalente word byvoorbeeld deur isiZulu-medewerkers in KwaZulu-Natal (setel Universiteit van Zululand) bespreek. Die vakkomitee, bestaande uit linguïste van

verskillende tersiêre instansies, byvoorbeeld universiteite en teknikons, onderwysers en ander vakkundiges, bepreek die terme en definisies en besluit of die termekwivalent(e) wat deur die terminoloë verskaf is, korrek is. Indien wel, word die terme as korrek op die databasis aangedui sodra die terminoloog weer terug op kantoor is. Terme wat foutief is, word bespreek en 'n korrekte ekwivalent word voorsien. Die terminoloog hersien dan die databasis dienooreenkomstig en stel foutiewe terme reg. Probleemterme staan oor vir volgehoue navorsing en bespreking deur die vakkomitee van die betrokke taal. Sodra al die terme afgehandel is, word die terme aan die nasionale taalliggaam van die betrokke taal (PANSAT-struktuur) vir goedkeuring voorgelê. Ander PANSAT-strukture soos Provinsiale Taalkomitees en Nasionale Leksikografie-eenhede van die onderskeie tale lewer ook bydraes aangesien verteenwoordigers van hierdie liggame ook op die vakkomitees dien. Goedgekeurde terme word op die Nasionale Termbank as sodanig aangedui en dan gedissemineer.

Uit die beoordeling van hierdie onderafdeling word daar tot die afleiding gekom dat:

- daar nou begin word met die saamstel van terminologiedata deur van vakkomitees by die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik te maak. Die vakkomitees van die amptelike tale in die nuwe taalbestel besit egter nog nie soveel invloed soos die vakkomitees wat in die vorige taalbestel bestaan het nie. Die vakkomitees wat wel tans bestaan, word gebruik om met die saamstel van terminologielyste behulpsaam te wees. By die aktiwiteitsterreine waar daar nie 'n vakkomitee bestaan nie word daar van medewerkers gebruik gemaak word om kommentaar op terminologiedata te lewer en terminoloë van advies te bedien.

Medewerkers en rolspelers by terminologiebeplanning word as die laaste onderafdeling by die werkmethode van die Terminologiekoördineringsafdeling bespreek.

#### 6.4.1.4 Die rol van medewerkers by die Terminologiekoördineringsafdeling

Uit die beoordeling van die vorige onderafdelings is daar vasgestel dat die medewerkers, wat ook die kliënte van die NVD uitgemaak het, hoofsaaklik bestaan uit spesialiste in taalburowe, taalkundiges en vakkundiges by tersiêre instellings in die spesifieke vakgebiede of domeine. Die eindprodukte vir hierdie gebruikersgroep was duur tegniese woordeboeke gemik op 'n relatiewe klein mark en wat hoofsaaklik uit vakspecialiste bestaan het (vgl. Jordaan-Weis 1995:281). Hierdie eindprodukte het egter effektief gefunksioneer aangesien dit nie alleen doelmatig aangewend is deur hierdie gespesialiseerde gebruikersgroep om kommunikasie tussen vakkundiges te vergemaklik nie, maar ook deurlopend by sekondêre- en tersiêre opleiding gebruik is.

Uit die beoordeling van die vorige onderafdelings het dit na vore gekom dat die versameling van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling nie slegs vir spesialisgroepe en vakkundiges gedoen word nie, maar veral op 'n breër teikengroep konsentreer. Tans bestaan die tipiese terminologiegebruiker en terminologieleweransier in Suid-Afrika uit meer algemene gebruikers (wat individuele termgebruikers, linguïste, taalpraktisyns, taalliggame, taalkomitees en vakkundiges insluit). Hierdie rolspelers, medewerkers en gebruikers van terminologie-inligting vorm beide die bron en doelwit van die terminologiebestuursproses by die Terminologiekoördineringsafdeling.

Die terminologieprojek vir Wiskunde, Natuurwetenskap en Tegnologie wat gedurende 2000 by die Terminologiekoördineringsafdeling begin is, het tot gevolg gehad dat medewerkers opgelei moes word om te help met die beoordeling van termekwivalente in die verskillende amptelike tale. Die Terminologiekoördineringsafdeling was vanaf Julie 2001 tot einde Oktober 2001 besig met die vasstel en versterking van vennootskappe met professionele medewerkers om die produksie van gestandaardiseerde terminologieë in die verskillende aktiwiteitsterreine en domeine te bewerkstellig (vgl. DACST 2001).

Deur bande te bou en te versterk met eksterne rolspelers en medewerkers wil die Terminologiekoördineringsafdeling terminologiepogings landwyd koördineer en sodoende kennisoordrag op alle vlakke en in verskillende velde van spesialisasie fasiliteer. Die koördineringsafdeling word bewerkstellig deur opleidingsessies vir medewerkers regoor die land te hou (vgl. DACST 2001).

Die opleiding van medewerkers word in afdeling 6.11.2 bespreek en beoordeel.

Uit die beoordeling van hierdie onderafdeling word afgelei dat medewerkers by die Terminologiekoördineringsafdeling 'n baie belangrike rol speel by terminologiebestuur. Die deelname van hierdie persone aan die saamstel van terminologiedata is noodsaaklik vir terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling, nie net om die wetenskaplike en tegniese betroubaarheid van die terminologiewerk te verseker nie, maar ook om die implementering en aanvaarding van hierdie terme te verseker.

#### 6.4.1.5 Slotsom

Die werkmethode wat gedurende die vorige taalbestel by die NVD gebruik is om Afrikaans uit te brei tot op 'n gelyke vlak met Engels, kon nie in die nuwe taalbestel by die Terminologiekoördineringsafdeling oorgeneem word nie aangesien die amptelike tale in die nuwe taalbestel nie op 'n gelyke vlak van uitbreiding verkeer nie. Die teikengroep waarvoor terminologie-uitbreiding by die Terminologiekoördineringsafdeling gedoen word, verskil ook in 'n groot mate van die teikengroep van die NVD. Die werkmethode by die Terminologiekoördineringsafdeling moes derhalwe aangepas word om by die behoeftes en uitdagings van die nuwe terminologiesameenstelling aan te pas. Die tipiese determinante van die taalbeplanningwerkmethode word by die Terminologiekoördineringsafdeling opgemerk, naamlik die sistematiese en strategiese tussenbeidetrede deur middel van wetgewing om die taalstatus van minderheidstale te bevorder en hierdie tale dan uit te brei om as tale van

kommunikasie op 'n wye verskeideheid aktiwiteitsterreine en domeine te kan dien.

Alhoewel 'n *Language policy and plan for South Africa* (DACST 2000a) bestaan wat as doelwit het om die amptelike tale wat onderontwikkel is uit te brei, bestaan daar nie 'n spesifieke terminologiebeleid om terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling van riglyne te voorsien en terminologiebestuur te lei nie. Die nadele hiervan behels dat daar nie sekerheid bestaan oor die effektiewe funksionering en implementering van terminologiebestuur nie aangesien daar nie 'n bloudruk bestaan waarteen terminologiebestuur gemeet kan word nie.

Sedert die amalgamerings van die NTD en die Staatstaaldiens in die Nasionale Taaldiens gedurende 1998, word daar volgens die taalgroepbenadering by die Terminologiekoördineringsafdeling en nie meer volgens die vakgebiedbenadering soos by die NVD en NTD gewerk nie. Die taalgroepbenadering het sekere leemtes by terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling tot gevolg. Die grootste leemte wat hier volgens ons beoordeling geïdentifiseer is, is die tekort aan genoegsaam opgeleide terminoloë en terminograwe in al die amptelike tale met doelmatige ervaring in die spesifieke aktiwiteitsterreine en-domeine.

Deur van Antia (2000) se perspektiewe op terminologiebeplanning gebruik te maak word vasgestel dat:

- die fokus by die Terminologiekoördineringsafdeling aangepas is om aan die spesifieke behoeftes van die terminologiesameenheid in die nuwe taalbestel te voldoen;
- terminologiebeplanning deur vakkomitees sover as moontlik deur die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik word en dat waar daar nog nie 'n terminologiesamitee vir 'n spesifiek aktiwiteitsterrein bestaan nie daar in noue

samewerking met 'n verteenwoordigende groep van spesialiste en vakkundiges in al die amptelike tale gewerk word;

- die belangrike rol wat medewerkers by terminologiebestuur vertolk deur die Terminologiekoördineringsafdeling beseft en ondersteun word en dat die Terminologiekoördineringsafdeling sedert Julie 2001 besig is om bande te bou en te versterk deur medewerkers op te lei vir al die amptelike tale.

Met die bogenoemde inligting rondom die beplanning en koördineringsafdeling in gedagte word daar nou oorgegaan tot die beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling aan hand van strategiese beplanning by terminologiebestuur in 'n Terminologiebestuursentrum (vgl. afdeling 4.3.2). Hierdie proses word onderneem om vas te stel in watter mate die strategiese beplanning wat deur Terminologiekoördineringsafdeling gebruik word ooreenstem met die strategiese beplanningsanalise by terminologiebestuur in 'n Terminologiebestuursentrum.

#### 6.4.2 'n Beoordeling van strategiese beplanning by die Terminologiekoördineringsafdeling

Strategiese beplanning vorm 'n belangrike komponent van tipiese bestuur, veral binne die konteks van 'n veranderende omgewing. 'n Mens verwag van strategiese beplanning by terminologiebestuur, dat die bestuur van die instansie 'n strategiese plan as uitkoms daarstel om hierdie verandering te verreken. Strategiese beplanning by die Terminologiekoördineringsafdeling behoort uit die volgende elemente te bestaan:

- dat daar vir die Terminologiekoördineringsafdeling 'n missie geformuleer word;
- dat spesifieke oogmerke uit die missie sal kulmineer in doelwitte, wat die terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling op 'n beplande wyse lei;

- dat huidige toestande en omgewingsinvloede by die Terminologiekoördineringsafdeling geanaliseer word; en
- dat 'n plan van aksie vir die Terminologiekoördineringsafdeling daargestel word.

Alhoewel van die elemente wat by strategiese beplanning in 'n terminologiebestuursentrum vereis word by die Terminologiekoördineringsafdeling teenwoordig is (soos uit die data vasgestel kon word), kon die navorser nie 'n dokument opspoor wat as uitloper van 'n strategiese beplanningsoefening beskou kan word nie. Daar bestaan dus onsekerheid of 'n strategiese beplanningssessie in die ware sin van die woord al vir die Terminologiekoördineringsafdeling gehou is.

#### 6.4.2.1 Die missiestelling van die Terminologiekoördineringsafdeling

Die NVD se missie in die vorige taalbestel was om 'n omvattende terminologiediens te lewer om wetenskaplike en tegniese kommunikasie in Suid-Afrika te bevorder (vgl. Departement van Nasionale Opvoeding 1990). Hierdie terminologiediens was hoofsaaklik gemik op Engels en Afrikaans aangesien hierdie twee tale die oorwegende tale vir tegniese en wetenskaplike kommunikasie was (vgl. afdeling 5.2).

Met die instel van die Grondwet van 1996 (Wet 108 van 1996) word 'n veranderde taalbestel betree aangesien elf tale nou as amptelike tale op nasionale vlak erken word. As nasionale terminologie-afdeling wat verantwoordelik is om die regering by te staan met die bestuur van terminologie-inligting in al die amptelike tale moes die NTD gedurende 1994 tot 1997 herstruktureer en sy missie aanpas om by die veranderende behoeftes van die gemeenskap aan te pas.

Die missiestelling wat in 1998 deur die Terminologiekoördineringsafdeling oorgeneem is, is gedurende 1997 tydens hierdie herstruktureringproses deur die bestuurspan van die NTD, geformuleer. Hierdie missiestelling is geformuleer na aanleiding van die taalbepaling in die Grondwet van 1996 (Wet 108 van 1996) en nadat probleme soos die tekort aan Afrikataalterminologie wanneer die amptelike tale in verskillende aktiwiteitsterreine of domeine aangewend moet word, geïdentifiseer is. Die missiestelling vervat in die DKKWT se jaarverslag van 1997 lees soos volg:

The mission of the Terminology Division, NLS is to assist in the development and modernisation of the technical vocabularies of all official South African languages (DACST 1997b:617).

Die missiestelling van die NTD en later die Terminologiekoördineringsafdeling verskil in twee opsigte van die missiestelling van die NVD deurdat taalbeplanningsjargon soos 'ontwikkeling' en 'modernisering' by eersgenoemde se missiestelling voorkom. Hierdie taalbeplanningstaal word deur Haugen (1983) gebruik om taalbeplanning en taalontwikkeling te beskryf (vgl. afdeling 2.3.1). Modernisering het spesifiek te make met die funksionele ontwikkeling van die leksikon van 'n taal om te verseker dat die taal oor 'n gespesialiseerde woordeskat en vorme van diskoers beskik om die gebruikers van die taal in staat te stel om die funksies wat aan die taal in 'n moderne gemeenskap gestel word te kan vervul. Ontwikkeling/uitbreiding verseker weer dat die taal toepaslik is vir die spesifieke domeine waarin die taal gebruik moet word en stel die sprekers van die taal in staat om nuwe kommunikatiewe funksies in die taal te bemeester.

Tweedens verskil die missie van die Terminologiekoördineringsafdeling van die NVD in die sin dat daar verwys word na 'al die amptelike tale' ('n meertaligheidsoopset) waar daar voorheen slegs op twee tale ('n tweetaligheidsoopset) gekonsentreer is.

Die missiestelling veronderstel dat die Terminologiekoördineringsafdeling daartoe verbind is om hom toe te spits op die funksieuitbreiding van al die amptelike tale, wat beteken dat terminologie vir kennisuitruiling in hierdie tale beskikbaar moet wees. Die missiestelling plaas terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling binne die taalontwikkelingsbenadering wat 'n onderdeel van taalbeplanning en spesifiek terminologiebeplanning vorm (vgl. hoofstuk 2).

Die missiestelling voldoen aan die karaktertrekke van 'n tipiese missiestelling by bestuur aangesien die funksie en doelwit van terminologiebestuur verantwoord word. Dit voldoen ook aan breër gemeenskapskriteria. Die Terminologiekoördineringsafdeling dra die verantwoordelikheid in die nuwe taalbestel om te help met die ontwikkeling van die amptelike tale om die gebruikers van hierdie tale in staat te stel om hierdie tale as tale van nasionale kommunikasie in verskillende aktiviteitssterreine of domeine aan te wend.

#### 6.4.2.2 Die oogmerke by die Terminologiekoördineringsafdeling

Aangesien terminologiebestuur as 'n tipiese bestuursproses geklassifiseer word, benodig dit soos enige ander bestuursproses korttermyn-, mediumtermyn- en lantermynogmerke wat uiteindelik kulmineer in 'n netwerk van oogmerke wat die terminologiewerk op 'n beplande en georganiseerde wyse lei.

Die oogmerke wat deur die Terminologiekoördineringsafdeling nagestreef word, word soos volg in die jaarverslag van DACST (1999c) gedokumenteer:

- om die regering van advies te bedien oor nasionale beleid aangaande tegniese taal;
- die instelling en evaluering van norme vir terminografiese doeleindes;
- die skepping en implementering van gestandaardiseerde fasiliteite en prosedures vir die versameling, dokumentering, sistematiesing,

standaardisering en verspreiding van terminologiese inligting vir die verskillende taalgroepe van Suid-Afrika;

- om 'n inligtingsdiens te verskaf oor tegniese taal sowel as oor terminografiese aangeleenthede;
- om projekte te koördineer, ondersteun en te fasiliteer vir die ontwikkeling van tegniese taal;
- om terminologiefasiliteite en produkte beskikbaar te stel vir verwante inligting en kommunikasiestelsels; en
- om die Nasionale Termbank te ontwikkel en te bestuur.

Hierdie oogmerke van die Terminologiekoördineringsafdeling hou almal verband met wat Haugen (1983) in sy viervoudige tipologie beskryf as uitbreiding of funksieontwikkeling by korpusbeplanning en wat hoofsaaklik uit terminologiese modernisering en stilistiese ontwikkeling bestaan (vgl. afdeling 2.3.1).

Die oogmerke wat die Terminologiekoördineringsafdeling navolg, veronderstel doelwitte wat oor die langtermyn by terminologiebestuur bereik moet word. Hierdie oogmerke word nie afgebreek in werkbare doelstellings wat dit duidelik maak hoe en deur die gebruik van watter strategieë elkeen van die oogmerke bereik moet word nie. Dít vind gewoonlik neerslag in 'n tipiese aksieplan. Geen sodanige dokument is aan die ondersoeker beskikbaar gestel nie. 'n Uiteensetting word derhalwe benodig wat dit duidelik maak wat oor die korttermyn (jaarliks) en mediumtermyn (oor die volgende drie tot vyf jaar) moet gebeur om die gestelde oogmerke te bereik en om die sukses daarvan na afhandeling te meet. 'n Mens kan egter aanneem dat sodanige inligting waarskynlik wel vervat word in die sakeplan wat die Nasionale Taaldiens ingevolge die nuwe finansiële wetgewing as deel van die DKKWT se begroting by die Parlement moet indien, ofskoon dit nie opgespoor kon word nie.

#### 6.4.2.3 Omgewingsinvloede by die Terminologiekoördineringsafdeling

Die verrekening van omgewingsinvloede by strategiese beplanning vervul 'n belangrike rol by terminologiebestuur aangesien terminologie 'n integrale deel van die gemeenskap en omgewing vorm waarin die terme aangewend word.

In die vorige taalbestel het omgewingsinvloede tot gevolg gehad dat ongelyke terminologie-ontwikkelingspraktyke in terme van die verskillende tale by die NVD voorgekom het. Omgewingsinvloede was ook daarvoor verantwoordelik dat hoëregisterterminologie slegs vir vakkundiges en spesialisgroepe in Engels en Afrikaans ontwikkel en saamgestel is en dat die Afrikatale as gevolg hiervan gemarginaliseer is (vgl. afdeling 5.1).

'n Tegniek wat vir die verrekening van die interne omgewing by die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik kan word, behels dat die SWOT-analise aangewend kan word om die SW (strengths and weaknesses) van die Terminologiekoördineringsafdeling in perspektief te stel (vgl. afdeling 4.3.2.6).

'n Tegniek wat vir die verrekening van die eksterne omgewing by die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik kan word, behels dat die OT (opportunities and threats) ook volgens die SWOT-analise vasgestel kan word (vgl. afdeling 4.3.2.6).

Gedurende Julie 2000 het dr. M. Alberts van die Terminologiekoördineringsafdeling, DKKWT 'n nasionale terminologie-oudit, Audit on South African Terminology Projects (Alberts 2000b), gedoen om vas te stel hoe die terminologiebedryf in Suid-Afrika daaruitsien. Die volgende komponente is tydens die oudit by die Terminologiekoördineringsafdeling geondersoek:

- die situasie, volgens 'n situasieanalise. Die situasieanalise wys daarop dat die Terminologiekoördineringsafdeling in die nuwe taalbestel 'n totale herstrukturering moes ondergaan tydens die amalgering van die NTD en

die Staatstaaldiens in die Nasionale Taaldiens en dat daar sedertdien volgens die taalgroepbenadering by die Terminologiekoördineringsafdeling gewerk word;

- die kritieke suksesfaktore, wat daarop wys dat die Terminologiekoördineringsafdeling die Regering adviseer en ondersteun met die uitbreiding en bevordering van strategieë betreffende tegniese tale, dat die Terminologiekoördineringsafdeling effektiewe wetenskaplike en tegniese kommunikasie bevorder deur 'n terminologiese en tegniese taaldiens te lewer, doelgerigte terminologieprodukte daarstel en die Nasionale Termbank bestuur. Daar word ook bevind dat die Terminologiekoördineringsafdeling op nasionale vlak 'n groot rol te speel het by terminologiestandaardisering en koördineringsdeur samewerking met provinsiale en ander taalkantore, dat eerstetaalterminoloë in die elf amptelike tale gebruik word om terminologiedata in 'n verskeidenheid registers te dokumenteer, dat terminologieprojekte beplan en uitgevoer word in ooreenstemming met gemeenskaps- en kliënte behoeftes en dat die sukses van die Terminologiekoördineringsafdeling gemeet word aan die hand van die wyse waarop tegniese en wetenskaplike woordeskat vir die voorheen gemarginaliseerde tale uitgebrei word;
- die oogmerke, wat slegs genoem word. Die oogmerke by die Terminologiekoördineringsafdeling is in die vorige afdeling beoordeel (vgl. afdeling G.3.2.2);
- die funksies en strategieë wat daarop wys dat die Terminologiekoördineringsafdeling kommunikasie en inligtingvloei bevorder deur die beskikbaarstelling van gestandaardiseerde terminologie in 'n verskeidenheid aktiviteitssterreine in al die amptelike tale, dat die Terminologiekoördineringsafdeling 'n gratis terminologienavraagdiens lewer, riglyndokumente saamstel vir standaardisering van terminologie en terminografie, indiensopleiding aan alle terminoloë en terminograwe verskaf, tegniese taalinligting beskikbaar stel aan geletterdheidsprogramme, tegniese taalontwikkelingsprojekte koördineer en fasiliteer, navorsing op 'n

verskeidenheid gebiede doen, terminologiedata op die MultiTerm-databasis dokumenteer en dissemineer, die Nasionale Termbank bestuur, rekenaarbystand verleen aan 'n aantal terminologieprojekte buite die Terminologiekoördineringsafdeling en in 'n fasiliteringskapasiteit optree deur ondersteuning, projekfasilitering en skakeling met buite instansies;

- 'n lys van tweetalige woordeboekuitsette deur die NVD en NTD vanaf 1959 tot 1996 (vgl. tabel 4);
- 'n lys van die lopende projekte by die Terminologiekoördineringsafdeling tydens 2000;
- 'n lys van ou NTD-projekte wat nog nie afgehandel is nie;
- 'n lys van die buiteprojekte deur privaatpersone of organisasies waarby die Terminologiekoördineringsafdeling betrokke is;
- die werkwyse by die Terminologiekoördineringsafdeling, wat die dokumentering en dataprozessering (werkvloei), die gebruik van vakkomitees, standaardisering en disseminering by die Terminologiekoördineringsafdeling uiteensit; en
- skakeling op lokale, provinsiale, nasionale en internasionale vlak, wat daarop wys dat die Terminologiekoördineringsafdeling daarop fokus om 'n diens te lewer aan die vak- en taal gemeenskap van die land aangesien die kliënte van hierdie afdeling uit 'n wye verskeidenheid persone bestaan en dat die Terminologiekoördineringsafdeling lid is van verskeie oorsese terminologie-organisasies en ook een van die streekskorrespondente en kolomredigeerders van die IFTB se internasionale publikasie NEOTERM is.

Laastens word daar 'n aantal aanbevelings gemaak ten opsigte van:

- die Terminologiekoördineringsafdeling as klaringshuis vir terminologiewerk in Suid-Afrika;
- die opleiding van personeel en medewerkers by die Terminologiekoördineringsafdeling; en
- die akkreditering van terminoloë en terminograwe deur die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI).

Uit die beoordeling van die data wat deur die terminologie-oudit beskikbaar gestel word, word vasgestel dat die sterkpunte van die Terminologiekoördineringsafdeling in die infrastruktuur van die afdeling geleë is. Aanpassings en herstrukturering is by die Terminologiekoördineringsafdeling op die bestuursvlak en by die werkmetode gemaak om by die behoeftes van die terminologiesameenstelling in die nuwe taalbestel aan te pas. Die Terminologiekoördineringsafdeling het as deel van die aanpassings die TRADOS MultiTermprogram geïmplementeer wat gebruik maak van die gevorderdste tegnologie vir die dokumentering van terminologie in enige aantal tale.

Uit die beoordeling van die terminologie-oudit word die volgende swakpunte by die Terminologiekoördineringsafdeling geïdentifiseer:

- dat daar nie dieselfde mate van ondervinding by terminologiebestuur in al die amptelike tale bestaan nie;
- dat daar 'n probleem ondervind word om effektiewe toegang tot vakkundiges en tekskorpora in die aktiwiteitssterreine en domeine te verkry;
- dat daar nie 'n effektiewe terminologiebeleid bestaan om terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling te lei nie; en
- dat daar 'n tekort aan goed opgeleide terminoloë by die Terminologiekoördineringsafdeling bestaan.

Geleenthede soos internasionale lidmaatskap van verskeie oorsese terminologie-organisasies word deur Terminologiekoördineringsafdeling benut om die afdeling in staat te stel om die Nasionale Termbank internasionaal te bemark en gestandaardiseerde terminologieë te bekom in verskillende vakgebiede en in 'n verskeidenheid tale.

#### 6.4.2.4 Die plan van aksie by die Terminologiekoördineringsafdeling

Strategiese beplanning word volgens die voorstel in tabel 1 voltrek in 'n plan van aksie. In die geval van terminologiebestuur kan verwag word dat die aksieplan van 'n terminologiebestuursentrum die volgende komponente sal bevat:


- die organisering van personeel om die plan uit te voer;
- die name van die verantwoordelike persone wat die plan moet uitvoer;
- doeldatums vir die stelselmatige bereiking van die gestelde doelwitte.

Uit die data wat die ondersoeker tot beskikking gehad het, kon die bestaan van 'n aksieplan by die Terminologiekoördineringsafdeling nie gevind word nie.

In die terminologie-oudit van 2000 (vgl. Alberts 2000b:18-22) word wel verduidelik hoe terminologiewerk by die Terminologiekoördineringsafdeling gehanteer word:

- **dokumentering en dataproessering (werkvloei)**, wat die tipe versoeke en behoeftebepalings waarvolgens die Terminologiekoördineringsafdeling werk, bekendstel;
- **die roete wat 'n terminologieprojek binne die Terminologiekoördineringsafdeling volg**, wat die organisering van die personeel en hul verantwoordelikhede in terme van die projek duidelik maak;
- **die rol van vakkomitees**, die rol van vakkomitees by die Terminologiekoördineringsafdeling word in afdeling 6.4.1.3 beoordeel;
- **die standaardisering van terminologiedata**, standaardisering by die Terminologiekoördineringsafdeling word in afdeling 6.6 beoordeel; en
- **die disseminering van inligting**, disseminering by die Terminologiekoördineringsafdeling word in afdeling 6.8 beoordeel.

Figuur 15 'n Skematiese voorstelling van die werksvloei by Terminologiekooördinerings  
 (Alberts 2000a:241)



Volgens Alberts (2000a:241) word daar op die ontwikkeling van 'n terminologieprojek besluit in antwoord op (1) 'n behoeftebepaling deur die Terminologiekoördineringsafdeling in samewerking met verskillende belanghebbendes en/of (2) versoeke deur kliënte vir terminologie in 'n spesifieke aktiwiteitsterrein of domein.

Die versoek word verwys na die Dienskoördineerder ('n navorser van die Afdeling: Stelselontwikkeling en Navorsing wat verantwoordelik is vir die opdatering van die bestuursdatabasis waarop alle terminologieprojekte gelys word. Die Dienskoördineerder:

- skakel met die kliënt in samewerking met die Terminologie Koördineerder ('n terminoloog wat terminologie-projekte binne die terminologie-afdeling koördineer) en met die relevante Afdelingshoof om gedetailleerde spesifikasies, wat op die voorgestelde projek van toepassing is, vas te stel en voltooi 'n projekregistrasievorm;
- vind uit of verwante projekte al voorheen aangepak is. Maak kontak met die samestellers wat vir die projek verantwoordelik is om 'n verhouding vir die uitruil van inligting en samewerking te bewerkstellig;
- skryf 'n verslag oor die lewensvatbaarheid van die projek en dien dit saam met die voltooide projekregistrasievorm by die bestuur van die Terminologie-afdeling in vir oorweging;
- voeg inligting wat op elke projek van toepassing is by tot die projekdatabasis en dateer die databasis met gereelde intervale op.

Die Terminologie-afdelingbestuur (wat bestaan uit die Hoof van die Terminologie-afdeling en die Afdelingshoofde) bespreek die projek en vergelyk dit met die prioriteite soos bepaal deur die nuutste behoeftebepalingstudie. Die Terminologie-afdelingbestuur keur die projek goed en plaas dit op 'n voorkeurlys, of wys dit af. Die verskillende afdelings wat binne die Terminologie-afdeling by die projek betrokke gaan wees, dui dan aan of die vereistes en sperdatums vir

die bepaalde projek haalbaar is al dan nie. Die volgende afdelings is gewoonlik by die bestuur van terminologieprojekte betrokke:

- die Stelselontwikkeling en Navorsingafdeling (verantwoordelik vir navorsing en ontwikkelingstudies by terminologiewerk en terminografie).
- die Afrikataal-afdeling (verantwoordelik om navorsing te doen en ekwivalente in die Afrikatale te verskaf).
- die Terminografie-afdeling (vakgebiedspesifieke afdelings).
- die Taalinligtingprosesseringafdeling (bestuur die Nasionale Termbank en die MultiTerm databasis. Hierdie afdeling hanteer alle publikasie van terminologiewerk wat deur die Terminologie-afdeling onderneem word.

Al die inligting wat betrekking het op die projek word gedokumenteer op die projekbestuursdatabasis, hetsy die Terminologie-afdelingbestuur die projek goedkeur al dan nie. Indien die projek afgekeur word, word redes verskaf vir moontlike latere verwysing.

Indien die projek goedgekeur word, word die volgende stappe gevolg:

- Inligting word aan die toepaslike afdeling verskaf vir die voorbereiding van die terminologielys in die brontaal.
- Indien die brontaal van die versoek (byvoorbeeld dokumentasie oor 'n spesifieke vakgebied) in Engels of Afrikaans is, gaan die projek na die toepaslike vakspesifieke afdeling om die terminologie te dokumenteer en om definisies in die brontaal te verskaf. 'n Voorlopige lys gaan dan na die Afrikatale-afdeling vir vertalingsekwivalente en definisies.
- Indien die brontaal een van die Afrikatale is, gaan die projek na die Afrikatale-afdeling vir ekserpering van die brontaalterme (dokumentering in die brontaal en verskaffing van definisies in die brontaal). Terminoloë betrokke by die projek verskaf ook vertalingsekwivalente en definisies in Engels en gee die voorlopige terminologielys aan die ander Afrikataalterminoloë en die vakgebiedspesifieke afdeling (Afrikaans en

Engels) vir verifikasie en die verskaffing van vertalingsekwivalente en terminologie-inligting wat nodig word.

- Die toepaslike Terminografie-afdeling vorm 'n vakkomitee met vakkundiges in die spesifieke domein om van hulp te wees met die versameling van terme en die verskaffing van definisies.
- Elke terminoloog of terminograaf is verantwoordelik vir hulle eie projek. Hulle verantwoordelikhede behels die volgende:
  - Die samesteller (terminoloog of terminograaf) ekserpeer die terminologie, dokumenteer die terme en voorsien die terme van definisies.
  - Die samesteller verskaf ook die Engelse vertalingsekwivalente en definisies vir elke term in die brontaal.
  - Die samesteller bespreek die terminologie-inligting van sy of haar projek met vakkundiges en linguiste voordat die voorlopige terminologielyste aan die Afdelingshoof vir goedkeuring en finalisering voorgelê word.
  - Na afhandeling van die terminologielyste gaan die lyste na terminoloë en/of terminograwe van die ander tale om voorsien te word van vertalingsekwivalente en definisies.
  - Aangesien elke terminoloog en/of terminograaf verantwoordelik is vir sy of haar eie projek neem hulle die verantwoordelikheid vir die bestuur van die projek en is daarom ook daartoe in staat om die projek deur die verskillende ontwikkelingsfases te neem.
- Wanneer daar aan nasionale terminologieprojekte gewerk word, word daar in tandem gewerk. Sodra die Terminografie-afdeling (die vakgebiedspesifieke afdeling) 'n genoegsame aantal inskrywings (tussen 50-100) in die brontaal afgehandel het, laat weet die hoof van die spesifieke Terminografie-afdeling die Koördineerder van die Afrikatale-afdeling. Die werk word toegewys aan die verskillende Afrikataal-terminoloë om ekwivalente te verskaf en/of om definisies te verskaf of te vertaal.

- Na afhandeling van die werk word daar seker gemaak dat die inligting korrek op die databasis ingesleutel is en die Taalinligtingprosesseringafdeling word voorsien van die spesifikasies vir die proeflees van drukstukke.
- Die Taalinligtingprosesseringafdeling voorsien dat 'n meesterkopie van die dokument aan die kliënt vir disseminering (vgl. Alberts 2000a:241-245).

Die terminologie-oudit van 2000 (vgl. Alberts 2000b:10-15) bied ook naas die lopendeprojekte by die Terminologiekoördineringsafdeling gedurende 2000 die name van die verantwoordelike persone vir die verskillende projekte. Doel datums vir die afhandeling van die terminologieprojekte word egter nie verskaf nie.

Uit die data wat deur die terminologie-oudit beskikbaar gestel word, kan die ondersoeker nie aanneem dat die wyse waarop terminologiewerk by die Terminologiekoördineringsafdeling gedurende 2000 gehanteer is 'n aksieplan voorstel nie.

Daar kan ook nie aangeneem word dat die werkmodel steeds deur die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik word nie aangesien 'n Adjunkdirekteur sedert 01 Augustus 2001 aangestel is by die Terminologiekoördineringsafdeling. Volgens die postestruktuur van die Terminologiekoördineringsafdeling tree die Adjunkdirekteur van hierdie afdeling as die bestuurder van die afdeling op.

Die bestaan van langtermyndoelwitte wat deur die Terminologiekoördineringsafdeling nagevolg word, word gemeld in DACST (1999c), maar geen doeldatums vir die stelselmatig bereiking van die gestelde doelwitte kon gevind word nie. Aangesien leierskap in die vorm van 'n bestuurder (adjunkdirekteur) sedert Augustus 2000 by die Terminologiekoördineringsafdeling ontbreek het, wil dit vir ons voorkom asof die organisasiestruktuur en ondernemingskultuur by die

Terminologiekoördineringsafdeling nie tot dusver stabiel genoeg is om 'n plan van aksie vir terminologiebestuur te onderhou nie (vgl. afdeling 4.3.2.3).

#### 6.4.2.5 Slotsom

Uit ons beoordeling van strategiese beplanning by die Terminologiekoördineringsafdeling is daar vasgestel dat:

- die missiestelling wat deur die NTD gedurende 1997 saamgestel is tydens die samesmelting van die NTD en STD in die Nasionale Terminologiesiens, deur die Terminologiekoördineringsafdeling oorgeneem is. Hierdie missiestelling het tot gevolg gehad dat 'n totale herstrukturering en aanpassing van die personeelkorps moes plaasvind om aan die behoeftes van die nuwe terminologiesameenheid te voldoen. Die missiestelling veronderstel dat die Terminologiekoördineringsafdeling daartoe verbind is om die funksieuitbreiding van al die amptelike tale te hanteer wat tot gevolg het dat terminologie vir kennisuitruiling in al hierdie tale beskikbaar moet wees;
- die missiestelling in 'n aantal breë oogmerke kulmineer wat oor die langtermyn bereik moet word. Die ondersoeker het 'n leemte geïdentifiseer by die saamstel van 'n netwerk van oogmerke wat die bestuursproses sistematies moet lei oor die korttermyn en mediumtermyn en dit duidelik maak hoe en deur die gebruik van watter strategieë elkeen van die oogmerke bereik moet word;
- die Terminologiekoördineringsafdeling omgewingsinvloede deur die gebruik van 'n terminologie-oudit geanaliseer het. Alhoewel die terminologie-oudit nie van die SWOT-analise as sulks gebruikmaak nie, identifiseer die ondersoeker 'n aantal leemtes:
  - 'n behoefte aan genoegsame ondervinding in terminologiebestuur by al die amptelike tale,
  - 'n behoefte aan effektiewe toegang tot vakkundiges en tekskorpora in die aktiviteitssterreine en domeine,

- 'n behoefte aan 'n effektiewe terminologiebeleid vir terminologiebestuur om as riglyn te dien, en
- 'n behoefte aan goed opgeleide terminoloë en terminograwe; en
- daar nie 'n aksieplan by die Terminologiekoördineringsafdeling bestaan nie. Die ontbreking aan 'n plan van aksie by die Terminologiekoördineringsafdeling word toegeskryf aan die gebrek aan leierskap in die vorm van 'n bestuurder tot en met Augustus 2001. Die gebrek aan 'n aksieplan by die Terminologiekoördineringsafdeling word as 'n leemte deur die ondersoeker geïdentifiseer aangesien 'n aksieplan die terminologiebedrywighede moet lei en terselfdertyd as meetinstrument moet dien waarteen die suksesvolle implementering van die plan gemeet kan word.

Die volgende bestuurskomponent wat by die Terminologiekoördineringsafdeling beoordeel word, is die wyse waarop terminologienavorsing gehanteer word.

#### **6.5 'n Beoordeling van terminologienavorsing en die saamstel van sistematies gestruktureerde terminologieë**

Deur die beoordeling van terminologienavorsing by die Terminologiekoördineringsafdeling word vasgestel of:

- die gestelde doelwit bereik word, naamlik om die rol van terminologie-werk in die gemeenskap te bepaal en sistematies gestruktureerde terminologieë daarvolgens voor te berei;
- die gestelde taak volgens die deskriptiewe of preskriptiewe navorsingsmetode vervul word;
- die tegniek van standaardisering deur voorskriftelik van aard te wees (preskriptief) of die tegniek van benoem, beskryf en dokumenteer sonder om voorskriftelik van aard te wees (deskriptief) plaasvind; en
- die uitkoms wat deur die komponent veronderstel word, naamlik die beskikbaarstelling van gestandaardiseerde terminologie-inligting, aanlyn en

in soveel as moontlik tale (preskriptief) of die beskikbaarstelling van versamelde materiaal wat as terminologiekorpus van die veld dien (deskriptief), bereik word.

Terminologienavorsing by die NVD was hoofsaaklik gerig op Afrikaans, 'n taal wat in alle opsigte in die vorige taalbestel as die gelyke van Engels in terme van wetenskaplike en tegniese kommunikasie moes funksioneer. Terminologienavorsing is aangepak vir die formele register, om terminologie-inligting beskikbaar te stel wat deur vakkundiges en spesialiste in hul spesifieke vakgebiede of domeine aangewend kon word (vgl. tabel 4). Om dit te kon bewerkstellig, is daar op die preskriptiewe werkmetode by terminologienavorsing gekonsentreer. Die doelwit daarvan is om die gebruik van terme te beïnvloed deur dié terme in 'n vakgebied of domein, waarvan die gebruik gemerk, aanbeveel of gestandaardiseer is, in spesialiswoordeboeke op te teken (vgl. afdeling 4.3.4.2). Die klem by die NVD het geval op navorsing vir uitgebreide woordeboekprojekte waar die terminoloog konsepte en terme gedokumenteer en gestandaardiseer het en bygestaan is deur 'n komitee van vakkundiges. Die kliëntegroep van die NVD het taalpraktisyne, vakkundiges en individue en organisasies op tersiêre opleidingsvlak ingesluit en wetenskaplike en tegniese taal is in 'n formele register geprosesseer. Die resultaat was duur tegniese woordeboeke gemik op 'n klein teikenmark wat hoofsaaklik uit vakspesialiste bestaan het (vgl. Jordaan-Weis 1995:281).

Met die oog op die nuwe taalbestel waar elf tale as amptelike tale funksioneer, is 'n behoeftebepaling gedurende 1994-1995 deur die NTD onderneem. Hierdie behoeftebepaling was 'n loodsondersoek en het aspekte van terminologiewerk ondersoek soos terminologiebehoefte ten opsigte van tale, vakgebiede, woordeboekbehoefte, sowel as behoeftes ten opsigte van die elektroniese hantering van terminologie. Uit die behoeftebepalingsondersoek het die volgende resultate na vore gekom:

- terminologie word oorwegend vir formele aktiwiteite soos korrespondensie, verslae, verbale kommunikasie, opleiding, onderwys en die skryf van handboeke gebruik;
- daar bestaan 'n groot behoefte aan terminologie in Engels (in die stadium toe die ondersoek gedoen is) op die formele vlak in die opvoedkundige of opleidingsomgewing;
- respondente het 'n behoefte geopenbaar ten gunste van mensgerigte areas soos arbeidsverhoudinge, geletterdheid, onderwys, regte, medies en tegnologiese areas soos ingenieurs- en rekenaarwese;
- gedrukte woordeboeke (veral tweetalige woordeboeke) geniet in daardie stadium steeds groot aanhang, hoewel daar ook 'n besliste behoefte bestaan aan elektroniese kopieë;
- die behoeftes ten opsigte van die elektroniese hantering van terminologie sien soos volg daaruit:
  - 64,4% van die respondente stel belang om 'n interne termbank tot hul beskikking te hê
  - 70,4% van die respondente dui aan dat hulle bereid is om van 'n eksterne termbank gebruik te maak
  - 58,6% van die respondente wat d.m.v. 'n modem navraag sal doen, dui aan dat dit merendeels ongereeld sal geskied en 'n minimum van die respondente dui aan dat hulle bereid is om vir so 'n diens te betaal;
  - 56,6% van die respondente het aangedui dat hulle belangstel in 'n interne sowel as 'n eksterne termbank;
- respondente wat nie toegang tot die elektroniese media het nie, het aangedui dat hulle belangstel om navraag te doen per telefoon, faks en pos (vgl. Termmakelaar 1995:9-11).

In die nuwe taalbestel word terminologie-inligting in al die amptelike tale benodig om die gebruikers van hierdie tale in staat te stel om die tale te gebruik as funksionerende tale van kommunikasie. Terminologie word benodig by kommunikasie met die staat, by kommunikasie in die werkplek en by

kommunikasie in elke faset van alledaagse omgang (vgl. Jordaan-Weis 1995:281). Sowel vakkundige as nievakkundige gebruikers maak tans van terminologie gebruik.

Hierdie verskuifde aksent hou sekere implikasies in vir terminologienavorsing by die Terminologieafdeling.

Daar sal nou vasgestel word of die Terminologiekoördineringsafdeling aan die betrokke terminologie-navorsingsvereistes in die nuwe taalbestel voldoen.

Gedurende 1997 is 'n behoeftebepaling gedoen wat 'n behoefte aan onderwysterminologie in al die amptelike tale rondom Kurrikulum 2005 geïdentifiseer het, asook omskrywings vir staatkundige en verwante terminologie-inligting by die Afrikatale (vgl. DACST 1997b:617).

Uit navorsing oor die tipologie van woordeboeke, het dit duidelik geword dat meertalige vertalende en definiëringswoordeboeke en -woordelyste in aanvraag is om aan die behoeftes van die terminologiegebruikers te voorsien. Die behoeftes van die verskillende teikengroepe vereis dat navorsing oor die vlakke van register en graad van formaliteit gedoen word (vgl. DACST 1995:72).

Uitgebreide ondersoek is gedurende die oorgangsfase onderneem om 'n geskikte sisteem te vind wat saam met die hantering van elf amptelike tale ook as die Termbank vir terminologie-inligting in Suid-Afrika kan dien. Hierdie navorsingsprojek het tot gevolg gehad dat die Trados Multiterm-program in 1997 by die Terminologiekoördineringsafdeling geïmplementeer is (vgl. DACST 1998:27). Die MultiTerm-databasis vorm die basis van die Termbank en stel die Terminologiekoördineringsafdeling in staat om terminologie-inligting elektronies te dissemineer.

Uitgebreide terminologienavorsing is ook gedurende die laaste paar jaar deur die Terminologiekoördineringsafdeling onderneem oor die verskaffing van terminologie ekwivalente en woordvormingsbeginsels in die Afrikatale.

Die taak van die terminoloë by die Terminologiekoördineringsafdeling behels om te verseker dat basiese terminologiebeginsels en woordvormingspatrone in aanmerking geneem word wanneer termekwivalente in die Afrikatale versamel word of nuwe terme geskep word.

Deur die beoordeling word daar vasgestel dat kultuur 'n belangrike rol by die daarstel van terme by die Terminologiekoördineringsafdeling speel. As gevolg van die kultuurspesifieke aard van terminologie in sommige aktiwiteitsterreine en domeine kan die terme nie altyd suksesvol weergegee word deur ooreenstemmende terme vir die verskillende kultuurgroepe nie. Kultuurverskille mag 'n verskil by konsepdefiniëring tot gevolg hê. Die belangrikste kriterium vir die vind van ekwivalente doeltaalterme vir die brontaalterme is dat die doeltaalterme aanvaarbaar vir die gebruikersgemeenskap moet wees (vgl. Alberts 1999b:31-32).

Terminoloë by die Terminologiekoördineringsafdeling werk gewoonlik vanuit 'n spesifieke brontaal. Die brontaal is gewoonlik Engels en termekwivalente moet in die ander amptelike tale verskaf of geskep word. Wanneer termekwivalente verskaf of geskep word moet die terminoloog vakkundiges en linguïste raadpleeg. Dit is baie belangrik dat vakkundiges en linguïste kommentaar lewer oor die terme om outoriteit daaraan te gee. Deur insette van vakkundiges en linguïste te verkry word verseker dat terme deur vakkundiges en leke in die aktiwiteitsterrein of domein gebruik word. Slegs terme wat beide tegniese en linguïsties aanvaarbaar is vir die terminologiegebruikers, sal in die spesifieke taal opgeneem word en gedissemineer word in die aktiwiteitsterrein of domein (vgl. Alberts 1999b:30).

Vir die uitbreiding van terminologieë in die Afrikatale word daar soos by ander tale beide van woordvormingsprosesse intern aan die tale en van ontlening vanuit ander tale gebruik gemaak. In beide gevalle speel die morfologiese struktuur van die doeltaal 'n bepalende rol wanneer die morfologie van 'n nuwe term vasgestel word. Terwyl die vorming van afleidings deur affikse algemeen in Engels voorkom, word daar eerder van prefikse in die Afrikatale gebruik gemaak.

Die ortografiese reëls van die taal waarin die terme verskaf word, word ook in aanmerking geneem. Afrikaans word as 'n taal met 'n konjunktiewe ortografie beskryf terwyl Engels en die meeste van die Afrikatale 'n disjunktiewe ortografie het (Alberts 1998b:11).

English :	<u>hit list</u> (disjunktief))
Afrikaans:	<u>huurmoordlys</u> (konjunktief)
Sepedi:	<i>lenaneo la polaorongwa</i> [hierdie term kan ook verwys na die planne of taktiek wat gebruik word]
	<i>lenaneoina la polaorongwa</i> ['n lys van mense wat vermoor gaan word] (disjunktief)

#### Voorbeeld 7

Terme word nie lukraak by die Terminologiekoördineringsafdeling geskep nie. Spesifieke metodes bestaan om termekwivalente in die verskillende tale daar te stel. Van die algemeenste metodes wat by die vorming van terme in die Afrikatale by die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik word behels transliterering, ontlening, totale inbedding, uitbreiding van betekenis en die skep van neologismes (vgl. Alberts 1999b:27-28).

Die amptelike tale kry ook te make met konsepte wat in die tale ingevoer word waarvoor daar geen ekwivalente bestaan nie. In sulke gevalle word geskepte terme baie keer nie gebruik nie aangesien getranslitereerde terme gevestig en aangeneem word voordat nuwe terme vir die konsep daargestel word.

Engels:	<u>hitchhiker</u> (n)
Afrikaans:	<u>ryloper</u>
Noord-Sotho	<i>mokgopelanametso</i> , <i>mosepelakamonwana</i> (sinoniem)
	<i>mohaeki</i> (sinoniem, leenwoord) (Alberts 1999a:14)

#### Voorbeeld 8

Terminoloë wat betrokke is by die uitbreiding en bevordering van die tegniese woordeskat van die amptelike tale by die Terminologiekoördineringsafdeling is besig om aan ontwikkelende tale te werk. By die skep van nuwe terme moet daar ook in gedagte gehou word dat dit baie belangrik is om met verwante tale te konsulteer om vas te stel of die konsep nie reeds in een van die ander tale benoem word nie. Deur konsultering met die ander tale is dit baie makliker vir die terminoloog om 'n nuwe term in die spesifieke taal te skep indien daar 'n soortgelyke term in 'n verwante taal bestaan. Harmonisering, unifikasie of internasionalisering van terme is nie 'n onbekende konsep by terminologiewerk nie. 'n Herkenbare term kan geskep en aangepas word om by die ortografiese reëls van verskillende tale te pas. Hierdie terme word maklik nasionaal en internasionaal herken, aangesien dit uit 'n basiese stam met taalspesifieke byvoegings bestaan (vgl. Alberts 1999a:7). In sulke gevalle moet seker gemaak word dat hierdie terme en hul definisies aanvaar word deur die doeltaalgebruikers in die aktiviteitssterrein of domein en deur hulle gebruik word.

Deur die beoordeling van hierdie bestuurskomponent word daar vasgestel dat die doelwit met terminologienavorsing by die Terminologiekoördineringsafdeling is om deurlopend vas te stel wat die behoeftes van die terminologiegemeenskap tans behels en om in die kommunikasiebehoeftes van hierdie gebruikersgroep te voorsien. Die tegniek wat gevolg word, is dat terminologie-inligting in Afrikaans en die Afrikatale beskryf, benoem en gedokumenteer word (deskriptiewe benadering) eerder as gestandaardiseer (preskriptiewe benadering) word.

Die verskil tussen die taak van terminologienavorsing by die NVD (preskriptief) en terminologienavorsing by die Terminologiekoördineringsafdeling (deskriptief) dien as sprekende voorbeeld om te bewys dat die doelwit met terminologiebestuur binne verskillende gemeenskappe verskil. Terminologienavorsing by die Terminologiekoördineringsafdeling moes derhalwe in die nuwe taalbestel aangepas word om aan die terminologiebehoeftes van 'n

verskillende groep terminologiegebruikers as die van die vorige taalbestel te voorsien.

Die uitkoms wat deur terminologienavorsing in 'n terminologiebestuursentrum volgens die beide die deskriptiewe benadering en preskriptiewe benadering bereik moet word, kan slegs oor die langtermyn suksesvol beoordeel word. In hierdie stadium word daar wel vasgestel dat die Terminologiekoördineringsafdeling deur terminologienavorsing poog om die terme wat die gebruikers gebruik of voorkeure vir die voorstelling van konsepte versamel, om inligting beskikbaar te maak oor konsepte en om die plek van gebruik vas te stel en te organiseer.

#### 6.5.1 Slotsom

Terminoloë by die Terminologiekoördineringsafdeling spesialiseer nie meer soos in die verlede by die NVD en NTD in spesifieke vakgebiede nie, maar wel in die spesifieke amptelike tale (DACST 1999c:130). Ons merk dus 'n betekenisvolle verskuiwing na navorsing wat gerig is op die ontwikkeling van die terminologieë van die tale wat tot dusver gemarginaliseer was. By die selektering van terminuskrywings word deesdae voorkeur gegee aan terminologiese inligting (terme, ekwivalente verbande en verklarings) wat vir suksesvolle kommunikasie en werkverrigting in die basiese ambagte, tegnologieë en wetenskap benodig word met die oog op veral eerstetaalonderrig en opleiding in die verskillende amptelike tale. Dit bring mee dat daar by die Terminologiekoördineringsafdeling sterk op die inligtingsaspek van terminologiewerk gekonsentreer word om die gebruikers te voorsien van verklarende definisies/aantekeninge aangesien die verklaring van konsepte 'n belangrike rol speel in die bemagtiging van die gebruikers van die amptelike tale.

Die volgende bestuurskomponent wat by die Terminologiekoördineringsafdeling beoordeel word, is die wyse waarop die standaardisering van terminologiedata gehanteer word.

#### **6.6 'n Beoordeling van die standaardisering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling**

By die beoordeling van hierdie bestuurskomponent word vasgestel of die Terminologiekoördineringsafdeling:

- die gestelde doelwit bereik, naamlik om konsensus te bereik oor 'n gegewe term en definisie vir 'n spesifieke konsep, om konsepte en sisteme van konsepte te unifiseer en om konsepte te definieer;
- die gestelde taak vervul, naamlik die minimalisering van oortollige definisies en die verbetering van die koördinerings van terminologie-inligting, die ontwikkeling van 'n konsepsistiem vir vakgebiede en die daarstel van standaarddefinisies;
- van die tegniek van terminologiestandaardisering volgens ISO 10241 gebruikmaak; en
- die uitkoms wat deur hierdie bestuurskomponent veronderstel word, naamlik die regulering van 'n spesifieke vakgebied of domein wat 'n sekere uniformiteit waarborg en optimale professionele kommunikasie verseker, bereik word.

Daar is in afdeling 4.3.5 vasgestel dat terminologiedata noodwendig termstandaardisering veronderstel aangesien daar 'n hoër graad van presisie by terminologiedata verwag word as by algemene kommunikasie. Standaardisering bewerkstellig juis presisie by kommunikasie. Die wyse waarop terminologiestandaardisering plaasvind, hang egter af van die terminologiesameenstelling waarvoor die terminologiestandaardisering gedoen word.

Hierdie afleiding ondersteun die wyse waarop Sager (1990) terminologiestandaardisering sien, nie as 'n doelwit opsigself nie, maar eerder as 'n komponent om die kommunikasie van inligting te fasiliteer.

Terminologiestandaardisering by die NVD in die vorige taalbestel is gebruik om kommunikasie in die tegniese en wetenskaplike omgewing in Engels en Afrikaans te vergemaklik aangesien hierdie twee tale die amptelike tale van die vorige taalbestel was en terminologiedata in hierdie twee tale beskikbaar moes wees. Terminologiestandaardisering is op daardie stadium deur vakkomitees in die spesifieke vakgebied of domein behartig. Hierdie vakkomitees het bestaan uit vakkundiges of spesialiste in die vakgebied of domein en spesialisterminoloë by die NVD. Die vakkomitees was verantwoordelik vir beide die dokumentering en die standaardisering van terminologiedata van 'n vakgebied of domein (vgl. afdeling 6.4.1.3).

Die kliënte van die NVD in die vorige taalbestel was spesialiste in taalburowe, taalkundiges en vakkundiges by tersiêre instellings. Die standaardisering van terminologie was hoofsaaklik gemik op hierdie persone en het gekonsentreer op terminologiedata in 'n formele register (vgl. afdeling 6.4.1.1).

Gestandaardiseerde terminologiedata is deur hierdie vakkomitees beskikbaar gestel, waarna dit gedokumenteer is op die Termbank van die NVD en gepubliseer is as tweetalige vakwoordeboeke. Hierdie gestandaardiseerde terminologiedata is doelmatig deur die gespesialiseerde gebruikersgroep aangewend om kommunikasie in Afrikaans tussen vakkundiges te vergemaklik en om tegniese en wetenskaplike kommunikasie in Afrikaans by sekondêre en tersiêre opleiding te bevorder.

In die terminologie-oudit van 2000 (Alberts 2000b) word die oogmerke met terminologiestandaardisering by die Terminologiekooördineringsafdeling soos volg beskryf:

Through standardised scientific and technical terminology, languages acquire functional value, thereby supporting industrial development. The advancement of education and of scientific and technical knowledge underscore the importance of and growing need for terminologies in different subject fields or domains of science and technology in order to support human resources and capacity building programs (Alberts 2000b:22).

Gestandaardiseerde terminologiedata in die nuwe taalbestel word benodig om al die amptelike tale in staat te stel om die status van funksionerende tale van kommunikasie aan te neem en so ontwikkeling op ander gebiede moontlik te maak en te ondersteun.

Alhoewel daar nie as sulks na die ISO 10241-dokument (1992) as riglyn vir die skryf van standaarde by die Terminologiekoördineringsafdeling verwys word nie maak die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik van 'n projekbeplanningsvorm wat in 'n groot mate met die ISO 10241-dokument ooreenstem. Hierdie projekbeplanningsvorm is opgestel deur kundige terminoloë en medewerkers van die NVD en NTD wat voorheen as komiteede by vakkomitees opgetree het. Die projekbeplanningsvorm word as Addendum 1 aangeheg.

By die Terminologiekoördineringsafdeling word daar ook met 'n behoefte-analise begin om seker te maak dat daar 'n werklike behoefte aan terminologie in die aktiwiteitsterrein of domein bestaan. 'n Naam of voorlopige naam word aan die terminologieprojek toegeken vir verwysingsdoeleindes en agtergrondinligting word verskaf. Teikengroepe en die oogmerk met die terminologieprojek word vasgestel. Daarna word die aktiwiteitsterrein of domein afgebaken en daar word tydraamwerke aan die terminologieprojek gekoppel. Daar word oor woordeboekinligting soos die vlakke van register en die graad van formaliteit, taalkombinasies ensovoorts besluit. 'n Bibliografie van die tegniese woordeboeke, handboeke en wetenskaplike en tegniese artikels in die aktiwiteitsterrein of domein en subdomeine word versamel. 'n Projekkomitee word saamgestel en in die geval van aktiwiteitsterreine of domeine wat nog nie oor die dienste van 'n vakkomitee beskik nie word rolspelers of medewerkers

gekoöpteer om met die terminologieprojek behulpsaam te wees (vgl. afdeling 6.4.1.3 en 6.4.1.4).

Die saamstel van terminologiestandaarde by die Terminologiekoördineringsafdeling word soos volg in die terminologie-oudit van 2000 (Alberts 2000b: 22-24) beskryf.

Presiese kommunikasie is slegs moontlik wanneer terminologiedata gestandaardiseer is. Terme kan slegs gestandaardiseer word indien daar 'n een-tot-een verhouding tussen 'n gegewe konsep, die brontekstern en die termekwivalente in die doeltaal bestaan. By die Terminologiekoördineringsafdeling word Engels as die brontaal vir terminologie-ekserpering gebruik en die ander tien amptelike tale dien as doeltale waarin ekwivalente verskaf moet word. Terminoloë by die Terminologiekoördineringsafdeling dra die verantwoordelikheid om die konsepte van 'n spesifieke aktiwiteitsterrein en verwante domeine deur middel van terme te beskryf. Hierdie konsepte en verwante terme word dan gestandaardiseer deur die definiëring van die konsepte. Om dit te bewerkstellig moet die presiese betekenis van konsepte vasgestel word om die gebruikers in staat te stel om terme en termekwivalente, wat die konsepte op 'n universeel aanvaarbare wyse voorstel, te verstaan en te gebruik.

Die terme wat aan 'n spesifieke aktiwiteitsterrein of domein behoort, word by die Terminologiekoördineringsafdeling op 'n sistematiese wyse versamel aangesien 'n verwantskap tussen hierdie en ander terme in dieselfde aktiwiteitsterrein of domein bestaan (vgl. figuur 6).

Terminoloë by die Terminologiekoördineringsafdeling moet oor 'n goeie kennis van beide die bron- en doeltaal beskik en 'n goeie agtergrond van die aktiwiteitsterrein en die kulturele verskille tussen die taalgroepe hê wanneer daar met konsepte en terme gewerk word.

Tydens die standaardiseringsproses by die Terminologiekoördineringsafdeling is dit soms nodig om twee of meer terme as doeltaaltermekwivalente vir 'n brontaalterm op te teken en om die spraakgemeenskap toe te laat om op die voorkeurterm te besluit. Die Terminologiekoördineringsafdeling tree met ander woorde nie voorskriftelik op nie. Terminoloë versamel bloot die konsepte van 'n aktiwiteitsterrein of domein deur die bronterme te dokumenteer, die konsepte te definieer en termekwivalente in die doeltaal(e) te verskaf.

Daar is reeds in afdeling 6.4.1.4 vasgestel dat terminoloë by die Terminologiekoördineringsafdeling nie in isolasie werk nie, maar deurlopend met vakkundiges en linguïste konsulteer. Hierdie samewerking met verskillende rolspelers en medewerkers verseker dat die gebruikersgroep waarvoor die terminologie saamgestel word asook die linguïstiese gemeenskap terme aanvaar en dit gebruik.

Wat die aanbod van data in 'n bruikbare vorm betref, maak die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik van 'n terminologiebestuursprogram, MultiTerm, om uitgebreide inligting oor terminologiedata te dokumenteer en aan te bied. Die MultiTerm-program is 'n terminologiebestuursprogram wat dit vir die Terminologiekoördineringsafdeling moontlik maak om terminologiedata elektronies te bestuur. Die MultiTermbestuursprogram word in afdeling 6.7 saam met die Nasionale Termbank bespreek en beoordeel.

Deur die beoordeling van terminologiestandaardisering by die Terminologiekoördineringsafdeling word daar vasgestel dat die versameling en dokumentering van terminologiedata in die nuwe taalbestel gedoen word met die oog op die daarstel van 'n geordende versameling van tegniese begrippe op verskillende vlakke binne 'n aktiwiteitsterrein of domein. Die Terminologiekoördineringsafdeling (met behulp van vakkomitees en medewerkers) standaardiseer tegniese en wetenskaplike konsepte deur dit te benoem, van definisies te voorsien en termekwivalente vir die uitbreiding van

terminologie in al die amptelike tale en in verskillende aktiwiteitsterreine en domeine te voorsien met die doel om kommunikasie in 'n bepaalde diskoersgemeenskap te bevorder.

Die doelwit en taak met die standaardisering van terminologie in 'n terminologiebestuursentrum word by die Terminologiekoördineringsafdeling bereik. Konsensus oor 'n gegewe term en 'n definisie vir 'n spesifieke konsep word bereik deur konsepte en sisteme van konsepte te unifiseer en daarna termekwivalente in die ander amptelike tale (Afrikaans en die nege Afrikatale) te verskaf. Alhoewel die ISO 10241-dokument nie as voorgeskrewe riglyn by die Terminologiekoördineringsafdeling vir terminologiestandaardisering gebruik word nie maak die Terminologiekoördineringsafdeling van 'n projekbeplanningsvorm gebruik wat in 'n groot mate met die ISO 10241-dokument ooreenstem. Die uitkoms wat deur hierdie bestuurskomponent veronderstel word, kan slegs oor die langtermyn bereik word en dit is nie moontlik om in hierdie vroeë stadium 'n uitspraak te maak nie.

#### 6.6.1 Slotsom

Gestandaardiseerde terminologie by die NVD is beskikbaar gestel om aan die behoeftes van 'n gespesialiseerde gebruikersgroep in Afrikaans en Engels te voldoen. Hierdie twee tale was die amptelike tale in die vorige taalbestel en inligting en kennis moes in hierdie tale beskikbaar wees om Afrikaans op 'n gelyke vlak van uitbreiding met Engels te bring. Terminologiedokumentering en die standaardisering van terminologie is op daardie stadium deur vakkomitees in die spesifieke vakgebied of domein behartig. Gestandaardiseerde terminologie is deurlopend en doelmatig deur die gebruikersgroep aangewend om kommunikasie in Afrikaans tussen vakkuniges te vergemaklik en om sekondêre en tersiêre opleiding in Afrikaans te bevorder.

Die nuwe taalbestel vermag die daarstel van sistematies geordende terminologiedata in die elf amptelike tale op verskillende vlakke en registers binne 'n aktiwiteitsterrein of domein. Om dit te bewerkstellig maak die Terminologiekoördineringsafdeling van die hulp van vakkomitees en medewerkers gebruik wat tegniese en wetenskaplike konsepte standaardiseer deur dit te benoem, van definisies te voorsien en dan termekwivalente vir die uitbreiding van terminologiedata in al die amptelike tale voorsien.

Die volgende komponent wat by die Terminologiekoördineringsafdeling beoordeel word, is die Termbank, om vas te stel of dit aan die vereistes van 'n termbank binne 'n terminologiebestuursentrum voldoen.

#### **6.7 'n Beoordeling van die Nasionale Termbank**

By die beoordeling van hierdie komponent word vasgestel of die Terminologiekoördineringsafdeling:

- die gestelde doelwit bereik, naamlik om 'n gebruikersvriendelike verwysingsraamwerk daar te stel waardeur kennis en inligting aan gebruikers beskikbaar gemaak word;
- die gestelde taak vervul, naamlik om by gebruikersbehoefes en die veranderende werklikheid aan te pas, om die versameling, dokumentering en disseminering van terminologiedata sistematies te hanteer soos wat dit geskep word, en om gestandaardiseerde terminologiedata daar te stel om terminologiekonstantheid in dokumente en vertalings van dokumente te waarborg;
- volgens die tegniek van opdatering, instandhouding en samewerking deur vakkundiges en terminoloë werk; en
- die uitkoms wat deur hierdie komponent veronderstel word bereik, naamlik kwaliteitskontrole met betrekking tot voorbereiding, invoer, bestuur en opdatering van data en die skep van tekskorpora om teksverwante terminologiedata vir die gebruiker toegankliker te maak.

Die ontwikkelingsmodel by tegniese tale (soos geformuleer deur Cluver & Scheffer (eds.) 1984) en die behoeftes van die terminologiegebruikersgemeenskap op daardie stadium het tot gevolg gehad dat 'n nuwe benadering tot terminologiewerk by die NVD sedert 1984 aangeneem is. Die nuwe benadering het die versameling, prosessering en disseminering van terminologie en die beskikbaarstelling van verskillende tipes produkte, om aan die behoeftes van inligtingspecialiste en vakkundiges in die vakgebiede of domeine, ten doel gehad.

Hierdie benadering was gesetel in die gebruik van rekenaars om die produktiwiteit by terminologiewerk te verbeter en meer inligting as wat oor die algemeen in tegniese woordeboeke verkrygbaar is aan terminologiegebruikers beskikbaar te maak. Die Nasionale Termbank van die NVD het in 1987 tot stand gekom. Terminologiedata is op die Nasionale Termbank gestoor op 'n sentrale databank vanwaar dit beskikbaar gestel is aan vakkundiges en ander persone wat geïnteresseerd is in die standaardisering van konsepte en terme.

Die ontwikkelingsmodel deur Cluver & Scheffer (1984) word gebaseer op die gedentraliseerde produksie of dokumentering van terminologieë by die oorsprong van die konsep soos byvoorbeeld die laboratorium of die werkswinkel. Die dokumenteringsproses is geondersteun deur 'n leksikale databasisprogram, Leksikon, wat deur die NVD ontwikkel is vir gebruik op persoonlike rekenaars asook netwerke en beskikbaar gestel is aan medewerkers wat op daardie stadium geïnteresseerd was in die dokumentering van leksikale data. Die Leksikon-databasisprogram het ontwikkel van 'n basiese datavasleggingsprogram na 'n gesofistikeerde woordeboekprogram wat verenigbaar met sommige hoofraamprogramme was. Die rekenaargebaseerde sisteem het nie slegs terminologie-produksie gefasiliteer nie, maar ook gestandaardiseerde formate, prosedure en sisteme bekendgestel om die Termbank uit te brei (vgl. Cluver 1995:420-422).

Een van die funksies van die Woord- en Termbank (soos dit bekendgestaan het) was om tegniese en wetenskaplike inligting (deur die konseptuele- en verwantskapstruktuur van terminologiese data) op 'n landwye basis aan te bied aan gebruikers wat aan die Termbank gekoppel is. 'n Ander funksie van die Termbank was dat voorlopige lysste van terme en konsepte by gespesialiseerde vakgebiede gereeld beskikbaar gestel kon word. Die Termbank het ook gedien as klaringshuis vir tegniese taalinligting om linguistiese navorsing en die standaardisering van konsepte en terme te fasiliteer (Dept. Nasionale Opvoeding 1990).

Die termbank van die NVD is bestuur deur die Afdeling Terminologiebedryf. 'n Span is saamgestel om die bank op te bou en in stand te hou en hierdie span het bestaan uit programmeerders, terminoloë en datatikers. Die stelsel het uit drie komponente bestaan, naamlik 'n verwerkingstelsel (vir die manipulasie van insette), 'n navraagstelsel (die termbank self) en 'n woordeboekprogram wat 'n verskeidenheid woordeboekbehoefte kon hanteer (vgl. Swanepoel en Morris 1988:18).

Die Termbank het op 'n begripsgrondslag gefunksioneer. Vir elke begrip is 'n term in minstens die twee amptelike tale gedokumenteer. Elke term of begrip het vir altesaam ses en twintig inligtingskomponente voorsiening gemaak. Dit sluit onder meer in 'n definisie as omskrywing van die begrip, sinoniem(e), ekwivalent(e), die bron van die term en 'n gebruiksvoorbeeld.

Navrae kon direk per rekenaar deur ingeskakelde terminologiegebruikers aan die Termbank gerig word. Met behulp van die rekenaar kon telefoniese navrae aan die Termbank ook vinniger en doeltreffender afgehandel word.

Die gerekenariseerde termbank van die NVD het in hierdie stadium as sentrale dokumentasiesentrum vir formele terminologie-inligting opgetree in die netwerk van individue en organisasies wat by Afrikaanse en Engelse terminologie-

aktiwiteite betrokke was. Die data wat deur individue of organisasies buite die NVD versamel is, is aan die NVD verskaf waar dit geprosesseer is en weer aan die inligtingsverskaffer terugbesorg is wat die inligting in die vorm van woordeboeke gepubliseer het. Die NVD het dus 'n ondersteunende diens ten opsigte van alle aspekte rakende Afrikaanse en Engelse terminologie-inligting in Suid-Afrika gelewer (vgl. Swanepoel & Morris 1988:17).

In 1990 het die Nasionale Termbank terminologiedata in hoofsaaklik Engels en Afrikaans in ongeveer 45 vakgebiede bevat (vgl. Departement Nasionale Opvoeding 1990).

Die Nasionale Termbank van die NVD het in daardie stadium aan die gebruikersbehoefte van die terminologiegemeenskap vir die twee amptelike tale van die vorige taalbestel voorsien. Dit is bewerkstellig deur 'n verwysingsraamwerk daar te stel waardeur kennis en inligting aan 'n spesifieke groep terminologiegebruikers beskikbaar gemaak is. Vakkundiges, ander gebruikers en medewerkers het aktief deelgeneem aan terminologiewerk by die NVD deur samewerking, opdatering en instandhouding van terminologiedata.

Die behoefte aan 'n nuwe terminologiebestuursisteem by die Nasionale Termbank het ontstaan sedert 1993 na die instelling van die Intergrondwet (Wet 200 van 1993), die toename in die getal amptelike tale en die noodsaak om 'n gebruikersvriendelike intydse termbank daar te stel (vgl. Termmakelaar 1996b:1). Die Termbank moes nie net aan die behoeftes van vakkundiges en spesialiste soos in die vorige taalbestel op 'n formele vlak en in twee amptelike tale voldoen nie. Basiese terminologiedata in elf amptelike tale wat in die behoeftes van 'n verskeidenheid terminologiegebruikers voorsien, word in die nuwe taalbestel van die terminologiebestuursprogram van die Nasionale Termbank verwag.

Reeds gedurende 1994 is daar terminologieë in die verskillende Afrikatale op die Nasionale Termbank gedokumenteer, waaronder gesondheidsterme in Sesotho, isiNdebele en diername in Sesotho, Sepedi, isiNdebele, siSwati, Xitsonga, Setswana, Tsivenda, isiZulu en isiXhosa (vgl. DACST 1995:70).

Met die samewerking van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) is daar gedurende dieselfde jaar toestemming verkry om gestandaardiseerde terme en definisies van die ISO op die Nasionale Termbank te plaas. Die lysie bestaan uit Engelse trefwoorde met definisies en Engelse trefwoorde met Franse ekwivalente en definisies in albei die tale. Terme (ongeveer 65000) uit verskeie vakgebiede wat van die SABS ontvang is, is gedurende 1994 aangepas sodat dit na die Nasionale Termbank oorgeplaas kon word. In daardie stadium is daar ongeveer 652 000 rekords op die Nasionale Termbank van die NTD beskikbaar (vgl. DACST 1995:70).

As deel van die DKKWT se 'Master Systems Plan' is daar tydens 1995 'n intensiewe en uitgebreide navorsingsprojek geloods wat terminologiewerk onder die soeklig geplaas het en om 'n sisteem te vind wat saam met die hantering van elf amptelike tale ook as databasis vir die Nasionale Termbank (SATERM) kon dien (vgl. DACST 1995:73). Hierdie navorsing is met behulp van 'n buitelandse konsultant aangepak en het behels dat indringende navorsing oor die strategieë en behoeftes van terminoloë en terminologie-eindgebruikers onderneem moes word om spesifikasies vir 'n nuwe terminologiebestuursisteem daar te stel.

Om vir so 'n breë spektrum terminologiegebruikers te voorsien, het sekere nadele. Terwyl terminoloë en vakkundiges 'n behoefte aan verskillende datakategorieë geïdentifiseer het, benodig onderwysers, vertalers en algemene gebruikers basieser inligting vir spesifieke terme. As gevolg van die telefoniese navrae wat sedert 1994 by die NTD hanteer is, het dit geblyk dat daar onder die publiek 'n behoefte ontwikkel het aan ekwivalente in al die amptelike tale, en ook 'n behoefte aan die spelling van terme en soms aan definisies vir terme (vgl.

Jordaan-Weis 1995:283). Al hierdie faktore het die NTD genoodsaak om 'n meertalige terminologiebestuursisteem daar te stel wat aan die behoeftes van die terminologiegemeenskap in die nuwe taalbestel voldoen.

Die daarstel van 'n meertalige terminologiebestuursisteem by die NTD het 'n geweldige uitdaging gebied. Sedert dit nodig geword het om die Afrikatale te dokumenteer, is 'n behoefte aan spesiale karakters en diakritiese tekens wat in sekere van hierdie tale gebruik word, geïdentifiseer. Dit het 'n probleem veroorsaak in soverre dit die rekenaar betref. Daar moes byvoorbeeld voorsiening gemaak word vir sekere Afrikataaltekens soos die sirkumfleks onder die *t,d,l* en die punt bo die *n* by Tshivenda en die omgekeerde sirkumfleks bo die *s* by Sepedi (vgl Jordaan-Weis 1995:284).

Die nuwe terminologiebestuursisteem waarmee terminologiedata by die Nasionale Termbank bestuur word, moes met ander woorde in staat wees om navrae by al die amptelike tale op 'n gebruikersvriendelike wyse te kan hanteer, om die spesiale diakritiese behoeftes van sommige van die Afrikatale te ondersteun en ook om verskillende tipes produkte vir verskillende tipes terminologie-eindgebruikers te genereer. Die Termbank van die NVD kon nie aan al hierdie veranderde behoeftes voldoen nie.

Na langer as 'n jaar se soek, eksperimenteer en evalueer, is daar op die MultiTerm-stelsel, 'n elektroniese terminologiebestuurstelsel, besluit wat deur Trados van Stuttgart in Duitsland ontwerp is. Hierdie terminologiebestuurstelsel het aan die nuwe behoeftes van die NTD voldoen en is gedurende 1997 geïmplementeer (vgl. DACST 1998:27).

Die MultiTerm-program stel die Terminologiekoördineringsafdeling in staat om uitgebreide terminologiese inligting oor terme te dokumenteer en dit dan elektronies te dissemineer. Alle aktiwiteite met betrekking tot die ontwikkeling van rekenarsisteme by die Terminologiekoördineringsafdeling vind plaas in

oorleg met standarde soos vasgestel deur die ISO. Die unieke behoeftes van die Afrikatale met betrekking tot terminologieprosessering vind ook in samewerking met die ISO plaas (vgl. Alberts 2000a:239).

Buiten dat die MultiTerm-program baie gebruikersvriendelik is, is die programmatuur van so 'n kragtige aard dat meertalige dokumentering van terme met gemak gehanteer kan word. Dit word moontlik gemaak aangesien die datakorpus in die MultiTerm-program deur middel van enige van die tale wat in die korpus teenwoordig is, bereik kan word deur net die spesifieke taal as brontaal te kies.

Elke inskrywing word voorsien van 'n dokumenteringsdatum, wie die inskrywing gemaak het, of daar enige veranderinge aan die inskrywing aangebring is en wie die verandering aangebring het. By voorbeeld 8 is Engels as die brontaal gekies. Die term word eerstens in die brontaal verskaf. By hierdie inskrywing is daar 'n verandering aan die definisie aangebring. Die veranderingsdatum en tyd asook die terminoloog wat die verandering gemaak het word aangeteken. 'n Navorsingsnota word onder die inskrywing aangebring om die verandering duidelik aan te toon. Die term word in maklik en verstaanbare taal in die brontaal gedefinieer. Beskikbare ekwivalente word in die verskillende doeltale verskaf en by voorbeeld 8 word die brontaaldefinisie in elk van die doeltale vertaal.

Die inskrywing wat hiër.1a as voorbeeld 8 volg, kom uit die MultiTerm '95 Plus VIGS-Termlys.

TRADOS MultiTerm '95 Plus! - AIDS.MTW <View>

File Edit View Search Help

Index English donate b Target Afrikaans

doctor donate blood drop

Creation Date 28.08.1998 - 15:10:14  
 Created By super  
 Change Date 07.05.2001 - 09:17:43  
 Changed By vt15

English  
**donate blood**  
 Research note WS1: Changed definition from 'who have lost much blood'  
 Definition To give blood to be used for other persons who need blood

uans  
**bloed skenk**  
 Definition Bloed gee om te gebruik vir ander persone wat bloed nodig het

isiZulu **nikela ngegazi**  
 Definition Ukunikhezela nge azi ukuze liselshenziswe abanye abalahlekelwe igazi elinengi

isiXhosa **nikhezela ngegazi**  
 Definition Ukunikhezela ngegazi ukuze lisetyenziselwe abanye abantu abalifunayo.

siSwati **nikela ngengati**  
 Definition Kunikela ngengati kutsi isetjentiselwe kusita umunfui loyidzingako  
 Editing note Equivalent changed on 17/11/1997

isiNdebele **phisana ngeengazi**  
 Definition Ukunikela ngeengazi zakho ngomnqopho wokurhelelwa labo abalahlekelwe ziingazi ezinengi

Start | Inb... | Do... | Unt... | RE... | TR... 01:30

### Voorbeeld 8 Inskrywings in die MultiTerm '95 Plus VIGS-termlys

Die MultiTerm-databasis hou ook die voordeel in dat dit in staat is om data uit verskeie bronne in te voer en uit te ruil, wat beteken dat dit met ander databasisprogramme versoenbaar is. Die MultiTerm-stelsel word by die Terminologiekoördineringsafdeling as standaard bestuursprogram sedert die implementering daarvan in 1997 gebruik en daar word 'n beroep op medewerkers en kliënte van die Terminologiekoördineringsafdeling gedoen om hierby in te val en die stelsel aan te koop sodat 'n voorgeskrewe formaat vir terminologieswerk gevolg word (vgl. Termmakelaar 1996b:7).

Gedurende 1998 is daar begin om van die tweetalige terminologiese data wat nog op die hoofraamstelsel van die Termbank van die NVD beskikbaar was na die MultiTerm-datasistiem oor te trek (vgl. DACST 1998:12). Hierdie proses is egter nog nie voltooi nie. Dit het tot gevolg dat baie van die data wat gedurende die vorige taalbestel versamel is nog nie op die MultiTerm-databasis beskikbaar is nie.

Uit onderhoude wat die ondersoeker met personeel van die Terminologiekoördineringsafdeling (wat die verantwoordelikheid dra vir die bestuur van die MultiTerm-databasis) gevoer het, is vasgestel dat die Termbank tans 'n proses van reorganisasie ondergaan. Daar word beoog om die Termbank aan te pas sodat dit uit drie verskillende tipes databasisse bestaan:

- die eerste databasis sal terminologie-inligting bevat wat gefinaliseer is (afgehandelde terminologieprojekte) en waarop geen werk meer gedoen word nie;
- die tweede groep databasisse sal terminologie-inligting bevat wat as die diskrete databasis bekendstaan en waar inligting per terminologieprojek bestuur word;
- die derde databasis sal 'n oop databasis insluit waar 'weesterme' gedokumenteer word wat nie aan spesifieke terminologieprojekte gekoppel word nie, maar waarvoor navorsing gedoen is, gewoonlik as gevolg van navrae wat aan die Terminologiekoördineringsafdeling gerig word.

'n Ernstige leemte wat deur die beoordeling van die Termbank na vore kom, is dat alhoewel die Termbank oor die nuutste en gevorderdste tegnologie en oor 'n baie kragtige meertalige terminologiebestuurstelsel beskik, die terminologiedata wat by die Terminologiekoördineringsafdeling beskikbaar is nie direk deur gebruikers via byvoorbeeld die Internet bereik kan word nie.

By die beoordeling van hierdie komponent is vasgestel dat die doelwit met 'n Termbank by 'n terminologiebestuursentrum nog nie tans deur die Termbank van

die Terminologiekoördineringsafdeling bereik word nie. Alhoewel die MultiTerm-databasis 'n gebruikersvriendelike terminologiebestuursprogram huisves en die Terminologiekoördineringsafdeling daarin slaag om by die veranderende werklikheid aan te pas ten opsigte van die versameling en dokumentering van terminologiewerk in elf amptelike tale, word gebruikers nog nie in staat gestel om terminologiedata aanlyn te benut nie. Hierdie leemte het 'n stremmende uitwerking op die disseminering van terminologiedata tot gevolg. Dit kan aangevoer word as die rede waarom die uitkoms wat deur hierdie komponent veronderstel word naamlik, kwaliteitskontrole met betrekking tot voorbereiding, invoer, bestuur en opdatering van data en die skep van tekskorpora om teksverwante terminologiedata vir die gebruiker toegankliker te maak, nie by die Terminologiekoördineringsafdeling bereik word nie. Die Nasionale Taaldiens is egter tans besig om die TRADOS-produkte op te gradeer en dan sal MultiTermX 'n ingeboude koppelvlak na die Internet hê. Die proses om data op die Internet te kry is dus wel tans aan die gang.

#### 6.7.1 Slotsom

Die daarstel van 'n meertalige terminologiebestuursstelsel by die Nasionale Termbank in die nuwe taalbestel moes nie slegs aan die terminologiebehoefte op die formele vlak van vakkundiges en spesialiste voldoen nie. Basiese terminologiedata in elf amptelike tale wat in die behoeftes van 'n wye verskeidenheid terminologiegebruikers se behoeftes voorsien, word tans van die Nasionale Termbank verwag.

Om aan hierdie wye verskeidenheid van terminologiebehoefte te voorsien maak die Nasionale Termbank van die Trados MultiTerm-program gebruik. Hierdie bestuursprogram is baie gebruikersvriendelik en die programmatuur is van so 'n kragtige aard dat die meertalige dokumentering van terminologiedata met gemak gehanteer kan word. Daar bestaan tans 'n probleem om inligting wat in die

Nasionale Termbank beskikbaar is op 'n doelmatige wyse aan die terminologiegebruikers via die Internet te dissemineer.

Die volgende bestuurskomponent wat by die Terminologiekoördineringsafdeling beoordeel word, is die wyse waarop die disseminering van terminologiedata gehanteer word.

### **6.8 'n Beoordeling van die disseminering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling**

By die beoordeling van hierdie komponent word vasgestel of die Terminologiekoördineringsafdeling:

- die gestelde doelwit bereik, naamlik die beskikbaarstelling van terminologiedata aan gebruikers;
- die gestelde taak vervul, naamlik om terminologiebronne met mekaar te koppel deur van tegnieke soos moderne media, byvoorbeeld termbanke en die Internet gebruik te maak om terminologiedisseminering te vergemaklik; en
- die uitkoms wat deur hierdie bestuurskomponent veronderstel word, naamlik die beskikbaarstelling van hoëstandaard terminologiedata op verskillende vlakke aan vakkundiges en ook aan die algemene publiek, bereik word.

Die Suid-Afrikaanse Regering het gedurende 1985 na aanleiding van die Cluver en Scheffer<sup>12a</sup>-model (1984) besluit dat die NVD in die vervolg sou funksioneer as die sentrale bestuurseenheid vir terminologie-aangeleenthede in Suid-Afrika (vgl. Scheffer 1987:33). Komponente van die bestuurseenheid sluit in 'n gesentraliseerde dokumentasiesentrum vir tegniese tale en 'n gerekenariseerde terminologiedatabank (die Nasionale Termbank). Die termbank het tot gevolg gehad dat die NVD as klaringshuis vir gesentraliseerde terminologiedata (hoofsaaklik in Afrikaans en Engels) kon optree. Inligting is op 'n gedesentraliseerde wyse bymekaargemaak by taalburo's, terminologiekomitees, by universiteite en privaatorgasies en aan die NVD voorsien waar dit verwerk

en dan aan die gebruikers gedissemineer is (vgl. die skematiese voorstelling van die Cluver & Scheffer model in figuur 10).

Soos vasgestel, was die gebruikers van terminologiedata in die vorige taalbestel hoofsaaklik vakkundiges en spesialiste wat die terminologiedata tydens formele kommunikasie in die vakgebiede of domeine gebruik het. Die hoofmerk van die NVD was op hierdie stadium om die terminologiedata so effektief as moontlik met behulp van die rekenaar aan hierdie gebruikersgroep te versprei. Sedert die inwerkingtreding van die Termbank gedurende 1978 tot en met 1996 is sowat twaalf tweetalige tegniese woordeboeke in die formele register gepubliseer (vgl. tabel 5).

Benewens die beskikbaarstelling van woordeboeke is terminologiedata ook op die volgende wyses deur die NVD gedissemineer:

- direkte navrae aan die Termbank via rekenaarnetwerke;
- indirekte navrae aan die Termbank met behulp van die telefoon;
- publikasies en dokumente wat van terminologie gebruik maak, byvoorbeeld handleidings, handboeke, tydskrifte en vertalings;
- SABINET (Suid Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk);
- massakommunikasie soos die radio, televisie en die pers (vgl. Scheffer 1987:34).

Die wyse waarop die disseminering van terminologiedata by die NVD plaasgevind het, was effektief vir die spesifieke terminologiegemeenskap. Die gebruikersgroep van terminologiedata was hoofsaaklik 'n geslote groep en die disseminering van terminologiedata het aan die vereistes van hierdie spesifieke gebruikersgroep voldoen.

Sedert 1994 bestaan daar 'n dringende behoefte aan die verspreiding van kwaliteit terminologiedata in al die amptelike tale. Terminologie word benodig by kommunikasie met die staat, in die werkplek en in elke faset van die daaglikse

lewe. Terminologie moet nou nie slegs (soos voorheen) vir die formele register geprosesseer word nie, maar daar het nou 'n behoefte ontstaan vir wetenskaplike en tegniese kommunikasie binne verskillende registers en op 'n verskeidenheid van vlakke binne die samelewing. Dit het tot gevolg dat daar ook aan die meer informele registers aandag gegee moet word. Duur woordeboeke in die formele register wat jare neem om saam te stel, voldoen derhalwe nie meer aan die behoeftes van die terminologiegebruikersgemeenskap nie.

Terminologiedata word steeds soos in die vorige taalbestel deur die volgende wyses gedissemineer:

- indirekte navrae aan die Termbank met behulp van die telefoon (geen statistiek kon hier opgespoor word nie aangesien taalpraktisyns nie rekord daarvan hou nie); en
- tydens massakommunikasie soos die radio, televisie en die pers.

Slegs ander taalpraktisyns het op die oomblik direkte toegang tot terminologiedata op die MultiTerm-databasis en die terminologiedata is nie op die Internet beskikbaar nie. Daar bestaan ook 'n ernstige behoefte aan publikasies en dokumente wat van terminologiedata in al die amptelike tale gebruik maak en derhalwe word terminologiedata ook nie tans op hierdie wyse gedissemineer nie.

As gevolg van die veranderde wyse waarop terminologiedata in die nuwe taalbestel bestuur word, wys die terminologie-oudit van 2000 (vgl. Alberts 2000:24) daarop dat die disseminering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling soos volg moet plaasvind:

- deur voorlopige terminologielyste aan vakkundiges en linguïste te versprei vir kommentaar voordat hierdie lyste gefinaliseer word;
- deur tegniese woordeboeke wat gedruk en as harde kopië beskikbaar gestel word sodra die terminologiedata wat dit bevat geverifieer en goedgekeur is

deur die vakkundiges van die spesifieke aktiwiteitsterrein en deur linguiste van die betrokke tale;

- deur die Intranet, waar bestaande terminologie wat op die Nasionale Termbank beskikbaar is, gedissemineer word via die DKKWT Intranet. Die verspreiding van hierdie terminologiedata sal die personeel in staat stel om makliker te kommunikeer, die belangrikheid beklemtoon wat terminologiedata in die werkplek speel en ook die belangrike rol ondersteun wat die Terminologiekoördineringsafdeling by terminologiebestuur vervul;
- deur die Internet, waar terminologiedata wat op die Nasionale Termbank beskikbaar is via die Internet gedissemineer word; en
- deur die herdruk van ou tweetalige tegniese woordeboeke, aangesien verskeie instellings te kenne gegee het dat hulle bereid is om die ou tweetalige termlyste en tegniese woordeboeke te herdruk wat deur die Nasionale Taaldiens en sy voorganger die NVD saamgestel is. Die nuutgestigte Taalsekretariaat in Stellenbosch het ook reeds te kenne gegee dat hulle bereid is om alle tweetalige (Engels/Afrikaanse) woordeboeke in CD ROM-formaat te herdissemineer.

Al die ideale wat deur die terminologie-oudit van 2000 genoem word, realiseer egter nog nie by die Terminologiekoördineringsafdeling nie.

Wat die voorlopige verspreiding van terminologielyste aan vakkundiges en linguiste betref, die volgende:

- die behoefte wat in die nuwe taalbestel ontstaan het om terminologiedata in al die amptelike tale beskikbaar te hê sodat hierdie tale funksionerende tale van kommunikasie sal wees, het tot gevolg dat terminologiedata vinniger aan die gebruikers gedissemineer moet word. Die Terminologiekoördineringsafdeling probeer om hierdie probleem te oorbrug deur korter termlyste in stede van woordeboeke beskikbaar te maak. Aangesien 'n tekort aan terminologiedata by veral die Afrikatale ondervind word, as gevolg van die marginalisering van hierdie tale in die vorige taalbestel, word voorlopige

terminologiepublikasies tans deur die Terminologiekoördineringsafdeling aan gebruikers, medewerkers en ander rolspelers beskikbaar gestel met die versoek dat terugvoer en kommentaar op die versamelde terminologiedata verskaf word. Slegs enkele meertalige terminologielyste wat op hierdie wyse saamgestel is, is reeds gepubliseer. Hierdie terminologielyste is die *Weerterminologie* (1996), die *Inheemse soogdiere* (1996), *Basiese Gesondheid* (1997) en die *VIGS-terminologie* (1998). Hierdie terminologielyste is ook op die tuisblad van die DKKWT (<http://www.dacst.gov.za>) beskikbaar en kan deur terminologiegebruikers afgelaai word.

Die daarstel van meertalige tegniese woordeboeke wat gedruk en as harde kopieë beskikbaar gestel word sodra die terminologiedata wat dit bevat geverifieer en goedgekeur is, realiseer nog nie by die Terminologiekoördineringsafdeling nie.

Die disseminering van terminologiedata deur die DKKWT Intranet realiseer ook nie by die Terminologiekoördineringsafdeling nie. Slegs taalpraktisyns by die Nasionale Taaldiens wat deur die MultiTerm-databasisprogram met mekaar verbind is, kan met behulp van hierdie bestuursprogram terminologiedata wat op die Nasionale Termbank beskikbaar is, bereik en daarvan gebruik maak.

Wat die disseminering van terminologiedata deur die Internet betref, is 'n taakspan gedurende 1998 saamgestel met die doel om die Internet-moontlikhede van terminologiedisseminering deur die Terminologiekoördineringsafdeling te ondersoek (vgl. DACST-verslag 1998:12). Gedurende April tot Junie 2001 is navorsing deur die Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging van die Universiteit Vrystaat in opdrag van die Terminologiekoördineringsafdeling onderneem om vas te stel hoe terminologiebestuur tans in elke provinsiale taaleenheid plaasvind. Hierdie ondersoek sluit navorsing oor die tegnologiese inligtingsinfrastruktuur van die provinsiale taaleenhede en die ontwikkeling van 'n

web-bevoegde terminologiebestuursmodel in. 'n Verslag oor die bevindinge van die ondersoek is beskikbaar gestel (vgl. Hattingh & Nyangintsimbi 2001). Terminologiedata wat op die Nasionale Termbank by die Terminologiekoördineringsafdeling beskikbaar is, is egter nie aanlyn op die Internet beskikbaar vir die terminologiegebruikers nie. Dit veroorsaak tans 'n groot leemte by terminologiedisseminering deur die Terminologiekoördineringsafdeling. Soos wat daar reeds in die vorige afdeling genoem is, is die Nasionale Taaldiens tans besig om die Trados-produkte op te gradeer en sodra 'n koppelvlak na die Internet bestaan, sal die Terminologiekoördineringsafdeling terminologieprodukte via die Internet kan dissemineer.

Wat die herdruk van ou tweetalige tegniese woordeboeke betref, het die Nasionale Taaldiens het 'n Taalpraktisyn opdrag gegee om al die ou vertalende vakwoordeboeke van die Staat sowel as van ander instansies of individue op CD-ROM te plaas. Die data sal elektronies aan die persoon verskaf word. Toestemming moet verkry word van belanghebbendes om kopiereg te verkry vir die nuwe produk. Alle wins uit verkope sal in die bywerking van die CD-ROM-produk gebruik word.

By die beoordeling van die disseminering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling word bevind dat alhoewel voorlopige terminologielyste aan vakkundiges en linguïste versprei word vir kommentaar en om geverifieer te word, hierdie terminologielyste nog nie al die gebruikers van terminologiedata bereik nie. Hierdie afleiding word gemaak aangesien terminologiedata wat reeds beskikbaar is nie op 'n deurlopende basis en op alle vlakke van kommunikasie deur die gebruikers aangewend word nie. Die gestelde doelwit, naamlik die beskikbaarstelling van terminologiedata aan al die gebruikers realiseer derhalwe nie by die Terminologiekoördineringsafdeling nie.

Die taak wat deur die disseminering van terminologiedata by 'n terminologiebestuursentrum bereik moet word, realiseer ook nie by die Terminologiekoördineringsafdeling nie. Alhoewel 'n Nasionale Termbank bestaan met die nuutste tegnologie by die bestuur van meertalige terminologiedata kan hierdie data nog nie deur die Internet deur terminologiegebruikers bereik word nie.

Die uitkoms wat deur hierdie bestuurskomponent by 'n terminologiebestuursentrum veronderstel word, word derhalwe nie deur die Terminologiekoördineringsafdeling bereik nie, aangesien terminologiedata nie terminologiegebruikers tans op verskillende vlakke kan bereik nie.

#### 6.8.1 Slotsom

By die beoordeling van die disseminering van terminologiedata by die NVD in die vorige taalbestel blyk dit dat die wyse waarop disseminering plaasgevind het, effektief was vir die spesifieke terminologiegebruikersgemeenskap.

Deur die beoordeling van die ideale wat in die terminologie-oudit van 2000 (Aiberts 2000) ten opsigte van die disseminering van terminologiedata gestel word, word bevind dat al die ideale nog nie by die Terminologiekoördineringsafdeling realiseer nie.

Die grootste leemte by die beoordeling van hierdie komponent is die feit dat die Internet nog nie aangewend kan word om terminologiebronne in Suid-Afrika met mekaar te koppel en om die disseminering van terminologiedata te vergemaklik nie. Hierdie leemte by die Terminologiekoördineringsafdeling word as 'n groot leemte deur die navorser geïdentifiseer en kan as die oorsaak aangevoer dat die gestelde uitkoms by 'n terminologiebestuursentrum, naamlik die beskikbaarstelling van hoëstandaard terminologiedata op verskillende vlakke aan

vakkundiges en die algemene publiek nie deur die Terminologiekoördineringsafdeling bereik word nie.

Die volgende bestuurskomponent wat volgens die voorstel in hoofstuk 4 by die Terminologiekoördineringsafdeling beoordeel moet word, is die wyse waarop die implementering van terminologiedata gehanteer word.

### **6.9 'n Beoordeling van die implementering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling**

By die beoordeling van hierdie komponent word vasgestel of die Terminologiekoördineringsafdeling:

- die gestelde doelwit bereik, naamlik om die toepassing van terminologiedata te verseker deur hierdie inligting na die verskillende vakgebiede en domeine te versprei sodat dit deur die gebruikers aangewend kan word;
- die gestelde taak vervul, naamlik om betrokkenheid te bewerkstellig deur die regering, akademiese instellings, semi-amptelike sentrums en die privaatsektor;
- tegnieke in plek het soos 'n taalbeleid en ander riglyne wat die bevordering en uitbreiding van terminologie-inligting voorstaan; en
- die uitkoms wat deur hierdie bestuurskomponent veronderstel word, naamlik betrokkenheid deur die gebruikers om funksionele terminologie-inligting tot stand te bring, bereik word.

Deur die fokus met terminologiebeplanning (vgl. afdeling 6.3.1.1) by die vorige taalbestel te beoordeel, word daar vasgestel dat daar hoofsaaklik op die formele register by terminologiewerk gekonsentreer is. Dit beteken dat terminologiewerk spesifiek op vakgebiede en domeine gekonsentreer het wat op sekondêre en tersiêre vlak aangebied word (vgl. tabel 3) en uit 'n geslote gebruikersgroep bestaan het. Die projekbelanningsdokument van die NVD wat as Addendum 1

by hierdie ondersoek ingesluit word, het die volgende oor die integrasie van terminologiedata by ander prosesse te sê:

The project committee must furthermore determine to what extent its terminology work can support that of e.g. textbook writers and editors of journals. Such specialists should be encouraged to serve on editorial committees and/or subcommittees. Likewise, the committee must assess to what extent e.g. contributions by textbook writers and collaborators of articles for journals can in turn be of value to the dictionary project, as these types of publications distribute terms in a more natural way than do technical dictionaries.

Die implementering van Afrikaanse terminologie in die vorige taalbestel deur die gebruik van hierdie terme by sekondêre- en tersiêre opleiding en die produsering van handboeke en vakspesifieke artikels in vaktydskrifte waarin die terminologie van die vakgebiede en domeine gebruikgemaak word, het die standaardisering en implementering van hierdie terme tot gevolg gehad. Die opname van die terme in die vakgebiede en domeine het beteken dat terme wat gedokumenteer is, gebruik is in artikels, vaktydskrifte, handboeke ensovoorts en dat die terme deur die gebruikers geëvalueer is en terugvoer verskaf kon word. Terminologiedata is suksesvol geïmplementeer vir 'n geselekteerde terminologiegebruikersgroep in die vorige taalbestel.

In die nuwe taalbestel word vereis dat terminologiedata op verskillende vlakke en registers geïmplementeer word om terminologiegebruikers in staat te stel om makliker en doelmatig in die amptelike tale te kommunikeer. Die implementering van terminologiedata is seker een van die ingewikkeldste prosesse by terminologiebestuur. Implementering van terminologiedata in die nuwe taalbestel beteken nie net die beskikbaarstelling van terminologiedata aan 'n spesifieke groep terminologiegebruikers nie, maar wel die implementering van terminologiedata aan 'n wye verskeidenheid terminologiegebruikers en die doelmatige gebruik van hierdie terminologiedata in die verskillende aktiwiteitsterreine en domeine. Hierdie doelwit word nog nie bereik nie aangesien die amptelike tale nie as tale van kommunikasie by domeine soos

wetgewing, regerings- en publieke administrasie, sekondêre en tersiêre onderrig en justisie gebruik word nie.

Die implementering van terminologiedata is nie slegs die verantwoordelikheid van die Terminologiekoördineringsafdeling nie. Daar word in die terminologie-oudit van 2000 (Alberts 2000b:25) daarna verwys dat die uitbreiding van die amptelike tale in 'n sekere mate die taak van die regering is. Daar word egter verder genoem dat daar van elke burger verwag word om dit sy/haar taak te maak om die terminologie van sy/haar eerstetaal in sy/haar werkplek uit te brei en dit te gebruik tydens kommunikasie. Indien terminologiedata op hierdie wyse deur die gebruikers geïmplementeer word, kan dit daartoe aanleiding gee dat die amptelike tale in so 'n mate uitbrei dat dit funksionele waarde (vgl. Haugen 1983) en prestige waarde (vgl. Haarmann 1990) vir die gebruikers verkry en deur hulle gebruik word as instrumente van mobilisering (vgl. Cooper 1989).

Die Terminologiekoördineringsafdeling het wat die taak by die implementering van terminologiedata by 'n terminologiesentrum betref reeds ver gevorder. 'n Opleidingsprogram vir medewerkers en rolspelers is gedurende 2001 begin om belanghebbendes uit verskillende oorde by terminologiewerk te betrek en op te lei om sistematies gestruktureerde terminologiedata aan die Terminologiekoördineringsafdeling te verskaf. Die opleiding van medewerkers en rolspelers by terminologiewerk word in afdeling 6.11.2 beoordeel.

Alhoewel 'n *Language policy and plan for South Africa* (DACST 2000a) bestaan waarvan die doelwit is om 'n samehangende taalbeleid en implementeringsplan vir 'n meertalige taalbestel daar te stel, bestaan daar nog nie 'n beleid wat spesifiek op terminologiedata gerig is nie. Die gebrek aan 'n terminologiebeleid en implementeringsplan om terminologiedata te reguleer, word as 'n baie groot leemte deur hierdie ondersoek geïdentifiseer aangesien daar nie definitiewe riglyne en tydraamwerke bestaan waarteen die implementering van terminologiedata gemeet kan word nie.

Daar word bevind dat die gebrek aan die bestaan van terminologiebeleid moontlik die oorsaak is van die gebrek aan teksprodusering in die Afrikatale. Dit geld in 'n mate ook vir Afrikaans. Teksproduseerders verkies skynbaar om eerder van Engels, wat as 'n wetenskaplike en terminologiese wêreldtaal bekendstaan, gebruik te maak om inligting beskikbaar te stel aangesien die inligting volgens hulle redenasie 'n wyer teikengroep bereik. Volgens Louwrens (1997:247) staan navorsers skepties oor die gebruik van die inheemse tale wanneer daar oor akademiese werk geskryf word. Hy bevind dat daar vir die periode 1985-1995 slegs een artikel wat in 'n Afrikataal geskryf is in die *South African Journal of African Languages* gepubliseer is. Die titel van hierdie vaktydskrif dui aan dat dit spesifiek vir die bevordering van die Afrikatale daargestel is, maar steeds is die gebruikstaal van artikels in hierdie vaktydskrif Engels.

Die feit dat terminologiedata nie geondersteun word deur geskrewe dokumentasie en tekste waarin die terminologie gebruik word nie het tot gevolg dat die terminologiedata nie deurlopend in die gemeenskap sirkuleer nie. Die gebruik van die terminologiedata word met ander woorde nie bevorder nie. Opvolgleswerk en opleidingsmateriaal in die verskillende aktiwiteitsterreine en domeine is ook nie beskikbaar in die verskillende amptelike tale nie. Terminologiedata word nie tans op 'n wyse aangebied dat daar vir die gebruiker 'n aanduiding gegee word hoe die terminologiedata in konteks gebruik word en hoe die gebruikers oor die terminologiedata voel nie.

Die uitkoms by implementering, naamlik die betrokkenheid van gebruikers om funksionele terminologie tot gevolg te hê, realiseer derhalwe nog nie by die Terminologiekoördineringsafdeling nie. Die rede hiervoor word deur die beoordeling van hierdie komponent beklemtoon. Aangesien daar nie riglyne in die vorm van 'n terminologiebeleid bestaan wat die bestuur van terminologiedata reguleer nie word terminologiedata nie doelmatig geïmplementeer by

hoëstatusfunksies soos die politiek, die reg, tegnologie en kulturele aktiwiteite nie.

#### 6.9.1 Slotsom

Die implementering van terminologiedata by die NVD is vir 'n spesifieke gebruikersgemeenskap op 'n formele vlak gedoen en het aan die behoeftes van hierdie geslote terminologiegebruikersgroep voldoen. Hierdie bevinding word gemaak aangesien terminologiedata doelmatig deur terminologiegebruikers aangewend is vir die skryf van artikels, die daarstel van handboeke, as kommunikasiemedium in vaktydskrifte en ook as voertaal by opleiding op sekondêre en tersiêre vlak gebruik is.

Die implementering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling verskil van dié by die NVD in die sin dat terminologiedata tans basieser van aard is. Die amptelike tale verkeer op ongelyke vlakke van uitbreiding en terminologiedata is tans van toepassing op 'n veel groter terminologiegebruikersgemeenskap op verskillende vlakke van kommunikasie en by verskillende registers.

Die gevolgtrekking wat uit die beoordeling van die implementering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling gemaak word, is dat:

- wetenskaplike en tegniese artikels in die nuwe taalbestel meestal in Engels gepubliseer word. Dit het tot gevolg dat terme in die ander tien amptelike tale nie deurlopend in geskrewe dokumentasie gebruik word nie, wat weer 'n stremmende uitwerking het op die bestuur van terminologie, aangesien daar nie vasgestel kan word hoe die gebruikers oor die terme voel en of dit aanvaar word nie;

- Engels hoofsaaklik in sekondêre en tersiêre opleiding gebruik word wat tot gevolg het dat terminologie in verskillende aktiviteitsreine nie deurlopend in die ander amptelike tale op hierdie vlakke aangewend word en stabilisasie van terminologiedata nie bewerkstellig word nie; en
- die behoefte aan terminologiebeleid om die terminologiebestuursprogram in Suid-Afrika te reguleer en dit duidelik te maak wat die werksaamhede van die verskillende rolspelers behels 'n groot leemte by terminologiebestuur veroorsaak.

Die volgende bestuurskomponent wat volgens die voorstel in hoofstuk 4 by die Terminologiekoördineringsafdeling beoordeel moet word, is die wyse waarop die evaluering van terminologiedata gehanteer word.

**6.10 'n Beoordeling om vas te stel of die evaluering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling plaasvind**

By die beoordeling van hierdie komponent word vasgestel of die Terminologiekoördineringsafdeling:

- die gestelde doelwit bereik, naamlik om die kwaliteit en sukses van terminologiebestuur te meet;
- die gestelde taak vervul deur die monitering, evaluering en terugvoering van die implementeringstrategie;
- van die kriteria by die vlakke van evaluering van terminologiedata by 'n terminologiebestuursentrum soos die inhoudsvlak, die formele vlak, koste-effektiwiteitanalise en bruikbaarheidsvlak gebruikmaak; en
- die uitkoms wat deur hierdie bestuurskomponent veronderstel word, naamlik gebruikersterugvoer, effektiewe metodologie, bruikbare materiaal en die vervulling van die terminologiebehoefte van die gemeenskap, bereik.

By die NVD in die vorige taalbestel was die evaluering van terminologieswerk daarop gerig om te verseker dat terminologiesdata vir die formele register daargestel word. Die primêre termleweransiers en termgebruikers van terminologiesdata was afkomstig vanaf taalburo's, tersiêre instellings en die praktyk (vgl. afdeling 6.4.1.1). Die evaluering van terminologiesdata by die NVD is hoofsaaklik deur vakkundiges en spesialiste behartig aangesien terminologiesdata nie werklik vir die leek of oningeligde toeganklik was nie. Relevante terminologiesdata is hoofsaaklik uit Engels geëkserpeer, termlyste is saamgestel en in vakkomitees bespreek waar dit van Afrikaanse terminologiesekwivalente in 'n formele register voorsien is. Vakkomitees het verseker dat die inhoudsvlak van terminologiesdata in die spesifieke vakgebied of domein aanvaarbaar, korrek, geldig, toepaslik en geskik vir die behoeftes van spesialisgebruikers binne die vakgemeenskappe of domeine is. Die evaluering van die inhoudsvlak van terminologiesdata is hoofsaaklik deur vakkundiges en spesialiste behartig wat deel van vakkomitees gevorm het. Voorbeelde van die resistentste tweetalige vakwoordeboeke wat deur die NVD op hierdie wyse saamgestel is, word in tabel 6 verskaf.

Die formele vlak is ook deur die vakkomitees behartig deur gebruik te maak van die dienste van vakspesifieke terminoloë wat by die NVD werksaam was. Hierdie terminoloë het benewens hul kennis van die spesifieke vakgebied of domein (vgl. figuur 11) as taalkundiges in die vakkomitees gedien en was verantwoordelik vir die linguistiese korrektheid, die ortografie, die tekssintaksis en die grammatika van terminologiesdata in die vakwoordeboeke (vgl. afdeling 6.4.1.3).

Sedert die vaktaalondersoek deur Cluver & Scheffer (1984) waar die gebruik van terminologieskomitees sterk aanbeveel word, is dertien tweetalige vakwoordeboeke vir die formele register deur die NVD gepubliseer.

Wat koste-effektieweitsanalises betref, het die prosessering van terminologie by die NVD behels dat assessering wat fondse betref deel van 'n terminologieprojek was vanaf die ontstaan tot die afhandeling van die projek. Daar moes begroot word vir die uitgawes van die woordeboekprojek aangesien die begroting 'n direkte invloed het op die betrokkenheid van medewerkers en die omvang van die woordeboek bepaal is in ooreenstemming met die beskikbare fondse (vgl. die voorwoord in die Sterrekundewoordeboek (1990:iii) en die Projekbeplanningsdokument van die NVD (Addendum1)).

Wat die bruikbaarheidsvlak betref, is terminologiedata wat deur die NVD beskikbaar gestel is deurlopend gebruik deur vakkundiges in die praktyk byvoorbeeld die howe (hofsake is in beide amptelike tale aangehoor), vir regeringsake (wetgewing was in beide amptelike tale beskikbaar) en die akademie om lesings aan te bied, om handboeke saam te stel (handboeke was in Engels en Afrikaans beskikbaar) en vaktydskrifte daar te stel vir professionele persone. Tydens die vorige taalbestel het universiteite en teknikons bestaan waar die voertaal hoofsaaklik een van die twee amptelike tale was. Die terminologiedata wat tydens hierdie taalbestel saamgestel is, het derhalwe bruikbaarheid vir die gebruikers gehad deur funksionaliteit en relevansie in situasies en gebruikskontekste te verseker en so formele kommunikasie in die wetenskap en tegnologie bevorder.

Die Terminologiekoördineringsafdeling staan aan die beginfase van die proses van terminologiebestuur in 'n veeltalige taalbestel. Juis daarom moet evaluering deurlopend plaasvind om vas te stel of die Terminologiekoördineringsafdeling aan die behoeftes van die terminologie-gebruikersgemeenskap voldoen sodat die implementeringstrategie aangepas of verander kan word, indien nodig.

Tydens die oorgangsfase by die NTD vanaf 1994 tot 1998 is ses meertalige terminologielyste gepubliseer (vgl. tabel 5). Die doelwit met hierdie terminologielyste is om kommunikasie in al die amptelike tale te fasiliteer (vgl.

DACST 1997c). Daar kan egter nie met sekerheid vasgestel word in watter mate hierdie terminologiedata in die praktyk aangewend word nie.

Sedert 2000 tot op hede word aan terminologiedata vir die gebruik by opleiding op sekondêre vlak gekonsentreer. Medewerkers en rolspelers wat kommentaar op hierdie terminologiedata moet lewer en dit moet verifieer, is gedurende 2001 opgelei.

Om die gestelde doelwit wat met hierdie komponent veronderstel word, te bereik moet die kwaliteit en sukses van terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling gemeet word. Dit beteken dat 'n maatstaf moet bestaan waarteen hierdie meting gedoen kan word. Uit die beoordeling van disseminering en implementering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling is vasgestel dat daar nie tans 'n terminologiebeleid en implementeringsplan bestaan om terminologiewerk in Suid-Afrika te reguleer nie. Die gevolg hiervan is dat 'n konkrete meetinstrument, om die kwaliteit en sukses van terminologiedata vas te stel nie by die Terminologiekoördineringsafdeling bestaan nie. Die doelwit met die evaluering van terminologiedata by 'n terminologiebestuursentrum word derhalwe nie by die Terminologiekoördineringsafdeling bereik nie.

Die medewerkers en rolspelers wat gedurende 2001 deur die Terminologiekoördineringsafdeling opgelei is om met die daarstel van terminologiedata vir onderwys te help, sal verantwoordelik wees om die gestelde taak te vervul wat by die evaluering van terminologiedata bereik moet word, naamlik die monitering, evaluering en terugvoering van die implementeringstrategie.

Hierdie medewerkers en rolspelers is ook verantwoordelik om die vlakke by die evaluering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling te

toets en vas te stel of daar hoegenaamd van hierdie kriteria gebruik gemaak word.

Die evaluering van terminologiedata hang verder nou saam met die implementeringstrategie. Aangesien terminologiedata tans nie deurlopend in geskrewe dokumente en in hoëstatusfunksies aangewend word nie, kan die uitkoms deur gebruikersterugvoer, die handhaaf van effektiewe metodologie, die daarstel van bruikbare materiaal en die vervulling van die terminologiebehoefte van die gebruikersgemeenskap nie deur die Terminologiekoördineringsafdeling bereik word nie.

#### 6.10.1 Slotsom

Die evaluering van terminologiedata deur terminologieskomitees by die NVD wys daarop dat terminologiedata wat in die vorige taalbestel saamgestel is 'n bruikbaarheid vir die terminologiegebruikers gehad het deur funksionaliteit en relevansie in situasies en gebruikerskontekste te verseker en so formele kommunikasie in die wetenskap en tegnologie bevorder het.

Aangesien 'n terminologiebeleid en 'n implementeringsplan nie tans bestaan wat die bestuur van terminologie-aangeleenthede in Suid-Afrika reguleer en wat die terminologiebestuursprogram in Suid-Afrika lei nie, bestaan daar nie tans 'n maatstaf vir die evaluering van kwaliteit en sukses van terminologiedata nie.

Om sistematiese terminologiebestuur suksesvol binne 'n gemeenskap toe te pas, is genoegsaam opgeleide terminoloë en terminograwe en die opleiding van medewerkers by terminologiedata 'n belangrike voorvereiste. Volgens die voorstel in hoofstuk 4 beteken dit dat die opleiding van terminoloë, terminograwe en medewerkers georganiseer moet word in ooreenstemming met die terminologie-behoefte van die gemeenskap.

Vervolgens word die wyse beoordeel waarop die opleiding van terminoloë, terminograwe en medewerkers by terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling geskied.

### ***6.11 'n Beoordeling van die opleiding van terminoloë, terminograwe en medewerkers by die Terminologiekoördineringsafdeling***

By die beoordeling van hierdie komponent word vasgestel of die Terminologiekoördineringsafdeling:

- die gestelde doelwit bereik, naamlik om pragmatiese en toepassingsgeoriënteerde terminologie-opleiding aan terminoloë, terminograwe en medewerkers in terminologiedata aan te bied;
- die gestelde taak vervul deur spesifieke terminologiebehoefte binne die gemeenskap te bevredig;
- van tegnieke soos kursusse, seminare, lesings en opleidingsessies gebruikmaak; en
- die uitkoms bereik wat deur hierdie bestuurskomponent veronderstel word, naamlik praktykgerigte opleiding en gereelde terugvoer deur praktiseerders sodat opleiding in voeling bly met die praktyk.

Die taalbeleid van die vorige taalbestel het vereis dat terminoloë en terminograwe by die NVD in die terminologiewetenskap en terminologiewerk opgelei word om Afrikaans te bevorder sodat dit die tweetalige taalbeleid van die Nasionale Regering ondersteun. Opleiding by die NVD het derhalwe daarop gekonsentreer om die leksikon van Afrikaans uit te brei sodat dit in alle opsigte gelykwaardig aan Engels kon wees. Deur die onderhoude wat die ondersoeker met die taalpraktisyns by die Terminologiekoördineringsafdeling gevoer het, is vasgestel dat 'n uitgebreide interne opleidingsbundel (wat uit verskillende modules bestaan en wat verskillende aspekte van die hele terminologieproses dek) vir die opleiding van terminoloë en terminograwe by die NVD saamgestel is.

Hierdie opleidingsdokument is as riglyn by die opleiding van terminoloë en terminograwe in die twee amptelike tale gebruik.

Buiten indiensopleiding het die NVD opleidingsessies aangebied aan liggame buite die NVD. Die oogmerk met die opleidingsessies was om die beginsels onderliggend aan terminologiedata duidelik te maak en om die toepassing van rekenaars by terminologieprosessering te illustreer. Met die bekendstelling van die Lexikon 4.5 dataprogram van die NVD het buitegebruikers van terminologiedata opleiding in die gebruik van die program ontvang (vgl. Cluver 1995:421).

Die Interimgrondwet (Wet 200 van 1993) en die Grondwet (Wet 108 van 1996) het 'n veranderde sosiale konteks tot gevolg. Hierdie sosiale konteks veronderstel 'n meertaligheidsbestel wat verskil van die tweetaligetaalbestel van voorheen. Die *Language policy and plan for South Africa* (DACST 2000a) ondersteun die taalklousule in die Grondwet van 1996 en dien as riglyn by die uitbreiding van die algemene woordeskat van die amptelike tale van Suid-Afrika.

Die Terminologiekoördineringsafdeling word deur die regering beskou as dié afdeling wat sedert 1994 die verantwoordelikheid dra om terminologiedata in Suid-Afrika te koördineer en te bestuur. Hierdie afdeling is daarom ook verantwoordelik vir opleiding by terminologiewerk.

Twee verskillende tipes opleidingsbehoefte word by die Terminologiekoördineringsafdeling in die nuwe taalbestel geïdentifiseer:

- die opleiding van terminoloë en terminograwe in al die amptelike tale, aangesien elke aktiwiteitsterrein of domein hul eie terminologie gebruik en terminologiedata gesistematiseer, gedokumenteer en gedissemineer moet word; en
- die opleiding van medewerkers (taalwerkers of vakspesialiste) om terme wat hulle daagliks in die praktyk teëkom op 'n eenvormige wyse te dokumenteer

en om die sentrale terminologieskantoor op verskillende wyses behulpsaam te wees.

#### 6.11.1 Indiensopleiding by die Terminologieskoördineringsafdeling

Afrikataalterminoloë is sedert 1994 by die NTD aangestel om in die terminologiesbehoefte van die sprekers van die amptelike Afrikatale te voorsien (vgl. Alberts 2000a:237). Soos die geval by die NTD in die vorige taalbestel was, ondergaan alle terminoloë en terminograwe wat in diens van die Terminologieskoördineringsafdeling tree, indiensopleiding by die Terminologieskoördineringsafdeling (vgl. Alberts 2000a:247). Volgens Alberts (2000a) dek hierdie opleiding alle aspekte van terminologieswerk. Sy brei uit deur daarop te wys dat terminoloë en terminograwe opleiding ontvang in teoretiese en praktiese beginsels. Hierdie opleiding stel hulle in staat om 'n terminologiesprojek deur al die stadia van die terminologiesgrafiese proses te neem.

Uit onderhoude wat gedurende Januarie 2001 deur die ondersoeker met twee van die hooftaalpraktisyne en met die terminoloë en terminograwe van die verskillende amptelike tale by die Terminologieskoördineringsafdeling gevoer is, is vasgestel dat indiensopleiding hoofsaaklik op 'n een-tot-een-basis, maar soms ook in groepverband aangebied word. Hierdie opleiding word deur ervare terminoloë en terminograwe by die Terminologieskoördineringsafdeling aangebied wat data vir opleiding versamel uit kennis en ervaring wat deur die jare opgebou is. Alhoewel die opleidingsbundel nie aan die ondersoeker beskikbaar gestel kon word as gevolg van die verbod op die beskikbaarstelling van interne dokumente van die Nasionale Taaldiens nie, is daar uit die onderhoude vasgestel dat die opleidingsbundel wat gedurende die vorige taalbestel saamgestel is, bygewerk en aangepas is om aan die behoeftes van die terminoloë en terminograwe van al die amptelike tale te voorsien. Uit die onderhoude kon vasgestel word dat die opleiding wat terminoloë en terminograwe by die Terminologieskoördineringsafdeling ondergaan in 'n groot mate ooreenstem met

die opleiding wat medewerkers van terminologiewerk gedurende 2001 ondergaan het. Die opleiding van terminoloë en terminograwe is egter baie intensiewer, strek oor 'n langer tydperk en dek volgens die mondelinge bronne alle aspekte van terminologiewerk (vgl. ook Alberts 2000a:247).

Alhoewel die terminologie-oudit van 2000 (Alberts 2000b:29) nie opleiding as 'n onderafdeling bespreek nie, maak die terminologie-oudit van 2000 die volgende aanbevelings oor opleiding by die Terminologiekoördineringsafdeling:

- dat tyd afgestaan moet word aan indiensopleiding aangesien daar tans spesifieke opleidingsbehoefte vir terminoloë en terminograwe in die verskillende amptelike tale bestaan;
- dat terminoloë en terminograwe blootgestel word aan internasionale terminologiese en terminografiese opleidingsbeginsels deur onder meer die Somerskool deur TermNet en Infoterm in Oostenryk by te woon wat elke jaar gedurende Augustus aangebied word;
- dat terminoloë en terminograwe wat TermNet en Infoterm in Oostenryk besoek ook sal aandoen by die standaardiseringsliggaam ISO, aangesien die Terminologiekoördineringsafdeling lid is van die ISO/TC37 komitee wat gemoeid is met die standaardisering van items soos ISO/TC/SC3/WG by datakategorieë;
- dat internasionale organisasies waarvan die Terminologiekoördineringsafdeling lid is soos die International Federation of Terminology Banks (IFTB), die International Organization for Unification of Terminological Neologisms (IOUTN) en die World Bank of International Terms (WBIT) besoek word vir formele terminologie-opleiding; en
- dat internasionale akademici uitgenooi word om teoretiese en praktiese opleiding aan te bied aan terminoloë, terminograwe en medewerkers in terminologiese en terminografiese beginsels.

Uit die data wat tot die ondersoeker se beskikking was, word bevind dat slegs interne indiensopleiding tans aan terminoloë en terminograwe by die

Terminologiekoördineringsafdeling beskikbaar gestel word. Die ideale wat in die terminologie-oudit van 2000 by die opleiding van terminoloë en terminograwe by die Terminologiekoördineringsafdeling gestel word, realiseer derhalwe nog nie.

Wat die beoordeling van hierdie gedeelte betref, kon daar nie onomwonde vasgestel word dat die doelwit by 'n terminologiebestuursentrum, naamlik pragmatiese en toepassingsgeoriënteerde opleiding by die Terminologiekoördineringsafdeling bereik word nie. Alhoewel interne opleiding deur die Terminologiekoördineringsafdeling aangebied word, wys die terminologie-oudit van 2000 daarop dat die opleidingskomponent uitgebrei kan word deur van internasionale terminologie-opleidingsbronne gebruik te maak. Daar bestaan derhalwe reeds geïdentifiseerde geleenthede vir die verbetering van die opleiding van terminoloë en terminograwe by die Terminologiekoördineringsafdeling.

Die tweede tipe opleiding wat die Terminologiekoördineringsafdeling aanbied, is opleiding aan medewerkers en rolspelers by terminologiewerk.

#### 6.11.2 Die opleiding van medewerkers en rolspelers by die Terminologiekoördineringsafdeling

Aangesien die Nasionale Taaldiens die verantwoordelikheid dra om planne daar te stel en strategieë te implementeer wat terminologie-uitbreiding bespoedig en terminologiedata in die amptelike tale beskikbaar maak, het die Nasionale Taaldiens 'n terminologie-opleidingsplan bekendgestel om vakkundiges en spesialiste as medewerkers betrokke te maak by terminologieprodusering. Die terminologie-opleidingsplan sluit in dat opleidingsessies vir medewerkers en rolspelers by terminologiedata deur die Terminologiekoördineringsafdeling gedurende 2001 aangebied moes word. Die oogmerk met hierdie terminologieopleiding sluit in om koördinerings by die daarstel van terminologieë te bewerkstellig, om samewerkingsooreenkomste met medewerkers en rolspelers te sluit en om uiteindelik gestandaardiseerde termlyste aan die

terminologiegebruikers te dissemineer wat aan hulle terminologiebehoefte voldoen (DACST 2001).

Die terminologie-opleiding is tydens Julie 2001 en Oktober 2001 by sentrale sentra in die verskillende provinsies regoor Suid-Afrika aangebied.

'n Opsomming van die opleidingsgeleentheid vir medewerkers en rolspelers by terminologiedata word in tabel 7 aangebied.

PROVINSIE	VENUE	DATUM	MEDEWERKERS BY AMPTELIKE TALE
Kwa Zulu Natal	KwaDlangezwa UV Zululand	9-11 Julie 2001	IsiZulu
Oos-Kaap	UV Port Elizabeth	21-23 Augustus 2001	IsiXhosa
Noordelike Provinsie	Provinsiale Dept. Kuns, Kultuur en Sport, Pietersburg	28-30 Augustus 2001	Tshivenda Sesotho sa Lebowa Xitsonga
Vrystaatprovinsie	UV Vrystaat	11-13 September 2001	Sesotho
Mpumalanga Provinsie	Technikon Pretoria Nelspruitkampus	02-04 Oktober 2001	IsiNdebele Siswati
Wes-Kaap	UV van die Wes-Kaap Ilwimi-Sentrum	08-11 Oktober 2001	IsiXhosa
Noord-wes Provinsie	UV van die Noord- Wes, Mmabatho	22-25 Oktober 2001	Setswana

**Tabel 7 Opleidingsgeleentheid vir medewerkers en rolspelers by terminologiedata gedurende 2001**

Die terminologie-opleiding vir medewerkers en rolspelers gedurende 2001 het oor drie dae gestrek en het die volgende leerareas ingesluit:

- basiese beginsels van terminologieteorie;
- die ekserpering van terme en spesifieke meegaande inligting;
- praktiese oefening in ekserpering vanuit verskillende tekste;
- selektering van terminologiedata;

- dokumentering van terminologiedata;
- hoe om bronne te identifiseer vir dataversameling en watter bronne gebruik kan word om ekwivalente vir brontaalterme te vind;
- die proses om termekwivalente in die doeltaal te vind;
- woordvormingsbeginsels en termskepping;
- komiteewerk by terminologiewerk;
- 'n praktiese sessie oor hoe om inligting aan te bied in die notule van terminologiekomitee werksessies en die daarmee gepaardgaande opdatering van die termkorpus na aanleiding van die besluite aangeteken in die notule;
- basiese beginsels en metodologie by die skryf van definisies; en
- die beginsels en praktyk vir die saamstel van 'n basiese terminologielys.

Medewerkers en rolspelers wat hierdie drie dae opleidingsessies bygewoon het, beskik nou oor die basiese agtergrond oor hoe om terme te skep, hoe om terme te beoordeel en hoe om terme op 'n sistematiese wyse in komiteeverband te dokumenteer en aan te bied vir opname in die MultiTerm-databasis. Praktiese opleidingsessies waar die werking van die MultiTerm-bestuursprogram in terme van terminografieprosessering geïllustreer word, het ook 'n baie belangrike komponent by die opleiding van medewerkers tydens hierdie opleidingsessies gevorm. Die opleiding van medewerkers en rolspelers gedurende 2001 word gesien as 'n daadwerklike poging om eenvormigheid van styl by die Terminologiekoördineringsafdeling ten opsigte van terminologiebestuur te bereik.

Deur die beoordeling van die opleiding van medewerkers en rolspelers by die Terminologiekoördineringsafdeling word vasgestel:

- dat alhoewel die doelwit in terme van pragmatiese en toepassingsgeoriënteerde terminologie-opleiding by die Terminologiekoördineringsafdeling miskien nog nie ten volle bereik word nie, daar reeds gevorder is om medewerkers en rolspelers by terminologiewerk in die nuwe taalbestel bewus te maak van die erns waarmee terminologie-uitbreiding bejeen moet word.

Die tegniek wat gebruik word, behels hoofsaaklik opleidingsessies waartydens beide teoretiese beginsels en praktiese terminologiewerk gekombineer word om optimale leergeleentheid aan die medewerkers en rolspelers te bied.

Alhoewel die uitkoms wat praktykgerigte opleiding en gereelde terugvoer deur praktiseerders behels miskien nog nie tans deur die Terminologiekoördineringsafdeling bereik word nie word daar bevind dat die pogings van die Terminologiekoördineringsafdeling om nuwe bande te smee en medewerkers en rolspelers op te lei oor die langtermyn tot voordeel van terminologie-uitbreiding van al die amptelike tale sal strek. Hierdie terminologie-opleidingspoging deur die Terminologiekoördineringsafdeling kan beskryf word as die eerste stap om te verseker dat terminologie-opleiding in voeling bly met die praktyk.

### 6.11.3 Slotsom

Die taalbeleid van die vorige taalbestel het tot gevolg gehad dat terminologie-opleiding by die NVD daarop gekonsentreer het om opleiding te verskaf vir terminologie-uitbreiding by 'n formele register in die twee amptelike tale van Suid-Afrika. Hierdie terminologie-opleiding het aan die behoeftes van die terminologiegebruikers in die vorige taalbestel voldoen aangesien vakwoordeboeke en termlyste wat saamgestel is deur die gebruikers aangewend is tydens geskrewe en gesproke kommunikasie in die wetenskaplike en tegnologiese domeine. Sommige van hierdie terminologiebronne word tot vandag toe nog gebruik en daar bestaan versoeke dat van hierdie bronne herdruk en op CD-ROM beskikbaar gestel moet word.

Alhoewel terminologie-opleiding nie pertinent in die taalbeleid van die nuwe taalbestel genoem word nie word aangeneem dat terminologie-opleiding daarop moet konsentreer om elf amptelike tale uit te brei en te bevorder tot op 'n vlak

waar hierdie tale as funksionerende tale van kommunikasie op verskillende vlakke aangewend kan word.

Deur die beoordeling word vasgestel dat indiensopleiding by die Terminologiekoördineringsafdeling deur ervare terminoloë en terminograwe aangebied word. Hierdie opleiding word op 'n deurlopende basis aan alle terminoloë en terminograwe by die Terminologiekoördineringsafdeling aangebied. Volgens die Terminologie-oudit van 2000 (Alberts 2000b) behoort indiensopleiding aangevul te word deur internasionale terminologie-opleiding aan taalpraktisyns by die Terminologiekoördineringsafdeling beskikbaar te maak.

Die Terminologiekoördineringsafdeling het in die nuwe taalbestel 'n behoefte geïdentifiseer om samewerkingsooreenkomste daar te stel en te verstewig met professionele medewerkers. Hierdie samewerkingsooreenkomste word gesluit om die produksie van gestandaardiseerde terminologieë vir die verskillende aktiviteitsterreine en domeine te verseker aangesien die personeelstruktuur by die Terminologiekoördineringsafdeling nie toelaat vir genoeg terminoloë en terminograwe om aan die behoeftes van die verskillende amptelike tale te voorsien nie. Die behoefte aan samewerkingsooreenkomste tussen vakkundiges, linguïste en die Terminologiekoördineringsafdeling het baie belangrik geword by die daarstel van meertalige gestandaardiseerde terminologieë in die nuwe taalbestel.

Vervolgens word 'n opsomming aangebied van terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling.

### ***6.12 'n Opsomming van die beoordeling van terminologiebestuur by die Terminologiekoördineringsafdeling***

Interessante insigte en belangrike behoeftes het tydens die beoordeling van die Terminologiekoördineringsafdeling na vore gekom.

Terwyl daar gedurende die vorige taalbestel hoofsaaklik gefokus is op terminologiedata by 'n formele register wat slegs 'n geslote gebruikersgroep ingesluit het, word daar bevind dat terminologiedata wat in die nuwe taalbestel benodig word praktieser en basieser van aard moet wees om aan die behoeftes van 'n breër terminologiegebruikersgemeenskap te voldoen. Hierdie nuwe terminologiebehoefte strek oor alle domeine van kennis en menslike aktiwiteite. Ses meertalige terminologielyste is sedert 1994 tot 1998 deur die NTD gepubliseer. Sedert Maart 2000 word daar by die Terminologiekoördineringsafdeling, na aanleiding van 'n versoek deur die Minister van Onderwys, gekonsentreer op die daarstel van terminologiedata in geïdentifiseerde vakgebiede by onderwys.

Wat die gebruik van strategiese beplanning by die Terminologiekoördineringsafdeling betref, word bevind dat alhoewel van die elemente wat by strategiese beplanning in 'n terminologiebestuursentrum vereis word by die Terminologiekoördineringsafdeling teenwoordig is, daar nie tans 'n dokument bestaan wat as uitloper van 'n strategiese beplanningsoefening beskou kan word nie. Onsekerheid bestaan derhalwe of 'n strategiese beplanningsanalise vir die Terminologiekoördineringsafdeling gehou is. Daar word ook bevind dat daar nie 'n aksieplan by die Terminologiekoördineringsafdeling bestaan wat die werksaamhede van die afdeling reguleer en wat tydskedules vir die afhandeling van die verskillende terminologieprojekte duidelik maak nie.

Deur die beoordeling van terminologienavorsing by die Terminologiekoördineringsafdeling word bevind dat die afdeling in die nuwe taalbestel van die deskriptiewe benadering by terminologiebestuur gebruik maak. 'n Betekenisvolle verskuiwing na terminologienavorsing wat op die uitbreiding van die tale wat tot dusver gemarginaliseer was, word opgemerk.

Alhoewel die ISO-dokument nie as riglyn by die saamstel van terminologiestandaarde by die Terminologiekoördineringsafdeling gebruik word nie, word 'n dokument wat in 'n groot mate met die ISO 10242-dokument ooreenstem, aangewend om terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling te sistematiseer. Die Terminologiekoördineringsafdeling tree egter nie voorskriftelik op nie. Daar word bevind dat konsepte van 'n aktiwiteitsterrein of domein versamel word deur brontaalterme te dokumenteer, konsepte te definieer en nadat ooreengekom is oor die geldigheid van die konsep-termverhouding in die brontaal, word ekwivalente in die ander amptelike doeltale verskaf.

Wat die Nasionale Termbank betref, word bevind dat die Termbank in staat is om navrae oor terminologiedata in al die amptelike tale op 'n gebruikersvriendelike wyse te hanteer, om die spesiale diakritiese behoeftes van sommige van die Afrikatale te ondersteun, en om verskillende produkte vir verskillende tipes terminologiegebruikers te voorsien.

By die disseminering van terminologiedata by die Terminologiekoördineringsafdeling word bevind dat daar 'n verandering by die dissemineringswyse van terminologiedata plaasgevind het. In stede van duur tweetalige woordeboeke in 'n formele register word daar tans gepoog om korter meertalige terminologielyste met basieser inligting aan die terminologiegebruikers beskikbaar te stel. Die disseminering van terminologiedata in die nuwe taalbestel konsentreer op die uitbreiding en disseminering van terminologiedata in die Afrikatale. Ses meertalige terminologielyste wat deur die Terminologiekoördineringsafdeling saamgestel is (vgl. tabel 5), is reeds beskikbaar. Hierdie meertalige lyste is ook op die webblad van die DKKWT beskikbaar.

Die implementering van terminologiedata wat deur die Terminologiekoördineringsafdeling gepubliseer word, beteken dat hierdie data

deur die terminologiegebruikers by hoëfunksiekommunikasie gebruik moet word. Daar word bevind dat die doelwit met hierdie komponent nie bereik word nie, aangesien al die amptelike tale nog nie as tale van kommunikasie by domeine soos wetgewing, regerings- en publieke administrasie, sekondêre en tersiêre onderrig en justisie gebruik word nie. Vordering is egter gedurende 2001 ten opsigte van hierdie komponent gemaak aangesien samewerkingsooreenkomste met medewerkers en rolspelers gesluit en versterk is, deur die opleiding van hierdie persone as terminologieleweransiers.

Die evaluering van terminologiedata wat deur die Terminologiekoördineringsafdeling beskikbaar gestel word, beteken dat terminologiedata geëvalueer moet word in terme van die wyse waarop dit doelmatig deur die gebruikers aangewend kan word. Daar word bevind dat hierdie doelwit nie bereik word nie as gevolg van die gebrek aan terminologiebeleid en 'n implementeringsplan om terminologiedata te reguleer.

Wat opleiding by die Terminologiekoördineringsafdeling betref word daar bevind dat daar tans twee verskillende tipes opleiding bestaan. Ideale wat ten opsigte van die eerste tipe opleiding, naamlik die opleiding van terminologie en terminograwe by die Terminologiekoördineringsafdelings bestaan, word in die terminologie-oudit van 2000 uiteengesit. Daar word bevind dat hierdie ideale nog nie by die Terminologiekoördineringsafdeling bereik word nie. Die tweede tipe opleiding wat by die Terminologiekoördineringsafdeling aangebied word, blyk in die nuwe taalbestel 'n geweldig belangrike funksie te hê. Medewerkers en rolspelers by terminologiewerk, speel in die nuwe taalbestel 'n baie belangrike rol by terminologiebestuur. Die deelname van hierdie persone by terminologiebestuur is nie slegs om wetenskaplike en tegniese betroubaarheid van terminologiedata te verseker nie, maar ook om die implementering en aanvaarding van terminologiedata te verseker. Alhoewel daar reeds gevorder is met die opleiding van terminoloë, terminograwe en medewerkers by

terminologiewerk word daar bevind dat al die doelwitte by opleiding nog nie by die Terminologiekoördineringsafdeling realiseer nie.

Van die belangrikste behoeftes wat deur hierdie ondersoek geïdentifiseer word. behels:

- die behoefte aan sekondêre wetgewing wat direk op die terminologiesituasie betrekking het en terminologiebestuur kan reguleer; en
- die behoefte aan goed opgeleide terminoloë en terminograwe om aan die behoeftes van die groterwordende terminologiegebruikersgemeenskap in Suid-Afrika te voldoen.

Aanbevelings word in die laaste hoofstuk gemaak.

## Hoofstuk 7

### 7. Aanbevelings

#### *7.1 Inleiding*

